


Festschrift
in honour of ° ter ere van
O.J.O. Ferreira



Jeffreysbaai (Schalk W. Le Roux, 2008)

Festschrift

in honour of ° ter ere van
O.J.O. Ferreira
2010

Editors ° Redakteurs
Schalk W. Le Roux
Roger C. Fisher



*Festschrift
in honour of ° ter ere van
O.J.O. Ferreira*

Compiler ° Samesteller
Schalk W. Le Roux

Editors ° Redakteurs
Schalk W. Le Roux & Roger C. Fisher
Departement Argitektuur
Universiteit van Pretoria

Cover design ° Omslagontwerp
Nico Botes

Published by ° Uitgegee deur
Adamastor
Posbus 1357 Gordonsbaai 7151

Printed and bound by ° Gedruk en gebind deur
Sunmedia
Ryneveldstraat Stellenbosch 6700

ISBN 978-0-620-46964-7

© 2010 *Adamastor*

Contents ◦ Inhoud

My vriend Cobus	
<i>Louis Changuion</i>	
1	
Altyd êrens / Not so far	
<i>Michele Nigrini</i>	
6	
The ‘Onder-Kouga’ – an untouched treasure	
<i>Hans Fransen</i>	
7	
Jong kameraad te velde	
<i>Cas Bakkes</i>	
11	
Kollega en vriend - ’n persoonlike heugenis	
<i>Marié van Heerden</i>	
15	
Die Stormvoël en die Leeu: herinneringe aan die vakmanskap van	
twee historici uit die 1970s	
<i>Japie Brits</i>	
19	
Een vriend via het internet	
<i>Kees van Zoelen</i>	
23	
Die Portugese Boertjie	
<i>Paul Brandt</i>	
25	
Ses variasies op Sanskrit-tekste	
<i>DPM Botes</i>	
28	
Lappieskombers	
<i>Margaret Bakkes-Aucamp</i>	
30	
Die Genealogiese bydrae van O.J.O. Ferreira	
<i>Leon Endeman</i>	
31	
Laying the Foundation of UP’s Memory Bank	
<i>Karen L. Harris</i>	
33	
O.J.O (Cobus) Ferreira as historikus	
<i>Pieter Kapp</i>	
38	

The Question of Moerdyk and Freemasonry	
<i>Alta Steenkamp</i>	
43	
Groot Trek-herinneringsplekke in Suid-Afrika	
<i>Jackie Grobler</i>	
46	
Buitelandse belangstelling in en nagraadse studies oor die Anglo-Boereoorlog	
<i>André Wessels</i>	
51	
Die Oorlogsmuseum is 80-jaar jonk!	
<i>Elria Wessels</i>	
57	
Eenige Correspondentie uit 1899: Bykomende aantekeninge deur W.J. Leyds	
<i>Johan Bergh</i>	
61	
Van “halwe Engelsman” tot “ons volksvader”	
<i>Jaap Steyn</i>	
65	
“Een schreeuwend onrecht” – Bloemfontein se gevangeniswese tydens die laat-republikeinse tydperk, 1890-1900	
<i>Marianna Botes</i>	
71	
Afrikaners, liberalism and the British Empire, 1806-1910	
<i>F.A. Mouton</i>	
76	
Transdissiplinêre geskiedsbeoefening: ’n verkenbare grensterrein?	
<i>Johann Tempelhoff</i>	
81	
Naming it for what it is – a cognitive approach to the ordering of the world	
<i>Johnny van Schalkwyk</i>	
87	
Tjellis	
<i>Hannes Jacobs</i>	
92	
An account of the shipwreck of the <i>Sterreschans</i> by Count de Grandpré	
<i>Carl Gerneke</i>	
93	
Chinese porseleinvondste aan die kus tussen Morganbaai en Haga-Haga	
<i>Laura Valerie Esterhuizen</i>	
97	
Sir Herbert Baker’s Fairbridge Chapel: African genesis	
<i>David Dolan & Christine Lewis</i>	
101	
Earthen architecture in South Africa and the absence of Anthropology	
<i>Chris J. van Vuuren</i>	
105	
Woorde van vreemde herkoms in die Afrikaans van die Angola-Boere	
<i>Nicol Stassen</i>	
109	

Die negatiewe voorstelling van die Portugese koning en koningin in José Saramago se <i>Baltasar & Blimunda</i>	
<i>Estelle Alma Maré</i>	
117	
Tshate valley, an archaeological historic heritage site development at Skuhkhune, Limpopo Province	
<i>Udo S. Küsel</i>	
122	
Reflection on World Heritage practice	
<i>Karel A. Bakker</i>	
128	
Die lang pad huis toe: Ervarings van Suid-Afrikaanse remigrante (2003-2010)	
<i>Alana Bailey</i>	
133	
Kultuurgeskiedenis uit koekblisse: 'n knippie familiegeskiedenis en 'n handvol produkte	
<i>Elize Labuschagne-Hull</i>	
137	
Van 'n piekniek tot "Verder niets besonders" ... Onderweg na 'n familiegeskiedenis	
<i>Lize Kriel</i>	
142	
Colorir usando vários tons de verde	
<i>Amancio d'Alpoim Miranda Guedes</i>	
152	
Museums en navorsing: 'n eeu-eue verbintenis in die Westerse wêrld	
<i>Cecilia Kruger</i>	
153	
Rariteitenkabinet	
<i>Gerhard Bruyns</i>	
158	
Silhoeët van 'n sendeling	
<i>Celestine Pretorius</i>	
159	
"Bokkie sê my reg..." – verskynsel van variante by Afrikaanse volksliedjies	
<i>Matilda Burden</i>	
163	
Vry (néé) hofmaak in die 19de eeu: 'n ontleding van 21ste-eeuse studentetekste	
<i>Karina Sevenhuijsen</i>	
168	
The Autodidact and, and in, South African history	
<i>Nicholas Clarke</i>	
176	
Melktert en <i>pastéis de nata</i>: 'n verkenning	
<i>Rachel & Nico Botes</i>	
179	

Twee gedigte	
<i>Johann Lodewyk Marais</i>	
184	
My Portuguese ocean	
<i>Edna Peres</i>	
185	
Die jongman en die see	
<i>Johan N. Prinsloo</i>	
189	
<i>Clivia lebomboensis</i> [?]	
<i>Roger C. Fisher</i>	
193	
Jaco, 1995	
<i>François Swanepoel</i>	
197	
Een eiland, drie boeke en verlore onskuld	
– 'n Voetnoot	
<i>Schalk W. Le Roux</i>	
198	

Contributors ◦ Medewerkers	
203	
Publications ◦ O.J.O. Ferreira ◦ Publikasies	
208	
Register	
214	

Preface ◦ Vooraf

Hierdie versameling artikels, essays, sketse, verhale, gedigte, tekeninge, foto's en skilderye, geskrywe en gemaak deur vriende, kollegas en kennisse, bring hulde aan O.J.O. (Cobus) Ferreira en sy werk op sy sewentigste verjaardag.

Die verskillende aanslagte en wye verskeidenheid genres en onderwerpe wat deur die outeurs aangesny word – hulle wissel van intieme persoonlike herinnerings en waarderings vir sy bydrae tot Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, tot aspekte van persoonlike huidige navorsing, interesse en humor – is 'n aanduiding van die vele fasette en belangstellings wat sy lewe as gerekende historikus en mens kenmerk, en ook die lewens van vele ander aanraak.

Om tekste te redigeer is 'n heerlike en genotvolle tydverdryf vir masochiste en hierdie was nie anders nie. Die verskillende benaderings en skryfstyle is sover moontlik toegelaat om die loop te neem, maar die teuels van die menigte en skeppende verwysingstelsels is ingetoom – net om natuurlik nog een daar te stel!

Baie mense moet hier bedank word, maar net twee word uitgesonder: Thariza van Rensburg van die Departement Geskiedenis en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria en Anna-Maré Hanekom van die Wes-Kaapse Departement van Onderwys. Sonder hulle hulp was hierdie werklik nie moontlik nie.

Dit was 'n voorreg en plesier om hierdie uitings van toegeneentheid en agting saam te stel en te redigeer.

Schalk W. le Roux, Gordonsbaai, Julie 2010

A Brief note on editing texts

Like all the duties I have affected in life, editing of the English language is by default. If I have any inkling of what might be deemed correct in the published word it is thanks to the teaching of two severe spinsters in my high school years, Miss Dolores Ritchie and Miss Elizabeth Oakes. They were of the Edwardian school, and strict. My mother too was raised in this school and so a disciplinarian in her use of the mother-tongue. We were not allowed to look at – let alone read – American comics, and were rather sent to the set of children's encyclopedias for amusement. And then in his later life my father studied Shakespeare and shared him with us. My use of the written language is thus somewhat veteran and stilted. I have tried not to drown the voice of the author but am particular about preserving the clarity of ideas, and hope that both ends have been met – that the authors both hear their voice and recognise their original thoughts!

I would have preferred to address Cobus in his own tongue, since we have never held an English conversation, but it is out of respect for Afrikaans as a language that I will not murder it in prose. My efforts in this 'foreign' language are offered in that spirit and with deep affection.

Roger C. Fisher, White River, July 2010

My vriend Cobus

Louis Changuion

Ons ken hom as Cobus. Hy is op 19 September 1940 op die plaas Opkomst in die Onder-Kouga gebore en Ockert Jacobus Olivier Ferreira gedoop.¹ Nie in my wildste drome kan ek my hom as Ockert voorstel nie, nog minder as Olivier. Nee wat, ek stem saam dat sy ouers besluit het om hom op sy middelnaam te noem. En, ons wat 'n besondere band met hom het sal dan ook soms die volle middelnaam gebruik as ons hom aanspreek, maar oor die algemeen is hy net Cobus. Soms het ek gehoor dat sy na-familie hom Cobie noem – ek is nie seker of hy daarvan hou nie. In die akademiese wêreld, en veral as skrywer, is hy bekend as O.J.O. Ferreira. Ek het al mense ontmoet wat vir my vra of ek vir O.J.O. Ferreira ken – dikwels sommer in Engels uitgespreek. Dan voel ek lus om te sê: "Nee, ek ken nie vir 'O.J.O.' nie maar ek kén vir Cobus Ferreira".



Die huis op Opkomst waar O.J.O. Ferreira gebore is, is in 1935 deur sy pa, O.J.O. Ferreira (1908-1969), gebou. (Schalk le Roux, 2010, gemengde media – na 'n foto van 1954)

Ek het hom in 1969 ontmoet toe ons albei daardie jaar by die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Boomstraat, Pretoria as jong, onervare vakkundiges onder mevrou Kotie Roodt-Coetzee begin werk het. Hy het my van die begin af beïndruk met sy standvastigheid en pligsgetrouwheid. Sy invloed was altyd positief. Hy het dalk 'n groter invloed op my ontwikkeling gehad as wat hy of selfs ek ooit sal besef. Omdat ons besonder nou saamgewerk het, het ons mekaar weldra goed leer ken en ten spyte van ons verskille, waarvan sekere georiënteerdhede in ons menswees is, goeie vriende geword. Dit was veral gedurende ons driemanskap se vakkundige toere na die Noordwes-Kaap (Namakwaland en Boesmanland) waar ek hom beter leer ken het – tye wat my altyd sal bybly. Ek moes die geskiedenis

opteken of in klank verewig, Cobus moes opnames van die boustyle en plaasimplemente maak en Gré Braaksma moes die interieur bestudeer. Dit was wonderlike toere. Op die vêr paaie van die Noordwese het ons twee Afrikaanse volksliedjies aan ons Nederlandse kollega geleer. Ons het 'n besondere gevoel vir die mense van daardie wêreld ontwikkel én vir mekaar en nie net wonderlike herinneringe saamgebring nie maar lewenslange vriendskappe gesmee.²

Daar was ook ander vakkundige toere – onder andere na die Vrystaat en Oos-Transvaal (Mpumalanga). Een nag in die historiese ou plaashuis van generaal Schalk Burger naby Lydenburg, het Cobus nie 'n oog toegemaak nie – hy kon sweer dit het in sy kamer gespook! Ons het albei gedurende daardie paar jare, verbonde aan die Museum, ons MA-grade verwerf – Cobus se verhandeling het gegaan oor Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee (1971).

Ek het hom leer ken as 'n fyngevoelige mens met hoë standaarde en veral met 'n opregte waardering vir die estetiese. Sy liefde vir musiek, veral in die klassieke genre, is diep gewortel, soos ook sy aanvoeling vir goeie Afrikaanse musiek. Ek onthou nog sy skok die aand toe die dood van Koos du Plessis bekend geword het. Sy liefde vir die teater en opera het hom weldra in kontak gebring met leidende persoonlikhede in daardie wêreld. So het hy 'n persoonlike vriend van Anna Neethling-Pohl geword. Hy het haar altyd as 'n mentor beskou.


Cobus was en is nie die 'fisiële' tipe nie – sy belangstelling in sport byvoorbeeld is baie beperk. Tog het ek hom soms omgepraat om saam met my op staptogte te gaan. Een van die heel bestes was ons week lange stap in Desember 1971 langs die Wildekus – vanaf Port St Johns in die Transkei tot by Port Edward in Natal. Ek sal nooit weet of hy dit werklik geniet het nie, want daar was tye wat nogal moed gevverg het, soos om deur vol riviere te swem. Ek sal nooit sy gesig vergeet nie toe ek op weg 'n hoender van 'n man koop om ons vleisvoorraad mee aan te vul. Nadat hy moes aanskou hoe ek die hoender slag en gaarmaak het hy eenvoudig nie kans gesien om sy mond daaraan te sit nie.

As jong ontlukende historici het ons dikwels ons aspirasies met mekaar gedeel. Trouens daar was dalk, sonder dat ons bewus was daarvan, deur die jare 'n mate van kompetisie tussen ons om te sien wie die meeste kon publiseer. As dit wel so was, moet ek erken dat hy my vêr gewen het. Ek onthou nog toe sy eerste boek verskyn het – 'n *Volk se hulde* (1975), 'n verkorte verwerking van sy MA-verhandeling. My gevoelens was gemeng – jaloesie maar ook blydskap vir sy onthalwe en trots op my vriend. Dit was maar die begin.

In 1971 het ek 'n pos by die Universiteit van die Noorde (vandag die Universiteit van Limpopo) aanvaar en Cobus is kort daarna, in 1972, na die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). Daarna het ons mekaar nie meer so dikwels gesien nie. Hier by die RGN, as hoof van die Afdeling Bronnepublikasies van die Instituut vir Geskiedenisnavorsing, onder dr Cas Bakkes, het hy gedy. Gou het sy volgende boeke op die rak verskyn: In 1975 *Geschiedenis Werken en Streven van SPE Trichard*, in 1977 *Krijsgevangenschap van LC Ruijsenaars* en in 1980 *Memoirs of General Ben Bouwer* – al drie was geredigeerde en geannoteerde persoonlike herinneringe en/of dagboeke uit die Anglo-Boereoorlog wat deur die RGN uitgegee is.³

In 1979 het ek die grootste deel van die jaar in die VSA deurgebring om navorsing te doen vir my doktorsgraad. Een aand was ek en my vrou die gaste van Carel en Manda Wessels. Carel was destyds 'n senior amptenaar by die Suid-Afrikaanse ambassade in Washington. Deur die loop van die aand ontdek ons dat Cobus jare tevore Carel se onderwyser op Lichtenburg was. Dit was so spesiaal dat ons net daar besluit om Cobus te bel. Vir Cobus was dit 'n groot verrassing. Hierdie oproep het die ou vriendskap tussen onderwyser en leerling hernu. Carel, wat later jare Suid-Afrikaanse ambassadeur in Portugal was, het onlangs die

Voorwoord en Nawaord geskryf vir die boek *Sagres & Suiderkruis* wat Cobus saam met Schalk le Roux gedoen het. Hierdie uitstekende werk handel oor die raakpunte tussen Portugal en Suid-Afrika oor vyf eeue. Carel Wessels se Nawaord is eintlik 'n hoofstuk op sigself, wat handel oor die verhoudinge tussen Suid-Afrika en Portugal sedert 1975.



Plaaswerwe by Braamrivier met die eenvrouskoeltjie links teen die hang, waar Ferreira se ma, Christina Johanna, gebore Meyer (1908-1984), die onderwyseres was. (Philna Ferreira, 1980)

Nie net was Cobus my altyd 'n kortkop voor met publikasies nie maar ook met sy vordering op die akademiese leer. In 1978 het hy by Unisa, onder wyle professor M.C. van Zyl, gepromoveer met 'n DLitt et Phil in Geskiedenis en later is ook 'n DPhil in Kultuurgeskiedenis onder professor Johan Bergh deur UP aan hom toegeken. Sy proefskrif in Geskiedenis het gehandel oor die omstrede Stephanus Schoeman van die pioniersdae van die ou Transvaal. Dit is later uitgegee onder die veelseggende titel *Stormvoël van die Noorde*.

Dié boek van Cobus sou 'n aantal jare later 'n aandeel hê in 'n aangeleentheid wat weereens ons vriendskap sou bevestig. Dit het so gebeur: In sy *Stormvoël* verwys hy 'n paar keer na 'n Portugese priester, vader Joaquim de Santa Rita Montanha, wat in 1855 die Voortrekkergemeenskap van Schoemansdal aan die Soutpansberg besoek het. Dit was in opvolging van 'n versoek van die Schoemansdallers vir handelsbetrekkinge met die Portugese van Mosambiek. Hierdie besoek van die priester het my besonder geïnteresseer en ek wil graag glo dat ek nogal 'n beduidende aandeel gehad het daarin om Cobus te oortuig om meer daaroor uit te vind. In Portugal het Cobus wel waardevolle inligting in die argiewe gekry, onder andere kaarte wat die priester geteken het van sy reis vanaf Inhambane aan die Mosambiekse kus na Schoemansdal en terug. Die resultaat was een van Cobus se beste boeke. Die dagboek van die priester en sy kaarte het my veral geïnteresseer, soos dat ek aan Cobus voorgestel het dat ons in die voetspore van die priester moes volg. Maar, my minder fisiese vriend het nie kans gesien nie en toe besluit ek om dit alleen te doen en wel en veral om sy boek bekend te stel. In 2002 het ek, geklee in 'n priestersgewaad (om Montanha na te boots), die 840 kilometer vanaf Inhambane na Schoemansdal gestap. Soos vooraf

beplan, is Cobus se boek *Montanha in Zoutpansberg* met my aankoms by Schoemansdal op 31 Augustus bekendgestel, te midde van nogal 'n aansienlike aantal belangstellendes. Dit was vir my, en ek glo ook vir my vriend, 'n besonderse en selfs emosievolle geleentheid – en ek glo dit het ook die doel gedien, want my staptog het nogal veel aandag van die media, insluitend die televisie, geniet.

Vanaf 1980 was Cobus verbonde aan die Universiteit van Pretoria – eers in die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis onder professor P.G. Nel en daarna, toe hierdie departement met die Departement Geskiedenis in 1988 saamgesmelt het, onder Johan Bergh. In 1995 is hy bevorder tot professor as hoof van die Afdeling Kultuurgeskiedenis van die toe nuwe Departement van Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis (tans onder die nuwe bedeling bekend as die Departement Historiese en Erfenisstudies).

In 1998 besluit Cobus om af te tree. En hier openbaar hy een van die interessantste eienskappe van die mens: Hy gaan terug na sy wortels – na dié wêreld waar hy vandaan kom. Dit is waar hy wil gaan aftree en oud word – die Oos-Kaap, so het hy besluit. Hy gaan bly op Jeffreysbaai. Mooi sentraal geleë: nie vêr van die Langklóof (let op die aksent soos ook Cobus dit uitspreek) en die Kouga waar hy gebore en getoë is nie. Naby waar hy en sy suster Philna groot geword en skoolgegaan het in die plaasskooltjie op Braamrivier waar sy ma die onderwyseres was.⁴ En ook naby Port Elizabeth waar hy in 1957 by Hoërskool D.F. Malherbe gematrikuleer het. Was die sirkel nou voltooi?

Sy aftrede het egter nie stagnasie geïmpliseer nie. Nou raak hy eers produktief. In die volgende 10 jaar publiseer hy nie minder nie as 15 boeke en 'n groot aantal tydskrifartikels. Die meeste van hierdie publikasies handel oor die verbintenis tussen Suid-Afrika en Portugal – 'n onderwerp wat hy nou sy eie maak en meer as enigiemand anders daaroor navorsing doen en skryf. Vir my is Cobus se beste (en mooiste) boek sy *Viva os Boers! Boeregeinterneerde in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, wat in 2000 deur Protea Boekhuis uitgegee is.

Gedurende sy navorsing vir sy boek *Da Costa Leal in die Zuid-Afrikaanse Republiek* het ek die voorreg gehad om saam met Cobus in 2004 in die Ermelo-omgewing in Mpumalanga en in Swaziland rond te ry. Dit was geweldig interessant om saam met hom die leidrade op te volg in 'n poging om die roete vas te stel wat Da Costa Leal gevolg het tydens sy besoek aan Potchefstroom in 1869. Ons het selfs een nag in Swazi-hutte geslaap – dit was wel op behoorlike beddens in ietwat 'verwesterse' hutte in 'n vakansiekopleks maar tog 'n ondervinding.

Sy jongste boek het pas (2010) verskyn onder die titel *Ilha de Moçambique byna Hollands*. Dit is egter duidelik nog glad nie die laaste nie. Reeds het hy begin werk aan 'n volgende. Deur die jare het Cobus nie net 26 boeke gepubliseer nie maar ook 'n groot aantal artikels wat meestal in vaktydskrifte opgeneem is. Hy het 'n paar keer op die besture van vakverenigings gedien, ook as voorsitter; asook op die redaksie van vaktydskrifte, ook as redakteur. Hy het prestige-toekenning van, onder andere, die FAK, die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, ontvang.

Dit was vir my lekker toe ek onlangs in 'n artikel (*Historia* van November 2008) lees dat hy na my verwys as sy boesemvriend – dit is 'n eer. Hy was altyd daar vir my – in lief en leed. Om iemand as 'n geesgenoot te beskryf is nie maklik nie. Om in daardie diepere sielontblotting in te delf grens aan heiligkennis – dus volstaan ek by slegs die woord 'geesgenote', want dit is wat ons is – so eenvoudig soos dit.

Wat 'n besondere voorreg om deel te hê aan hierdie *Festschrift!*

Verwysings

¹ Die Kougastryk beslaan die Kougaberge en die Kougariviervallei. Die Kougaberge begin naby Uniondale, is bykans 150 kilometer lank en het 'n oos-na-wesaslyn wat parallel met die Langkloof en die kuslyn loop. Die Kouga is ongeveer 50 kilometer van die kus en lê net noord van die Langkloofvallei. Grensend aan Middel- en Onder-Langkloof vind ons die Kougas, wat deur 'n reeks bewoonbare bekkens, wat plaaslik as Bo- en Onder-Kouga bekend staan, gekenmerk word.

In die noorde word die Onder-Kouga deur die Kougaberge begrens. Kougakop, plaaslik bekend as Hoëkop is die hoogste piek in die omgewing en is nagenoeg 1 850 meter bo seespieël. Die hoër hellings van die Kougaberge is steil, maar selde baie kransagtig. Die berge is dig opmekaar gepak, skerp gekerf deur talle klowe, waarvan die hoofstrekingsrigting steeds oosnoordooswaarts saam met die plooiasse bly. Die Kougaklowe het die eienaardigheid dat, hoe laer jy gaan, hoe smaller hulle word sodat die waterstroompies op baie plekke tussen rotsmure deurkronkel.

Die Langkloof het geen eie riviere nie, maar die stroompies wat in die Tsitsikammaberge ontspring, kruis die Langkloof en breek dan deur die bergreeks in die rigting van die Kougarivier. Plekke soos Tweerivieren, Joubertina, Krakeel, Lauterwater en Misgund in die Langkloof is huis aangelê waar groter strome die kloof in die rigting van die Kouga verlaat.

Die belangrikste sytakke van die Kougarivier is die Diep-, Lauterwater-, Krakeel-, Wabooms-, Twee-, Klein-, Sapree-, Huis-, Schrikke-, Braam- en Opkomstrivier. Stroomrooif tussen hierdie sytakke is algemeen. Die hoofstroom van die Kougarivier het sy oorsprong sowat vyf kilometer suid van Uniondale, vloeи ooswaarts en sluit omtrent 34 kilometer noordwes van Humansdorp by die Gamtoosrivier aan. Danksy die ryk spoelgrond en vars en standhoudende water uit die Kougaberge en sy gunstige klimaat, is die Gamtoosvallei een van die heel beste akkerbougebiede in die land. Ferreira, O.J.O. 2003. *Onder-Kouga: Bakermat van die Gerbers en Ferreiras*. Jeffreysbaai: Adamastor, pp. 1-4.

² Van der Waal-Braaksma, G. & Ferreira, O.J.O. 1986. *Die Noordweste: Stoflike kultuuruitinge van die streek se bewoners*. Johannesburg: Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde.

³ Kyk vir 'n lys van publikasies agter in hierdie bundel.

⁴ My suster, Philna, sou vanjaar [2007] op 12 Mei sewentig jaar oud gewees het. Die feit dat mense hulle sewentigste verjaardag as gedenkwaardig beskou, het beslis 'n Bybelse oorsprong. Hoewel Philna 'n vryskut-Christen was en die eng dogmas van kerke haar met wrewel vervul het, het sy haar Bybel intensief bestudeer en haar lewe daarvolgens probeer rig. Daarom, maar ook as gevolg van haar beheptheid met syfers, sou sy waarskynlik die bereiking van die sewentigste lewensaar as 'n besondere mylpaal beskou het.

Martina Philippina Ferreira is op 12 Mei 1937 op Opkomst in die Onder-Kouga gebore en het op Joubertina gematrikuleer. Haar verdere opleiding het sy aan die Paarlse Opleidingskollege, die Durbanse Onderwyskollege, die Universiteit van Suid-Afrika en die Universiteit van Natal ontvang. Philna was 'n onderwyseres op Despatch, in Port Elizabeth en Durban voordat sy 'n kunsinspekteuse in die [destydse] Departement Indiëonderwys vir Natal en Transvaal geword het. Van 1970 tot 1992 was sy Superintendent: Kuns in die Natalse Onderwysdepartement. Na haar uittrede uit die onderwys – om onverbonden te wees – was sy voltyds skrywer-skilder-videomaker. In 1993 het sy met haar eie uitgewery, M.P.F.-Publikasies, begin en haar eie boeke met 'n uiters beperkte oplaag begin produseer. Die ryklik geïllustreerde boeke is soms duidelik en soms verskuild outobiografies van aard. Daarbenewens het sy 'n videoreeks geproduseer waarin rivierklippies as die karakters in 'n mengeling van feit en fiksie optree.

Hoewel versot op Durban, was Philna eintlik 'n wêreldburger. Vandaar haar vyftien buitelandse reise; hoofsaaklik besoeke aan Wes-Europa, maar ook 'n "vlug-om-die-aarde" en besoeke aan haar gunsteling stede: New York, Rio de Janeiro, Brasilia en Moskou. As ek aan Philna dink, onthou ek veel fasette van 'n komplekse persoonlikheid, maar veral die fantasiewêrld waarin sy as dogtertjie geleef het, haar pynlike netheid, haar liefde en aanleg vir tale, haar wye belesenheid, haar somtyds katastrofiese eerlikheid en gebrek aan diplomacie, haar passie vir skoene en haar liefde vir haar katte, kaaskoek en koffie. Na haar skielike dood op 11 Januarie 1999, het twee van haar vriendinne (wat ek nie geken het nie) my gesakel om simpatie te betuig. Onafhanklik van mekaar, het hulle my gevra: "Het jy geweet dat Philna baie eksentriek was?" Ja, ek het! Ferreira, O.J.O. 2007. *Die Bloed in ons are. Voorgeslagte van Martina Philippina Ferreira (1937-1999) en Ockert Jacobus Olivier Ferreira (*1940)*. Jeffreysbaai: Adamastor.

Altyd êrens

Michele Nigrini



Altyd êrens / Not so far (2005). Detail, Pastel, houtskool en akriel

The ‘Onder-Kouga’ – an untouched treasure

Hans Fransen

My voluminous bookshelves contain three sections. There is, of course, that of my ‘big books’: my encyclopædias, my books on artists like Henri Matisse, Irma Stern or Jean Welz, my books on local history, on cathedrals and homesteads – and my books on cats! Then there are my ever-growing piles of magazines, my *Village Life*, my *De Arte*, my *South African Journal of Cultural History*, my *Restorica* (a pile that is no longer growing, unfortunately, because it was discontinued fifteen years ago). And then, last but not least, there are my box files of what I have labelled ‘booklets’. They contain museum and auction catalogues, commissioned surveys of monuments, and monographs on subjects that would have merited fully fledged books had it not been for the considerations of finance.

One of the most treasured amongst all of these ‘booklets’ is the one Cobus Ferreira published on the Onder-Kouga in 2003, with a print run of only 300 copies. His study on an isolated little cross-valley in the Langkloof had previously appeared, in a slightly abbreviated version, in another defunct journal, *Contree, Journal for South African urban and regional history*.¹ What is it in our community of art, architectural or cultural historians, that can produce volumes of highly scholarly and readable contributions, for the publications that are dedicated to them to fold after a few years? Remember the *S.A. Arts Calender*? And those many volumes of *Lantern*? Is it the financial circumstances? Or is it that such enterprises are often too dependent on the energy of just a few individuals?

But Cobus did our small community a great service by finding a publisher (or did he have to publish it himself?) for his exhaustive study of what he calls, in his subtitle, the “Bakermat [‘cradle’] van [die] Gerbers en Ferreiras”. Both he and his sister, the late Philina Ferreira, were born there (though their true *bakermat* must have been somewhere in Portugal). Exhaustive the little book certainly is. In its 109 pages it deals with the topography of the area, its climate, flora and fauna, its pre-colonial and colonial inhabitants, the latter with their genealogies, their agriculture, culture and customs – and with the future of the area all covered. This makes it a model for what a study of “regional cultural history” should be.

Although, of course these fields are all inter-related (which what good cultural history as a discipline teaches us), every reader of such a study will find his or her own special interest addressed in Cobus’s ‘booklet’. Author W.A. de Klerk (1917-1996) says that he was dumbfounded by the sublime landscape² while his friend, philosopher and gourmet Marthinus Versveld (1909-1995) is quoted as writing: “Daardie wêreld is na aan my hart... Ek was laaste naweek in die Kouga. Dis ’n goeie jaar, en die ysterbossies is met saadpeule dig toegetrek. Daar is swamme in die populierbosse en knoffel om daarby te eet.”³

Cobus traces the frequent inter-marriage between members of those but few families, where occasionally a woman from outside of the valley was absorbed into the community, but hardly ever a man. He establishes that a voters’ roll from 1903 lists no fewer than 21 Ferreiras and 9 Gerbers amongst the 34 voters of a particular voting district in 1903.⁴ This predominance of only a few surnames, ‘nicknames’ occur, and still do, amongst the inhabitants of the Onder-Kouga.

Sometimes these are the father's first or nicknames, such as Klaas 'Danie' or 'Klein Haastig', or they might refer to physical appearances such as 'Groot Hendrik' of 'Danie Bokkekop'.⁵ He tells us of dishes like 'broek-en-baadjie patats' and special treats such as heuningbier or 'karrie'.⁶ He mentions that Pieter Grobbelaar had told him that the Afrikaans folk songs 'Vat jou goed en trek Ferreira' en 'Horlosie in die sak' are the only ones in which a family name occurs.⁷ He also states that there was an inhabitant of the Onder-Kouga with the name Johannes Stephanus Ferreira ('Jan Been') who was wounded in his knee in one of the Border Wars and could have been the original 'Jannie met die hoepelbeen'. And once a week, Cobus writes, the mail might have been fetched from the tiny post office next to the house of 'Pieter Pos' Gerber of Braamrivier.⁸

My own particular interest, as always, lies more in the tangible: the cultural landscape and the built environment of the area. And, like so many of its many aspects studied by Cobus Ferreira, it has an outspoken character of its own, which is well described by him. He tells us that the first reference to white settlement in the valley is that by traveller C.P. Thunberg (1743-1828) in 1773, and that its first loan farm, Braamrivier, was granted to Ockert Brits in 1771, but that most of the earliest surviving farmhouses date from the first half of the 19th century.

Although the Onder-Kouga does not – and never could – boast any major 'Cape Dutch', gabled homesteads, its earliest dwellings do conform to the vernacular styles found in other parts of the Western Cape. At first sight the humble farmhouses hardly strike one as belonging to the same family as proud and well-designed homesteads such as Schoongezicht or Boschendal, yet they are all. But while a case could be made for those monuments not to be classified as 'vernacular' building, the Onder-Kouga house most definitely are 'folk' architecture – built by the locals, from local materials, in time-honoured fashion.



Left: Brandhoek, Onder-Kouga. One of many longhouses in the valley. Almost thirty metres in length, it was built by a member of the Gerber family c1825. It retains its small sash windows, roof construction (though now covered with corrugated iron) and gables. Note the massive outside bakoond and chimney. Exactly in line stands an outbuilding of the same period.

Right: Braamrivier, Onder-Kouga. The oldest surviving house in the valley, built in c1815 by H.M. Gerber. One of the few T-shaped houses there, the back-wing (right) showing the kitchen chimney. In the foreground the stonework of a werf wall and a ruinous outbuilding. (Hans Fransen, 2002)

Whilst most of them are simple 'longhouses', that is the basic plan-form from which the more substantial 'alphabet-plan' U- or H-houses developed. Their roofs are invariably just over six metres wide – also the standard width for major homesteads – and though most of them now are of corrugated iron, they were all once thatched and still have their straight end-gables, nicely articulating their

outlines. Brandhoek, a Gerber farm is probably the longest. Such longhouses, incidentally, are not uncommon in the Langkloof itself, with both Molenrivier and Eenzaamheid (almost thirty metres) both outstripping all Onder-Kouga houses in length! In such houses, the roof span allowing for just one room width, the rooms are arranged in one long row without any passages.

In fact, some homesteads in the Onder-Kouga do have stumpy back-wings, accommodating the kitchen, added to their long front bodies, such as at Braamrivier, thought to be the oldest of all, and built by Hendrik Matthys Gerber in c1815. Ferreira mentions that this Gerber was born in Cape Town in 1768 and must have been familiar with vintage 'Cape Dutch' architecture. But usually most extensions to the dwellings were not in the form of wings with pitched roofs, but as 'lean-to' sections. Later during the 19th century, as elsewhere in the Cape, houses that needed more rooms were built with wider roofs, spanning two rows of rooms.

Estelle Maré⁹ has used the architecture of the Onder-Kouga as a 'case history' for her investigation of vernacular architecture and has analysed it in greater detail than Ferreira was able to do in his publication as this was but one of its many aspects. She quotes two pioneers in the study of vernacular architecture. Bernard Rudofsky (1905-1988, inventor of the term 'architecture without architects') said: "To add more kinks to the brain's convolutions, [one] ought, now and then, to forego the study of accredited architectural masterpieces, old and new, in preference to the unspecific primitive and not-so-primitive buildings of old, and contrast them with our present-day not-so-human ones."¹⁰ And she quotes Norberg-Schulz (1926-2000) as follows: "... one admired primitive architecture because we ourselves have lost the ability spontaneously to find the adequate expression for a building task."¹¹ As Maré remarks in her article (my translation): "It was without doubt the self-imposed isolation of the settlers that made inconceivable the unmodified retention of their European cultural heritage. This self-chosen isolation on a smaller scale will also have affected the pattern of settlement in Onder-Kouga."¹²

It is remarkable that until well after 1900 the basic vernacular style remained in use, such as the house built by 'Klein Piet' Ferreira op Rooidam, Opkomst as late as c1923.¹³ Again, this conforms to Rudofsky's claim that "the vernacular's unforgivable weakness is constancy. Unlike the apparel arts or pedigreed architecture, it follows no fads or fashion but evolves only imperceptibly in time. As a result, it is tailored to human dimensions and needs, without frills, without the hysterics of the designer. Once a lifestyle has been established and habit has begotten habitation, change for change's sake is shunned."¹⁴

But at least as important as the richness of the un-monumental vernacular of the Onder-Kouga is its cultural landscape. Nestling in the lower folds of the Kouga Mountain, formed by the Klein, Schrikke, Braam and Opkomst rivers, the farms and their *werwe* and *werf* buildings tend to huddle together in small hamlets. This because of the quality of the soil and the availability of water but, no doubt, also because of the comfort of mutual proximity in a never too densely populated and cultivated valley of some 150 square kilometres.

The forming of hamlets is a rare occurrence in the more accessible areas in the Western Cape where farms are larger and their homesteads set far apart. In the old 'Cape Colony' proper towns were established by the dozens during the 18th and 19th centuries, at first usually as the seat of a drostdy, later mostly as *kerkdorp*. These were nearly always neatly laid out by land surveyors on grid-iron patterns, providing rectangular *erven* which were set out for sale. Despite their prosaic origins, such towns could sometimes provide meaningful and attractive townscapes (Robertson, Prince Albert). Hamlets, with the role that the rivulets

play in their topography, therefore invariably present a far more ‘picturesque’ environment.

The contrast is well illustrated in the nearby main Langkloof valley. The main *kerkdorp* there is Joubertina, established in 1907, which retains its splendid Dutch Reformed church yet little else of interest. Far more attractive are the three hamlets not far away: Krakeel(rivier), Misgund and, the best preserved, Tweerivieren. Here, as in the Onder-Kouga, the houses stand haphazardly placed along curving little streets and amongst backyard orchards, much like in the ‘Old World’.

But while the Langkloof hamlets, being on a major through-route to Humansdorp, as they grow in size gradually lose this informal character, those in the Onder-Kouga have long retained their authenticity. There are other such ‘pockets’ in the Western Cape, mostly enclosed dead-end valleys off the beaten track. These deserve a study in themselves, and here we only need to refer to a few of them. The Koo is one of them, an apple-producing valley behind Montagu. Best known, perhaps, is the Hoeko Valley (the ‘Stille Waters’ of C.J. Langenhoven), at the foot of the Klein Swartberg, once complete with its irrigation channels and water-mills.

Towards the end of his study Ferreira looks towards the future of the Onder-Kouga – not only that of its architecture and cultural landscape, but of the unique character of its community.¹⁵ We must remember that his work is based on observations going back more than thirty years and were first published in 1983 so that, whatever modernizing influences he may have observed can only have progressed further. He notes that over the years most of the farms have been subdivided to the extent that they had become hardly viable for modern farming. This meant that enterprising farmers had begun buying up several farms, which in turn resulted in many farmsteads being vacated and falling into ruins. The author of this article last visited the valley in 2002 and, as the accompanying illustrations (taken in that year) show, there still remained much of interest. And Ferreira mentions of the potential for and even the initiation of small-scale eco-tourism. But as an unspoilt ‘cultural landscape’, it seems that the Onder-Kouga, with its modest little farms and farmhouses and its unspoilt vernacular culture will inevitably soon be a thing of the past. At least Cobus Ferreira has recorded it all for posterity, for which we should be grateful.

References

- ¹ Ferreira, O.J.O. 1983. Onder-Kouga: oorsig van ‘n kontrei. *Contree*, 14, July, p. 5.
- ² Ferreira, O.J.O. 2003. *Onder-Kouga: bakermat van Gerbers en Ferreiras*. Jeffreysbaai and Pretoria: Adamastor, p. 91.
- ³ Ferreira, O.J.O. *Onder-Kouga: bakermat van Gerbers en Ferreiras*, p. 9.
- ⁴ Ferreira, O.J.O. *Onder-Kouga: bakermat van Gerbers en Ferreiras*, p. 49.
- ⁵ Ferreira, O.J.O. *Onder-Kouga: bakermat van Gerbers en Ferreiras*, p. 45.
- ⁶ Ferreira, O.J.O. *Onder-Kouga: bakermat van Gerbers en Ferreiras*, p. 84.
- ⁷ Ferreira, O.J.O. *Onder-Kouga: bakermat van Gerbers en Ferreiras*, p. 86.
- ⁸ Ferreira, O.J.O. *Onder-Kouga: bakermat van Gerbers en Ferreiras*, p. 87.
- ⁹ Maré, E. 1983. Volksargitektuur. *De Arte* 28, April, p. 32.
- ¹⁰ Rudofsky, B. 1977. *The prodigious builders*. London: Secker & Warburg, p. 16.
- ¹¹ Norberg-Schultz, C. 1965. *Intentions in architecture*. Cambridge: MIT Press, p. 129.
- ¹² Maré, Volksargitektuur, p. 36.
- ¹³ Ferreira, O.J.O. *Onder-Kouga: bakermat van Gerbers en Ferreiras*, p. 57.
- ¹⁴ Rudofsky, B. *The prodigious builders*, p. 13.
- ¹⁵ Ferreira, O.J.O. *Onder-Kouga: bakermat van Gerbers en Ferreiras*, p. 89.

Jong kameraad te velde

Cas Bakkes

Graag bring ek hulde aan my jong vriend, O.J.O. (Cobus) Ferreira, fyn Afrikanerkulturmens wat met uitnemende toewyding en studies sy historiografiese talent in diens gestel het van die geskiedwetenskap en die geskiedenis van sy eie mense in hul kort bewoë verlede sedert die ontdekksreise, onderneem deur hul Wes-Europese stamlande, plaasgevind het.

Vir my wat hom as jong geesteswetenskaplike leer ken het en tans oor hom terugskouend skryf, is hy met sy skriftelike nalatenskap nog steeds soos 'n jong kameraad te velde wat nooit oud sal word nie, maar immer jonk sal bly. Sy toonbeeld van uitnemendheid soos weerspieël in sy oorstelpende getal historiografiese geskrifte gedurende 'n enkele kortstondige lewe, wat nog lank nie uitgespeel is nie, kan nie anders as om jong, opkomende Suid-Afrikaanse historici aan te gryp en te besiel om hom as voorbeeld na te volg nie.

Uit die staanspoor met sy bestudering van die geskiedenis met newevalde van die geskiedwetenskap soos die museumwese, die argeologie, die genealogie, die sosiale-, kuns-, kultuur- en krygsgeschiedenis en die heraldiek, om lukraak enkele van dié velde te noem wat sy belangstelling geprikkel het, het hy nie teruggedeins om hom in die newevalde en hulpvakgebiede van die geskiedenis te begeef in sy loopbaan as historikus nie.

So loop ek hom op 'n dag in 1971, soekende na jong navorsers vir die pasgevormde Instituut vir Geskiedenisnavorsing onder die vleuel van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, raak in 'n uitstalkamer van die Krugerhuis in Pretoria. Hy is netjies geklee in die uniform van 'n staatsartilleris van die gewese ZAR besig om ywerig as senior vakkundige beampete verbonde aan die Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Pretoria tussen die uitgestalte items in die vertrek wag te hou en toelingting aan besoekers te verskaf.

Voor sy diensaanvaarding daar was hy vakkundige beampete in die Vrystaat by die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke. In die daaropvolgende jaar (1972) aanvaar hy 'n pos as senior navorsingsbeampete by die Afdeling Bronnepublikasies van die RGN se Instituut vir Geskiedenisnavorsing. Ek beleef in die daaropvolgende agt jaar die voorreg om hom as kollega aan my sy te hê.

In die tyd by Bronnepublikasies transkribeer en annooteer hyselv drie historiese bronne. As Bronnepublikasieleier was hy verder besig met advies en werksleiding aan kollegas en daar verskyn 'n verdere vier bronnepublikasies op die rak voordat hy na elders vertrek om sy loopbaan aan nuwe uitdagings bloot te stel.

Van meet af het hy diegene wat met hom as navorsing in aanraking gekom het beïndruk. Sy ywer en nougesetheid – sy allesomvattende noukeurigheid en hoe hy sorgvuldig soos 'n deurwinterde meesternavorser geen tyd of moeite ontsien het om die teks van 'n bron waarmee hy besig was te bestudeer, ophelderend toe te lig, die waarheid vas te stel, foute uit te lig, te verduidelik en in sy voetnoteringsreg te stel nie, het diegene wat sy werk moes beoordeel diep getref. Hy het uitnemendheid nagestreef en was nie tevrede totdat hy nie sy bes gelewer het om dit te verwesenlik nie.

Naas sy werk op kantoor, was hy na-uurs besig met sy doktorale proefskrif. In

1977 word dit suksesvol voorgelê en die graad DLitt et Phil deur die Universiteit van Suid-Afrika aan hom toegeken. Dié proefskrif is die volgende jaar gepubliseer as *Stormvoël van die Noorde. Stephanus Schoeman in Transvaal*.

In 1976 is my kollega Ferreira bevorder tot hoofnavorsingsbeampte en Hoof van die Afdeling Bronnepublikasies. Dit kon eintlik skaars anders want sy bydrae tot die werksaamhede van die Instituut in sy geheel het uitgebrei tot al vyf die afdelings daarvan. Op redelik kontinue basis lewer hy biografiese artikels vir die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*. Ook artikels van streekhistoriese aard vir die Instituut se Streekhistoriese tydskrif, *Contree*. Vir die Afdeling Genealogie was hy altoos meer as bereid om te help, want hy was self besig om die genealogie van sy vertakking van die Ferreira-sibbe na te spoor. Op die voorbeeld van Suidwes-Afrika (nou Namibië) se onafhanklikwording, neem hy fisiek deel aan die afdeling Konflikbekamping se meningspeilings in Suidwes en doen hy veldwerk saam met die navorsingspan wat vraelyste van huis tot huis neem en ná onderhoude verantwoord.

Onwillekeurig voer dit my gedagtes terug na ons staptogte waar hy en kantoorkollegas met rugsak en slaapgoed uitputtende togte te voet deur bosse, oor vlaktes en berge onderneem, om saans kamp op te slaan en elk met 'n glas, versterk met 'n paar slukkies klip, in die vuur te sit en tuur, terwyl wors en braaivleis sissend op die kole gaan word.

Toe breek die dag aan dat hy sy vlerke sprei om sy historiese hartstog in die universiteitswêreld verder te gaan uitbou. Hy word dosent – aanvanklik senior lektor vir ses jaar en toe medeprofessor en daarna professor, verbonde aan die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeschiedenis aan die Universiteit van Pretoria. Toe die departement herstruktureer, word my oud-kollega, professor in die Departement Geschiedenis en Kultuurgeschiedenis.

Ons het kontak behou. By my het 'n aanvoeling ontwikkel dat hy in die dubbele opdrag om te doseer, maar tegelyk vol te hou met geskiedskrywing, sy eerste liefde as navorser en historiograaf uitgeleef het. Hy wou die verlede uit die bronre breek en tot sintese voer en in geskrewe woord beskikbaar stel. Wat geskryf is, leef veel langer as die klank van 'n stem tydens 'n voordrag. 'n Oorsigtelike blik oor sy loopbaan dui daarop hoe prolifiek hy met sy Geschiedenis- en Kultuurgeschiedenispen gewoeker het. Hy wis wat sy roeping is.

Lettende op sy tersiëre kwalifikasies om hom as geschiedeniswetenskaplike te bekwaam, behaal hy, naas 'n Hoër Onderwysdiploma, vyf universiteitsgrade waaronder twee doktorsgrade – een in die Geschiedenis en 'n ander in die Kultuurgeschiedenis. Hy skryf en publiseer 'n twintigtal historiografiese werke en annoteer en versorg vyf historiese bronre vir publikasie. Hy publiseer nagenoeg negentig tydskrifartikels en skryf talle boekresensies. Op die rakke van biblioteke rus daar drie ongepubliseerde verslae: een gewy aan 'n historiese oorsig oor die stand van Geesteswetenskaplike Navorsing in Suid-Afrika, 'n tweede gewy aan die bepaling van 'n kultuurstrategie vir die Afrikaner, 'n derde verslag wat 'n evaluering verstrek oor die Departement Afrikaanse Kultuurgeschiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch. Ferreira tree verder op as die promotor, medepromotor, studieleier en eksterne eksaminator vir vele proefskrifte en MA-verhandelinge – in Geschiedenis, Museumkunde, Kultuurgeschiedenis, Argitektuur en Heraldiek.

Hy was voorts in die gang van sy loopbaan, lid van vakverenigings, kultuurverenigings, bewaringsinstansies, beheerrade, advieskomitees en redaksies. Hy lewer ook talle vakreferate en openbare lesings.

Sy prestasies op sy vakgebied en verwante terreine het nie ongemerk gebly nie en hy is verskeie kere vereer met erepennings, 'n prestige prys, 'n sertifikaat, erelidmaatskap en spesiale toekenning vir die bevordering van Geschiedenis,

Kultuurgeskiedenis en Afrikaanse Volkskultuur deur instansies soos die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, Historiese Genootskap van Suid-Afrika, Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde, Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis en die Hoërskool D.F. Malherbe, sy alma mater in die Oos-Kaap waar hy gematrikuleer het.

Na alles wat ek sover van my gewaardeerde kollega verhaal het, bly daar ten besluite 'n uiters belangrike aspek van sy geskiedskrywersloopbaan oor om te vermeld, naamlik hoe hy daarin geslaag het om vir hom as historiograaf 'n spesiale nis te verower in die geskiedenis en spesifiek in ons geskiedskrywing, deur hom toe te spits op die aandeel en bydrae wat die Portugese tot die Afrikaner se wieg en volkswording in Suid-Afrika gelewer het.

Vroeg in my vriendskap met Cobus Ferreira het ek my bewus geraak van sy diepe aangetrokkenheid tot sy Portugese wortels – die Portugese folklore en hulle musiek. Hoeveel aande het ons nie meegevoer geluister na die noodlotsange wat die Fado-sangers in die nagtelike ure na ons uitgedra het nie? Ondanks die feit dat ons min van die woorde van die lirieke begryp het, is ons oor en oor ontroer deur die nostalgie en melankolie wat die kitaarsnare en Portugese stemme voorgetower het. Saam met hierdie taai seevaardervolkie wat met hul karvle teen die kus van Afrika aftas op soek na 'n seeroete na Monomotapa anderkant die draaipunt na die ooste, is ons in die gees meegevoer in hul volharding om die gewes te ontdek waar 'n nuwe volk se wieg eendag sou staan.

Al om die ander jaar, as hy met verlof gaan, het hy 'n kort besoek aan Portugal probeer bring. Hy het die moeilike taal probeer bemeester en mettertyd het klein stukkies wel vas bly sit. Gaandeweg het hy ontdek hoeveel historiese wisselwerking tussen die Hollandse bewind aan die Kaap en die Portugese aanwesigheid in Angola en Mosambiek daar was wat met die Groot Trek en Dorslandtrek sou uitbrei toe jagters en reisigers se boeke in skrif vasgelê is en ook ondertrouery tussen ons en hulle begin voorkom het.

Ek glo dat Cobus se belangstelling in die braakliggende terrein van Portugees-Suid-Afrikaanse kontak en verhoudinge hom as historiograaf in ons geskiedenis 'n blywende en opsigtelike staanplek verseker het.

As daar gelet word op sy studiebesoeke in die buiteland dan was tot dusver net die eerste in 1978 na België en Nederland nie op Portugal afgestem nie. Tydens die ander buitelandse studiebesoeke het hy hom daarop toegespits om Portugese argiefbewaarplekke en biblioteke te fynkam en bronne op te spoor wat op kontak met Suid-Afrika en sy bevolking dui of verband gehad het met die navorsingsprojekte waarmee hy besig was. In 'n stadium was sy behoefte om hom beter in Portugees te behelp so groot dat hy gewonder het of hy hom nie moes beywer om 'n pos aan die ambassade in Lissabon te bekom en langs dié weg hom in die Portugese wêreld in te graaf nie. Gelukkig het daar van hierdie opwelling niks gekom nie en het hy binne sy bestaansomstandighede vasgebyt en sy nis in die Portugese verbintenis met Suid-Afrika as historiograaf verower.

Laat my egter afsluit deur iets te vertel oor sy publikasie *Boeregeïnterneerde in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902: 'n kultuurhistoriese studie* waarmee sy tweede doktorsgraad in 1984 aan die Universiteit van Pretoria verwerf het. Hierdie studie waaraan hy destyds nog besig was, het my in 1987 laat besluit om saam met my eggene en twee vriende op die voetspoor van my oud-kollega se navorsing op reis deur Portugal te gaan en onder meer die plekke, oorde en kwartiere te besoek waar die 1 019 Boeregeïnterneerde gedurende die Anglo-Boereoorlog aangehou is. Vroeg op 'n oggend in laat April besoek ons 'n katedraal in die Middeleeuse dorpie Batalha. In die omgewing lê die slagveld waar Johan I van Portugal vir Johan I van Kastilië in 1385 verslaan en sodoende Portugal se onafhanklikheid verseker het. Daarmee ontvond die droom by die

Portugese leierstand om die kus van Afrika suidwaarts te verken, die suidpunt van die vasteland te vind en so die kortste seeroete van Europa na Indië bloot te lê. Onder geleide van 'n gids, gaan ons die strak en onopgesmukte Rooms-Katolieke kerkgebou binne. Ons vorder tot in die skip van die andersins leërighe katedraal wat 'n gewyde stilte adem. Voor my sien ek 'n groepie verweerde sarkofae in die gedemppe lig binne die katedraal staan. Meteens hoor ek agter ons die dawerende marspas van drie soldate wat onder geleide van 'n onder-offisier inmarsjeer na die gedenkvlam vir die onbekende Portugese gesneuwelde wat op 'n plek in die plaveisel brandende gehou word. Dis die omruiling van die wag wat die vlam bewakers na hulle skof vervang en nuwes uitplaas om die brandende vlam te beskerm. Die seremonie duur kort en die dawerende soldatepas word sagter soos die ou wagte uit die katedraal onttrek en verdwyn. Die gids vervat met sy voorligting en dui die sarkofae aan waarin Johan I en sy gade Philippa te ruste gelê is. Hy stap na 'n derde sarkofaag en sê met 'n gedemppe stem: "In hierdie grafserk lê die beendere van Prins Hendrik die Seevaarder, die stigter van die seevaartkollege te Sagres, geleë aan die suidkus van Portugal waar die Atlantiese en Middellandse see ontmoet".

Die mededeling tref my soos 'n voorhamer-hou. Ek kry hoendervleis en duisel by die besef dat: was hierdie Portugees nooit daar gewees nie, dan sou ek nooit die lig gesien het in die gestalte wat ek tans het nie. Ek sou nooit die identiteit wat ek tans dra, ontvang het nie. Dit sou trouens die geval met die ganse Boerevolk gewees het. Dit gaan deur my hoof dat Cobus met sy toewyding aan die Portugesenis in sy historiografiese nalatenskap, 'n tydelose stuk geskiedskrywing nagelaat het in sy tekening van Suid-Afrikaanse en Portugese betrekkinge soos dit by tye sterker en dan weer minder sterk in die geskiedenis afgespeel het. Met sy gedane navorsing het hy dit ook by my huisgebring dat naas voorouers uit die Nederlande, uit die Duitssprekende wêreld, uit Frankryk, Skandinawië, die Engelse, Walliese, Skotse en Ierse eilande, daar ook 'n stroompie familiename uit Portugal die Afrikaner-bloedpoel bereik het soos Perreira, Da Costa, Peres, De Freitas, Da Sousa, Dos Santos, Da Silva en FERREIRA wat ons kultuur en volkskarakter verryk het.

Kollega en vriend – ’n persoonlike heugenis

Marié van Heerden

Dit is ’n aangename voorreg om ’n bydrae tot hierdie Festschrift ter ere van O.J.O., of te wel Cobus, Ferreira te lewer.¹

Ek en Cobus ken mekaar reeds sewe-en-dertig jaar. Dit is ’n lang tyd, amper Bybels. Dit is dus verstaanbaar dat ons, as kollegas en vriende, al baie sakke sout saam opgeëet het en, al het ons mekaar soms hier en daar so effens geskaaf, deur dik en dun bymekaar bly staan het.

Ons het in 1973 ontmoet toe ons albei by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) gewerk het. Daarna het ons paadjies naby mekaar bly loop.

Die tydperk by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (Januarie 1973 – Julie 1979)

Die vyf en ’n half jaar vanaf 1973 tot 1979, toe ons by die RGN werksaam was, was ’n aangename en bykans ‘sorgvrye’ tydperk saam met kollegas Johan en Thariza van Rensburg, moontlik omdat ons vier meestal dieselfde belangstellings gedeel het. Saam het ons verskeie staptroeë na ondermeer die Oos-Transvaal (nou Mpumalanga) en die Drakensberg onderneem.

Gedurende hierdie tyd het ons ook verskeie Saterdae na die ‘kosmopolitiese’ Johannesburg gereis. Hier het ons hoofsaaklik by Griekse en Portugese eetplekke uitgehang. By die Griekse restaurante het ons draaiend en dwarsskoppend aan die danse deelgeneem en selfs borde gegooi! By die Portugese restaurante het ons ons verlustig in die Fadomusiek en aan hulle tradisionele kos gesmul. Cobus was toe reeds ’n Portofiel met ’n waardering vir al wat Portugees is. ’n Besoek aan *Exclusive Books* en die platewinkel langsaa het nooit agterweë gebly nie.

Kort hierna moes die naweke ongelukkig plek maak vir beperkte kuieraande by Cobus en sy moeder aan huis. Die rede hiervoor was dat hy toe besig was om aan sy DLitt et Phil (Geskiedenis) te skryf. In 1994 het nog ’n doktorsgraad (Kultuurgeskiedenis) by die Universiteit van Pretoria voltooi. Dié werksaamhede het egter nie die oor-en-weer-kuiers heeltemal verhinder nie. ’n Belangrike rede vir hierdie ontmoetings was dat Cobus die enigste een in die vriendekring was wat in 1976 reeds ’n televisiestel besit het. Dit was natuurlik ’n nuutjie vir ons. Rian Cruywagen het toe al die nuus gelees en die eerste uitsendings het onder meer aflewerings van *Haas Das se nuuskas* en *The World at War* ingesluit. Ons het nie ’n episode van laasgenoemde misgeloop nie en weekliks daarvoor in Doornkloof, Centurion bymekaargekom: ek, Johan en Thariza van Rensburg, Japie en Motjie Brits en Callie en Mariaan Eloff. Daar was nooit enige gebrek aan heerlike eetgoed by die Ferreiras nie!

Die tydperk by die Universiteit van Pretoria (April 1980 – Junie 1998)

In Augustus 1979 is ek by die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis as dosent aangestel. Die volgende jaar is Cobus in April by dieselfde Departement as senior lektor aangestel. Gedurende die tyd is baie

sinvolle en vrugbare loopbane geloods. Op 1 Januarie 1987 is hy tot mede-professor bevorder en agt jaar later tot volle professor. In Julie 1995 is hy by-komend as universiteitsargivaris aangestel. Hier het hy waardevolle werk gedoen deurdat hy vir UP 'n argief op die been gebring het en 'n stelsel ontwikkel het waardeur departemente hulle lêers na die argief kon oorplaas.

Doseerwerk, akademiese leiding en eksaminering

Cobus was 'n gewilde dosent en sy oud-studente, sommige waarvan lewenslange vriende geword het, onthou hom en sy klasse met waardering. Sy lesings was fyn en logies uitgewerk, interessant en op aangename en energieke wyse aangebied. Sy goeie verteltrant en humorsin het baie hiertoe bygedra.

Sy nugtere oordeel, logiese denke en wye kennisveld het van hom 'n uitstekende studieleier vir veral nagraadse studente gemaak. Elke opmerking en veranderinge wat hy in die geskrewe teks aangebring het, was deeglik gefundeerd, akademies en taalkundig versigtig bewoord en netjies én leesbaar in die kantlyn geskryf. Sy gewildheid as studieleier blyk uit sy *curriculum vitae* – promotor van drie en medepromotor van agt doktorsgrade; eksterne eksaminator vir agtien doktorsgrade; studieleier van sestien en mede-studieleier van elf MA-grade; eksterne eksaminator vir sestien MA-Grade, wat eksterne eksaminering van grade by universiteite regoor Suid-Afrika insluit. Sy take as studieleier en eksterne eksaminator vir BA-Hons- en Nagraadse Museumskripsies word nie eens in sy *curriculum vitae* vermeld nie.

Verhoudings met mense

Cobus was 'n liefdeerde mede werker en het 'n goeie verhouding met die meeste van sy kollegas gehandhaaf. In al die jare wat ons saamgewerk het en bevriend was, het hy nooit 'n negatiewe woord oor een van hulle te sê gehad nie.

Hy het ook 'n hartlike verhouding met sy studente gehandhaaf. Ek en hy het talle opvoedkundige toere met studente in Kultuurgeschiedenis en Museumkunde oor die hele land onderneem. Van die oud-studente getuig oor hom soos volg: "Ferreira was nie 'n tipiese ivoortoring-professor nie". Hy was tydens toere aktief betrokke by die studente en het bygedra om hulle kennis oor die kultuur en museums te verbreed. Talle oud-studente behou steeds kontak met hom.

Sy ware vriendskappe is diep, innig en permanent, sy afkeer aan groot-doenerigheid fel. Sy lewe is privaat, maar hy is altyd daar as jy hom nodig het. Ek sal nooit die pragtige mandjie geel rosies wat hy by my voordeur, 'n paar uur na die dood van my vader, afgelewer het nie! Hy was ook een van die draers by die begrafnis. Toe sy geliefde suster, Philna, onverwags in Durban oorlede is, het ek dadelik daarheen gevlieg om hom by te staan. Hulle is net die twee kinders en beide sy ouers was in daardie stadium reeds oorlede.

Persoonlikheid

Cobus Ferreira is 'n fyn, beskaafde en sensitiewe persoon. As vriend moet hy met dieselfde sensitiwiteit behandel word. Hy is 'n groot liefhebber van klassieke musiek, opera en die Portugese Fado. Om na musiek te luister, is deel van sy daaglikse lewe.

Hy het ook 'n heerlike en skerp sin vir humor. Ek sal met slegs twee staaltjies volstaan: In 1984 was ons twee vir 'n kort tydjie in die Kaap – hy besig met navorsing in die Kaapse Argief en ek op besoek aan my suster en swaer in Somerset-Wes. Cobus is oorgenooi om ons gedurende die naweek te besoek. So is

daar die Saterdagoggend 'n piekniek op die strand beplan. My familie is vooruit met hulle nege maande oue baba en ons het gevolg. Ons klim op die tiende vloer in die hysbak – hy met die bababedjie en ek met die babaklere vir die strand. Op die agtste vloer het 'n ouerige dame ingeklim. Sy het ons aangeegluur – dan die een, dan die ander op en af bekijk. Uit die bloute sê Ferreira: "O tog, nou het ons die baba by die huis vergeet!" Die dame het op die volgende vloer uitgestorm met die woorde: "Skande, skande!" Na al die jare het hierdie 'n lewende familieverhaal gebly.

Die volgende dag, Sondag, is ons op 'n historiese uitstappie. Dieselfde baba, Lisl (nou 'n narkotiseur), het agter tussen ons in die motor gesit. Voor was my suster Ena en haar man, Neels Dannhauser, met die vyf jaar oue Maltese hondjie, Snippie, by haar voete. Ons eerste bestemming was die Amandellaning van Jan van Riebeeck. Uitgeklim, die monumentjie besigtig en dadelik oppad na die landgoedere, Tokai en Groot Constantia.

By Tokai ontdek Ena dat Snippie nie in die motor is nie. Sy gaan snikkend aan die huil en sê vir Neels: "Ek het verlede nag gedroom ons verloor vir Snippie". Histeriese gehuil volg weer. Cobus vir wie die situasie te erg word, vra: "Ena, en wat was die uitkoms van jou droom?" "Nee, Cobus, ek het voor die tyd wakker geword!" Onnodig om te sê dat die spanning ietwat gebreek was. Daar is op Cobus se aanbeveling besluit om om te draai na die Amandellaning. Terug by die laning sit Snippie kiersregop vir ons en wag asof alles vooraf so gereel was! En toe, tot Cobus se konsternasie, huil Ena eers...

Gemeenskapsdiens

Cobus was baie aktief op hierdie gebied en sy bydraes was uiteenlopend van aard. Hoofsaaklik het hy 'n bydrae op die gebied van Geskiedenis, Kultuurgeskiedenis, Erfenisbewaring en Museumkunde gelewer. Hy was óf lid van, óf het op die bestuur van sewe vakverenigings gedien. Hy was 'n stigterslid van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis in 1982 en het daarna lewenslange lid geword. Van 1985-1988 was hy die ondervoorsitter van hierdie Vereniging, en vanaf 1988 tot 1990 die voorsitter. Nodeloos om te sê dat hierdie 'n bloicitydperk vir die vereniging was.

Verder was hy vir vyftien jaar (1982-1997) lid van verskeie beheer- en adviesrade. Hy was betrokke by elf kultuurverenigings en bewaringsinstansies in Bloemfontein en Pretoria. Een van hierdie instansies was die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hier was hy assessorlid sedert 1980 en sedert 1992 tot op hede is hy volle lid. Hy dien al vir jare op die redaksie van nege vaktydskrifte.

'n Besondere bydrae ten opsigte van gemeenskapsdiens is die groot aantal referate en lesings wat hy by vakverenigings oor Geskiedenis, Kultuurgeskiedenis en museums gelewer het. Vele van hierdie optredes het gehandel oor sy voorliefde vir die Portugese geskiedenis en Portugese kultuur.

Publikasies en navorsingsuitsette

Wanneer mens oor sy publikasies en navorsingsuitsette lees, kom daar net een woord by mens op: FENOMENAAL. In die lig van voorafgaande aktiwiteite, asook sy daagliks taak as dosent by die Universiteit van Pretoria, laat dit die leser byna sprakeloos. Soos met sy referate, reflekter sy navorsingsuitsette sy belangstelling in, en toewyding aan die Geskiedenis, Kultuurgeskiedenis, Museumkunde en die Portugese geskiedenis en Portugese kultuur.

Sy bydraes in dié verband is meer as twintig boeke.² Tydens sy werkzaamhede

by die RGN het hy vyf omvattende bronnepublikasies die lig laat sien. Sy bydraes tot vakkundige publikasies is omvattend en die aantal artikels in vakkundige tydskryfe beloop meer as negentig. Interessant is dat hy vyf van hierdie artikels oor sy lewenslange vriendin, professor Anna Neethling-Pohl (1906-1992), en een oor die doyenne van kultuurhistoriese museums in Suid-Afrika, mevrou Kotie Roodt-Coetze (1913-2005), geskryf het. Hy het verder ook nog ongepubliseerde verslae vir die RGN, FAK en Universiteit van Stellenbosch op sy vakgebied gelewer.

Om al hierdie navorsing te kon doen, het hy, afgesien van totale toewyding en harde werk, vier navorsingstoekennings ontvang en tussen 1978 en 2010, veertien besoeke aan Nederland, België en Portugal gebring.

Toekennings

Erkenning is, met reg, aan Cobus Ferreira as uitsonderlike akademikus en navorser verleen deurdat hy die volgende toekennings ontvang het:

- Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge: *Prestigeprys vir die bevordering van Geskiedenis*, 18 Maart 1994.
- Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns: *Erepenning vir Kultuurgeskiedenis*, 24 Junie 1994.
- Historiese Genootskap van Suid-Afrika: *Sertifikaat vir die bevordering van die vakke Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis*, 23 April 1998.
- Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde: *Erepenning vir Afrikaanse Volkskultuur*, 25 September 1998
- Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis: *Erelidmaatskap en penning vir besondere bydrae tot die vakgebied Kultuurgeskiedenis*, 14 Oktober 1999.
- Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns: *Erepenning vir Geskiedenis*, 25 Junie 2004.
- Hoërskool D.F. Malherbe, Walmer, Port Elizabeth: *Spesiale toekenning tydens halfeeufeesviering*, 19 Mei 2005.

Na Cobus se afrede as hoogleraar by die Universiteit van Pretoria in 1998 is hy 'n maand later as Emeritus Professor / Buitengewone dosent / Ere-professor aangestel. Hy vestig hom in Jeffreysbaai, naby die Langkloof, sy *Heimat*. Hier doen hy nog baie aktief navorsing oor sy geliefde onderwerp: Die Portugese. Na die publikasie van nie minder nie as vyf boeke sedert 2008, is hy reeds volstoom aan die werk met 'n volgende. Hy sal hierdie *festschrift* huis in Portugal ontvang waar hy, met sy verjaardag op 19 September, met navorsing vir dié boek besig sal wees. Verder geniet hy sy staptogte langs die see en ondersteun die kulturele en sosiale lewe op hierdie pragtige kusdorpie in die Oos-Kaap.

Vriendskap met Cobus Ferreira is hartlik, lojaal en verrykend. Voorwaar 'n voorreg!

Verwysings

- ¹ Die artikel is gegrond op persoonlike herinneringe en ervarings sedert 1973, aanvanklik as kollega by die RGN, Instituut vir Geskiedenis (1973-1979), daarna as kollega aan die Universiteit van Pretoria, Departement Historiese en Erfenisstudies tot Julie 1998 en daarna steeds as vriend.
- ² Kyk die lys van publikasies deur O.J.O Ferreira agter in hierdie bundel.

Die Stormvoël en die Leeu: herinneringe aan die vakmanskap van twee historici uit die 1970s

Japie Brits

Op Dinsdag 4 April 1972 – ’n mooi herfsdag – het ek by die deure van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie se gebou in Andriesstraat, Pretoria, ingestap. Ek was 27 jaar oud. Ek was op pad na my nuwe werkplek by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) en spesifiek die Instituut vir Geskiedenisnavorsing.

Daar het die galante militêre historikus en Direkteur van die Instituut, dr C.M. (Cas) Bakkes, my hartlik verwelkom, my aan my nuwe kollegas voorgestel en na my nuwe, en moderne, kantoor vergesel. My loopbaan as professionele historikus het begin.

’n Maand se proefleeswerk aan Deel 2 van die hoogaangeskrewe *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (SABW) het my help inburger. Aan die begin van Mei klop die Direkteur een oggend aan my deur en stel ’n netjiesgeklede, donker man met die vriendelikste oë aan my bekend – Cobus Ferreira. Hy was my nuwe kollega, vyf jaar ouer as ek, en ons sou vir eers ’n kantoor moes deel.

Op mekaar aangewys, het ons kort voor lank land en sand gesels en ons herinneringe oor ons leermeesters, vriende en plekke waar ons gewerk het, met mekaar gedeel. Albei van ons was maar swerwers. Albei aan die Vrystaatse Universiteit gestudeer (ek voorgraads, hy Honneurs), albei liefhebbers van biografieë en klassieke musiek. Vir my het dit gelyk asof hy ’n baie interessanter skof by die Kultuurhistoriese Museum in Boomstraat gehad het as ek in die onderwys. Ek kon my verluister na die staaltjies oor veral mevrou Kotie Roodt-Coetzee en sy ander kollegas by die Kultuurhistoriese Museum in Boomstraat. Landsake was gewoonlik ook op die agenda. Ek het dadelik geweet ons sou vriende word.

Aanvanklik was ons betrokke by die redigering van oorlogsdagboeke en die skryf van artikels vir die SABW. Mettertyd het ons na verskillende vertakkinge van die Instituut verskuif: ek na die redaksie van die SABW (my groot belangstelling by die RGN), terwyl Cobus by Bronnepublikasies aangebly en later hoof van die afdeling geword het.

Doktorale studie het spoedig vir ons ’n prioriteit geword en ons het saam besluit om by Unisa in te skryf. Dit was gou duidelik dat ons nie RGN-projekte vir ’n doktorsgraad sou kon gebruik nie. Dus maar ons eie onderwerpe, waarin ons intens belang gestel het. Cobus s’n was Stephanus Schoeman (Stefaans, soos hy hom genoem het) se rol in die Transvaal en myne Tielman Roos se rol in die Suid-Afrikaanse politiek tot 1935. Op ’n oggend het ons met die departementshoof van Geskiedenis by Unisa, professor C.F.J. Muller, gesels en kort daarna was ons geregistreer met professore M.C. (Thys) van Zyl en C.J. (Johan) Barnard onderskeidelik Cobus en my promotores.

Navorsingsgeleentheid vir ’n eie proefskrif, afsonderlik van RGN-projekte, was maar beperk by die RGN. Trouens, daar het nie soets bestaan nie. Jy sou jou

skrale 30 verlofdae per jaar moes gebruik om jou eie navorsing te doen. Dr Bakkes kon wel vir ons by die bestuur van die RGN 'n *quid pro quo*-ooreenkoms beding; vir elke dag wat ons van ons eie vakansieverlof vir navorsing sou gebruik, sou die RGN 'n ekstra dag verlof bydra. Nog steeds bittermin in vergelyking met die universiteite se geleenthede, maar darem beter as net 30 dae verlof.

Ons entoesiasme het ons deur die lang ure van navorsing, verwerking van bronne en skryf saans na werk gedra. Anders as navorsers wat dikwels in isolasie werk, kon ons ons navorsingsondervinding met mekaar deel. Ek het jare later besef dat hierdie interaksie op sigself 'n waardevolle slypskool was. Ons het gereeld gepraat oor navorsing, oor die vak en die ongewone karaktere waarmee ons besig was. Ek het feitlik nijs van Stephanus Schoeman geweet nie, maar het danksy Cobus se kennis mettertyd beter bekend geraak met die onstuimige Boerepolitiek van die 19^{de}-eeuse Transvaal. In die eerste drie, vier jaar het ons navorsingspaadjies lang tye uiteengeloop, dan weer bymekaargekom. En elke keer kon ons met 'n bietjie meer kennis en insig praat as met ons vorige gesprekke.

Argiefnavorsing sou natuurlik 'n belangrike komponent van ons albei se studies vorm. Cobus het die materiaal oor Schoeman in die Kaapse Argief, Natalse Argief, Vrystaatse Argief en Transvaalse Argief bymekaargemaak. Ek het veral die Sentrale Argief, Kaapse Argief en die Instituut vir Etietydse Geskiedenis deursoek. Hy het die stukke van die Staatssekretaris van die ZAR en private korrespondensieversamelings gefynkam en veelvuldig gebruik. Briefwisseling en persoonlike onderhoude was insgelyks belangrike navorsingsbronne. En dan natuurlik die magdom koerante in die Staatsbibliotheek.

Omdat heelwat argivale bronne vir kontemporêre geskiedskrywing nie toeganklik is nie, was die briefwisseling tussen Tielman Roos en sy tweede vrou, Bettie Roos, van onskatbare waarde. Dit was sedert Roos se dood in 1935 in haar besit. Aanvanklik het sy beplan om slegs die briewe wat vir my van belang sou wees te selekteer. Na 'n paar onderhoude op Rustenburg, waar sy by haar seun gewoon het, het sy besluit om al die briewe "ongesensureerd" aan my te sken – ook die liefdesbriewe. Was ek dankbaar!

Stephanus Schoeman (1810-1890) en Tielman Roos (1879-1935) het begin gestalte kry. Uit die onsamehangende brokstukke van getuenis het twee fassinerende karaktere verrys. Een van die uitdagings was om die hooffiguur teen die agtergrond van sy milieu te plaas. Oorheers die agtergrond, staan die figuur nie meer sentraal nie; oorheers die figuur, bly die agtergrond in skadu gehul en kan die persoon nie werklik goed begryp word nie. Hieroor het ons baie gesels.

Die 1970s het die bloeityd van die revisionistiese geskiedskrywing ingelui, en ons soort geskiedskrywing was nie in Suid-Afrika meer in die mode nie. Daar was (en is) ook sienings dat die biografie meestal nie goeie geskiedskrywing is nie. Maar ons was vasberade om die lewens van Roos en Schoeman te rekonstrueer – kom wat wil. Al sou dit ook 'n "life and times" van die twee figure wees. Buitendien, het ons geredeneer, groot gebeurtenisse of temas uit die verlede kan dikwels nie behoorlik verstaan word sonder om sleutelfigure se rolle te ontleed nie. Ongetwyfeld moet dit waar wees van Adolf Hitler en Nazi-Duitsland. Gelukkig het ons die heelhartige ondersteuning van ons promotores gehad.

Professor Barnard het die klassieke werk van G.R. Elton, *The Practice of History* (Fontana, 1969) as riglyn tot die teoretiese oriëntering van geskiedskrywing aanbeveel. Maar Elton het nijs spesifiek oor die biografie te sê nie. Op 'n dag het ek die professor gepols oor die raadpleging van teoretiese werke oor die biografie, soos dié van Jan Romein (1893-1962) of Samuel Dresden (1914-2002). Sy antwoord was kort en kragtig: vergeet van hierdie werke en lees eerder Hancock se biografie oor Smuts. Nogal goeie raad gewees. Maar ek het ook dikwels gaan

kers opsteek by my kollega by die Instituut, dr Maria Hugo, wat onder Romein gestudeer het. Sy het 'n fenomenale insig in die teoretiese en metodologiese aspekte van die vak gehad en het my altoos ondersteun en aangemoedig.

Nog 'n stuk goeie raad wat ek en Cobus by ons promotores gekry het, was om so gou moontlik te begin skryf in plaas van inligting opdief tot in die oneindige. Skryf so gou jy kan; sodoende ontdek jy spoedig die leemtes in jou navorsing en ontwikkel terselfdertyd 'n skryfroetine. Jou skryfwerk bou momentum op. Die proses word vandag nog makliker gemaak deur die wonder van woordprosessering, iets wat ons nie destyds tot ons beskikking gehad het nie. Nog iets uit ons eie ervaring: as die skryfproses begin, skryf elke dag – al is dit net 'n paragraaf. Indien jy jou intellektuele werk onderbreek, verloor jy momentum en sukkel om weer die drade op te tel.

Namate die twee "Jong Turke" (soos dr Bakkes by geleentheid na my en Cobus verwys het) die einde van die pad genader het, kon ons Schoeman en Roos beter na waarde skat en hulle plek in die geskiedenis probeer bepaal. Daar was groot verskille tussen die twee, maar tog ook ooreenkoms – veral wat hulle persoonlikhede betref. Albei was besonder intelligent, hoewel hierdie verstandelike vermoëns op verskillende maniere gemanifesteer het. Schoeman was veral militêr besonder goed onderleg, terwyl Roos 'n briljante regsgesleerde met uitnemende oratoriese vermoë was. Albei het die dinamiek van politiek goed verstaan. Albei het leierseienskappe vertoon, maar was te individualisties om werkelik 'n "volk" te lei. Daarby het hulle te veel omstrede dinge gedoen as leiers: Schoeman toe hy waarnemende Staatspresident was, en Roos as leier van die Transvaalse Nasionale Party en ook as adjunk-premier onder Hertzog.

Die twee het ook 'ere'-bynname gehad. Schoeman is deur een van sy tydgenote 'n "Stormvoël" genoem vanweë sy stormagtige geaardheid. Cobus het terg hierdie naam later as titel vir sy boek gekies. Tielman Roos was in sy gloriejare bekend as die "Leeu van die Noorde", 'n naam wat om begryplike redes nie aan hom bly kleef het nie.

Uiteindelik het albei se loopbane op 'n laagtepunt geëindig en het hulle as tragiese figure gesterf. Soos Cobus in 'n pragtige kaartjie met batik op die voorste bladsy afgedruk aan my op 23 Julie 1978 geskryf het: "Soos Schoeman, was hy [Roos] uiteindelik ook maar self sy grootste vyand. Die ooreenkoms in ons slotbeskouings oor hierdie twee antihelde is baie opvallend. Ek sou graag 'n sielkundige se verklaring wou verneem oor waarom ons huis op die twee figure besluit het."

Een dag, toe ons weer 'n slag die afgeslotenheid van die verlede betreur het omdat ons nie antwoorde op knaende vrae oor Schoeman en Roos kon vind nie, het ons aan die moontlikheid gedink om die hulp van 'n spiritualis in te roep. Dit was natuurlik voor Mariëtta Theunissen se tyd. Na deeglike oorweging het ons maar uiteindelik besluit om die dooies met rus te laat.

Teen die begin van 1977 het Cobus so ver gevorder dat hy na alle waarskynlikheid sy proefskrif teen die middel van die jaar sou kon indien met die oog op die April 1978-gradeplegtigheid. Dit het my motiveer, sodat ek ook my werk later in die jaar voltooi het. Dit het beteken dat na 'n gunstige eksamenuitslag vir ons albei, ons op die aand van 28 April 1978 ons doktorsgrade behaal het. By dié heuglike geleentheid is nog vier ander doktorsgrade in Geskiedenis toegeken: aan Theuns Appelgryn, Andrew Harington, Frik Nöthling en Sievertje Veltkamp. Dit was 'n ongekende prestasie vir die Geskiedenis-departement van Unisa.

Buite die kantoor en weg van die navorsing en skryf, het ek en Cobus baie tyd saam deurgebring. Wat my altyd sal bybly is die etenstyd-verposings wanneer ek en hy die middestad van Pretoria platgeloop het. Altyd iets lekkers by klein,

sjarmante restaurantjies vir middagete verorber. Maar ons middagete het mettertyd uit yslike stukke koek of tert bestaan, met onvermydelike gewigstoename as beloning. Cobus se kenmerkende humorsin het enige geselskap opgehelder, en veral ook die manier waarop hy met homself kon spot. Ons het gefilosofeer oor die lewe (soms ook oor die dood) en ons het die samelewing van ons tyd gedissekteer.

Ons het baie in die boekwinkels rondgesnuffel. Een keer het 'n firma wat klassieke musiek-langspeelplate teen reuse afslagpryse verkoop het in Andriesstraat vir 'n paar weke sy deure oopgemaak. Ek en Cobus was elke dag daar en moes onsself inhoud nie die hele voorraad te koop nie. Onder andere het ek 'n groot versameling Chopin-klaviermusiek gekoop; hy al nege Beethoven-simfonieë. Die Alice Goldin-stillewe wat in my huis se gang hang het ek en hy een middag by die ateljee van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging gaan koop. Ek kon die prys van R40 nie destyds bekostig nie en het die skildery in vier paaiemente afbetaal.

Met doktorsgrade in die sak het ons begin dink om 'n verandering te maak. Die ou rusteloze swerwersgees het weer ontwaak. By hom het sy groot belangstelling in kultuurgeschiedenis, plus meer navorsingsgeleentheid (soos by 'n universiteit) 'n sterke rol gespeel om sy horison te versit. Ek het ook na meer navorsingstyd verlang, want die ooreenkoms met die RGN oor navorsingsverlof het nie meer gegeld nadat 'n werknemer die doktorsgraad behaal het nie. 'n Verdere oorweging was my belangstelling in onderrig om talentvolle studente in die vak te help vorm – veral op nagraadse vlak.

In 1980 het Cobus 'n pos as senior lektor in die Departement Geskiedenis en Kultuurgeschiedenis van die Universiteit van Pretoria aanvaar. Sy loopbaan daar het op 1 April daardie jaar begin. Ek is later in dieselfde jaar deur die RGN op 'n oorsese navorsingsbesoek (wat betrekking op Instituutprojekte gehad het) gestuur. Net voor my vertrek het 'n senior lektorspos by Unisa vakant geraak, waarvoor ek aansoek gedoen het en vir 'n onderhoud genooi is. By my terugkeer het ek verneem dat my aansoek suksesvol was. Op 1 November 1980 het ek daar diens aanvaar.

Die agt of wat jaar by die RGN was ongetwyfeld 'n waardevolle ondervinding vir ons albei. Omvattende, indringende navorsing, kritiese denke en noukeurige formulering het tweede natuur geword. Ons kollegas, veral Cas Bakkes, Maria Hugo, Arie Oberholster, Callie Eloff, Coen Beyers en Roelf Lombard was bekwame historici wat altyd hulle kundigheid met ons gedeel het. Die RGN het vir ons albei oorsese besoeke moontlik gemaak en ons het albei goeie bevorderings gekry in die tyd wat ons daar was.

Nuwe uitdagings het voorgelê. Cobus het die Departement Kultuurgeschiedenis by UP verder uitgebou tot een van die vooraanstaande departemente in die land. Sy eie navorsing het hy toegespits op die verhouding tussen Portugal en Suid-Afrika. Teen 2009, 11 jaar na sy aftrede in 1998, was hy, tesame met Eric Axelson (1913-1998), die voorste kenner in hierdie veld. By Unisa was ek gelukkig genoeg om my navorsingsveld te doseer aan voorgaarde en nagraadse studente, asook die metode en teorie van Geskiedenis.

Die tyd saam met Cobus Ferreira was vir my as historikus en mens verrykend. Nie net het ons mekaar geïnspireer as historici nie, maar ook as geesgenote 'n lewenslange band gesmee.

Dit was agt goeie jare.

Een vriend via het internet

Kees van Zoelen

De Associação Cultural Serpa Pinto (ACSP) is opgericht door een aantal mensen die geïnteresseerd waren in Alexandre Alberto da Rocha de Serpa Pinto (1846-1900) een Portugese ontdekkingsreiziger, geboren in het conselho Cinfães in het noorden van Portugal. Op zijn reis van Angola dwars door Afrika naar Mozambique (1877-1879) heeft Serpa Pinto ook Zuid-Afrika aangedaan en was geïnteresseerd in het leven van de Boeren die hem hadden geholpen. In zijn in 1881 uitgekomen reisverslag in boekvorm schrijft hij hier uitgebreid over. Het doel van zijn reis was, kort gezegd, het in kaart brengen van het gebied tussen Angola en Mozambique waar de Portugese regering een claim op wilde leggen. Dit in het bijzonder met de conferentie van Berlijn in het verschiet waarin de Europese mogendheden hun invloedsferen wilden vastleggen. De ACSP wil alles wat er bekend is van en over Serpa Pinto vastleggen, bestuderen en meer bekendheid geven, zowel hier in Portugal als ook over de grenzen. Op 14 en 15 oktober 2010 verzorgt de ACSP samen met het Centro De Estudos Africanos van de Universiteit van Porto een wetenschappelijk congres in Cinfães, waarbij de exploraties in Afrika in de negentiende eeuw centraal staan. Cobus Ferreira zit in de wetenschappelijke commissie.



Serpa Pinto met sy toerusting in Pretoria.¹

Bij mijn onderzoek naar wetenschappelijke publicaties over Serpa Pinto stuitte ik op het internet op de naam O.J.O. Ferreira, er kwamen behoorlijk wat artikelen naar voren van zijn hand over dit onderwerp. Via de universiteit in Pretoria heb ik contact met hem gekregen en sindsdien via email en post is dit bestendigd en verdiept. Ik denk dat onze verbinding bestaat uit een grote interesse in kennis over, voor velen, totaal onbelangrijke dingen. Gelukkig bestaan er in onze wereld geen oninteressante feiten, gebeurtenissen en omstandigheden. Kortom wij zijn nieuwsgierig en verwonderen ons, wij willen weten hoe dat allemaal in elkaar past en hoe het er in zijn geheel uit ziet, of uit zou kunnen zien.

De slotzin uit *De Avonden* van Gerard Reve: “Het is gezien”, mompelde hij, “het is niet opgemerkt gebleven” doet mij denken aan het werk van Cobus Ferreira, na gedegen onderzoek wordt vastgelegd wat er gebeurd is in het verleden, en wij krijgen de mogelijkheid via deze zeer gedetailleerde verslaggeving ons een beeld te vormen. Het belangwekkende hier is dat het allemaal zo precies beschreven wordt zodat het hetzelfde verrassende effect heeft als het zo exact geschilderde miniatuurje in de schilderkunst. Eerst ben je verbaasd over alles wat er op staat en dan blijf je op zoek naar meer details en heb je de behoefte steeds meer te willen zien.

Het lezen en het schrijven over het werk van Cobus Ferreira, maar ook de mails die we wisselen heeft mijn besluit verstevigd, om mij in de ACSP voor een zoveel mogelijk wetenschappelijke benadering van Serpa Pinto sterk te maken. Een wetenschappelijk fundament zal er voor zorgen dat de ACSP kan groeien en een zekere toekomst heeft.

Naast wat ik leer uit de boeken van Cobus heeft de Afrikaanse taal mij volledig verrast en mijn belevenswereld weer groter gemaakt. Voor mij als Nederlander klinkt de Afrikaanse taal bijzonder poëtisch, de prachtige woorden die er in voorkomen zijn mooi, en hebben vaak een ander soort duidelijkheid dan de Nederlandse equivalenten. Waar ik mij dus op verheug is Cobus, mogelijk over niet al te lange tijd, in levenden lijve in ons geliefde Portugal te ontmoeten en het Afrikaans uit zijn mond te horen. Het lijkt mij een genoegen met hem van gedachten te wisselen over al die onderwerpen die ons beiden interesseren en waar hij zoveel van afweet.

Als afsluiting bij deze feestelijke gelegenheid herinner ik u graag aan een conversatie tussen Wooster en Jeeves uit een boek van P.G.Woodhouse: Wooster vraagt aan Jeeves: “do you realy know everything Jeeves”, waarop Jeeves zegt: “I wouldn’t know sir.”

Verwysings

¹ Nowell, C.E. 1982. *The Rose-colored map*. Lisbon: Junta de Investigações Científicas do Ultramar, teenoor p. 112.

Die Portugese Boertjie

Paul Brandt

Ek skryf graag 'n paar sinne oor my eie kennis en ervaring van Cobus Ferreira. Definitief sal dit nie tot op die dag en datum korrek wees nie. Dit sal ook nie in hogere akademiese taal wees nie, maar dit sal 'n weergawe wees van my persoonlike interaksie met, soos wat ek ondervind het, 'n besondere mens en akademikus.

Ek het Cobus in ongeveer 2004 ontmoet, in Jeffreys waar hy, reeds 'afgetree', fluks aan die skryf was aan nog een van die boeke wat handel oor die Portugese en hul interaksie met Afrika. Die aanloop tot hierdie ontmoeting was soos volg.

Gedurende 2002 besluit drie van ons om ons gemeenskaplike belangstellings in 'n organisasie, wat ons die "Centre for Portuguese Nautical Studies" of te wel CPNS genoem het, saam te snoer. Hierdie drie persone was ek, dr Valerie Esterhuizen en professor Andrie Meyer.

My belangstelling lê in Suid-Afrikaanse maritieme geskiedenis, skeepswrakke en maritieme argeologie, met 'n spesifieke belangstelling in vroeëre Portugese bedrywighede rondom Afrika. Valerie, op daardie tydstip nog kuratrie van die Van Tilburg-versameling by die Universiteit van Pretoria, se belangstelling was Chinese uitvoer-keramiek. Sy het toe so pas haar doktorale studie oor hierdie onderwerp voltooi. Dit handel oor die identifisering en datering van die skerwe van uitgevoerde Chinese porseleinware wat sy weer gebruik vir die identifisering van Portugese skeepswrakke aan ons kus. Deur middel van die datering, en deur gebruik te maak van die verhale van oorlewendes van die strandings, kon name van skepe aan 'n hele paar wrakke toegeken word.¹ Sy het ook 'n wye algemene belangstelling in Portugese handel gehad. Andrie Meyer, 'n argeoloog, en in daardie stadium Departementshoof by Tukkies se Departement Argeologie en Antropologie, was ons derde vennoot. Hy het intens in Afrika-handel belang gestel en dus ook in die rol wat die Portugese op dié vasteland gespeel het. Weens sy beroep was hy diep geïnteresseerd in die maritieme argeologiese waarde van skeepswrakke langs die kus. Ons gemeenskaplike doel by CPNS was navorsing in, en bekendstelling van die belang van hierdie deel van ons kulturerfenis – naamlik Portugese skeepswrakke aan ons kus gedurende die tydperk 1500 tot ongeveer 1680.

Dit was toe dat Valerie my vertel van die 'afgetrede geskiedenis professor' wat in Jeffreysbaai bly en by wie ek sou kon gaan kennis inwin oor die Portugese. Ek is vertel dat hy versot is op die maritieme geskiedenis van die Lusitaniërs, boeke daaroor skryf en dat hy baie vriendelik en gasvry is. Met hierdie agtergrondsinligting kontak ek toe hierdie vreemde maar blykaar uiters kundige man – eers telefonies, as ek reg onthou, en later korrespondeer ons per e-pos. Hy, Cobus, hoor toe ons gaan by Jeffreys verby op pad na vakansie, en net daar word ons genooi om te kom kuier. Hy belowe tee en koek en ek en my vrou Annalie aanvaar die uitnodiging. Annalie hak egter by vriendinne op Patensie vas en ek en my dogter, Kiara, gaan kuier by die vreemde man op Jeffreys.

Om 'n baie lang storie kort te hou – die professor was toe BAIE kundig en BAIE vriendelik en het ons vergas met koekies wat hy self gebak het. Hy was so

'nice' gewees dat my dogter sommer die volgende dag weer wou gaan kuier het – of dit nou sy 'nice-geit' was of sy lekker koek, weet ek nie. Hy het duidelik op my en my dogter 'n groot eerste indruk gemaak.

Tot vandag toe was ek nog net daardie een keer by hom aan huis, maar ons het al vele e-posse gewissel, 'n paar keer per telefoon gesels en op hierdie manier het ek by hom geleer. Wat merkwaardig is, is die boeke wat hy geskryf het en nog steeds skryf. Ek het die idee gekry dat hy dit geniet om te skryf, goed is daarom en dat dit nie net gaan om net nog 'n boek op sy CV te kry nie, of om so bietjie geld te maak nie. Hy skryf in Afrikaans, sy taal, en nie Engels wat dalk 'n beter keuse sou wees as hy meer geld vir sy aftrede wou maak nie. Ek het per geleentheid voorgestel dat hy, veral die boeke oor die Portugese, in Engels moet skryf, maar hiervan wou hy nie hoor nie. Vir my, en ons organisasie, was dit belangrik dat ek aan die Portugese in Portugal kon wys dat hier wel in Suid-Afrika kenners is wat skryf oor hulle geskiedenis. Ek het later aangebied om fondse te soek om van sy boeke in Engels en dalk Portugees te vertaal – hiermee het hy geen probleem gehad nie. Ons het selfs in 'n stadium begin onderhandel om van sy boeke te vertaal, wat dan verkoop kon word om fondse vir ons organisasie te verkry. Om verskeie redes het van al my wonderlike planne nie veel gekom nie. Die feit was dat Cobus nie eie roem nagejaag het nie en bereid was om deur middel van vertaling sy boeke met ons te deel en sodoende Portugese maritieme geskiedenis verder bekend te stel. Hopelik sal van sy boeke eendag ook in Engels vertaal word om hierdeur Suid-Afrika se Portugese storie, soos deur Cobus vertel, die wêreld in te dra.



Skeepswrak-opname, Mei 2008, Kaap Frio, Namibiese Skadelkus. Langs 'n gedeelte van die Namibiese kus word Chinese uitvoerporselein en Martaban potskerwe, wat oor 'n afstand van 60 km op die strand uitspoel, gevind. Dit duï op die stranding van 'n Portugese huiswaartskerende skip (vanaf Indië) wat met die hulp van Valerie Esterhuizen na ongeveer 1630-1650 gedateer is. Weens die sandbeweging en uiterste omstandighede van die skadelkus sal die wrak waarskynlik nooit gevind of geïdentifiseer word nie. Die "A Team" vlnr: Annalie Brandt, Helmut Bistri, Reinhard Bücking, Jacky Bücking, Anneke Puhl en Paul Brandt.

Nou eers so bietjie van 'n ander sy van Cobus wat my nogal laat glimlag het. CPNS begin reël aan ons tweede Internasionale Maritieme Argeologie- en Geskiedenis-kongres. As kenner en amper ere-CPNS lid word Cobus uitgenooi

om 'n referaat of twee te kom lewer. Sy antwoord is egter dat hy sulke goed al te veel in sy lewe gedoen het, dat daar ander is wat dit beter kan doen en dat dit nou tyd was vir hulle om dit namens hom te doen. Soos 'n ware Universiteitsprofessor en departementshoof, deleger hy gou-gou en toe ons weer hoor is Roger Fisher en Cecilia Kruger al die pad van Pretoria af op weg om twee referate namens hom te kom lewer. Hoe hy dít reggekry het, weet ons tot vandag toe nog nie. Hulle moes namens hom lesings kom gee en self vir petrol en akkommodasie betaal. Dalk noem mens sulke mense net ware vriende. Cobus het darem gehelp om alles aanbiedingsgereed te kry en ons registrante kon hierdeur deel in sy kennis en liefde vir hierdie deel van ons geskiedenis. Die referaat, gelewer deur Roger Fisher, was gebaseer op Cobus se boek *Adamastor, gees van die Stormkaap*² en die referaat deur Cecilia Kruger op sy *Dias, Da Gama en die Khoikhoi: 'n ontmoeting van kulture aan die suidpunt van Afrika*.³

Met my eerste besoek aan Cobus kry ek ook my eerste twee O.J.O. Ferreira-boeke present, naamlik dié wat handel oor Adamastor en ook 'n kopie van *Die roemryke lewe van Francisco de Almeida (ca. 1450-1510) en sy roemlose sterwe aan die Kaap die Goeie Hoop*.⁴ Ek koop toe self sy boek wat handel oor die stranding van die São João, *Stranding van die São João: lotgevalle van Manuel de Sepúlveda en sy medeskipbreukelinge aan die Suidooskus van Afrika, 1552-1553*⁵ en ontvang daarna nog 'n paar verassingsgeskenke deur die pos⁶ – almal uit die pen van O.J.O. Ferreira.

Van al ons planne om Portugese maritieme geskiedenis en skeepswrakke na te vors het toe nie veel van gekom nie. Daar was net eenvoudig te min ligpunte soos Cobus langs die pad. Dit was die ou storie – te min mense wat werklik belangstel, te min geld, te min staatserkenning en -ondersteuning. Maar Cobus hou aan skryf en ons paartjies hou aan belangstel in hierdie interessante en belangrike deel van ons kultuurferenis, naamlik die Portugese en hul roete om die Kaap gedurende die 16^{de} en 17^{de} eeu. Wie weet, dalk ontmoet een van ons eendag iemand met te veel geld en baie belangstelling in die dinge wat saak maak. Dan stel ons vir Cobus as Sekretaris-generaal van publikasies aan en ons doen verdere navorsing oor die Portugese skeepswrakke en ons sorg dat hul geskiedenis weer sy regmatige plek in ons skole en museums kry. Viva Dias, Viva Da Gama en Viva Cobus Ferreira!

Verwysings

- ¹ Esterhuizen, L.A. 2001. *Dekoratiewe motiewe op Chinese porseleinskerwe uit Portugese skeepswrakke aan die Suid-Afrikaanse kus, 1552-1647: 'n kultuurhistoriese studie*. DPhil-proefschrift, Universiteit van Pretoria; <http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-12212005-124807/>
- ² Ferreira, O.J.O. 1995. *Adamastor, Gees van die Stormkaap*. Pretoria: O.J.O. Ferreira.
- ³ Ferreira, O.J.O. 2008. *Dias, Da Gama en die Khoikhoi: 'n ontmoeting van kulture aan die suidpunt van Afrika*. Jeffreysbaai: Adamastor.
- ⁴ Ferreira O.J.O. 1999. *Die roemryke lewe van Francisco de Almeida (ca. 1450-1510) en sy roemlose sterwe aan die Kaap die Goeie Hoop*. Kaapstad: Casteel Militêre Museum.
- ⁵ Ferreira O.J.O. 2002. *Stranding van die São João: Lotgevalle van Manuel de Sepúlveda en sy medeskipbreukelinge aan die Suidooskus van Afrika, 1552-1553*. Jeffreysbaai: Adamastor.
- ⁶ Ferreira O.J.O. & Le Roux, S.W. 2009. *Sagres & Suiderkruis: raakpunte tussen Portugal en Suid-Afrika deur vyf eeue*. Gordonsbaai: Adamastor.

Ses variasies op Sanskrit-tekste

(vir Cobus Ferreira op sy 70ste verjaarsdag)

DPM Botes

langsaaam verdring die duister
die lig
in hul vlug na hul neste
roep hadidas vir laas
en die uil loer stil uit die boomstam
aggressiewer sy nek versink
teen sy lyf
staar skud sy kop en staar

◦

die somerson roof die blye nagte
plunder die riviere
verskroei die aarde
die bome en die bos

nou kruip hy weg
die herfswolke sprei dreigend
oor die lug
soek hom jag hom
die misdadiger
met bliksemstrale

◦

vannag het dit gereën
en die donder het diep en ver gerammel
hy kon nie slaap nie
het gewoel en rondgerol
met lang gereë尔de sugte
soos hy luister het trane in sy oë gekom
het hy aan 'n jong vrou gedink
sy wat hy alleen gelaat het
hy het geruk en gehuil tot dagbreek

sedertdien het die dorpsbewoners
'n streng reël gemaak
dat geen reisiger toegelaat word
om 'n kamer vir een nag
in die dorp te huur nie

waarheen is jy oppad in die klein ure
van die nag
om my minnaar te ontmoet
hy wat lewe en dood vir my beteken
en vrees jy nie om so alleen te loop nie
hoe kan ek alleen wees
liefde hou my geselskap

◦

'n sonstraal gevang in 'n bak
en 'n kat lek dit soos melk
nog een gaan ligvoets deur die boomtakke
en die olifant dink hy het 'n versnapering ontdek

half aan die slaap
reik 'n meisie met haar hande
probeer die maanligstrale herrangskik
om die warmte te deel

die maan is dronk van sy eie lig
maar die wêreld is verward

◦

nadat jou oë
uit amandels gevorm is
en jou ore uit appelkoosbloeisels
jou tandé met jou glimlag
uit die bloeisels van pruime
geskep is
is jou gesig sag en appelkooskleurig gemaak

maar jou hart is van graniët
hard en ongenaakbaar
strydig met al dié dinge

Lappieskombers

Margaret Bakkes-Aucamp

'n Lappieskombers tower assosiasies op – van ouwêrelde geborgenheid, van toewyding en kreatiwiteit, van uitreik en betrokkenheid. Vriendskap is 'n lappieskombers. Elke aparte vierkantjie of driehoekie dra by tot die geheel – 'n kleurvolle heerlikheid, 'n verbeeldingryke verskeidenheid wat jou omvou en verwarm en vertroos en vervul, sodat jy telkens verstom staan voor die besondere gawe van jou lappieskombersvriendskap: so 'n voorreg, so 'n onverdiende lewensverryking.

Die lappieskomberswarmte van Cobus Ferreira wat my toebedeel is, kom 'n lang pad. As die jong ma van tieners in die stad, was togte langs die Fanie Botha voetslaanpad of in die Magaliesberge soveel prettiger en vroliker en ja, draagliker met Cobus as stapgesel. Sy kwinkslae en humor was 'n aansporing as ek moedeloos oor klowe en deur dale begin roep na seunskinders wat met 'n eie, willige koers totaal onder my besorgdheid uitgestap het!

Later was die gasvryheid vanuit Cobus se stylvolle, doelmatige aftreeverblyf op Jeffreysbaai 'n heerlike, helderrooi in dié besonderse kombers. Met die verlies van sy geliefde, begaande suster, Philna wat hy met my gedeel het, as't ware aan my toevertrou het, was daar noodwendig skadukleure in die lappieskombers, maar tog wel weer afgewissel deur verblyf in die piepklein gastewoonstel wat Philna se kamer genoem is en waar ek haar deur haar besonderse kreatiwiteit kon leer ken. Want om Cobus te ken, moet 'n mens ook vir Philna leer ken. En so kom daar nog 'n lewe – erkennende rooi vierkant in die lappieskombers van vriendskap. En in die middel, onverdiend, 'n glansende goue gawe wat aan die lappieskombers oneindig waarde toevoeg.

Hartsgawe waarvoor ek die uitverkorene was.

Daar is ook die helderblou vierkant van Cobus se kuiers by ons strandhuis op Boknes. Blou soos die blou tafeldoek en die blou eetgerei en die blou lug bokant die binnehof en die blou see van Dias se strand. En dieprooi ook soos die goeie wyn wat ons saam geniet het. Dieprooi wynblokkies in die lappieskombers, dieprooi soos die gemeenssaamheid en die begrip en die dankbaarheid.

Maar heel kosbaarste is die rand wat die talle vlakke van die vrienkskoms kombers inbind en daaraan struktuur gee: die onbaatsugtige, vrylike toegang tot Cobus Ferreira se hartwerk. Uit sy arbeid, sy sweet, sy tyd had ek stof wat vir my in staat sou stel om historiese feite tot 'n menslike verhaal te verbel – 'n verhaal van ontbering en oorlog en ontheemding, 'n verhaal wat die ganse spektrum van Steiner se "human condition" sou omvat. Cobus het my met sy 'kind' vertrou.

Hierdie vertroue, hierdie matelose onselfsugtigheid is uiteindelik die fyn stekies wat die besonderse laslappiekombes in een stuk hou.

Die Genealogiese bydrae van O.J.O. Ferreira

Leon Endemann


Alvorens ek my oor Cobus Ferreira se bydrae tot genealogie in Suid-Afrika wil uitlaat, kan ek nie nalaat om die een-en-ande mee te deel oor die jarelange verbintenis tussen ons nie. Ons ken mekaar reeds bykans vier dekades lank – om presies te wees, het ons paaie in 1972 gekruis toe ek as diensdoenende senior-argivaris in die leeskamer op die grondvloer van die Uniegebou werksaam was. Hy het destyds navorsing gedoen vir sy proefskrif oor Stephanus Schoeman en ek was die amptenaartjie wat sy bestellings van dokument moes hanteer. Sodoende het ons ons gemeenskaplike belangstelling in vaderlandse geskiedenis en genealogiese navorsing met mekaar gedeel (afgesien daarvan dat ons moes ontdek dat ons in dieselfde woonbuurt woonagtig was). Klaarblyklik moes my hulpverlening met die opstel van Schoeman se kwartierstaat hom sodanig beïndruk het, dat ek kort daarna deur dr Roelf Lombard genader is oor 'n betrekking as navorser by die indertydse Afdeling Genealogie van die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die RGN. Hier het ons sewe jaar daagliks as kollegas met mekaar te make gehad totdat ek die RGN se diens verlaat het om weer diplomaat te word.

Gedurende hierdie tydperk was dit my voorreg om Cobus as geskiedenisnavorsers, maar bowenal as mens te leer ken. Sy ywer, nougesethed en entoesiasme was aansteeklik, 'n voorbeeld vir sy ondergeskiktes en sekerlik die vernaamste rede waarom hy as hoof van die Afdeling Bronnepublikasies suksesvol was om soveel waardevolle naslaanwerke onder sy redaksie die lig te laat sien. Wat betref die publikasies *Geschiedenis, Werken en Streven van S.P.E. Trichardt* (1975), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902* (1977) en *Memoirs of General Ben Bouwer* (1980), was hy persoonlik verantwoordelik vir die navorsing wat gedoen moes word; daarbenewens het hy ook as redakteur daarvan opgetree. Ondertussen het hy sy doktorale proefskrif getitel *Stormvoël van die Noorde. Stephanus Schoeman in Transvaal* voltooi en is die graad *DLitt et Phil* deur Unisa in 1977 aan hom toegeken. Neteenstaande het hy bloot Cobus Ferreira gebly – 'n eienskap wat getuig van 'n persoon met opregte nederigheid. Sy proefskrif is 'n jaar later, met behulp van 'n toekenning van die RGN, ook in boekvorm uitgegee.

Maar in hierdie trant wil ek graag verder gewag maak van twee bykomende eienskappe wat uitstaande is van Cobus se persoonlikheid: sy netheid van persoon én sy werk (selfs sy rofwerk aantekeninge was duidelik leesbaar in 'n kenmerkende keurige handskrif) asook sy vriendelike en joviale geaardheid. Neteenstaande die feit dat hy sy eie privaatheid hoog aanslaan, sou hy niemand die deur wys indien jy met 'n probleem van watter aard ookal, na hom sou wend nie. Geduldig sou hy luister en dan met raad en daad bystaan. Nadat ons paaie vir 'n ruk lank uitmekaar gegaan het, gedeeltelik as gevolg van my jarelange verblyf in die buiteland, het van sy oud-studente in Kultuurgeskiedenis later van tyd as werknemers by my beland en het hulle my vermoede bevestig dat Cobus geensins verander het nie. Hy het by hulle byval gevind as een van hul geliefdste dosente wat sy vakgebied op 'n besondere wyse aan hulle bekend gestel en

oorgedra het.

Behalwe die diepgaande navorsing wat hy oor die voorgeslag en nageslag van kommandant-generaal Stephanus Schoeman aangepak en neergepen het, was Cobus ook verantwoordelik vir die genealogiese navorsing wat publikasies soos *Viva os Boers* (waarin die wedervaringe van Boeregeïnterneerde in Portugal tydens en na afloop van die Anglo-Boereoorlog uitgebeeld word) en *Montanha in Zoutpansberg: 'n Portugese Handelsending van Inhambane se Besoek aan Schoemansdal, 1855-1856* (2002) vooraf gegaan en daarin beslag gevind het. In laasgenoemde werk is daar vir my persoonlik 'n waardevolle en uitgebreide voetnoot – nommer 268 op bladsy 168. Daarin word die verhaal van my Hugo en Pretorius voorouers rondom die gebeure na die moorde by Bloukrans uiteengesit



Ferreira

Die familiewapen wat in Portugal met die Ferreiras geassosieer word.¹

Cobus se een groot passie in die lewe is sy Portugese herkoms waarop hy uitermate trots is. Boonop voer beide sy grootouers aan vaderskant die van Ferreira en verklaar dit moontlik sy Mediterreneense voorkoms. Sy belangstelling om die herkoms van die stamvader, Ignácio Ferreira (1695-1772), verder te ondersoek, het daartoe geleid dat hy 'n paar besoeke aan die stamland gebring het, 'n tog wat naderhand 'n jaarlike instelling geword het. Hierdie navorsing het neerslag gevind in die publikasie van *Stamvader Ignatius Ferreira en sy Naverwante* (1997), *Onder-Kouga: Bakermat van Gerbers en Ferreiras* (2003) gevvolg deur *Die Bloed in ons Are: Voorgeslagte van Martina Philippina Ferreira (1937-1999) & Ockert Jacobus Olivier Ferreira (*1940)* wat in 2007 verskyn het. Laasgenoemde werk is privaat uitgegee in die formaat van 'n voorgeslagstaat en opgedra aan sy enigste suster wat agt jaar vantevore oorlede is. Voorin die kopie wat hy aan my geskenk het, is die volgende nota op sy persoonlike briefhoof, gedateer 29 Mei 2007, geplas:

"Beste Leon. Met my komplimente – al weet ek dat sulke selfgesentreerde navorsing vir julle weinig waarde het. Groetnis. Cobus". Kosbaar en tekenend van 'n werklik groot man!

Verwysings

¹ Grande Encyclopédia Portuguesa e Brasileira XI (Lisboa, s.a.), p. 157.

Laying the Foundation of UP's Memory Bank*

Karen L. Harris

The University of Pretoria was established in 1908, but it was not until nine decades later that it was to open the doors of an archive to serve as the “memory bank”¹ of the institution. This was not unlike the majority of tertiary institutions in South Africa, where the creation of a division within the broader infrastructure to preserve documentation pertaining to the history of the University for posterity was never a priority, given the prime educational mission. Moreover, even when a division for archiving is established in corporate institutions, they, for the most part, are relegated to and remain on the periphery in terms of facilities, budget and human resources.² It is in this context, as well as the pervasive stereotypical image that archivists, as the keepers of documentation, no longer fell within the core functioning of the institution,³ that Ferreira was to persevere in the founding of an archive for the University of Pretoria.

The idea to establish archives for the University initially emerged in October 1978 as a result of the concern raised by Professor E. Gerryts, then Director of the University Library. In a report of the Library Committee he pointed out that much of the information relevant for research on the origin and development of the University was not being preserved.⁴ In response to this, the Executive Committee of the Senate appointed a UP Archives Committee under the chairmanship of the Vice-Principal, Professor A.N. Pelzer, to investigate the establishment of a central University archive for the preservation of documentation.⁵ This initial process was short-lived as within three years, Pelzer passed away. Seven months later, in June 1982, the Senate appointed Gerryts as chairperson of the UP Archives Committee. In February 1984 he prepared a proposal for Top Management but these recommendations appear not to have been taken any further, and in his opinion, the former committee “died” without a new one being born.⁶ In January 1988 he made another submission in which he again requested that the Archives Committee should be dissolved and that a new *ad hoc* committee of the Rectorate should be constituted. This new nine-member Committee was tasked to investigate all matters regarding “policy, procedure and infrastructure for the sensible control and maintenance of museum and archive material that is relevant to the University of Pretoria”.⁷ He concluded by suggesting that the *ad hoc* Committee should seriously consider the appointment of an archives official.⁸ The Rectorate approved these recommendations and three weeks later on the 26 January 1988 decided that an *ad hoc* committee of the Rectorate under the chairmanship of Vice-Rector Professor P. Oosthuizen be appointed. This committee included the head of the Department of History and Cultural History, Professor J.S. Bergh.⁹

It was at this point that Professor Cobus Ferreira, a senior member of the Department of History and Cultural History, became involved in the process that would ultimately lead to the creation of the UP Archives (UPA). In his typically professional and meticulous style, Johan Bergh immediately set about addressing the task assigned to him and compiled a report that was submitted to Council.¹⁰

While Bergh dealt specifically with the archive-related matters he involved Ferreira with the section dealing with the museum collections. They proposed that urgent attention should be given to the collection and preservation of all relevant material relating to the growth and development of the University; that a centralised space should be appropriated for the archives and that two posts needed to be instituted. In August 1988 the Rectorate decided to accept these recommendations in principle and that the institution of the two posts should be considered in the budget.¹¹ Bergh made an urgent written request to the Dean of the Faculty of Humanities for the appointment of a Director of Archives and Museum Affairs – with the status and title of an associate professor – as well as a Museum specialist with the status of a senior lecturer, as from the beginning of January 1989.¹² The decision was never accommodated in the budget, the posts never realised and thus the entire process miscarried yet again.¹³

In 1993, with the transfer of the Records Management division to the Department of Academic Administration, the newly appointed Registrar, Professor C. de Beer made enquiries about the archival policy of the University, again highlighting the dismal situation in this sector.¹⁴ As a result, another committee under his chairmanship was constituted to report to Top Management on all matters regarding an archive for UP. Again Bergh was part of the task team assigned to investigate the matter. In September 1994 this process culminated in the submission of a number of reports, including one recommending a centralised archive with a comprehensive preservation policy; the appointment of a University archivist and provision for a sustainable infrastructure. In the light of the support function of the division Records Management and its existing line function, it was also recommended that the management of the archives would be best coordinated if the archivist reported to the Registrar. It was indicated that the university archivist was to be responsible for compiling a preservation policy and strategy, facilitate the research for *Ad Destinatum*,¹⁵ as well as draw up guidelines regarding the museums of the University.¹⁶

In an exceedingly accommodating gesture, Bergh made the offer that initially fifty percent of Ferreira's position in the Department of History and Cultural History could be apportioned for the task of University Archivist.¹⁷ In addition, he also made available an area with shelf space of 160 metres in the Department of History and Cultural History on the eighteenth level of the Human Sciences Building as a temporary venue for the archives. The committee also recommended that an advisory committee, under the Chairmanship of the Registrar, should be constituted to advise the University Archivist.¹⁸ The Council approved these suggestions on the 13 September 1994 and thus with these relatively tentative arrangements the University of Pretoria Archives became a reality.¹⁹ It had taken almost two decades since the inception of the idea for the UPA to be finally established.

Even though Ferreira was only officially appointed as University Archivist from 1 July 1995,²⁰ he was immediately involved in doing the groundwork for the foundation of the Archives. This involved a wide-ranging literature study as regards policy and best practice, as well as consultation with a number of stakeholders in the public, private and tertiary library and archival realm. He visited the facilities of a number of established archives and museums including those of the Standard Bank in Johannesburg; the Nederduitse Hervormde Church in Pretoria; Sanlam in Bellville; Boland Bank in Paarl and the South African Cultural History Museum in Cape Town. In addition, he met with the directors of libraries and manuscripts collections, such as the Director of the Library at the University of Stellenbosch, where coincidentally a similar process was being undertaken as regards considerations for the establishment of a university

archive.²¹ Ferreira's extensive and typically thorough research was to lead to the drafting of a very solid foundation for the policies, methods and systems for the UPA – a foundation that was to prove both viable and sustainable for the long term.

In July 1995 the then Registrar, Professor J.A. Boon, sent out an official campus-wide notification to all Deans, Heads of Departments, Heads of Support Services as well as the Directors of Bureaus, Institutes and Centres informing them of the founding of the UPA and the appointment of Ferreira as University Archivist.²² This notification in itself emphasized the extent of the very arduous task the newly appointed archivist faced – not only was this a position that had to deal with the entire University community, including both academic and administrative staff as well as the student corps – but also one that had to attempt to capture and preserve over eight decades of the University's past.

Within less than a year from his appointment as University Archivist, Ferreira had made admirable progress with the foundation of the UPA. This was evident in his first annual report to the UPA Advisory Committee presented at a meeting held on the 28 May 1996.²³ In terms of the conceptual infrastructure, a draft archives policy had been compiled which had been presented to specialists within and outside of the University for comment; a provisional classification system had been devised based broadly on the information available in the first three volumes of *Ad Destinatum* as well as on the office-of-origin principle that would easily accommodate future additions and adaptations; and a concept data structure was also in the process of being developed in collaboration with members of the Departments of Information Science and Information Technology.²⁴ The cautious marketing of UPA had also been given attention in the form of three articles in in-house and academic publications.²⁵

Equally impressive progress had been made as regards the physical infrastructure for the UPA. Given the volume of the material that needed to be accommodated, another venue had to be found. After numerous considerations, plans for the renovation and adaptation of the fifth level of the Human Sciences Building (formally a storage space) at a cost of R48 000 were well underway; restored furniture dating from the early years of the University had been gathered to provide the Archives with an authentic character; purposeful archival boxes had been ordered; while custom-designed shelves at a cost of R79 000 were in the process of being made.

Moreover, even in these formative months the Archives staff – which by then also comprised one archives official Martie Otto and one temporary part-time student assistant Louis Changuion – had already begun to provide valuable services to the broader University community. Under the directive of Ferreira great strides were made with the sorting, ordering and filing of archival material, as well as the facilitation of enquiries by students and staff.²⁶ While thanking his two UPA colleagues for their efforts during this initial phase of UPA's existence, Ferreira's wry sense of humour could not let the opportunity pass without commenting that more divergent characters than the three of them were unimaginable ("meer uiteenlopende karakters as dié van ons drie is moeilik denkbaar").²⁷ Needless to say, the amount of research, negotiation, time and effort involved in achieving these various accomplishments is immeasurable. In addition, these initial foundations were imbued with so much foresight that most of what was established within this first year remains an integral part of the UPA to date.

By the following annual meeting of the UPA Advisory Committee held on 22 May 1997, the Archives had already relocated to the now refurbished fifth level of the Human Sciences Building.²⁸ Despite various technical obstacles (and health

hazards), the secluded venue had the required security with a newly installed alarm system, was conducive to document preservation and was in relative close proximity to Ferreira's office in the Department of History and Cultural History where fifty percent of his work as study leader at postgraduate level continued. The archival collection on the eighteenth level of the Human Sciences Building had been relocated and sorted onto the new shelves along with other collections that had been transferred to the UPA holdings. In terms of accession, numerous series of documents and hundreds of photographs were sorted according to the newly devised computerized data structure. In addition, besides the impressive utilization of the space within the area for researchers, office space and storage, and the mammoth task of ordering the archival material, Ferreira had also seen it fit to enhance the UPA with a collection of framed photographs depicting the origin and early history of the University on the inner walls of the venue.²⁹ This reflected upon his sense of the aesthetic, as well as his meticulous attention to detail.

At this second Advisory Committee meeting, the carefully researched and prepared UPA "Mission, policy and guidelines"³⁰ was tabled for final approval. Described as laying a solid foundation for the development of the UPA's policy,³¹ it was to prove to be of enduring importance in the future. Another dimension of the 1997 UPA report that was also to become a long-term phenomenon in the future was the report of a flooding of the office area on the fifth level.³² Up until today ingress of water continues to plague the facilities of the UPA regardless of where they are located.

By 1997 the UPA had reached fruition in terms of its conceptual and physical infrastructure and on 14 April it was officially opened. Speaking at the function, the Rector, Professor Johan van Zyl, commented on the timely establishment of UPA as significant given the promulgation of the National Archives Act of 1996 which had direct implications for the preservation and accessibility of university archive material.³³ After having created and nurtured a solid foundation for UPA it was also significant that shortly thereafter Ferreira was to tender his resignation with effect from 30 June 1998.

Ferreira's solid commitment to the foundation of the Archives for the University of Pretoria left an indelible mark for posterity and remains integral to its memory bank. This is but one of the many accolades attributable to this dedicated historian of note.

References

- ¹ Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-8, UP Argief Beleid en Algemene Inligting: Argiefbeleid (Grondwet), Constitution of the University of Pretoria Archives. 2005.
- ² Geary, P. 2009. Medieval archivists as authors, in Blouin, F.W. & Rosenberg, W.G. (Eds.). *Archives, Documentation and Institutions of Social Memory*. Michigan: Michigan University Press, p. 106; Harris, K.L. & Van der Merwe, R. 2009. Accessible Archives: students as active users. *Esarbica*, 28, p. 133.
- ³ Harris, K.L. 2007. Taking the gaps between the documents: UP Archives as a case study. Paper presented at the *Knowledge, Archives and Records Management Conference*. Cape Town, 9-11 July.
- ⁴ Universiteit van Pretoria Argief, B-5-1-1, Notules van Senaat, S2358/78: Memorandum van die Direkteur van Biblioteekdienst.
- ⁵ Universiteit van Pretoria Argief, B-5-1-1, S 2358/78: Memorandum van die Direkteur van Biblioteekdienst; Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-6, UP Argief Advieskomitee, Verslag: Julie 1995 tot April 1996. 28.05.1996.
- ⁶ Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-4, UP Argief Algemeen: Stigting, Noodsaaklikheid van die inrigting van 'n UP-Argief, p. 2.

- ⁷ Vertaal uit Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-4, Noodsaaklikheid van die inrigting van 'n UP-Argief, p. 3.
- ⁸ Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-4, Noodsaaklikheid van die inrigting van 'n UP-Argief, pp. 3-4.
- ⁹ Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-4, Noodsaaklikheid van die inrigting van 'n UP-Argief, p. 4.
- ¹⁰ Universiteit van Pretoria Argief, B-4-1-2, Notules van die Universiteitsraad, Rt 265/88.
- ¹¹ Universiteit van Pretoria Argief, B-4-1-2, Rt 265/88; UPA D-1-10-4, Noodsaaklikheid van die inrigting van 'n UP-Argief, p. 4.
- ¹² Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-4, Noodsaaklikheid van die inrigting van 'n UP-Argief, p. 5.
- ¹³ Van der Watt, F. (Ed.). 2002. *Ad Destinatum IV, 1993-2000 Historical Developments and Events at the University of Pretoria*. Pretoria: Business Print Centre, p. 354.
- ¹⁴ Universiteit van Pretoria Argief, B-4-1-2, Rt 379/94, p.1
- ¹⁵ *Ad Destinatum* is the official history of the University.
- ¹⁶ Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-4, Komitee insake UP Argief, AA 38/94, pp. 1-2.
- ¹⁷ Universiteit van Pretoria Argief, B-4-1-2, Rt 370/94, p.1; Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10 AA 38/94, pp. 1-2.
- ¹⁸ Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-4, Komitee insake UP Argief, AA 38/94, p. 2.
- ¹⁹ Universiteit van Pretoria Argief, B-4-1-2, Rt 365/94: Argiefbeleid en verwante aangeleenthede, 8.3, p.1
- ²⁰ Van der Watt, F. (Ed.). *Ad Destinatum IV, 1993-2000*, p. 354.
- ²¹ Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-4, UP Argief Algemeen: Stigting, Korrespondensie, 1995.
- ²² Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-4, UP Argief Algemeen: Stigting, Prof Boon, 11.07.1995.
- ²³ Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-6, Verslag: Julie 1995 tot April 1996. 28.05.1996.
- ²⁴ Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-6, Verslag: Julie 1995 tot April 1996, pp. 3-6.
- ²⁵ AMLIB. 1995. *AMLIB-Nuusbrief*, 56, Desember, pp. 3-5; SAVK. 1995. *Nuusbrief van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis*, 12(1), Junie, pp. 4-5; Universiteit van Pretoria. 1995. *Tukkievaria*, 13, 6 Julie, p. 4.
- ²⁶ Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-6, Verslag: Julie 1995 tot April 1996, pp. 3-5.
- ²⁷ Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-6, Verslag: Julie 1995 tot April 1996, p. 7.
- ²⁸ Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-6, Verslag: Mei 1996 tot Maart 1997. 22.05.1997.
- ²⁹ Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-6, Verslag: Mei 1996 tot Maart 1997, pp. 2-3.
- ³⁰ Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-6, Argief van die Universiteit van Pretoria, Missie, beleid en riglyne. April 1997.
- ³¹ Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-6, Verslag: Mei 1996 tot Maart 1997, p.3.
- ³² Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-6, Verslag: Mei 1996 tot Maart 1997, p. 2.
- ³³ Universiteit van Pretoria Argief, D-1-10-4, Amptelike Opening van die Argief van die Universiteit van Pretoria. 14.04.1997, p. 1.

* My sincere thanks to my UPA colleagues Bronwyn Strydom, Ria van der Merwe and Yvonne Smith, as well as my Departmental colleague, Professor Johan Bergh, for assistance with the research for this article.

O.J.O (Cobus) Ferreira as historikus

Pieter Kapp

In die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse geskiedskrywing beklee Cobus Ferreira 'n besondere plek vanweë sy veelsydigheid en die kontinuiteit van sy navorsing.¹ Daar is 'n sterk verband tussen sy persoonlike geskiedenis, sy opleiding en werkervaring en sy historiese arbeid. Die drie het mekaar vrugbaar wedersyds beïnvloed. Sy geboorteplek, die plaas Opkomst in die Onder-Kouga distrik Uniondale, en sy familieherkoms as afstammeling van die Portugese stamvader Ignácio Ferreira het diepgaande invloed op sy navorsing uitgeoefen. Die feit dat hy twee doktorsgrade, een in Geskiedenis oor Stephanus Schoeman en die Voortrekkerdersetting by Schoemansdal in die Soutpansberg (1978), en die ander een in Kultuurgeskiedenis oor die Boeregeinterneerde in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog (1994), behaal het, en dat hy deur 'n spektrum van beroepe die geskiedenis beoefen het, het 'n duidelik sigbare invloed op sy werk gehad. Sy ervaring as onderwyser, museumkundige, RGN-navorser en uiteindelik dosent in Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria het beteken dat hy deur sy hele loopbaan ten nouste met die vak en met navorsing gemoeid was – iets wat hy na sy aftrede in 1998 met produktiewe werk voortgesit het. Só produktief dat die beperkte publikasie-geleenthede by prominente uitgewers hom nie afgeskrik het nie en hy mettertyd sy eie publikasies uitgegee het.

Hierdie besondere kombinasie vorm ook in 'n ander opsig 'n belangrike kenmerk van sy werk. In die universitaire akademiese milieu met sy oorwaardering van publikasies van sogenaamde internasionaal toonaangewende navorsing in internasionaal erkende vaktydskrifte wat sogenaamd prestige erkenning aan navorsers sou verleen, en dus meer fondse tot hulle beskikking sou stel, het hy die integriteit van sy navorsing en die waarde van sy werk vir die mense oor wie dit gaan, veel hoër geag as formalistiese nakoming van formules wat deur burokrate bestuur kan word. Van sy artikels is wel internasionaal in Portugees en Engels gepubliseer, maar sy benadering was en is deurgaans dat die deeglikheid en sistematiese aard van sy navorsing kennis moet ontsluit wat vir die nie-vakpersoon toeganklik is. Daarom is van sy belangrikste bydraes die ontsluiting van en die skep van waardering vir die historiese besit van die Afrikaanse gemeenskap en het sy meer as negentig tydskrifartikels verskyn waar dit veel meer toeganklik vir lezers en kenners is wat belangstel en die kundigheid besit om 'n werklik saakmakende oordeel oor sy werk te vorm as wat die voorgeskrewe formules van owerheidsweë erken.

Die aard van sy veelsydigheid word geïllustreer deur die feit dat hy twee keer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon is: in 1994 met die erepenning vir Kultuurgeskiedenis en in 2004 met die erepenning vir Geskiedenis. Erepennings is huis bedoel om die klem op veelsydige diepte eerder as enkele werke te vestig. Dit is hierdie veelsydigheid wat 'n bespreking van sy werk moeilik maak. Hy kan nie met 'n enkele noemer of twee getipeer word as historikus van die Groot Trek of die Anglo-Boereoorlog nie. Sy toespitsing die laaste tien jaar op die Portugese rol in Suid-Afrika kan 'n navorser maklik mislei om nie die uitgebreide terrein van sy totale werksaamhede ter verrekening te bring

nie. Daarom word in hierdie bydrae op sy totale oeuvre gekonsentreer. Daar word elf terreine van navorsing onderskei, hoewel hierdie terreine nie ewe maklik van mekaar onderskei kan word nie. Sy genealogiese navorsing en sy werk oor die pioniersgeskiedenis en die Anglo-Boereoorlog is moeilik te onderskei van sy belangstelling in die verwantskap tussen Afrikaner pioniers en Portugese baanbrekers. Sy boekpublikasies kom ook in twee duidelike kategorieë voor, die gewone tekste en bronrepublikasie. Sy artikels word ook deur twee groepe gekenmerk, naamlik meer as negentig artikels in tydskrifte en ongeveer vyftien publikasies waarin hy een of dikwels meerdere hoofstukke bygedra het. Hy was dus ook 'n spannavors wat ten beste geïllustreer word deur sy bydraes in *Ad Destinatum III, 1983-1992: 'n geskiedenis van die Universiteit van Pretoria en die unieke onlangse publikasie Sagres & Suiderkruis. Raakpunte tussen Portugal en Suid-Afrika deur vyf eeue.*¹

Hy het verskeie navorsingsbesoeke oorse gebring waarvan talle aan Portugal asook Nederland, België en Mosambiek uitstaan. Die vele nagraadse studente wat onder sy leiding hulle navorsing voltooi het, getuig van die besondere aandag wat detail in sy werk ontvang het. Die talle redaksies waarop hy gedien het en vakverenigings en bewaringsliggame waarby hy betrokke was, het hom deurlopend met die praktiese werklikhede van die navorsingsituasie in aanraking gehou. Dit is te begrype dat hy meermale senior beurse vir navorsing ontvang het.

Afrikaanse kultuurgeskiedenis

Ferreira se werk as museumkundige het hom in noue aanraking met die openbare waarde van geskiedenis vir 'n gemeenskap gebring. Sy talle skrywes oor feeste en monumente het sy spoorslag gevind in die artikels wat hy gelewer het oor die betekenis vir die Afrikaner van 'n waardering van sy eie kultuурgoedere. Hy het onbekende monumente hier plaaslik en in Portugal onder die aandag gebring, die simboliek van monumente soos dié by Bloedrivier en die Voortrekkermonument toegelig en erkenning gegee aan die kultuur van streke soos die Noordwese en die Kouga en aan organisasies soos die Sentrale Volksmonumentekomitee wat vir die oprigting van die Voortrekkermonument verantwoordelik was en die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge. Sy studie oor die ontstaan en oprigting van die Voortrekkermonument verdien vandag nuwe aandag in die lig van die wyse waarop Afrikaners deur hulle eie energie en vermoë hierdie prestasie gelewer het ten spyte van moeilike politieke omstandighede as gevolg van die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog.

Afrikaanse volkskunde

Omdat Ferreira dosent in Afrikaanse kultuurgeskiedenis was, het sy belangstelling in alle vorme van die volkskultuur gestimuleer, van die boukuns tot die volksgebruiken. Hy het die aandag op matjieshuise en die byekorf- en korbeelhuise gevestig, die volksboukuns van streke soos die Langkloof en die Kouga bestudeer en gedokumenteer, die rol van die kookskerms, die dorsvloer en kafhuis en die perdemeul in besonderhede beskryf. Aan die metodologie van die Volkskunde het hy nuwe inhoud gegee en deur sy rol by tydskrifte soos die *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* en die *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 'n belangrike ondersteuning aan navorsers verleen.

¹ Hierdie bydrae is sonder voetnote en biografiese inligting omdat verwysings die teks sou oorheers. Werke waarna verwys word is in die publikasielys en kan daar geraadpleeg word.

Genealogie

Die feit dat die Ferreiras van Portugese herkoms is, was 'n bepalende faktor in sy navorsing. Hy het begin by die begin en in 1997 die geskiedenis van Ignácio Ferreira en sy nasate te boek gestel en dit in 2007 opgevolg met 'n meer intringende en intieme studie van sy eie familiekring aan die hand van sy ouers se onmiddellike familiegeskiedenis. Sy tale artikels oor individuele Ferreiras het belangrike terreine oopgedek soos Ignatius Ferreira wat as Britse bevelvoerder van Fort Frederick in Port Elizabeth opgetree het, "Kwade Martha Ferreira" een van die persoonlikhede in die Swarte Ommegang waaroor vroeër vele bespiegelinge bestaan het, die familie Ferreira in Portugal en Dona Antonia Adelaide Ferreira wat die grondlegger van 'n portwyn geword het.

Afrikaanse kultuurbevorderaars

Vir Ferreira is die enkeling en sy/haar milieu en prestasies van deurslaggewende belang. Daarom handel soveel van sy navorsing oor bepaalde persone wat die gees van hulle tyd en die waarde van die individu as verteenwoordiger van werk en waardes verteenwoordig. Hy het daarom die werk van Afrikaanse persoonlikhede vir wie hy besondere waardering gehad het, in perspektief geplaas. Iemand wie hy persoonlik goed geken het, figureer sterk in sy artikels: Anna Neethling-Pohl gevierre voordragkunstenaar, toneelspeler, rolprentster en dosent in Drama aan die Universiteit van Pretoria. J.H. Pierneef se verbintenis met die stad en Universiteit van Pretoria het hom meermale gelei om die besondere aard van hierdie persoonlikheid en sy werk toe te lig. Sy waardering vir kultuurhistorici onder wie se leiding hy gewerk en gevorm is, blyk uit sy bydraes oor Kotie Roodt-Coetzee, direkteur van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria en Pieter Nel, hoof van die Departement Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

Biografiese werk

Dit is op hierdie terrein dat sy werk oor die Afrikaanse en Portugese pioniersgeskiedenis oorvleuel. Dit was immers sy belangstelling in die Portugese agtergrond van die Ferreiras en sy doktorale proefskeif oor Stephanus Schoeman wat hom in hierdie twee terreine ingelei het. Sy rekonstruksie van die stormagtige Schoeman met so min bronne tot sy beskikking het hom in aanraking gebring met Schoeman se omswerwinge en sy kontak met Portugese reisigers en handelaars. Sy dertien bydraes in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* en sy tale biografiese deelstudies het nuwe inligting na vore gebring. Hier moet veral sy klein studies oor Paul Kruger se verblyf in Mosambiek, sy godsdienssin, die familie-oorlewering oor Paul Kruger se "huweliksaansoek" en sy humorsin vermeld word. Van sy bronnenpublikasies sluit ook hierby aan omdat elkeen 'n kort biografiese skets bevat. Voeg hierby onbekende Portugese wie se werk oor en belangstelling in Suid-Afrika deur hom bekend gestel is: die historikus Ilídio Rocha (1925-2002), die keramiekkunstenaar Avelino Belo (1872-1927) en die Orde van die Tempel, Orde van Christus en hulle rol in die Portugese skeepvaart.

Die Anglo-Boereoorlog

Ferreira se belangrikste bydrae op hierdie terrein is sy studie van die Boeregeïnterneerde in Portugal oor wie daar tot by die verskyning van die boek in 2000 min bekend was. Drie van sy bronnenpublikasies handel ook oor die oorlog.

Hoe belangrik die *alltagsgeschichte* vir hom was, word weerspieël in sy klein studie oor 'n dag in die lewe van 'n Boere krygsgevangene in Bermuda, sy studie oor die plekke in Portugal waar Boere uitgewekenes hulle gevestig het, en oor die rol van die Nederlandse Rooikruis tydens die Anglo-Boereoorlog. Minder bekende figure uit die oorlog soos generaal F.J. Pienaar wat 'n Russiese Protektoraat oor Suid-Afrika bepleit het, weerspieël sy besondere aanvoeling vir die uitsonderlike naas die gewoon menslike verskynsels in die geskiedenis.

Bronnepublikasies

Dit is sy werk as navorser by die RGN se Instituut vir Historiese Studie wat by hom 'n belangstelling in ego-dokumente ontwikkel het. Hy verantwoord hierdie belangstelling in 'n artikel waarin hy die waarde en nut van hierdie soort dokumente ontleed om die aandag op die gewoon menslike en individualistiese aard van historiese gebeure te vestig. Hy stel luitenant-kolonel S.P.E. Trichardt van die ZAR se staatsartillerie aan die woord, gee L.C. Ruijsenaers se ervaring as krygsgevangene weer en publiseer die herinneringe van generaal Ben Bouwer. Later (2002) publiseer hy die verslag van 'n Portugese handelsending van Inhambane se besoek aan Schoemansdal. Historici is al lank besig met die kwessie van die Voortrekkers en die Suid-Afrikaanse Republiek se drang na die see: die begeerte om toegang tot 'n nie-Britsbeheerde hawe te hê. Hulle hoop was gevestig op Delagoabaai en Lourenço Marques (vandag Maputo).

Met hierdie publikasie vestig Ferreira op 'n besondere wyse die aandag op waar hierdie dinge begin het: die eerste amptelike afvaardiging wat die goewerneur van Inhambane na Schoemansdal gestuur het in 1855-1856 met die oog op die ontwikkeling van handelsbande. Die kommissie, bestaande uit 'n militêre offisier, tweede-luitenant António de Sousa Texeira en die priester Joaquim de Santa Rita Montanha, is lank reeds goed bekend aan historici. Ferreira het egter nou die eerste nie-Portugese weergawe van priester Montanha se verslag oor die besoek in Afrikaans gepubliseer.

Die publikasie word in 2008 opgevolg met die verslag van Fernando Da Costa Leal se besoek aan Potchefstroom in 1869-1870 wat aantoon hoe sterk die wedersydse begeerte by die Transvalse pioniers en die Portugese gesag in Mosambiek was om met mekaar kontak te maak.

Die Voortrekkers

Die Ferreira familiegeskiedenis het hom ook by die Voortrekkers uitgebring. En weer het hy die klem laat val op individue en gebeure wat minder bekend was. Die gebeure by Thaba Nchu, die rol van James Archbell as vriend van die Voortrekkers en die onbekende Voortrekker Theodorus Erasmus word toegelig. Schoemansdal as Voortrekker voorpos vorm die skering en inslag van sy belangstelling in hierdie pioniersgeskiedenis. As museumkundige ondersoek hy die waarde van die Voortrekermuseum in Pietermaritzburg en vestig die aandag op die unieke versamelings wat daar gehuisves word.

Transvalse pioniersgeskiedenis

Dit het hom outomatis by die pioniersgeskiedenis noord van die Vaalrivier betrek waar sy reise saam met Portugese en sy bronnepublikasie oor die Anglo-Boereoorlog vervleg geraak het met sy belangstelling in die geskiedenis van Pretoria en die boukuns. Die eerste inhuldiging van Paul Kruger as President van die ZAR, die ontstaan van Eerste Fabrieken by Pretoria en die ontstaans-

geskiedenis van die Transvaalse staatsartillerie toon sy wyere belangstelling in die geskiedenis van die ZAR.

Teoretiese aspekte van die geskiedwetenskap

Kan Kultuurgeskiedenis en ‘gewone’ geskiedenis as twee selfstandige en outonome studiegebiede of dissiplines beskou word? Hierdie omstrede vraag, waaroor historici dikwels met mekaar oorhoops lê, het sy werk as praktiserende historikus en as vakdosent ten nouste geraak. Daarom moes hy dikwels in artikels en referate hieroor rekenskap gee en is dit duidelik dat hy geen voorstander van enige strakte onderskeiding was nie. Hy het die verskillende fokusgebiede erken, die eie aard van die museum, die argief, die dokument en die artefak besef en daarna gestreef om die twee in harmonie met mekaar te hou. Maar deurgaans val die klem op die waarde van hierdie dinge vir die gemeenskap wat per slot van sake ’n kultuurgemeenskap en nie net ’n politieke of ekonomiese gemeenskap is nie. Die narratief is vir hom die sluitsteen tot die begrip – nie die toepassing van bepaalde modelle of teorieë op die gebeure van die verlede nie. Daarom is Ferreira se geskiedskrywing ontdaan van alle grootdoenerigheid en intellektuele vertoon. Hy dra die stempel van Huizinga se klem op die historiese verbeelding en Ranke se waardering vir die verhaal soos dit waarskynlik gebeur het.

Portugees-Afrikaanse Pionier

Die laaste tien jaar getuig daarvan dat Ferreira se grootste bydrae lê in die belangrike ontsluiting van kennis oor die geskiedenis van Portugese verbintenisse met Suid-Afrika in die algemeen en die Afrikaner in die besonder. Die Boeregeïnterneerde in Portugal was maar een van sy temas. Dit begin veel vroeër: by die stranding van die *São João* in 1553 en D’Almeida se tragiese geskiedenis, by die Portugese seevaarders om die Kaap, die Portugese reisigers in Suid-Afrika en dit bereik ’n hoogtepunt met die studie oor vyf eeue van Portugese invloed in en betrekkinge met Suid-Afrika waarvan hy saam met Schalk le Roux as redakteur opgetree het: *Sagres & Suiderkruis*.

Die werk is deeglik nagevors, keurig geskryf en dek ’n ensiklopediese terrein op ’n boeiende en interessante wyse. Die 193 illustrasies wat die teks vergesel, gee daarvan ’n diepte en ’n kulturhistoriese en menslike beeld van ’n tot nog toe grootliks onontginde stuk geskiedenis en kultuur, minstens in Afrikaans. Die verhaal van die wedersydse intermenslike, kulturele en politiek-ekonomiese betrekkinge tussen Suid-Afrika en Portugal word van die vroegste tye tot by die huwelik van Trevor Manuel met ’n Portugese vrou behandel. Nie net Ferreira en Le Roux se eie navorsing nie maar ook dié van nagraadse studente (meesal ongepubliseerde of beperk gepubliseerde proefskrifte), by wie se navorsing hulle kennelik betrokke was, word bekend gestel.

Die jaar 2010 bring nog ’n vergete stuk geskiedenis onder die aandag: die feit dat Nederland gepoog het om Ilha de Moçambique as kolonie in besit te neem. Hierdie werk vestig weer die aandag op die vraag: wat sou gebeur het as die Nederlanders op die eiland hulle verversingspos gestig het en nie aan die Kaap nie?

Met hierdie publikasies voeg Ferreira ’n nuwe rykdom kennis by dit wat tot stilstand gekom het na die werk van Eric Axelson, C.R. Boxer, W.J. de Kock en D.W. Krüger. Daar is geen einde aan die verrassende vrae en moontlikhede wat eerlike en deeglike studie van historiese gebeure oplewer nie. In sy loopbaan het Cobus Ferreira hiertoe ’n onmisbare bydrae gelewer.

The Question of Moerdyk and Freemasonry

Alta Steenkamp

Dear Professor Ferreira,

Re: The Question of Moerdyk and Freemasonry

I hope you are well and that life is being kind to you. I apologise for not sooner responding to the question you posed a while back, but the everyday affairs of academia overtook me and when this happens the investigation of interesting questions are put on hold. I am sure you remember this from the decades you yourself devoted to all matters relating to educating others.

You have challenged me to be more precise on Moerdyk's association with Freemasonry in relation to my research on the similarities between the Voortrekker Monument (1938) and the Völkerschlachtdenkmal (1910) in Leipzig. As you are aware, I've argued that the Masonic qualities of the German monument found its way into the design of the Voortrekker Monument through the liberal and direct borrowing of ideas of the exemplar. The Masonic influence and hence the presence of these elements in the Völkerschlachtdenkmal is widely accepted. It is most strongly expressed in the spatial arrangement and geometry of the design. It is these spatial and geometric characteristics that correspond so clearly with those of the Voortrekker Monument. Moerdyk must either have known this monument himself or must have had it put forward as the precedent to be followed in designing the Voortrekker Monument. In following the arrangements of the precedent he, knowingly or unknowingly, copied its Masonic characteristics.

I want to use this opportunity to address one of the main questions that derive from this observation and the one that you have put to me, namely: "Could Moerdyk have been a Freemason?" It would be good to make clear that this correspondence is not an attempt to answer this question but rather offer some musings on it – something like a strategy for researching it. In this regard I would appreciate any further guidance and/or comment you may wish to offer. This is what I think one would have to consider:

One would have to reflect carefully on Moerdyk's friendship and association with Gordon Leith. Moerdyk met Leith some time in 1908 at the Public Works Department (PWD) of the then Transvaal Colony. As a recent graduate at the Architectural Association (AA) in London, Leith was able to advise Moerdyk on all things related to studying Architecture. They would have spent a few months working together at the PWD but sometime that same year Leith left to join Herbert Baker's office.

In 1910 or 1911 (the sources available differ on it so that one would have to establish the correct date) Leith won the first Rhodes Scholarship. This meant that he spent large portions of 1911 to 1913 in Europe, mainly in Italy and Greece. Moerdyk arrived in London in September 1910 to commence with his own studies in Architecture at the Architectural Association (AA). During the

second half of 1912 Moerdyk travelled to Italy to meet with Leith in Rome and Leith put him in contact with Anton van Wouw who was in Rome at the same time working on the figures for the Vrouemonument. The next year, July 1913, Moerdyk spent two weeks in Paris with Leith. Both returned to South Africa late in 1913: Moerdyk to the PWD in Pretoria and Leith to teach at the School of Mines and Technology in Johannesburg until he enlisted in 1915. More about Leith later.

Then there's Oswald Pirow. Moerdyk met Pirow in London. As fellow South Africans, considered bright and brilliant by the English, they frequently encountered one-another at events in the houses of distinguished families. In this way they socialized often and realized that they shared the same beliefs and ideas – part of which was stirrings of anti-Imperialism. Pirow was in London to study Law at the Inner Temple. Moerdyk's friendship with Pirow was renewed when they met up again in 1914 on Pirow's return to South Africa. The friendship thrived and in 1917 Moerdyk married Oswald's sister, Sylva. The married couple settled in Johannesburg in 1918. In the same year Leith, on the recommendation of Herbert Baker, was appointed as assistant architect on the Imperial War Graves Commission (1918). Moerdyk still worked for the Robinson Deep Gold Mine (he had started working there in 1915) and ran an after-hours practice with Leith. At the same time he had professional associations with Frank Emley, well connected architect to the Randlords, and for a time, Moerdyk's as well as Van Wouw's, landlord.

In 1920 Moerdyk received, with the help of Emley, the Carnegie Bursary in order to research Cape Dutch Architecture. As part of this work he became the first South African to write about Louis Michel Thibault and Herman Schutte – members of the earliest Lodge of Freemasons at the Cape. One could say he 'discovered' them, that he rescued them from obscurity. As part of his photographic documentation of Cape Dutch Architecture, Moerdyk also photographed the Masonic Temples in Cape Town. This in itself might not mean anything.

In later years, after his death, Sylva informed their children that Moerdyk was approached to become a member of the Afrikaner Broederbond (AB) sometime in the 1920s. His daughter Irma opined that it was 'most likely' this event and these people that convinced Moerdyk to relocate to Pretoria. It's not stated whether he actually joined the organization – this could be established as the AB documents that are now lodged in the Voortrekker Monument Archives (although he's not mentioned in *Super Afrikaners*, the sensationalized history of the AB). In any case, it would be very important to show what the AB was like at this time as it was more of an elitist cultural clan at this point and not yet the secretive, clandestine and somewhat militant organisation it later became. Anyway, one of these friends who supposedly persuaded Moerdyk to move to Pretoria was Gustav Preller who became another good personal friend. Preller and Moerdyk shared a fascination with the origins and locations of the lost civilisations of sub-Saharan Africa.

It could be argued that there is a Freemason behind every bush and indeed in the relations above there are some: Herbert Baker was definitely a 'brother' and Moerdyk did have a keen interest in Baker and derived some symbolism from Baker's work. Gordon Leith was definitely a member (for example he designed the Grand Lodge Goldfields, 8 Park Lane, Parktown in 1954), Gustav Preller was a member of the Losie de Broederband from 1899 to 1908 (he was in fact expelled from the Brotherhood) and it is not unlikely that Oswald Pirow might have dabbled in Freemasonry while at the Inner Temple with its Knights Templar heritage (Pirow's New Order Party, like Nazism, condemned Freemasonry but borrowed liberally from its pageantry and symbolism – a point that one would

have to expand on). It could be argued that, had Moerdyk been a Freemason, he would have joined during his time in Johannesburg while under the influence of Emley, a well-known and well connected Freemason. This is a wild speculation that would need to be tested against the member registers of the Johannesburg Lodges. And finally, who knows what went on at a progressive educational institution such as the AA in the early years of the 20th century...

But I fear the strategy above of focusing on characters and influences around Moerdyk will yield no more than speculations. It certainly establishes that he had close contact with a range of individuals with links to esoteric organizations or ideas and maybe this is important in a different way. Perhaps one should rephrase the central question and, rather than asking whether Moerdyk was a Freemason (a futile question), ask *how Moerdyk was a man of his time?* Redirecting the question in this way would offer an opportunity to interrogate the one-dimensional public personality that has been constructed of Moerdyk: namely of a slightly self-righteous, overly conservative, saint-like figure fighting for the Afrikaner cause by way of Architecture. Moerdyk had deep and sincere ‘esoteric’ interests that shaped his ideas on architecture and reflected in his work. These are often either glossed over or treated superficially. His identity has been constructed as tantamount to the ‘model Afrikaner’ and this excludes absolutely the possibility of any interest considered ‘foreign’ to the Volk’s ideology. The possibility of a curiosity in esoteric or arcane knowledge was unacceptable to the emergent Afrikaner ideology but many of Moerdyk’s interests show evidence of such interests.

Well, I’m not sure where this brings me. Am I proposing for the personality to be ‘deconstructed’? That does not sound like a very architectural problem and really not something that I would be interested in pursuing. I’m afraid I’ve come to the end of this letter with no answer to the initial question and less clarity than when I started to write it, but I guess that’s the nature and origin of many a worthwhile enquiry.

Yours,

Alta Steenkamp
University of Cape Town
June 2010

Groot Trek-herinneringsplekke in Suid-Afrika

Jackie Grobler

Die Groot Trek het reeds meer as 'n anderhalfeeu gelede in die Suid-Afrikaanse geskiedenis en meer spesifiek in die geskiedenis van die noordelike Afrikaners plaasgevind. Nogtans bly dit 'n gebeurtenis of tydperk wat relatief vlak in die herinneringe van veral talle Afrikaners lê, en wat steeds gedenk word. Verskeie redes kan vir hierdie verskynsel aangebied word, waarvan die belangrikste twee waarskynlik die jaarlikse herdenking van die Gelofte van 1838 en die bestaan van 'n groot aantal Groot Trek-herinneringsplekke is. Al is daar tans ooglopend veel minder mense as 'n halfeeu of meer gelede by die herdenking van die Gelofte van 1838 betrokke, vind herdenkingsbyeenkomste steeds landswyd plaas en hou dit heugen aan die lewe. Die klem in hierdie ontleding val veral op drie kwessies rakende die herinneringsplekke: die aard en omvang van die Groot Trek-herinneringsplekke, die historiese konteks waarin sekere van die plekke, wat uitdruklik as gedenkplekke bedoel is, opgerig is, en hulle toerisme-waarde en huidige stand.¹

Daar is verkeie vorme waarin die fisiese herinneringsplekke van die Groot Trek manifesteer. Die eerste en vernaamste is monumente en gedenktekens, waarvan daar sowat veertig is. Daarvan is sommige massief in grootte – waarlik monumentaal – waaronder die Voortrekkermonument in Pretoria, die laer van bronswaens by Bloedrivier en die Voortrekkermonument in Winburg. Ander indrukwekkende monumente sluit die granietwa by Bloedrivier, die Karel Landmanmonument naby Alexandria in die Ooskaap en die Retiefmonument by Kwa-Matiwane, vlak buite Mgungundlovu in KwaZulu-Natal in. Die meeste van die Groot Trek-gedenkmonumente bestaan egter uit weinig meer as 'n klipstruktuur waarop 'n gedenkplaat aangebring is. Voorbeeld is die gedenkmonument vir die Van Rensburg-trek naby Elim in Limpopo, die Bybelmonument vlak buite Grahamstad in die Ooskaap en die Sandrivier-konvensiemonument langs die N1-hoofpad noord van Winburg in die Vrystaat.

'n Volgende vorm waarin fisiese herinneringsplekke aan die Groot Trek manifesteer is stand- en borsbeelde waarvan daar minstens twintig, meestal op openbare plekke, staan. Die meeste hiervan is uitbeeldings van bekende Voortrekkerleiers soos Louis Tregardt, Piet Retief en Gert Maritz. Enkele van hierdie beelde verteenwoordig Voortrekkermense in die algemeen, soos die Voortrekkermeisie van die beeldhouer Laurika Postma voor die Oranje Meisieskool in Bloemfontein, die Voortrekkernooitjie van die beeldhouer Jo Roos in Rustenburg in Noordwes en die Voortrekker-hoekwag op die suidoostelike hoek van die Voortrekkermonument in Pretoria. Enkele beelde beeld spesifieke gebeurtenisse tydens die Groot Trek uit, soos die Sarel Cilliers-geloftebeeld voor die NG-moederkerk in Kroonstad in die Vrystaat, die monument van die Kaalvoetvrou op die kruin van die Drakensberg in die Vrystaat – wat Susanna Smit se welbekende konfrontasie met die Britse administrateur Henry Cloete in Pietermaritzburg in 1843 herdenk – en die Versoeningsbeeld in Rustenburg wat die 'vredesooreenkoms' tussen Andries Pretorius en Andries Hendrik Potgieter in 1852 in herinnering roep.

'n Derde tipe fisiese herinneringsplek aan die Groot Trek is gedenkplate, waarvan daar sowat tien bestaan. Hulle herdenk spesifieke persone of spesifieke gebeure en is in die meeste gevalle aangebring op plekke wat met die persoon of gebeurtenis in verband bring kan word. 'n Voorbeeld is die bronsplaat wat Andries Hendrik Potgieter en Gert Bronkhorst se soektog na Hans van Rensburg en sy trekgeselskap in die winter van 1836 herdenk. Hierdie plaat is in die Punda Maria-ruskamp in die noorde van die Nasionale Krugerwildtuin, 'n plek waar Potgieter-hulle heel moontlik tydens hulle destydse soektog, met ander woorde lank voor die totstandkoming van óf die ruskamp óf die wildtuin, een nag oorgeslaap het. 'n Tweede voorbeeld is die 'Aia' Jana-gedenkplaat by die Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg, waar hierdie vrou, wat in diens van die Maré-familie was en tydens die Bloukransgebeure assegaaïwonde opgedoen het, in 1912 'n boom geplant het.

Die vierde tipe herinneringsplek wat hier ter sprake is, is museumuitstellings. Benewens 'n enkele voorwerp hier en daar in 'n museum, soos die A.T. Spies-uitstalling in die Talana-museum in Dundee in KwaZulu-Natal, is daar eintlik net twee museums met omvattende Voortrekkeruitstellings. Die eerste en mees omvangryke is die Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg, wat die oorspronklike Geloftekerk insluit. Daarbenewens is daar verskeie voorwerpe, waaronder Voortrekkerwapentuig en landbou-implemente by dié museum te siene, benewens stand- en borsbeelde van vooraanstaande Voortrekkers soos Piet Retief en Erasmus Smit. Die tweede is 'n museum by die Voortrekkermonument in Pretoria. Dit bevat die Grietjie-kanon, wat na bewering deur die Wenkommando by Bloedrivier gebruik is, ander wapentuig en implemente benewens 'n besondere versameling Nederlandse Statebybels wat aan bekende Voortrekkers behoort het.



Anton van Wouw, Die Groot Trek-reliëfbeeld, buitemuur van die saal van die Hoërskool Voortrekker, Boksburg, Gauteng. (Jackie Grobler, 2008)

Kunswerke wat die Groot Trek as tema het, maak die vyfde kategorie van herinneringsplekke van daardie gebeurtenis uit. Daarvan is daar 'n groot aantal, waarvan enkele op prominente openbare plekke besigtig kan word. Dit sluit die bekende tapijserie, waarop die Voortrekkers se lotgevalle uitgebeeld word, asook Willem Coetzer se grootse skildery wat Louis Tregardt se epiese trek oor die Drakensberg in Mpumalanga uitbeeld, in. Beide word in die Senotaafsaal van die Voortrekkermonument in Pretoria uitgestal. Kunstenaars wat onder die bekendstes in veral die geskiedenis van die Afrikanergemeenskap gereken kan word, soos Anton van Wouw en J.H. Pierneef, het by geleentheid die Groot Trek as onderwerp vir hul skeppings gebruik. Van Wouw se reliëfbeeld van 'n groep trekkende Voortrekkers teen die buitemuur van die saal van die Hoërskool

Voortrekker in Boksburg en Pierneef se skildery van 'n groepie Voortrekkers buite die Geloftekerk in Pietermaritzburg kan as voorbeeld van sodanige werke dien.

Herinneringsplekke sluit vanselfsprekend gedenkterreine, slagvelde en historiese geboue in. In al drie hierdie kategorieë saam is daar meer as dertig herinneringsplekke aan die Groot Trek. Kerkenberg op die kruin van die Drakensberg in die Vrystaat, die Zoeloe-koning Dingane se koninklike vesting Mgungundlovu in KwaZulu-Natal en die Schoemansdal-terrein in Limpopo is goeie voorbeelde van gedenkterreine, al is daar nie by een van hulle veel te siene wat direk met die Groot Trek-gebeure in verband staan nie. Die Vegkop-terrein in die Vrystaat en die Bloedrivier-terrein in KwaZulu-Natal is die uitstaande voorbeelde van slagvelde uit die Groot Trek-tydperk. Die bekendste historiese gebou is ongetwyfeld die Geloftekerk in Pietermaritzburg. Die Ou Fort in Durban, waar daar 'n skaalmodel-uitbeelding van die Voortrekkers se aanval op die Britse besettingsmag in 1842 is, asook die Voortrekkerskool in Lydenburg, Mpumalanga, wat waarskynlik die oudste steeds staande gebou is wat die Voortrekkers noord van die Vaalrivier opgerig het, verdien ook vermelding.

Die negende en laaste kategorie van herinneringsplekke wat hier ontleed word is begraafphase en grafte. Daar is minstens 25 plekke waar Voortrekkers begrawe lê. Daarvan word drie spesifiek as Voortrekkerbegraafphase aangedui, al is nie net Voortrekkers daar begrawe nie, naamlik Pietermaritzburg in KwaZulu-Natal, digby Ohrigstad in Mpumalanga en in Winburg in die Vrystaat. Die Voortrekkmans wat saam met Retief dood is toe die Zoeloes hulle by Mgungundlovu afgemaai het, is digby die monument by Kwa-Matiwane begrawe, terwyl die Voortrekker-slagoffers van die Zoeloe-aanvalle aan die bolope van die Tugelarivier in Februarie 1838, se oorskot in 1895 by die Bloukransmonument herbegrawe is. Die ligging van die grafte van verskeie bekende Voortrekkers is bekend, waaronder Andries Pretorius wat in 1891 in die Ou Begraafplaas in Kerkstraat-wes, Pretoria, herbegrawe is en sy vrou Christina, wie se graf by Bela-Bela (vroeër Warmbad) in Limpopo is.

Die historiese konteks waarbinne sekere van die herinneringsplekke wat spesifiek as gedenkplekke bedoel is, opgerig is, wissel aanmerklik. Die oudste herinneringsplek waar daar fisies iets opgerig is, is waarskynlik die Bloedrivier-slagveld, waar daar tydens 'n byeenkoms op 16 Desember 1867 'n klipstapel, ongeveer waar die middelpunt van die Wenkommando se laer was, gepak is. Tydens 'n volgende byeenkoms by Bloedrivier in 1888 is besluit om 'n monument op die slagveld op te rig, maar nog vyftig jaar het verloop voor die verwesenliking van daardie ideaal. Intussen is daar voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 wel 'n monument by Bloukrans opgerig, asook een nabij Belfast in die huidige Mpumalanga om die Geloofte van 1838 te gedenk. Die grootste stimulus vir die oprigting van Groot Trek-gedenkplekke was ongetwyfeld die Voortrekker-eufees van 1938. Benewens letterlik honderde monumente oor die lengte en breedte van Suid-Afrika om die simboliese ossewatrek te gedenk – maar wat vir die doeleindes van hierdie opstel nie as Groot Trek-herinneringsplekke beskou word nie – is daar op talle plekke monumente opgerig om spesifieke Voortrekkers of spesifieke gebeure tydens die Trek te gedenk. Voorbeelde is die Granietwa by Bloedrivier, die Retiefmonument vlak buite Port Elizabeth (wat ondertussen na 'n terrein binne die stad verskuif is) en die Maritzmonument by Saailaer net buite Estcourt in KwaZulu-Natal. Tussen 1938 en ongeveer 1980 is nog verskeie Groot Trek-gedenkplekke daargestel, waarskynlik omrede die Groot Trek so 'n geredelike bron was waaruit inspirasie vir die uitbouing van Afrikanernasionalisme geput kon word. Voorbeelde is die Voortrekkermonument by Winburg wat in 1968 voltooi is en die beeld van die Kaalvoetvrou wat op inisiatief van die Vrystaatse Voortrekkerbeweging geskep en in 1977 onthul is.

Die toerisme-waarde van die Groot Trek-herinneringsplekke wissel aansienlik. Die oorgrote meerderheid van die meer as 120 plekke wat hier ter sprake is, het skynbaar geen, of bloedweinig, toerismewaarde en word bitter selde deur toeriste besoek. Die meeste word nie in toeristegidse of op internetbladsye vermeld nie en hulle ligging word letterlik nêrens aangetoon nie. Soms is daar wel verrassende aanduidings, soos die groot padwyser op die R74 tussen Kranskop en Greytown in KwaZulu-Natal na die grafte van Sarie Maré en ‘Aia’ Jana. Dit het die skrywer hiervan nogtans ongeveer een uur van rondry geneem, op haas onbegaanbare plantasiepaadjies waar voertuie lank laas beweeg het, voor hy uiteindelik die grafte gevind het. Die ligging van die meeste grafte, soos dié van kommandant Pieter Daniël Jacobs van Wenkommando-faam in die Voortrekkerbegraafplaas naby Goeiehoek-stasie in suidelike Gauteng, word nêrens aangedui nie en die toeris is van persoonlik mededelings afhanklik. Dieselfde geld vir ’n groot aantal ander Groot Trek-herinneringsplekke.



Die grafte van ‘Aia’ Jana (†1924) en Sarie Maré (Sarah Johanna Adriana Kok, †1875) in die familiekerkhof op die plaas Umvotipoort in die Greytown distrik.
Christina Pretorius se graf in die Ou Begraafplaas, Bela-Bela (voorheen Warmbad), Limpopo. (Jackie Grobler, 2008)

Aan die positiewe kant van die skaal tel enkele van die Groot Trek-herinneringsplekke onder die mees gesogte toerismebestemmings in Suid-Afrika. Die uitstaande voorbeeld is die Voortrekkermonument in Pretoria. Ander plekke wat meer as net ’n handjievol besoekers ontvang, en waaroer daar gewoonlik inligting op die meer bekende toerisme-webwerwe verskyn, is die Bloedrivier-slagveldterrein, die Voortrekermuseum, Mgungundlovu en die nabyleë Kwa-Matiwane in KwaZulu-Natal, die Kerkenberg-terrein en die nabyleë standbeeld van die Kaalvoetvrou asook die Vegkopterrein in die Vrystaat en die Groot Trek-gedenkmonumentjes en gedenkplate in die Nasionale Krugerpildtuin – al is dit moontlik net omdat hulle prominent op die kaart van die Wildtuin aangedui word – soos die graf van Willem Pretorius wat, as een van die lede van Carolus Trechardt se ekspedisie wat in 1845 ’n roete na Delagoabaai gesoek het, naby die huidige Pretoriuskop-ruskamp gesterf het en begrawe is.

Die huidige stand van die Groot Trek-herinneringsplekke in Suid-Afrika is nie

rooskleurig nie. Talle monumente is in 'n verwaarloosde of selfs gevandaliseerde toestand. In enkele gevalle het 'n monument bloot verdwyn, soos die Traktaatmonument in Mgungundlovu. In ander gevalle is die brons gedenkplate by monumente gesteel. Voorbeeld is die Egabeni-gedenkteken naby Sesobe in Noordwes en die Trichardt-monument direk noord van Polokwane in Limpopo. Die bekende Voortrekkermuseum by die Voortrekkermonument vlakby Winburg in die Vrystaat, waar onder meer die Statebybel van Sarel Cilliers uitgestal was, het as gevolg van wanbestuur opgehou funksioneer en die museumstukke het verstrooid geraak. Talle Voortrekkergrafe word met vernietiging en verdwyning bedreig, waaronder die totale Voortrekkerbegraafplaas in Pietermaritzburg, waarin sommige grafstene reeds vernietig is deur bome wat daarop gevallen het. Grafskenders het onlangs die graf van die Voortrekker Paul Maré, wat in 1838 gesterf het, by Liebenbergsvlei in die Vrystaat ernstig beskadig.

Aan die ander kant is daar talle Groot Trek-herinneringsplekke wat in 'n goeie toestand is en waarvan die voortbestaan op die oog af nie bedreig word nie. Voorbeeld is die Voortrekkermonument in Pretoria en die voorwerpe op die erfenis terrein daaromheen, die Bloeddrivierterrein, die Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg, die Vegkopterrein en Kerkenberg in die Vrystaat, die Retiefmonument en Karel Landman-monument in die Ooskaap en standbeelde soos die Andries Pretorius-ruiterbeeld in Pretoria. Sommige gedenktekens moes wel reeds verskuif word of staan op die punt om te skuif, soos die Pretorius-monument vlak noord van Graaff-Reinet wat deur 'n groeiende plakkarskamp bedreig en op 'n 'veilige' plek binne-in daardie dorp heropgerig gaan word.

Ten slotte: dit blyk dat daar 'n groot aantal plekke van herinnering aan die Groot Trek in Suid-Afrika bestaan en dat hulle 'n ryke verskeidenheid vorm aanneem. Die Groot Trek is inderdaad die eerste gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat werklik die verbeelding van 'n Suid-Afrikaanse gemeenskap aangegryp het en waaroor daar op groot skaal gedenktekens opgerig is. Weinig van hier herinneringsplekke is egter vandag aan meer as 'n handjievolumense bekend en net enkeles het enige toerismewaarde, en wel om verskeie redes soos aangestip is. Monumente, gedenkplekke en herinneringsplekke het eenvoudig, soos alle fisiese strukture, net 'n beperkte leeftyd: hulle ontstaan, sommige word wyd bekend, maar uiteindelik raak hulle in die vergetelheid, kwyn en is dit hulle lot om mettertyd te verdwyn.

Verwysings

¹ Hierdie opstel is gegrond op besoeke in die afgelope vier jaar aan die herinneringsplekke wat hierin ter sprake kom. Dit is sonder voetnote en biografiese inligting omdat verwysings die teks sou oorheers. Dié inligting kom in die Register voor.

Buitelandse belangstelling in en nagraadse studies oor die Anglo-Boereoorlog

André Wessels

Die Anglo-Boereoorlog, wat vanaf Woensdag 11 Oktober 1899 tot Saterdag 31 Mei 1902 geduur het, is die mees omvangryke, vernietigende en traumatische militêre stryd wat tot toe in suidelike Afrika gewoed het. Die feit dat twee klein Boererepublieke, die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR-Transvaal) en die Oranje-Vrijstaat (OVS), vir twee en 'n half jaar lank militêr kon staande bly teen die magtige Britse Ryk van destyds, het die verbeelding van miljoene mense regoor die wêreld aangegegryp. Tot ongeveer September 1900 was die oorlog grootliks konvensioneel of semi-konvensioneel van aard, en hierdie periode is volledig deur verskeie buitelandse joernaliste gedek. Teen die einde van 1900 het die stryd egter reeds volledig van karakter verander en die guerrilla-optrede van die Boere en teenguerrilla-aksies van die Britse magte sou tot aan die einde van die oorlog voortduur.¹

In hierdie studie word kortliks gelet op watter buitelanders almal aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem het, en dan word aangetoon watter nagraadse studies met verloop van tyd in die buiteland oor die oorlog voltooi is, met spesiale verwysing na die periode 1908 tot 2008. Hoewel die klem val op buitelandse belangstelling in die stryd en op buitelandse nagraadse studies wat oor die stryd voltooi is, word daar waar nodig ook na nagraadse studies wat in Suid-Afrika voltooi is, verwys. Deurgaans word heelwat statistiek verskaf. Ruimtebeperkings laat slegs toe dat enkele voorbeelde van tesisse volledig vermeld word.

Gegewe die groot belangstelling wat die oorlog aan die suidpunt van Afrika wêreldwyd ontlok het, is dit geen wonder nie dat die eerste publikasies oor die Anglo-Boereoorlog reeds die lig gesien terwyl die stryd nog aan die gang was, byvoorbeeld L. Penning, *De oorlog in Zuid-Afrika: de strijd tusschen Engeland en de verbonden Boeren-republieken Transvaal en Oranje-Vrijstaat, in zijn verloop geschetst*, Vols. 1-3 (Rotterdam: D.A. Daamen, 1899-1901), A.C. Doyle, *The great Boer War* (eerste uitgawe, London: George Bell & Sons, 1900) en R. Danes, *Cassell's history of the Boer War 1899-1901* (eerste uitgawe, London: Cassell, 1901). Sedertdien het in totaal ongeveer 2 700 boeke oor die geskiedenis van die oorlog verskyn, asook etlike duisende artikels in koerante en in sowel populêre as wetenskaplike tydskrifte. Ernstige akademiese belangstelling in die oorlog het ook nie uitgebly nie.

Die eerste nagraadse studie wat uitsluitlik oor die Anglo-Boereoorlog gehandel het, was dié van R.G. Campbell, *Neutral rights and obligations in the Anglo-Boer War* (PhD, John Hopkins-universiteit, 1908). Interessant genoeg is dit nie in Brittanje of in Suid-Afrika voltooi nie, maar wel in die Verenigde State van Amerika (VSA). Sedertdien is daar in die loop van 'n eeu (dit wil sê vanaf 1908 tot 2008) 'n totaal van 139 Magisterstudies (M-studies) en 84 doktorale studies (D-studies) voltooi wat uitsluitlik (of feitlik uitsluitlik) oor die oorlog handel en dus as volwaardige Anglo-Boereoorlog-studies beskou kan word. Verder het ook nog 125 ander M- en 212 ander D-studies verskyn wat deels oor die oorlog

handel. In die jare 1908 tot 2008 is dus in totaal 560 tesisse oor die Anglo-Boereoorlog voltooi, waarvan 223 volwaardige Anglo-Boereoorlog-studies is. Hierdie 560 Anglo-Boereoorlog-tesisse is aan 158 universiteite in sewentien lande afgehandel.

Ongeveer 400 000 buitelanders (“uitlanders” in die wydste sin van die woord) het tydens die Anglo-Boereoorlog in wat vandag Suid-Afrika is, geveg. ’n Totaal van 448 725 (insluitende plaaslike vrywilligers) Britse soldate,² van wie 365 693 waarlik imperiale troepe was³ (met ander woorde wat vanaf Brittanje of basisse in Indië na Suid-Afrika gestuur is), het in die een of ander stadium van die oorlog in Suid-Afrika diens gedoen. Die ander Britse troepe is plaaslik in Suid-Afrika gemobiliseer of was van Kanada, Australië of Nieu-Seeland afkomstig (later meer oor hulle). ’n Mens kon dus verwag dat nagraadse studente aan Britse universiteite met verloop van tyd oor die Anglo-Boereoorlog sou navorsing doen, maar interessant genoeg is die eerste volwaardige Britse studie oor die oorlog eers in 1941 voltooi (R. Hughes, *The effects of the Boer War on British diplomatic relations*. MA, Universiteit van Wallis, Cardiff), en van die 223 volwaardige Anglo-Boereoorlog-tesisse wat vanaf 1908 tot 2008 voltooi is, is slegs die derde meeste (sestien) aan Britse universiteite voltooi, naas 113 in Suid-Afrika en 49 in die VSA (later meer oor hulle). Voorbeeld van tesisse wat aan Britse universiteite voltooi is, sluit in die van H. Dampier, *Women's testimonies of the concentration camps of the South African War: 1899-1902 and after* (PhD, Universiteit van Newcastle upon Tyne, 2005), B.F. Gasser, *A study of the response of English poets to the South African War of 1899-1902* (DPhil, Universiteit van Oxford, 1979) en die Suid-Afrikaner W.R. Nasson, *Black society in the Cape Colony and the South African War of 1899-1902: a social history* (PhD, Universiteit van Cambridge, 1983 – in 1991 gepubliseer as *Abraham Esau's war: a black South African in the Cape*. Cambridge: Cambridge University Press).

Ten tyde van die Anglo-Boereoorlog was die hele Ierland nog deel van die Britse Ryk, en ten minste 30 000 Iere het in die Britse Leër in Suid-Afrika diens gedoen.⁴ Die Britse bevelvoerder, lord Roberts (1832-1914), was van Anglo-Ierse afkoms, en sy opvolger, lord Kitchener (1850-1916), is in Ierland gebore. Interessant genoeg het ten minste 194 Iere (sommige afkomstig van die VSA) aan Boerekant kom veg, van wie vyftien dood is.⁵ Sover vasgestel kon word, is net een tesis wat oor die Anglo-Boereoorlog handel tot nog toe in die Republiek van Ierland voltooi, naamlik M.E. Collins se MA-verhandeling, *Irish public opinion and the Boer War* (Universiteitskollege, Dublin, 1962).

Ten minste 7 368 Kanadese het tydens die oorlog in Suid-Afrika diens gedoen.⁶ Tot dusver is 23 M- en nege D-studies oor die oorlog in Kanada voltooi, insluitende 11 M-studies en een D-studie wat uitsluitlik oor die oorlog handel – almal in Engels, want geen Kanadese Franstalige tesis oor die oorlog kon opgespoor word nie. Die titels sluit in dié van S.J. Bannerman, *Manliness and the English soldier in the Anglo-Boer War, 1899-1902: the more things change, the more they stay the same*. (MA, Universiteit van Lethbridge, Alberta, 2005), G.L. Heath, *A war with a silver lining: Canadian Protestant churches and the South African War, 1899-1902* (PhD, Universiteit van Toronto, 2004) en H.J. Robertson, *The Royal Canadian Dragoons and the Anglo-Boer War, 1900* (MA, Universiteit van Ottawa, 1983).

Sommige van die 17 252 Australiërs wat na Suid-Afrika is om aan Britse kant diens te doen, het eers ná die vredesluiting voet aan wal gesit. Australiërs het ’n belangrike bydrae tot die Britse oorlogspoging gelewer, hoewel mense soos “Breaker” Morant (1865-1902) se misdade, verhoor en teregstelling tot groot omstredenheid aanleiding gegee het.⁷ Vreemd genoeg is skynbaar nog net twee M-studies (maar geen D-studies nie) wat uitsluitlik oor die oorlog handel aan

Australiese universiteite voltooi, naamlik W.M. Chamberlain se *Victoria at war, 1899-1902: aspects of the colonial involvement in the South African War* (Universiteit van Melbourne, 1977) en L.M. Field se *The forgotten war: Australian involvement in the South African conflict of 1899-1902* (Australiese Nasionale Universiteit, Canberra, 1973). Laasgenoemde is in 1995 gepubliseer as *The forgotten war: Australia and the Boer War* (Carlton: Melbourne University Press). Hoewel Nieu-Seeland se betrokkenheid by die oorlog meer beperk was (6 507 vrywilligers),⁸ is sewe M-studies (maar geen D-studies nie) oor die oorlog in Suid-Afrika aan Nieu-Seelandse universiteite voltooi, insluitende J.T. Burns se “*New Zealanders” at war: the mythology of the New Zealand soldier and the beliefs of the New Zealand soldiers of the South African War, 1899-1902* (Victoria-universiteit, Wellington, 1996) en B.R. Scott, *Public attitudes in Otago-Southland to the Boer War* (Universiteit van Otago, Dunedin, 1968).

Afgesien van die Amerikaanse Iere waarna reeds verwys is, het 64 ander Amerikaners hul ook as vrywilligers by die Boeremagte aangesluit.⁹ Soos reeds aangedui, het R.G. Campbell die eerste volwaardige Anglo-Boereoorlog-tesis in 1908 voltooi en sedertdien is, benewens in Suid-Afrika, die grootste aantal tesisse oor die oorlog in die VSA voltooi, naamlik 63 M- en 74 D-studies (aan 73 universiteite), insluitende 49 wat uitsluitlik oor die oorlog handel. Dit sluit die studies in van J.W. Auld, *The pro-Boer liberals in Britain during the Boer War, 1899-1902* (PhD, Stanford-universiteit, 1970), P.J. Eisloeffel, *The Boer War concentration camps: policy in South Africa and response in England* (MA, San Diego Staatsuniversiteit, 1983), W.R. Graham, *Partisan warfare in South Africa: Christiaan de Wet in the Orange Free State, 1900-1902* (MA, Universiteit van Oklahoma, Norman, 1964) en J.S. Mohlamme, *Black people in the Boer republics during and in the aftermath of the South African War of 1899-1902* (PhD, Universiteit van Wisconsin, Madison, 1985). Laasgenoemde persoon is 'n Suid-Afrikaner wat in die VSA studeer het.

In die lig van die feit dat die meeste Afrikaanssprekende Transvaalse en Vrystaatse burgers van Nederlandse, Duitse en/of Franse voorouers afgestam het, is dit te verstan dat die Anglo-Boereoorlog groot belangstelling in Europa ontlok het. Ten tyde van die uitbreek van die oorlog was 'n groot aantal Nederlanders in die ZAR woonagtig en uiteindelik het in totaal 687 Nederlandssprekendes, insluitende ten minste vyftien Belge, aan Boerekant geveg.¹⁰ Nogtans is tot dusver slegs vyf Anglo-Boereoorlog-tesisse aan Nederlandse universiteite voltooi (insluitende drie deur Suid-Afrikaners wat daar studeer het), en slegs een van hulle handel uitsluitlik oor die oorlog, naamlik die studie van die Suid-Afrikaner W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer* (DLitt, Rijksuniversiteit, Leiden, 1978). Dit is in 2003 onder dieselfde titel gepubliseer (Pretoria: Protea Boekhuis).

'n Totaal van 274 Franse het hul as vrywilligers by die Boere aangesluit, insluitende kleurvolle karakters soos Henri de Villebois-Mareuil (1847-1900) en Robert de Kersauson de Pennendreff (1879-1971).¹¹ Ten minste sewe tesisse oor die oorlog is reeds aan Franse universiteite voltooi, insluitende twee wat uitsluitlik oor die stryd handel, byvoorbeeld dié van J-G Pelletier, *L'opinion française et la guerre des Boers (1899-1902)* (PhD, Universiteit van Parys 10, 1972). In Duitsland was daar ook groot openbare belangstelling in die oorlog en nie minder nie as 884 Duitsers het aan Boerekant geveg (meer as vanuit enige ander oorsese land), insluitende graaf Heinrich Eugen von Zeppelin (1870-1899).¹² Agtien tesisse oor die oorlog is tot dusver aan Duitse universiteite voltooi, insluitende vyf wat uitsluitlik oor die stryd handel, waaronder S. Bender se *Der Burenkrieg und die deutschsprachige Presse: Wahrnehmung und Deutung zwischen Bureneuphorie und Anglophobie, 1899-1902* (DPhil, Universiteit van Tübingen, 2008). Hoewel slegs 28

Oostenrykers en ses Hongare aan die kant van die Boere geveg het,¹³ was daar heelwat belangstelling in die destydse Oostenryk-Hongaarse Ryk ten opsigte van die oorlog in Suid-Afrika, en tot dusver is ten minste vyf tesisse wat uitsluitlik oor die oorlog handel in Oostenryk voltooi, almal aan die Universiteit van Wenecja, insluitende E.A. Schmidl se *Österreicher im Burenkrieg, 1899-1902* (PhD, 1980).

Van die 55 Russe wat aan Boerekant geveg het, was sommige van Poolse afkoms, want Pole was destyds deel van Rusland. Verder was daar onder die 42 Jode wat aan Boerekant diens gedoen het, ook 'n aantal van Russiese afkoms.¹⁴ Drie Russiese tesisse wat uitsluitlik oor die oorlog handel, is geïdentifiseer, insluitende A.J. Vitukhnovsky se *Rossia i anglo-burskaia voyna* (Rusland en die Anglo-Boereoorlog; PhD, Leningrad Staatsuniversiteit, 1949). Na alle waarskynlikheid is talle ander vernietig tydens die Rooi Revolusie en die "suiwersveldtoge" wat gedurende die kommunistiese tydvak plaasgevind het. Twee M-tesisse wat uitsluitlik oor die oorlog handel, is aan Poolse universiteite voltooi, insluitende die werk van P. Szlanta, *Niemcy wobec wojny burskiej, 1899-1902* (Duitsland en die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902; Warskou-universiteit, 1996).

Die Anglo-Boereoorlog het tot in die Skandinawiese lande weerklank gevind en 109 vrywilligers van Swede, 31 van Noorweë, 39 van Denemarke en 25 van Finland het aan Boerekant geveg.¹⁵ In Swede is een D voltooi wat gedeeltelik oor die oorlog handel, terwyl A.G. Carlsson in 1978 'n M aan die Universiteit van Trondheim in Noorweë voltooi het wat oor Noorweegse reaksies op die oorlog handel. Geen Deense of Finse tesisse oor die oorlog kon opgespoor word nie. Sover vasgestel kon word, is net een tesis wat uitsluitlik oor die oorlog handel in Switserland voltooi, naamlik E. Funke se *Die Diskussion über den Burenkrieg in Politik und Presse der deutschen Schweiz* (PhD, Universiteit van Zürich, 1964).

Talle ander persone van verskeie lande het ook hul lot by die van die Boere ingewerp: 119 Italianers, twee Bulgare, twee Engelse, drie Skotte, veertien Grieke, een Spanjaard, een Bosniër, een Brasiliaan, een Chileen en een Arabier (afkomstig van Algerië).¹⁶ (In totaal het dus ten minste 2 616 buitelandse vrywilligers aan Boerekant geveg, van wie 138 gesterf het.) Sover vasgestel kon word, is geen tesisse oor die oorlog in Italië, Bulgarije, Griekeland, Spanje, Bosnië, Brasilië, Chili, of in enige ander Suid-Amerikaanse, Oosterse, of Afrikaland (behalwe natuurlik in Suid-Afrika) voltooi nie.

Aangesien Cobus Ferreira jare lank intensieve navorsing oor die geskiedenis van Portugal (met verwysing na verhoudinge met suidelike Afrika) gedoen het,¹⁷ word ten slotte vir 'n wyle by dié land se rol ten opsigte van die Anglo-Boereoorlog stilgestaan. Teen die einde van die negentiende eeu was Portugal polities sowel as ekonomies 'n swak land. Soos Brittanje, het Portugal talle kolonies in Afrika besit, en daar was noue diplomatieke betrekkinge tussen dié twee koloniale moondhede. Dus sou die Portugese kolonie Mosambiek, wat aan die ZAR gegrens het, nie as afspringplek vir buitelandse hulp aan die Boererepublieke gebruik kon word nie, en toe die Boere, wat voor die Britse opmars langs die Delagoabaai-spoorlyn ooswaarts gevlug het, die grens na Mosambiek oorgesteek het, is hulle geïnterneer – meesal in Portugal. Die Portugese regering wou niks doen wat die Britte kon antagoniseer nie, en blykbaar het slegs sewe Portugese as vrywilligers aan Boerekant geveg: Antonio Rita, Domingos de Souza (as krygsgevangene op 12 September 1902 te St Helena oorlede), Manuel Nabaçal, J.D. Oliviera, José Percheiro, Antonio Pezertis en A. Silvo Porto.¹⁸ Tot dusver is drie tesisse (wat almal eksklusief oor die oorlog handel), in Portugal voltooi – al drie aan die Nova de Lisboa-universiteit: F.C. das D. Costa, *Portugal e a Guerra Anglo-Bóer: política externa e opinião pública, 1899-1902* (Portugal en die Anglo-Boereoorlog: buitelandse politiek en die openbare mening, 1899-1902; MA, 1998); H. da C. Esteves, *A África do Sul: da Guerra Anglo-*

Bóer aos nossas dias (Suid-Afrika: die Anglo-Boereoorlog in ons tyd; MA, 1996); en G. da F. Statter, *A África do Sul e o sistema-mundo: da Guerra dos Bóeres à globalização* (Suid-Afrika en die wêreldorde: die Boereoorlog en globalisering; PhD, 2004).

Die 560 tesisse wat in die jare 1908 tot 2008 oor die Anglo-Boereoorlog voltooi is, insluitende die 223 wat eksklusief oor dié konflik handel, betrek 'n verskeidenheid temas: die direkte en indirekte oorsake van die oorlog; die konvensionele en guerrilla-fases van die stryd, vredespogings- en onderhandelinge; die gevolge van die oorlog; die oorlog en Britse politiek; anti-oorlog optrede; krygsgevangenes, hendsoppers en joiners; burgerlikes, swart en bruin mense; mediese aspekte; kerke en godsdienst; ekonomiese aspekte; onderwys; die media; letterkunde; stads- en streekgeskiedenis; die Kaapkolonie; die oorlog en die buiteland; persoonlikhede; en vele ander temas.

Van tyd tot tyd verskyn daar steeds publikasies oor die Anglo-Boereoorlog, waarvan een van die heel belangrikste jongste publikasies die omvangryke boek van F. Pretorius, *Historical dictionary of the Anglo-Boer War* (Lanham: The Scarecrow Press, 2009) is. Nagraadse belangstelling in die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog duur ook voort, en twee van die jongste studies wat daaroor voltooi is, is dié van J.G. Boje, *Winburg's war: an appraisal of the Anglo-Boer War of 1899-1902 as it was experienced by the people of a Free State district* (DPhil, Universiteit van Pretoria, 2009) en A.C. van Vollenhoven, *Die Britse vrywilligerseenheid Steinaecker's Horse in die Anglo-Boereoorlog (1899-1902): 'n kultuurhistoriese studie* (DPhil, Universiteit van Stellenbosch, 2010). Daar is egter nog talle ander temas wat nagevors kan word.

Verwysings

- ¹ Vir algemene bronne oor die oorlog, kyk bv. Breytenbach, J.H. 1969-1996. *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, 6 Vols. Pretoria: Die Staatsdrukker; Amery, L.S. (Ed.). 1900-1909. *The Times history of the war in South Africa 1899-1902*, 7 Vols. London: Sampson Low, Marston and Company, Ltd; Maurice, J.F. (Ed.) & Grant, M.H. 1906-1910. *History of the war in South Africa 1899-1902*, 4 Vols. London: Hurst & Blackett; Pakenham, T. 1979. *The Boer War*. London: Weidenfeld & Nicolson; Nasson, B. 1999. *The South African War 1899-1902*. London: Arnold; Warwick, P. (Ed.). 1980. *The South African War: the Anglo-Boer War 1899-1902*. Harlow: Longman.
- ² *Report of His Majesty's commissioners appointed to inquire into the military preparations and other matters connected to the war in South Africa* (Cd. 1789). 1903. London: His Majesty's Stationery Office, pp. 34-35.
- ³ Pakenham, T. *The Boer War*, p. 572.
- ⁴ Jeffery, K. The Irish soldier in the Boer War, in Gooch, J. (Ed.). 2000. *The Boer War: direction, experience and image*. Londen: Frank Cass, p. 142.
- ⁵ Wessels, A. (Ed.) & McCracken, J.L. 1978. Irish nationalists and South Africa, 1877-1902. *Christiaan de Wet-annale*, 5, pp. 157-182; Wessels, E. 2001. *They fought on foreign soil*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum, pp. 74-76, 161-168.
- ⁶ Kyk bv. Miller, C. 1993. *Painting the map red: Canada and the South African War, 1899-1902*. Montreal & Kingston: Canadian War Museum & McGill-Queen's University Press, *passim*.
- ⁷ Kyk bv. Wilcox, C. 2002. *Australia's Boer War: the war in South Africa 1899-1902*. Melbourne: Oxford University Press, *passim*; Davey, A. (Ed.). 1987. *Breaker Morant and the Bushveldt Carbineers*. Cape Town: Van Riebeeck Society; Witton, G.R. 1907. *Scapegoats of the Empire: the story of the Bushveldt Carbineers*. Melbourne: Paterson.
- ⁸ Kyk bv. Crawford, J. & McGibbon, I. (Eds.). 2003. *One flag, one queen, one tongue: New Zealand, the British Empire and the South African War 1899-1902*. Auckland: Auckland University Press, *passim*.
- ⁹ Wessels, E. *They fought on foreign soil*, pp. 168-171; Changuion, L. 2001. *Uncle Sam, Oom Paul en John Bull: Amerika en die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Pretoria: Protea Boekhuis, *passim*.
- ¹⁰ Wessels, E. *They fought on foreign soil*, pp. 72-74, 91-92, 133-160.
- ¹¹ Wessels, E. *They fought on foreign soil*, pp. 78-80, 180-191; De Villebois-Mareuil, H. 2000.

- Oorlogsdagboek van veggeneraal De Villebois-Mareuil.* Pretoria: Protea Boekhuis, *passim*; De Kersauson de Pennendreff, R. [s.a.] *Ek en die Vierkleur*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel, *passim*.
- ¹² Wessels, E. *They fought on foreign soil*, pp. 69-72, 96-131.
- ¹³ Wessels, E. *They fought on foreign soil*, pp. 85, 131-133.
- ¹⁴ Davidson, A. & Filatova, I. 1998. *The Russians and the Anglo-Boer War 1899-1902*. Cape Town: Human & Rousseau, *passim*; Wessels, E. *They fought on foreign soil*, pp. 198-200.
- ¹⁵ Wessels, E. *They fought on foreign soil*, pp. 76-78, 171-180; De Jong, C. 1984. *Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*. Amsterdam: Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging, *passim*.
- ¹⁶ Wessels, E. *They fought on foreign soil*, pp. 80-81, 191-196, 198, 201-203; inligting verskaf deur E. Wessels, 15.5.2009.
- ¹⁷ Kyk bv. Ferreira, O.J.O. 2000. *Viva os Boers! Boeregeinterneerde in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*. Pretoria: Protea Boekhuis; Ferreira, O.J.O. 2002. *Montanha in Zoutpansberg: 'n Portugese handelsending van Inhambane se besoek aan Schoemansdal, 1855-1856*. Pretoria: Protea Boekhuis; Ferreira, O.J.O & Le Roux, S.W. 2009. *Sagres & Suiderkruis: raakpunte tussen Portugal en Suid-Afrika deur vyf eeue*. Gordonsbaai: Adamastor.
- ¹⁸ Wessels, E. *They fought on foreign soil*, pp. 202-203.

Die Oorlogsmuseum is 80 jaar jonk!

Elria Wessels

Die Volksblad het op 26 Oktober 1929 berig dat die Nasionale Vrouemonument-kommissie onderhandel het met die boumeesters wat verantwoordelik was vir die ontwerp van die Vrouemonument, vir die oprigting van 'n museum by dié monument. Die museum sou dien as bergplek vir voorwerpe uit die Anglo-Boereoorlog. Die nuwe museum sou ook oor 'n leeskamer beskik. Die Kommissie het in hierdie stadium nog nie presies geweet waar hulle die museum wou plaas nie, alhoewel daar volgens die berig met sekerheid aangeneem kon word dat die gebou teen die helling van die koppie ten weste van die pad wat na die Monument lei, gebou sou word.¹

Op 23 Desember 1929 was die oprigting van die Museum 'n voldonge feit. Die Boukommissie van die Nasionale Vrouemonument-kommissie, bestaande uit dominee J.D. Kestell (1854-1941), senator W.J.C. Brebner (1866-1945), menere Gordon Fraser en H.J. Otto het op 21 Desember 1929 die besluit om die gebou teen die helling van die koppie ten weste van die pad te bou, aanvaar.² Op 10 Januarie verklaar *Die Volksblad*: "As Afrikanervolk voel ons baie trots dat ons weer 'n nuwe mylpaal in ons volksgeschiedenis behaal het, Daardie ou stukkie grond kan waarlik genoem word die heiligdom van die Afrikanervolk."³


Die ontwerp van die gebou is aan die argitek Frans Soff (1867-1936) van Pretoria toevertrou. Aangesien die Vrouemonument ook deur hom ontwerp is, sou dit verseker dat die boustyl van die Museum by dié van die Monument sou aanpas.⁴ Toe die planne gereed was, is daar in die pers tenders vir die uitvoering van die werk aangevra. Die laagste tender, die van W. W Peffers, 'n bekende bouaannemer van Bloemfontein, is deur die Kommissie aangeneem. Peffers was van voorneme om sonder versuim teen die begin van Januarie 1930 met die bouwerk te begin en die gebou nog voor 19 Julie 1930 te voltooi.⁵ Die gebou sou met inbegrip van kontrakfooie, argiteksfooie en ekstras, net meer as R10 000 kos.⁶ Daar was tog groot ontevredenheid onder sommige Afrikaners omdat dit weer 'n "uitlander" was wat as boumeester sou dien.

Dat die gebou 'n pronkstuk sou wees, is nie betwyfel nie. Net die gebou alleen sou ongeveer R8 000 kos en omrent 92 meter ten noorde van die monument opgerig word. Die gebou sou oos front met 'n lieflike uitsig (vanaf 'n groot stoep aan die voorkant) oor die stad en die uitgestrekte vlaktes van die Vrystaat. Aan die suidekant sou 'n kleiner stoep wees wat ook vir die gebruik van die besoekers beskikbaar gestel sou word.⁷

Die saal waarin die museumstukke uitgestal sou word, sou 13,5 x 9,2 meter wees en langsaan sou 'n gerieflike leeskamer aangebou word waarin die besoeker hom in geskrifte oor die worstelstryd van die Afrikaner sou kon verdiep. Behalwe die genoemde twee vertrekke sou daar ook vir 'n opsigterswoning voorsiening gemaak word waar daar aan besoekers koffie, tee en versversings verskaf sou kon word. Alles in aanmerking geneem, sou die gebou 'n pragstuk naas die Monument wees.⁸

Daar is egter baie kritiek uitgespreek oor die plasing van 'n leeskamer met geskiedkundige materiaal in hierdie museum. So 'n leeskamer sou bepaald nie tot

die grootste moontlike nut vir die beoefenaar van die geskiedenis kon wees nie, aangesien dit 'n paar kilometers buite die stad geleë sou wees. Die kritici was die mening toegedaan dat die Openbare Biblioteek of die Vrystaatse Argief 'n veel gesikter plek daarvoor was. Buitendien het die Fichardt-biblioteek reeds oor heelwat boeke oor die oorlog beskik wat eintlik net aangevul moes word.⁹ Verder het die kritici gemeen dat die navorsing erg bemoeilik sal word as die materiaal op verskillende plekke geberg word. Die Tweede Vryheidsoorlog het 'n massa boeke en vlugskrifte in 'n halfdosyn tale tot gevolg gehad om nie eens te praat van die tydskrifliteratuur nie, en daarom beveel die kritici in hierdie verband aan dat dit goed sou wees as die Komitee die medewerking inroep van Frederik Rompel (1871-1940), 'n persoon wat eers oorlogskorrespondent aan Boerekant was en later aan die hoof gestaan het van 'n perskantoor wat die Boeresaak in Europa bevorder het. Rompel was na die oorlog assistenthoofredakteur van *Die Burger*.¹⁰ Die kritici het tog gevoel dat daar sorg gedra moet word om die oorlogsboekery, waar dit ook al geplaas sou word, so volledig te maak as wat dit enigsins moontlik kon.¹¹



Die museum in 1931. (Oorlogsmuseum van die Boererepublieke)

'n Indrukwekkende plegtigheid het op Saterdagoggend 26 April 1930 om elfuur vlak by die Vrouemonument plaasgevind, toe senator W.J.C. Brebner die hoeksteen van die Oorlogsmuseum gelê het.¹² Die steen is gelê aan die regterkant van die trappe wat na die semi-sirkelvormige klipstoep oplei.

'n Groot skare belangstellendes het die verrigtinge bygewoon, onder hulle ook 'n groot aantal leerlinge van die Oranje Meisieskool. Die verrigtinge is begin met koersang onder leiding van Daisy Bosman (1878-1940). Daarna het Kestell 'n roerende gebed gedoen. Hierna is die derde vers van Psalm 146 gesing waarna

senator Brebner versoek is om die hoeksteen te lê. Hy het die taak behendig verrig en verklaar dat die steen “goed en stewig gelê is.”¹³ Brebner was die enigste oorlewende lid van die oorspronklike Monumentkomitee en wat steeds in die komitee gedien het. Interessant genoeg was hy van mening dat die betrokke eer eerder generaal Hertzog of dominee Kestell te beurt moes gevallen het. In sy toespraak het hy daarop gewys dat die komitee, sodra die gebou beskikbaar was, ‘n beroep op mense sou maak vir voorwerpe soos klere, foto’s en ander artikels wat in die konsentrasiekampe, te velde en in die krygsgevangenkampe, gemaak of gebruik is. Boeke en tydskrifte vir die leeskamer sou ook verwelkom word.¹⁴

In Augustus 1930 het die komitee wat verantwoordelik was vir die oprigting van die museum begin met ‘n insamelingsveldtog vir fondse vir die onderhoud van die gebou en die uitstallings onder lede van die publiek. In September het meneer N.J. Minnaar ook ‘n beroep op die volk gedoen om te help met die insameling nie alleen van museumstukke nie, maar ook van informasie. Hy het daarop gewys dat kosbare inligting alreeds met die afsterwe van talle oudstryders en ander persone wat aan die oorlog deelgeneem het, verlore gegaan het.¹⁵ Onder leiding van Fred Oudschans-Dentz (1876-1961) en ‘n komitee is ‘n insamelingsveldtog ook in Nederland onderneem. Die veldtog is deur middel van omsendskrywes en in koerante aan die publiek bekendgestel.¹⁶

Op 17 September 1931 is aangekondig dat die Oorlogsmuseum op 30 September 1931 amptelik deur generaal J.B.M. Hertzog (1866-1942) geopen sou word.¹⁷ Met die oog op die opening het die Kommissie alreeds ‘n groot verskeidenheid artikels ontvang. Daar was ook alreeds ‘n begin gemaak met die boekery en insameling van kosbare foto’s uit die tydperk.¹⁸

Op 30 September 1931 om vyfuur namiddag, het ‘n groot skare by die Oorlogsmuseum vergader. Dominee Kestell het die verrigtinge met ‘n gebed geopen.¹⁹ Hierna was Hertzog aan die woord. Hy het die Monumentkommissie hartlik bedank vir hulle harde werk en voorts gesê: “Wie het ooit gedink dat die volk na 29 jaar weer sover herstel van die oorlog sou wees dat ons nou met vertroue na mekaar kan kyk... Vandag staan die Nasionale Vrouemonument daar as herinnering aan die tye van die verlede en vandag open ons ‘n gebou om die herinnering van 1902 vir die toekoms te verfris.”²⁰ Daar is ook niks in die verlede waaroor die Afrikaners skaam hoef te wees nie, intendeel, hulle kan trots daarop wees. Hy verwys ook na generaal Christiaan de Wet (1854-1922) en president M.T. Steyn (1857-1916) as die “groot manne” in die Afrikaner se geskiedenis en vervolg: “If this museum is primarily of significance to the Afrikaans-speaking South African (to the Boer) it is no expression of enmity or ill-will. It is like that monument a help in preserving our past and all that it means – an inducement to strive for the cause we believe is right.”²¹

Die Museum in 2010

Aan die einde van 2009 is ‘n restaurant op die terrein geopen. Die Museumwinkel sal teen die einde van Julie 2010 ‘n werklikheid word. ‘n Langgekoesterde ideaal van die opvoedkundige afdeling van die Oorlogsmuseum het uiteindelik met die ingebruikneming van die kindermuseum en opvoedkundige sentrum met die aanvang van 2010 gerealiseer. Die kindermuseum en opvoedkundige sentrum is langs die nuut geopende restaurant en koffiewinkel geleë en is ingerig om tot veertig kinders op ‘n keer te ontvang. Die lokaal bevat kindergerigte uitstallings wat onder meer kinderklere en speelgoed uit die oorlog insluit. Die lokaal is ook toegerus met die nuutste tegnologie. Dit stel die opvoedkundige beampete in staat om spesiale saamgestelde programme, wat na aanleiding van die skoolleerplanne vir die vakke geskiedenis en sosiale studies ontwikkel is, te vertoon. Daar is ook

replika items aangeskaf wat die jong besoekers aan die kindermuseum die geleentheid bied om eerstehands kennis te maak met items wat hulle andersins net agter glas te sien sou kry. Hulle kry ook die geleentheid om nader kennis te maak met individuele Viktoriaanse speletjies soos "Bobbing for apples" en aartappelresies gedurende spesiale geleenthede soos die pasafgelope herdenking van die slag by Magersfontein op 12 Desember 2009.

Op 1 Mei 2010 is die eerste Kuns- en Antieke Mark op die terrein van die Oorlogsmuseum aangebied Nadat almal wat met die mark gemoeid was hul asems opgehou het toe daar vroegoggend 'n donderstorm losgebars het, het die son heerlik geskyn. Die uitstallers wat deelgeneem het, het reeds vroegdag hulle stalletjies opgeslaan. Vanaf 09:00 het die eerste van die stroom besoekers hulle opwagting gemaak en van die dag 'n reuse sukses gemaak.

Verwysings

- ¹ *Die Volksblad*, 26.10.1929.
- ² *Die Volksblad*, 23.12.1929.
- ³ *Die Volksblad*, 10.01.1930.
- ⁴ *Die Volksblad*, 10.01.1930.
- ⁵ *Die Volksblad*, 23.12.1929.
- ⁶ *Die Volksblad*, 23.12.1929.
- ⁷ *Die Volksblad*, 23.12.1929.
- ⁸ *Die Volksblad*, 23.12.1929.
- ⁹ *Die Volksblad*, 24.12.1929.
- ¹⁰ *Die Volksblad*, 24.12.1929.
- ¹¹ *Die Volksblad*, 24.12.1929.
- ¹² *Die Volksblad*, 28.04.1930.
- ¹³ *Die Volksblad*, 28.04.1930.
- ¹⁴ *Die Volksblad*, 28.04.1930.
- ¹⁵ *Die Volksblad*, 11.08.1931.
- ¹⁶ Oorlogsmuseum: Korrespondensie, Oudschans-Dentz aan die NVMK, 09.07.1930
- ¹⁷ *Die Volksblad*, 17.09.1931.
- ¹⁸ *Die Volksblad*, 17.09.1931.
- ¹⁹ *Die Volksblad*, 30.09.1931.
- ²⁰ *Die Volksblad*, 30.09.1931.
- ²¹ *Die Volksblad*, 30.09.1931.

Eenige Correspondentie uit 1899: Bykomende aantekeninge deur W.J. Leyds¹

Johan Bergh

Die Merenskybiblioteek van die Universiteit van Pretoria beskik oor 'n buitengewone eksemplaar van 'n bronrepublikasie waarvan die bekende dr W.J. Leyds (1859-1940) die redakteur en samesteller was, naamlik *Eenige Correspondentie uit 1899*, 's Gravenhage, 1919. Voor in hierdie eksemplaar is 'n kaartjie aangebring met die volgende in tikskrif: "Spesiaal ingebinde eksemplaar deur Leyds aan sy vrou geskenk. Die boek is deur hom van aantekeninge en verwysings voorsien." In Leyds se handskrif is geskrywe: "Aan mijn vrouw"² Dit was sy tweede eggenote, Anna Carstens, gebore Grissee. Sy eerste eggenote, Louise Wilhelmina Suzanna, gebore Roeff, is in 1907 oorlede.³ Op dieselfde bladsy is verder ingeskryf: "Aan de Pretoria Universiteit aangeboden door Anna Leyds-Carstens, November 1934"⁴

Willem Johannes Leyds was 'n prominente lid in die Krugerregering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR). President S.J.P. Kruger (1825-1904) het hierdie begaafde jongman in 1884 in Nederland raakgeloop na sy besoek aan Brittanje, wat op die Konvensie van Londen uitgeloop het. Kruger het hom as staatsprokureur in diens geneem. Leyds het hierdie betrekking beklee totdat hy in 1889 by W.E. Bok (1846-1904) as staatsekretaris oorgeneem het. In hierdie hoedanigheid het hy waardevolle diens aan die ZAR gelewer en 'n baie goeie verhouding met Kruger opgebou. Tydens 'n besoek van hom aan Europa in 1895-1896, vanweë gesondheidsprobleme, het hy ook die diplomatieke wêreld betree toe hy onder meer met die Duitse minister van buitelandse sake, baron Adolf von Marschall von Bieberstein (1842-1912), en die Britse minister van kolonies, Joseph Chamberlain (1836-1914), samesprekings gevoer het. Na die afsterwe van G.J.T. Beelaerts van Blokland (1843-1897), die gesant van die ZAR, op 14 Maart 1897, het Leyds verskeie maande in Europa in 'n ampelike hoedanigheid deurgebring om die ZAR se diplomatieke betrekkinge in Europa te evaluateer. In Mei 1898 is hy as buitengewone gesant en gevollmachtigde minister van die ZAR in Europa aangestel.⁵ In hierdie hoedanigheid het Leyds 'n sleutelfiguur vir die ZAR in Europa in die aanloopfase tot die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) geword. Gedurende die oorlog het hy hom onverpoosd vir die belang van die Republiek beywer. Met die kom van eers die Boeredeputasie en later staatspresident Kruger na Europa in 1900, is bykomende eise aan hom as vernaamste ZAR-diplomaat in Europa gestel.⁶

Leyds het drie tipes aantekeninge en beklemtonges in die buitengewone eksemplaar van *Eenige Correspondentie uit 1899* aangebring. Hy het eerstens nuttige kruisverwysings, korreksies en toelighting verskaf. Hy het byvoorbeeld die spelwyse van "Kuijper" as die van van die bekende dr Abraham Kuyper (1837-1920)⁷ verander, asook 'n setfout in die naam "Uitvoerende Raad", 'n foutiewe datum (16 April 1898 in plaas van 6 April), 'n verkeerde verwysing na "par. 3" in plaas van paragraaf vier van 'n bepaalde dokument en talle byvoegings en korreksies by die indeks ingeskryf. Hy het ook enkele duideliker kruisverwysings

in die teks en by voetnote aangedui.⁸ Leyds het verder in die paar gevalle waar hy in 1919 met die publikasie van die manuskrip dit nodig geag het om die name van individue weg te laat, dit nou in die teks aangebring. In sy brief van 17 Augustus 1899 aan F.V. Engelenburg (1863-1938), redakteur van *De Volksstem* en bekende openbare figuur in Pretoria, het Leyds byvoorbeeld met die publikasie in 1919 die naam van “vriend B...” van wie hy verneem het dat Engelenburg toe reeds, dit wil sê voordat die oorlog uitgebreek, na Europa sou vertrek het, weggelaat. Leyds het hierdie inligting oor Engelenburg, met wie hy bevriend was, in twyfel getrek en is later daaroor reg bewys. In sy latere handgeskrewe toevoeging het Leyds laat blyk dat “vriend B...” Dirk Balfour (1858-1921), die boekhouer by die ZAR-Gesantskap in Europa, was. In dieselfde brief het hy Engelenburg ook meegedeel: “Op het Gezantscap is men zeer oorlogzuchtig gestemd; vooral de heer [C.] van Boeschoten [eerste sekretaris] en... Als ik hun zin deed, zou ik allerlei opstokende telegrammen naar Pretoria zenden.” Leyds het later die naam van hierdie tweede persoon ingeskryf, naamlik “P.L.H. [A.] Goldman” (1867-1930), wat kanselier by die Gesantskap was. Dit is onseker waarom Leyds oorspronklik in die publikasie bereid was om in hierdie verband wel Van Boeschoten (1845-1927) se naam te publiseer, maar nie dié van Goldman nie.⁹ Leyds het hierbenewens sporadies ander bykomende inligting in die boek ingeskryf om aspekte in die teks en voetnote verder toe te lig.¹⁰

’n Tweede kategorie handgeskrewe aantekeninge van Leyds kan as geniepsige uitleatings oor persone van wie hy klaarblyklik nie gehou het nie, beskou word. Die skerpste steek in hierdie verband het hy teenoor F.W. Reitz (1844-1934), voormalige staatspresident van die Vrystaat en later staatssekretaris van die ZAR, ingekry. G.B. Clark (1846-1930), ’n prominente boerevriend in Londen, het op 30 September 1899 ’n brief aan Leyds, wat in *Eenige Correspondentie* opgeneem is, soos volg afgesluit: “[Joseph] Chamberlain [Secretary of State for the Colonies] paid you a great compliment when I was talking to him the other day, he said whatever your faults might be you where [sic] intelligent and a gentleman...” Leyds het later bygeskryf: “[F.W.] Reitz was neither the one nor the other”.¹¹ Hoewel dit nie heeltemal duidelik is of dié aanteking oorspronklik deel uitgemaak het van Clark se brief en of dit Leyds se uitdrukking van sy eie mening was nie, kan laasgenoemde se blote inskryf van hierdie kwetsende opmerking in *Eenige Correspondentie*, met die wete dat dit daarmee openbare besit word, as ’n refleksie van sy eie evaluering van Reitz beskou word. Dit is byvoorbeeld bekend dat Leyds glad nie tevrede was met die aanstelling van Reitz in sy plek as staatssekretaris met sy eie vertrek na Europa nie. Hy het ook later, in 1930, in privaatkorrespondensie laat blyk dat hy van oordeel was dat Reitz nie vir dié taak opgewasse was nie.¹² In nog ’n geval het Leyds, na aanleiding van ’n meningsverskil en korrespondensie (in 1917 en 1918) tussen hom en W.P. Schreiner (1857-1919), voormalige premier van die Kaapkolonie en later Suid-Afrikaanse hoëkommissaris in Londen, sy ongeduld in *Eenige Correspondentie* te kenne gegee met Schreiner se getalm om op sy korrespondensie te antwoord: “Tot op 8 Januarie 1919, toen ik de drukproef van deze voetnoot nazag, had de Heer Schreiner blykbaar nog geen tijd kunnen vinden”. Hiertoe het Leyds later bitsig bygeskryf: “Evenmin daarna tot zijn overlijden op 29 Junie 1919”¹³ Leyds was verder klaarblyklik gefrustreerd met generaal J.C. Smuts (1870-1950) se weiering om toestemming te verleen vir die opneem in *Eenige Correspondentie* van ’n persoonlike brief van hom aan Leyds, gedateerd 30 April 1899, wat oor die verhouding tussen die ZAR en Brittanje gehandel het. Hoewel Leyds Smuts se weiering reeds prominent en duidelik in die oorspronklike publikasie laat blyk het, kon hy nie nalaat om later nog ’n aanteking hieroor in te skryf nie: “dezen brief heb ik moeten weglate...”¹⁴

Die derde tipe byvoegings van Leyds in die spesiale kopie van *Eenige Correspondentie* hang saam met sy fyngevoeligheid vir beskuldinge dat hy tot die uitbreek van die oorlog bygedra het deurdat hy die ZAR-regering foutiewelik onder die indruk sou gebring het dat Europese moondhede die Boeremagte sou bystaan. Trouens, die genoemde korrespondensie tussen hom en W.P. Schreiner van 1917 en 1918 het spesifiek hieroor gehandel. Leyds het reeds in die ‘voorrede’ tot *Eenige Correspondentie* homself só oor hierdie aangeleentheid uitgelaat: “Inderdaad is dikwijls, telkens op nieuw, beweerd geworden, vooral van Engelsche maar niet alléén van Engelsche zijde, dat ik de Boeren ten oorlog heb gedreven door de regeering voor te spiegelen, dat zij op den daadwerkelijken steun van de Groot Mogendheden tegen Engeland zoude kunnen rekenen, en dat derhalve het ontstaan van den oorlog die aan het onafhankelike bestaan van de Zuid-Afrikaansche Republiek een eind heeft gemaak, te wijten was aan mij.”¹⁵

Volgens Leyds is hy “van verschillende zijden... die wenschelikheid voor ogen gehouden om de stukken uit dien tijd te laten getuigen, ook over de rol die ik toen gespeeld heb”.¹⁶ Hy het inderdaad ruimskoots korrespondensie van 1899 wat hieroor gehandel het, in *Eenige Correspondentie* opgeneem, asook sy latere korrespondensie met W.P. Schreiner hieroor as ’n bylae A. Asof dit in sy opinie nie voldoende was nie, het hy in die kopie wat aan die Universiteit van Pretoria geskenk is, sekere gedeeltes met rooi onderstreep en uitgelig – klaarblyklik om toekomstige navorsers se aandag daarop te vestig. Hy het byvoorbeeld die volgende gedeeltes uit sy skrywes van onderskeidelik 28 April 1899 (twee brieue), 30 April 1899 en 4 Augustus 1899 (telegram) aan die ZAR-regering onderstreep:

“De algemeene stemming hier in Frankryk is niet gunstig”.
“Hier in Frankryk begint een nieuwe perscampagne tegen de Republiek...”
“Een groote pers-agitatatie begint weer tegen de Republiek”
“Verwacht niets van de grote Mogendheden van Europa.”¹⁷

Leyds het ook sekere inligting in ’n brief van homself aan die ZAR-regering, wat hy van die Nederlandse minister van buitelandse sake, W.H. de Beaufort (1845-1918), verkry het, onderstreep: “hij verklaarde uitdrukkelik zeker te weten, dat wij noch van Duitschland, noch van Frankryk, noch van Rusland iets te verwachten hadden”. Hy het ook ’n deel van sy voetnooteligt wat hierop betrekking het, onderstreep. In dié voetnoot dui hy aan dat die bostaande inligting ooreenstem met inligting wat hy in daardie tyd van ingelige bronne in Brussel verkry het. Die volgende deel van hierdie inligting het hy onderstreep: “dat [T.] Delcassé, de Fransche Minister van Buitelandsche Zaken zeer sterke Engelsche neigingen begin te krijgen...”.¹⁸

’n Gedeelte van ’n sin uit ’n brief van W.H. de Beaufort van 16 Augustus 1899 aan hom, en wat die voorafgaande inligting nogeens bevestig, het Leyds ook onderstreep: “dat de Zuid-Afrikaansche Republiek op geen steun in Europa heeft te rekenen...”.¹⁹ Hierdie standpunt is nogmaals deur Leyds in gekodeerde telegramme van onderskeidelik 25 September 1899 en 9 Oktober 1899 aan die ZAR-regering bevestig. Die onderstreepte gedeeltes uit dié telegramme lui soos volg:

“Duitschland zal niets doen... op Frankryk valt niet te rekenen”.
(Reuter seint uit Washington) “dat de Amerikaansche Regeering altijd de suzereiniteit van Engeland heeft erkend en daarover geen moeilikheden wil maaken.”²⁰

Hoewel W.J. Leyds se handgeskrewe opmerkings nie ten volle nuwe lig op ’n belangrike tydperk in ons geskiedenis werp nie, bied dit nogtans ’n fassinerende

blik op die beskouinge van hierdie sleutelfiguur in die Transvaalse geskiedenis, asook die tendense en wyer perspektiewe wat daaruit teen die einde van die negentigerjare na vore kom. Veral akademici met 'n besondere belangstelling in hierdie tydperk en tema, sal met groot belangstelling kennis neem van Leyds se bykomende aantekeninge en beklemtonings.

Verwysings

- ¹ Ek dra hierdie artikel met waardering op aan my vriend en voormalige kollega Cobus Ferreira, wat in eie reg uitstaande bydraes tot die genré van bronnenpublikasies en die tema en tydperk van die Anglo-Boereoorlog gelewer het.
- ² Universiteit van Pretoria, Merenskybiblioek, Africanakamer 968 "1899" LEYDS, registernommer 39481.
- ³ Krüger, D.W. Leyds, Willem Johannes, in Krüger, D.W. & Beyers, C.J. (eds.). 1977. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel III. Kaapstad: RGN, p. 533.
- ⁴ *Eenige Correspondentie* (Universiteit van Pretoria-kopie).
- ⁵ Van Niekerk, L.E. Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek, in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1980(1), pp. 2-41.
- ⁶ Van Niekerk, L.E. Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek, hoofstukke 4 tot 9.
- ⁷ *Eenige Correspondentie* (Universiteit van Pretoria-kopie), pp. 17, 170 voetnoot 1. Abraham Kuyper was 'n vooraanstaande Nederlandse akademikus, staatsman en vriend van die Boere. Kyk Krüger, D.W. & Beyers, C.J. (eds.). *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel III, pp. 501-503.
- ⁸ *Eenige Correspondentie* (Universiteit van Pretoria-kopie), pp. 9 voetnoot, 14 voetnoot, 16 voetnoot, 17, 170 voetnoot, 200, 201, 202, 243-249.
- ⁹ *Eenige Correspondentie* (Universiteit van Pretoria-kopie), no. 124, pp. 107-108 & voetnoot 1; Kyk ook Van Niekerk, L.E. Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 62.
- ¹⁰ *Eenige Correspondentie* (Universiteit van Pretoria-kopie), pp. 179, 185, 201.
- ¹¹ *Eenige Correspondentie* (Universiteit van Pretoria-kopie), no. 193, p. 176.
- ¹² Van Niekerk, L.E. Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek, pp. 41, 342.
- ¹³ *Eenige Correspondentie* (Universiteit van Pretoria-kopie), bylae A, pp. 187-198 & voetnoot 1 op p. 197 met aantekening daarby.
- ¹⁴ *Eenige Correspondentie* (Universiteit van Pretoria-kopie), nos. 15 & 19 en voetnote en aantekinge op pp. 14, 17.
- ¹⁵ *Eenige Correspondentie* (Universiteit van Pretoria-kopie), p. vii & voetnoot 1.
- ¹⁶ *Eenige Correspondentie* (Universiteit van Pretoria-kopie), pp. vi-vii.
- ¹⁷ *Eenige Correspondentie* (Universiteit van Pretoria-kopie), nos. 16, 17, 18, 18 & 97, pp. 15, 16, 81.
- ¹⁸ *Eenige Correspondentie* (Universiteit van Pretoria-kopie), no. 191, p. 85 & voetnoot 1; Théophile Delcassé (1852-1923) was die Franse minister van buitelandse sake van 1898 tot 1906.
- ¹⁹ *Eenige Correspondentie* (Universiteit van Pretoria-kopie), bylae A tot no. 152, p. 132.
- ²⁰ *Eenige Correspondentie* (Universiteit van Pretoria-kopie), nos. 183, 216, pp. 171, 186.

Van “halwe Engelsman” tot “ons volksvader”

Jaap Steyn

J.D. Kestell (1854-1941) het homself een keer 'n “halwe Engelsman” genoem, terwyl *Die Volksblad* hom op 31 Julie 1938 in 'n berig as “ons volksvader” karakteriseer. Hoe het hierdie ontwikkeling in die lewe van “Vader Kestell” plaasgevind? Die antwoord kry 'n mens veral uit M.C.E. van Schoor se biografie van Kestell. (Die bladsynnommers in hierdie stuk verwys na dié werk.)¹

Kestell is gebore in Pietermaritzburg. Sy pa, Charles Kestell, was Engels-sprekend, seun van 'n Britse setlaarsgesin. Sy ma (oorlede voor Kestell vier jaar was) en stiefma was Voortrekkerdogters. Kestell se pa het altyd met sy kinders Engels gepraat, maar met sy vroue Afrikaans. Die kinders was dus van jongs af volkome tweetalig.

Afrikaans was ook sy godsdienstaal. “Aan die knie van my godvresende moeder sou ek vir die eerste keer die liefde van God en Jesus in my moedertaal leer ken” (p. 16). Die godsdienst het hom ook vertroud gemaak met Nederlands, of, soos dit destyds genoem is, “Hollands”. Sy pa was Wesleyaans, maar het voor Kestell se geboorte na die NG Kerk oorgegaan. Sondagoggende het hulle die NG dienste bygewoon wat tot in 1861 in die Geloftekerk gehou is. Saans is hulle na die Presbiteriaanse kerk. Die jong Kestell het nie eintlik van laasgenoemde gehou nie. By die huisgodsdienst en in die kerk het die Statebybel die ereplek gehad. In die kerk en die Sondagskool was die taal Hollands.

Die kerk het hom as kind in aanraking gebring met Voortrekkers en ander mense uit die Voortrekertyd, soos Sarel Cilliers (1801-1871) en Jacobus Nicolaas Boshoff (1808-1881). Die dienste is soms gelei deur dominee Daniel Lindley (1801-1880), toe sendeling onder die Zoeloes, en ook Erasmus en Susanna Smit. Smit (1778-1863) was die eerste sendeling van die Voortrekkers. Daar was ook nog mense wat Bloukrans, Moordspruit en Italieni deurgemaak het. Onder hulle was Marthinus Oosthuizen en Daniel Bezuidenhout.

Sy eerste onderwys het hy ontvang in 'n private skool in die Geloftekerk. Hoewel die ouers dit in stand gehou het, was die onderrig deur middel van Engels; die predikant, dominee Dammes Huet (1827-1895), wat in beheer was, het hom nie oor die taal bekommer nie. Engels was die enigste onderwystaal in die Britse kolonies.

Kestell se pa was 'n transportryer en die gesin was brandarm. Voor hy vyftien was, moes hy die skool verlaat en gaan werk. In 1871 is hy en sy pa na die diamantveld. Die reis met die ossewa van Pietermaritzburg na Kimberley het sowat twee maande geduur weens swaar reëns, en die modderpaaie sonder brûe. Hulle het soms geluk gehad op die delwers, maar nie te veel nie.

Hy én sy pa wou hê dat hy moes gaan leer, en hy is in 1873 na die Stellenbosch Gymnasium. Dit was een van vier uitstekende skole wat bolwerke van Engelse kulturele invloed was. Engels was ook die voertaal aan die Victoria-kollege, voorloper van die Universiteit van Stellenbosch. Vir Kestell was dit geen struikelblok nie, want Engels was immers een van sy huistale. Hy het sy dagboek

in Engels gehou en hy en sy pa het in dié taal met mekaar briewe gewissel. In die kweekskool was die tale Engels en Hollands.

Kestell en Abraham Kriel (1850-1928), 'n skoolmaat wat 'n boesemvriend geword het, was baie lief vir die Engelse letterkunde, en het al Shakespeare se werke, op sy gedigte na, saam gelees. Maar Kestell se eerste pennevrug was tog 'n gedig, 'n swaarmoedige vers, getitel "Death". Dis onder 'n skuilnaam in die *Cape Monthly Magazine* geplaas. Dit was in 1877; die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) het al twee jaar bestaan, en *Die Afrikaanse Patriot* het gegroei. Agterna was hy spyt en hartseer dat hy geen aandeel aan die werk van die GRA gehad het nie.

Tog het hy in daardie Engelse dae "bewustelik 'n Afrikanerpatriot" geword "al was ek in 'n Engelse taalbaadjie geklee" (p. 38). Wat bygedra het tot dié patriotisme was sy eerstehandse kennis van die opofferinge en stryd van die Voortrekkers in Natal. Sy medestudente het min daarvan geweet, en hy het gevoel hy moes iets skryf om hulle te laat besef hoeveel Afrikaners opgeoffer het om die land bewoonbaar te maak.

Verder is hy aangevuur deur die Afrikaans-nasionale stemming van die 1870s in die Kaapkolonie vanweë gebeurtenisse in die republieke, soos die anneksasie van die Bosoetoland en die Vrystaatse diamantveld deur Engeland, die anneksasie van Transvaal en die oorlog wat Engeland in 1879 op die Zoeloes afgedwing het. Oor die laaste het Kestell so sterk gevoel dat hy 'n versdrama geskryf het wat egter nooit gepubliseer is nie: *Before and after the affair at Isandhlwana*.

Die Transvalers se lydelike verset voor die Eerste Vryheidsoorlog het die Kapenaars aangegryp. Vir Kestell het dit geprykkel tot die skryf van 'n historiese roman in Engels. Die redakteur van *Het Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* het dit in Hollands vertaal, en dit in 1879 onder die titel *Slagtersnek. Een verhaal uit het grensleven van 1815* geplaas met die skuilnaam Africanus Jr. Dit is in 1880 deur D.F. du Toit & Co., uitgewery van die eerste taalbeweging, uitgegee.

Kestell het dieselfde tema gebruik om 'n tragedie op die Shakespeare-patroon in vyf bedrywe te skryf (*The struggle for freedom or the Rebellion of Slagters Nek*), maar kon geen uitgewer kry nie en het dit later self in Londen laat druk teen £25 vir 500 eksemplare. Maar hy kon nie veel verkoop kry nie, en het die meeste boeke in sy skoonpa se tuin begrawe!

In hierdie eerste fase van sy skrywersloopbaan was Kestell dus in die eerste plek Afrikaner – maar nog nie Afrikaans nie. Dit was die geval met baie Kaapse Afrikaners, wat weens die onderwysstelsel net Engels as skryftaal beheers het. As 'n mens die GRA se benaming wil gebruik: hy was nog 'n Afrikaner met 'n Engelse hart, in elk geval wat die skryftaal betref. Hy het tot in die 1890s vier belangrike manuskripte in Engels klaargemaak, naamlik 'n Bybelse drama oor Saul, 'n Bybelse roman oor Simson, nog 'n roman *Two brothers*, en *The pioneers*. Nie een daarvan is gepubliseer nie.

Maar stap vir stap het hy nader gekom aan die GRA-ideaal van 'n Afrikaner met 'n Afrikaanse hart. Ten eerste het hy in 1882 getrou met Truida Hofmeyr, lid van die gesiene Afrikaner-gesinde en taalbewuste Hofmeyr-familie. "Onze Jan" (1845-1909) was 'n broerskind van sy skoonpa, professor N.J. Hofmeyr (1827-1909), een van Kestell se teologie-professore. Een van Hofmeyr se seuns was J.H. Hofmeyr, eerste redakteur van *Ons Land*, en 'n ander was Nico, predikant, joernalis en skrywer, en 'n voorstander van Afrikaans, al het hy nie van die *Patriot* gehou nie.

Ten tweede is Kestell beroep na 'n gemeente waarin hy met die sterk patriotiese Vrystaatse Afrikaners kon kennis maak. Na 'n jaar se studie in Utrecht is hy in 1882 as hulpleraar na Dutoitspan beroep waar sy vriend dominee

Abraham Kriel was. 'n Jaar of wat later is hy na die buurgemeente Kimberley. Daar het hy mense leer ken wat tot met die anneksasie van die diamantveld Vrystaters was, soos Anthonie van Niekerk en Hermanus Steyn, 'n belese boer wat die Afrikaanse taalbeweging gesteun het. Kestell sê dit was sulke mense wat weer die gees van die Voortrekkers in hom wakker gemaak het.

Kestell en sy vrou se sterk Afrikanergevoel het geen emosionele breuk met sy pa meegebring nie. "Hoe Engels my vader ook al georiënteerd was, en hoe ywerig hy my met die Engelse taal en letterkunde vertroud gemaak het, en al het hy my haas nooit anders as in Engels aangespreek en aan my geskryf nie – en al sou ek dit uit respek ook altyd teenoor hom doen – het hy nooit enige belangstelling in die Britse koloniale politiek getoon, of daaroor iets te sê gehad nie" (p. 53).

Toe Kestell 'n beroep na die Presbiteriaanse kerk ontvang, het hy daarvoor bedank; hy wou by sy eie mense bly. Om die jong mense se kennis van die verlede op te skerp het hy in 1892 lesings oor die Voortrekkers gehou, wat in 1893 as boek, *De Voortrekkers*, verskyn het. Dis is in 1920 in Afrikaans uitgegee.

Omdat hy gemeen het dat die Engelssprekendes nie genoeg van die landsgeschiedenis weet nie, het hy 'n manuskrip, getitel *The Voortrekkers*, aan Onze Jan Hofmeyr gestuur om dit uit te gee as boek of vervolgreeks in *The Cape Monthly Magazine*, maar dié blad het dit geweier. Ná al sy vergeefse pogings om iets in Engels gepubliseer te kry, het hy besluit om nie weer dié taal te gebruik vir sy letterkundige werk nie. Wat verder daartoe bygedra het, is 'n brief van sy swaer Nico Hofmeyr. Hy het aan Kestell geskryf dis nie sy taak om die Engelssprekendes oor die Voortrekkers in te lig nie, maar om vir die Afrikaners in hul eie taal daaroor te skryf omdat daar haas niksoor in Hollands bestaan het nie.

Dat hy die pleidooi in Engels lewer, illustreer die dilemma van die Kaapse Afrikaners. In Engels het hy gepleit dat Kestell nie Engels skryf nie, maar Afrikaans. Hy het gesê Engels word elke dag sterker. Hollands het geen kans onder die Afrikaners nie, want min van hulle kan dit praat. Hollands kan Engels nie keer nie, dis 'n verlore saak. Maar die Afrikaans het 'n kans. Dit kom natuurlik, dis ons moedertaal. Ons kan uit die patois 'n taal maak, en ons is reeds besig om dit te doen. "Oh! my brother – I cannot deny it – the despised Afrikaans language is taking hold of my heart" (p. 67).

Maar dit was makliker gesê as gedaan, want toe die twee saam 'n roman aanpak, was dit in Hollands, *De Voortrekkers of het dagboek van Izak van der Merwe*. Dis die verhaal van 'n denkbeeldige Voortrekker; die historiese feite is egter korrek weergegee.

Hulle was dus teoreties Afrikaners met Afrikaanse harte, maar in die praktyk nog Afrikaners met Hollandse harte. En die Hollandse hart is versterk toe een van Kestell se leermeesters uit Stellenbosch, professor J.I. Marais (1848-1919), in 'n brief in Engels vir hom vra om bydraes vir *Het Gereformeerde Maandblad* te lewer. Hy het Kestell aangemoedig om in Hollands te skryf, want dan sou hy moontlik 'n uitgewer in Nederland kon vind. Kestell het toe 'n stuk gestuur, maar was bietjie ergerlik omdat die professor hom vermaan het omdat die dialoog sogenaamd in "plat Afrikaans" was. Kestell wou juis die karakters laat leef deur hulle in hul alledaagse Afrikaans te laat praat. Omdat hy sy verhale geplaas wou kry, het hy maar die professor se raad gevolg. Hy het die verhale in 1898 in boekvorm uitgegee by HAUM onder die titel *Uit het Afrikaansche Boerenleven*, en daarmee kon hy darem 'n paar pond verdien. Later is dit in Afrikaans uitgegee as *Modderrivier*. In 1899 het nog 'n boek van hom verskyn, *Johanna Cloete en ander verhalen*, wat in Onze Jan se *Ons Tijdschrift* verskyn het.

In 1893 is Kestell na die gemeente Harrismith. In 1899 het die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek. Hy het veldprediker geword, en 'n aanbod van president Steyn om veggeneraal te word, van die hand gewys. Aan die einde van die oorlog was hy en D.E. van Velden (1869-1933), waarnemende sekretaris van die Transvaalse uitvoerende raad, notulehouers van die beraadslagings wat die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 voorafgegaan het.

Ná die oorlog is generals Christiaan de Wet (1854-1922), Koos de la Rey (1847-1914) en Louis Botha (1862-1919) na Europa om geld in te samel vir die weduwees en wese. Kestell is saam as private sekretaris van De Wet. Laasgenoemde het op hierdie reis sy herinneringe opgeskryf. Die reis het op 30 Julie 1902 begin; die generaal het van soggens vroeg tot saans laat geskryf, en toe hulle op 16 Augustus in Southampton land, was hy feitlik klaar. Kestell het die geradbroke Hollands oorgesit in 'n suwerder Nederlands.

Die manuskrip van Kestell se eie boek oor die oorlog was klaar voor De Wet s'n, en hy wou dit so gou as moontlik uitgee om vir hom en sy gesin 'n inkomste te verseker, want hulle het heelwat besittings in die oorlog verloor het. Die uitgewer wou egter hê dat De Wet se boek voorrang geniet. Dit het die onselfsugtige Kestell nie gekwel dat De Wet se werk sy eie boek na die agtergrond sou skuif sodat hy nie die volle voordeel daaruit kon trek toe dit verskyn het nie. De Wet het hom darem £500 betaal vir die versorging van die manuskrip van *De strijd tusschen Boer en Brit*.

Kestell se boek, *Met de Boerencommando's. Mijn ervaringen als veldprediker*, is in die Nederlandse tydskrifte geloof om sy onpartydige beskrywing. Dit is in Duits en Engels vertaal, en die Engelse het hom daarvan beskuldig dat hy 'n skewe en selfs onware beeld van die Britte gegee het. Self het hy gevoel dat hy nie eens die helfte van die Britse verraad en wreedhede meegedeel het nie.

Met die verskynning van die Afrikaanse vertaling in 1999 het die historikus At van Wyk (in *Beeld* 14 Augustus 2000) geoordeel dis een van die drie beste boeke oor eerstehandse ervarings van die oorlog. Die ander twee is dié van De Wet en Deneys Reitz (1882-1944) se *Commando*.

Die laaste hoofstuk, "Het bittere einde" bevat 'n treffende paragraaf wat reeds 'n aanduiding gee dat die stryd om voortbestaan as volk met 'n eie taal nog nie afgelope was nie. "God het die Afrikaanse volk in die stryd gevorm. Dit is nie uitgedelig nie. Sy taal is nie vernietig nie. Die mag van die vyand het hom wel oorweldig; het hom soos 'n magtige golf oorstrom, maar die Afrikaner se sin en gees bestaan nog. Geen swaard kan die wil laat buig, geen geweld kan die gees onderdruk nie. Die Afrikaanse volk bly 'n onuitdelgbare element in die Britse ryk."

Daar was een boek oor die oorlog wat Kestell nie kon voltooi nie. Dit is 'n boek wat sy vrou Truida hom ná die oorlog gevra het om te skryf oor hul seun Charlie, wat vyftien jaar was toe die oorlog begin het. Hy wou saamgaan op kommando, en Kestell het hom naderhand toegelaat. Charlie is gevang en in Ladysmith aangehou, waar hy van hoogverraad aangekla sou word. Dit was onduidelik op watter gronde. Tydens sy aanhouding het hy maagkoers opgedoen en is op 14 Desember 1901 oorlede. Dit was vir Kestell 'n verskriklike slag toe hy twee maande later op kommando daarvan verneem het. "Hoeveel trane het ek nie in die geheim oor Charlie, my seun en kameraad, oor my wange laat vloei nie? 'n Leemte het in my lewe ontstaan wat ek oor al die jare heen werklik nooit weer kon vul nie" (p. 118).

Sy vrou wou hê dat hy 'n "klein geskiedenis" van sy lewe moes skryf. Aan dié versoek het hy gedeeltelik voldoen. Maar die herinneringe wat vir hom te pynlik

om die manuskrip te voltooi.

Dit was vir Kestell swaar om na sy ou gemeente Harrismith terug te gaan. Dit gebeur selde dat 'n predikant erken dat hy gebid het om tog van sy gemeente verlos te word, maar Kestell skryf: "Ek het op my knieë geblê en die Here gevra om my tog van Harrismith te verlos, want as ek iemand in die straat raakloop wat die wapen neergelê het, of na die vyand oorgeloop het, het ek nie geweet hoe om dit te hanteer nie. Maar die Here se uitkoms was naby. Op 13 Desember 1902 het die gemeente Ficksburg, wat al voor die oorlog vakant was, 'n beroep op my uitgebring" (p. 144). By sy eerste ontmoeting met die kerkraad van Ficksburg het hy hulle gevra om hom nooit in te lig oor die optrede en gesindheid van lidmate in die oorlog nie.

Dit moes bitter vir hom gewees het dat sy oudste swaer, A.J.L. Hofmeyr (1854-1937), wat voor die oorlog weens ernstige wangedrag as predikant geskors is, tydens die oorlog in Brittanje 'n politieke agitator teen die Boere geword en selfs die onthullings van Emily Hobhouse oor die konsentrasiekampe probeer weerlê het.

Heel anders was die houding van Kestell se pa, wat in 1904 oorlede is. "Dat ek my volkome aan die Afrikanervolk se ideale wy, het ook sy seën weggedra. Sy woorde was: "Your mother's people need you far more than my people. I fully believe that it is God's will that you must serve the Afrikaner with your whole body and soul." (p. 177).

Ná die oorlog wou Kestell se skryfwerk nie vlot nie, want sy tyd is in beslag geneem deur preke maak, huisbesoek, korrespondensie oor weeshuise en later ook ander kerklike werk, want hy was van 1909 tot 1918 moderator van die sinode van die Vrystaatse NG Kerk. Hollands was die kerktaal, en dié taal moes hy gebruik in die kerkblaaie waarvan hy die redakteur was, *De Fakkelaar*, die Vrystaatse kerk se blad, en in 1919 en 1920 *De Kerkbode*. Ook die biografie van sy skoonpa, *Het leven van prof. N.J. Hofmeyr* (1911) was in Hollands.

Was daar dalk 'n bietjie weerstand teen die taal van die veroweraar by hom? Tydens die sinodesitting van 1909 begin hy 'n brief aan sy vrou Truida met die woorde: "How do you like an English letter for a change – an exception? I hardly know whether I can write easily in the language I used to express myself with so little difficulty in the days of long ago!" Maar dan vervolg hy: "Neen, ik zal maar in de taal schrijven die toch nu al meer schijnt te worden het eigenlijke voertuig van mijn gedachten" (p. 179).

In *De Fakkelaar* het hy gepleit dat die kerk nie onverskillig oor die taal moet staan nie. In gesprekke en in sy lewenswandel het hy die Afrikaanse taalregte en kultuur verdedig en bevorder. In 1909 het hy voor die Afrikaanse Taalvereniging op Stellenbosch 'n lesing gelewer oor die uitdrukkingsoefening van Afrikaans. Hy het by sy gehoor van jong mense gepleit dat hulle 'n grondige studie van die Nederlandse taal en letterkunde maak, maar hulle in Afrikaans sal uitdruk. "Ek kan my nie die Afrikaanse volk, met al sy foute aan die een kant en sy voortreflikhede aan die ander kant, sonder sy taal indink nie. As jy die Afrikaner sy taal ontneem, sou hy ook verdwyn. Dit was vir my onbegryplik dat daar iemand kon wees wat met minagt van sy taal praat, want taal was onafskeidelik verbonden aan die aard en karakter van ons volk" (p. 183).

In 1913 is hy na die Tweetoringkerk in Bloemfontein. As moderator moes hy ná die Rebellie van 1914 'n skeuring in die Vrystaatse kerk help voorkom. Hy was moderator toe die Vrystaatse sinode in 1916 besluit het om die Bybel in Afrikaans te vertaal in samewerking met die NG kerke van ander provinsies, asook die Hervormde en Gereformeerde kerke. Ná redakteurskap van *De Kerkbode* was hy

rektor van die Grey-universiteitskollege (tans Universiteit van die Vrystaat), en een van die eindvertalers van die Afrikaanse Bybel.

Te middel van al hierdie werksaamhede het van sy belangrikste boeke verskyn. Sy eerste Afrikaanse boek was die (teks van die) *Helpmekaar-gedenkboek* van 1919. Die Helpmekaar was die beweging wat na die Rebellie ontstaan het om die verarmde rebelle geldelik te help. Hy noem die Helpmekaar “‘n pragtige filantropiese beweging”. Hy self gebruik nie die woord *Rebellie* nie, maar *Opstand*.

Vir *Christiaan de Wet. ‘n lewensbeskrywing* het Kestell ‘n paar weke op De Wet se plaas Klipfontein naby Dewetsdorp met sy aantekeningboek gaan deurbring en elders argivale navorsing gedoen. De Wet het vir hom oor die boek gesê: “Dominee, u moes my liewer, soos Oliver Cromwell destyds versoek het, met vratjies en al beskryf het, en ek het soveel sondige vratjies waarvan u nie melding maak nie” (p. 317).

Daarop het gevvolg ‘n biografie van sy vriend Abraham Kriel, en twee stigtelike boeke, gegrond op *Kerkbode-oordenkings*, *Die stille uur* en *Uitgevryfde koringkorrels*. Van 1929 af het hy weekliks ‘n rubriek “Ons kerklike lewe” in *Die Volksblad* behartig. Behalwe oor kerksake het hy veral geskryf oor die ekonomiese en maatskaplike nood van die Afrikaners van die jare dertig. Die titel van een van sy laaste boeke, *My nasie in nood*, spreek vir homself. Hy word veral onthou as vader van die Reddingsdaad-beweging.

In sy laaste jare het sy gesondheid agteruitgegaan vanweë asma-aanvalle wat al erger geword het. Sy dood op Sondag 9 Februarie 1941 is die volgende dag in *Die Volksblad* aangekondig onder die opskrif: “Kerk- en volksvader J.D. Kestell sag ontslaap”.

S.J. du Toit (1847-1911) het Afrikaans aan die identiteit van die Afrikaners gekoppel. Kestell se lewe en werk toon dat dit ‘n hele tyd geduur het voordat Afrikaans werklik tot die identiteit van die Afrikaners behoort het. Sy lewe toon hoe ‘n sterk identiteitsvormende eienskap die geskiedenis is. Kestell het dit goed besef en dit is daarom dat hy sy mede-Afrikaners so graag wou vertel van die stryd en opofferings van die Voortrekkers. Maar hy het die waarde van taal ingesien: “As jy die Afrikaner sy taal ook ontneem, sou hy verdwyn”.

Verwysings

¹ Van Schoor, M.C.E. 1992. *John Daniël Kestell 1854-1941*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.

“Een schreeuwend onrecht” – Bloemfontein se gevanganiswese tydens die republikeinse tydperk, 1854-1900

Marianna Botes

As gevolg van droogtes en sprinkaanplae in die Kaapkolonie het al hoe meer trekboere sedert 1820 permanent na die gebied tussen die Oranje- en die Vaalrivier getrek.¹ Een van hierdie trekboere was Johan Nicolaas Brits (1789-1875) wat hom tussen 1820 en 1830 in die Transoranje by 'n standhoudende fontein op die plek waar die Vrystaatse hoofstad later aangelê sou word, gevestig het. Hy het sy plaas Bloemfontein genoem en vir hom 'n pioniershuisie van pale, riet en klei ongeveer 300 meter van die fontein in die omgewing van die huidige Presidensie opgerig. Hy het ook 'n voor gegrawe om water daarheen te lei en 'n vrugteboord uitgelê, terwyl sy vrou 'n blomtuin gemaak het.²

In dieselfde tyd as die trekboere het ander groepe ook die Transoranje binnegedring. In 1824 het Mosjwesjwe (*c1786-1870*) hom op sy bergvesting Thaba Bosiu gevestig en begin om die Basotho-nasie uit die verstrooiende stamme in die gebied op te bou. In 1826 het die Griekwas onder leiding van Adam Kok II (*c1760-1835*) by die sendingpos op Philippolis ingetrek en in 1833 het die Barolong hulle met hulle sendelinge by Thaba Nchu gevestig. Tydens en na die Groot Trek het al hoe meer trekkers ook in dié gebied kom woon.³

Om die vrede tussen die verskillende bevolkingsgroepe te bewaar, is kaptein (later majoor) H.D. Warden (1800-1856) as Britse verteenwoordiger met 'n aantal soldate na die Transoranje gestuur met die opdrag om 'n fort en 'n residensie op 'n sentrale plek op te rig. In April 1846 het Warden die plaas "Bloem Fontein"⁴ van Brits oorgeneem en hom 500 riksdaalders (£37/10/-) betaal vir die verbeteringe wat hy daar aangebring het.⁵

Ten spyte van Warden se pogings het die botsings tussen die verskillende bevolkingsgroepe in die Transoranje voortgeduur. Om die probleme te probeer oplos, het sir Harry Smith (1787-1860), die Kaapse goewerneur en Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika, die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier in 1848 tot Britse gebied onder die naam Oranjerivier-Soewereiniteit verklaar. In 1853 het die Britse regering egter besluit om hom aan die Soewereiniteit te onttrek. Die Soewereiniteit is nou in die onafhanklike republiek van die Oranje-Vrystaat omskep, met J.P. Hoffman (1807-1879) as eerste president en Bloemfontein as hoofstad.⁶ Veral onder die ampstermyn van president J.H. Brand (1823-1888) en sy opvolger, F. W. Reitz (1844-1934), het die Oranje-Vrystaat so vooruitgegaan dat dit in die 1890s as 'n "modelrepubliek" beskryf is.⁷ Die ontdekking van diamante en goud in Suid-Afrika tussen 1860 en 1890 het nuwe markte geskep wat Bloemfontein se ontwikkeling en handel gunstig bevorder het. Die beter vervoergeriewe wat die koms van die spoorlyn die hoofsetel in Desember 1890 meegebring het, het verdere stimulus aan die ontwikkeling van Bloemfontein verleen. Die spoorverbinding het Bloemfontein se vroeëre isolasie verbreek en tot groter kontak met ander Vrystaatse dorpe, buurstate, die res van Suid-Afrika en selfs die buiteland geleei. Groter voorspoed vir die Vrystaat het meegebring dat

Bloemfontein in die 1890s op alle terreine vooruitgegaan en ontwikkel het.⁸

In 'n bestek van 45 jaar het Bloemfontein van 'n klein militêre nedersetting ontwikkel tot 'n waardige hoofstad van die "modelrepubliek". Dit was die middelpunt van alle politieke en ekonomiese gebeure in die Vrystaat en ook die hoofsentrum van die Vrystaatse handel, regstelsel en onderwys. Die Vrystaatse staatshoof en regering, asook die militêre mag, was daar gesetel en die Volksraad het jaarliks hier byeengekom. Aangesien dit die hoofstad van die republiek was, was Bloemfontein ook die sentrum van die Vrystaat se gevangenisstelsel. In die 1850s is daar 'n eenvoudige klein tronkgebou naby die fort in St. Georgestraat opgerig. Omdat hierdie gevangenis uit die tyd van die Soewereiniteit ondoeltreffend was en gevangenes gereeld daaruit ontsnap het, het president M.W. Pretorius (1819-1901) in sy openingsrede van 1861 reeds melding gemaak van die noodsaaklikheid om 'n beter tronk vir Bloemfontein op te rig. In 1863 is 'n kommissie aangestel om die toestand van die ou gevangenis uit die tyd van die Soewereiniteit te ondersoek. Volgens die kommissie se verslag het die selle van die tronk in 'n ellendige, bouvallige toestand verkeer – gevangenes kon maklik daaruit ontsnap en dit het selfs 'n gevaar vir die gevangenes selewens ingehou. Op hulle aanbeveling is veranderings en verbeterings aan die gevangenis aangebring.⁹

Klagtes oor die swak toestand van die tronk het voortgeduur en daar is veral kritiek uitgespreek oor die gebrek aan ruimte, slechte ventilasie en ongediertes.¹⁰ In 'n verslag wat die distriksgeneesheer dr C.J.G. Krause (1825-1889) in Mei 1878 aan die Volksraad voorgelê het, wys hy op die "ellendige toestand" van die gevangenis en noem dit "een schreeuwend onrecht".¹¹ Die gevangenes was in daardie stadium in agt selle geprop waarvan die meeste nie voldoende lig of ventilasie gehad het nie. Boonop was die selle te klein vir die aantal gevangenes (dikwels sewe tot agt per sel) wat dit moes huisves en sanitêre toestande was haglik weens 'n gebrek aan toiletgeriewe. Twee van die selle was bedoel vir wit mans en een vir vroue.¹² Die vroulike prisoniers het 'n klein binnehof gehad en "hunne excreta maken zij op den grond en bedekken hen met iets grond."¹³ Afgesien van die geweldige stank, het dié gebruik volgens die distriksgeneesheer gesondheidsgevare ingehou. Die manlike gevangenes het in hulle eie, effe groter binnehof 'n onbedekte balie gehad wat as toilet gedien het en wat slegs op aanbeveling van Krause een maal per dag leeggemaak is.¹⁴ Bedags het die son op die oop balie gebak sodat "een pestachtige lucht"¹⁵ oor die hele tronk gehang het.

Op grond van Krause se verslag het president Brand in sy openingsrede by die Volksraadsitting van 1878 daarop gewys dat die raad, weens die haglike toestand van die republiek se tronke, dringend aan die saak aandag behoort te gee. Hy het verder die hoop uitgespreek dat die Volksraad ten minste geld sou bewillig vir die oprigting van 'n nuwe, goeie gevangenis vir die hoofstad. Omdat die Volksraad nie voldoende geld wou bewillig nie, is weer eens slegs toevoegings en verbeterings aan die bestaande ou gebou aangebring.¹⁶ Teen die einde van 1880 is tenders gevra vir die bou van 'n muur om die tronk.¹⁷ Gevangenes het steeds gereeld uit die bouvallige ou gevangenis ontsnap.¹⁸ Hierdie ou tronkgebou sou diens doen totdat die nuwe, groot staatsgevangenis¹⁹ in 1895 aan die Dewetsdorppad naby Waaihoek²⁰ voltooi is.²¹

Wat die behandeling van gevangenes betref, is dit uit die voorafgaande gevawens duidelik dat die gevangenes in haglike toestande moes oorleef en dat daar nie voldoende voorsiening vir sanitêre geriewe gemaak is nie. Ten spyte van dr Krause se verslag en aanbevelings, is geen stappe deur die Volksraad gedoen om toestande te verbeter nie. Dit kan ener syds dui op 'n ongevoeligheid van die maatskappy uit daardie tyd, maar daar moet in ag geneem word dat die staatskas en beskikbare fondse van die republiek in dié jare beperk was en dat die regering

die beperkte fondse so voordelig moontlik moes aanwend.²² Die aaklike lot van gevangenes was waarskynlik nie 'n prioriteit vir die Vrystaatse wetgewer nie.

Buite die ontoereikende fasiliteite in die Bloemfonteinse tronk, is die gevangenes beslis ook nie met handskoene behandel nie. Anders as vandag, is beskuldigdes voor hulle verhoor as skuldig beskou en moes met die hande agter die rug geboei slaap. Van die gevangenes moes selfs met ysters en kettings aan hul bene slaap, wat hulle enkels op pynlike wyse geskaaf het. Soms is beskuldigdes maande lank aangehou voordat hulle verhoor is. In die winter was dit bitter koud in die tronk wat met klip uitgevoer was. Wat voedselrantsoene aanbetrif, het die gevangenes nie veel afwisseling van spyse gekry nie. Hulle het daagliks slegs vleis en mielies of vleis en brood gekry om te eet, wat tot die uitbreek van siektes gelei het omdat hulle dieet nie gebalanseerd was nie. Die prisoniers het geen groente of vrugte gekry nie en ook geen leesstof nie.²³ Reeds in 1880 het van die gevangenes by regter Reitz gekla dat die vleisrantsoen hoofsaaklik uit bene bestaan het. Reitz het in 1885 aanbeveel dat die aangehoudenes ten minste een keer per week een of ander soort groente moes kry. In stede van die hoofregter se advies te volg, het die Volksraad die gevangenes se vleisrantsoen gesny en aanbeveel dat hulle voortaan net elke tweede dag of slegs twee keer per week vleis moes kry, want dit sou besparing vir die staatskas meebring!²⁴

Strawwe vir groot misdade was meestal swaar, dikwels met lyfstraf (veral vir swart mense) en dwangarbeid.²⁵ So is ene Philip, 'n swart man, byvoorbeeld tot 18 maande hardepad in kettings gevonnis en Jonas tot drie maande tronkstraf en 25 houe met die kats, albei vir die misdaad van diefstal.²⁶ Lyfstraf is soms deur lede van die publiek bygewoon. *The Friend* het gesuggereer dat vonnisse vir sekere misdade nie altyd eenvormig toegepas is nie en dat swart en bruin mense meestal swaarder as wit mense gestraf is.²⁷ Vir kleiner oortredings is gewoonlik 'n keuse tussen tronkstraf of 'n boete gegee.²⁸

Die grondwet van die Oranje-Vrystaat het bepaal dat gevangenes dwangarbeid met pik, graaf, koevoet en ander dergelike werktuie onder toesig in die openbaar sou verrig. Selfs die vroulike gevangenes moes dwangarbeid verrig. Gevangenes het dikwels aan strate, paaie, brûe of geboue gewerk. Die werksure sou strek van sonop tot sononder met een uur elk vir ontbyt en middagete. Saterdagmidae moes aangehoudenes hulle klere was. Ten einde ontsnappings te voorkom, is daar verder bepaal dat gevangenes wat dwangarbeid verrig, kettings met ysters om hul bene moes dra.²⁹ Prisoniers het dikwels vertoë gerig dat die kettings verwyder moes word, maar dit is net weens gesondheidsredes of op grond van bewese goeie gedrag en op aanbeveling van die landdros en die uitvoerende raad toegestaan.³⁰ Soms het gevangenes op grond van goeie gedrag kwytskelding vir 'n deel van hul vonnis gekry.³¹ Volgens die grondwet kon aangehoudenes wat weier om hulle aan die tug en dissipline van die tronk te onderwerp, deur die landdros tot lyfstraf van hoogstens 25 houe gevonnis word. Die owerhede het nie graag wit mans met lyfstraf gestraf nie en in 1890 is die jonger McKeone-broer byvoorbeeld tot veertien dae eensame opsluiting met net ryswater elke tweede dag gevonnis nadat hy gedreig het om 'n tronkwag aan te rand.³²

Teregstellings aan die galg het volgens 'n Volksraadsbesluit van 1854 ook in die openbaar plaasgevind, eers aan die agterkant van Fortheuwel en daarna teen die hang van die huidige Seinheuwel. Ten spye van die bepaling dat teregstellings in die openbaar sou geskied, is die tyd en datum van teregstellings nie aan die publiek bekend gemaak nie. Maar omdat Bloemfontein voor 1900 nog 'n klein dorp was, kon selfs die strengste geheimhouding nie altyd voorkom dat nuuskieriges van die gebeurtenis te hore kom en dit bywoon nie.³³ In Sophie Leviseur (1857-1962) se herinneringe beskryf sy hoe sy een oggend vroeg, op pad na haar musiekles in Sint Georgestraat, oor die dorp heen gekyk het "and saw a

crowd collected round the execution spot.”³⁴

Ofskoon teregstellings in Bloemfontein voor 1900 nie so gereeld plaasgevind het nie, word daar tog van 'n paar melding gemaak. Die bekendste hiervan was dié van Charles Leo Cox, 'n Engelse immigrant, wat aan moord op sy vrou en twee kinders skuldig bevind en in November 1856 aan die suidekant van Fortheuwel, buite sig van die dorp, gehang is. In 1868 word melding gemaak van die teregstelling van Goliath en Kieviet, wat deur baie dorpspeuns, asook heelwat swart mense bygewoon is.³⁵ Selfs in die tagtigerjare het teregstellings steeds in die openbaar plaasgevind, alhoewel dit na 'n plek agter Naval Hill verskuif is, wat hierna heel gepas Hangmanskloof gedoop is.³⁶ In 1883 is twee mans, Fire en Hoffman, ter dood veroordeel vir die moord op 'n ander swart man met die naam Kantien. 'n Galg is onder die grootste geheimhouding by Hangmanskloof opgerig, maar hoewel die teregstelling baie vroeg die oggend plaasgevind het, is dit steeds deur nagenoeg tweehonderd nuuskieriges bygewoon.³⁷ Met die ingebruikneming van die nuwe gevvangenis aan die Dewetsdorppad in 1895 is die galg permanent daar opgerig.³⁸

Die koms van die spoorlyn na Bloemfontein in 1890 het baie voorspoed meegebring, maar het ook tot gevolg gehad dat ongewenste en misdadige elemente die Vrystaatse hoofstad binnegekom het. Die toename in misdaad het tot gevolg gehad dat Bloemfontein uiteindelik 'n nuwe gevvangenis gekry het in die plek van die ou tronkgebou in St. Georgestraat, wat nog uit die 1850s dateer. Ofskoon die ou gevvangenis 'n paar keer vergroot is en teen 1892 sewentig gevangenes kon huisves, was dit 'n onooglike en ondoeltreffende tronk, wat weer tot ontsnappings gelei het.³⁹ 'n Doeltreffende nuwe staatsgevangenis was dus noodsaaklik en in 1893 is daar begin met die bou van die nuwe tronkgebou net oos van die spoorlyn teenaan die Dewetsdorppad, buite die destydse dorp en nie ver van Waaihoek nie. Die nuwe tronk, wat deur staatsargitek D.E. Wentink (1867-1940) ontwerp is, het £16 000 gekos om op te rig en is in 1895 in gebruik geneem. In hierdie ruim, nuwe gebou het toestande van die gevangenes verbeter, terwyl dit baie moeiliker geword het om te ontsnap, aangesien die nuwe tronkgebou 'n stellige, indrukwekkende gebou was wat baie aan 'n fort herinner het, veral nadat die ringmuur met sy twee formidabile wagtorings aan weerskante van die ingang ongeveer twee jaar later opgerig is.⁴⁰ Dit het as Bloemfontein se staatsgevangenis gefunksioneer totdat die latere Grootvlei-gevangenis in 1994 voltooi is.

Verwysings

- ¹ Oosthuizen, S.P.R. 1969. *Die verskuiwende grens tussen die Vrystaat en Basoetoland, 1840-1868*. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, pp. 1-11.
- ² Barnard, B.J. 1948. 'n Lewensbeskrywing van majoor Henry Douglas Warden. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, Vol. 1, pp. 351-352.
- ³ Oosthuizen, S.P.R. *Die verskuiwende grens tussen die Vrystaat en Basoetoland, 1840-1868*, pp. 1-11.
- ⁴ Warden se spelling van die plasnaam.
- ⁵ Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, GH 10/1, pp. 232-233: H.D. Warden – B. Maitland, 02.02.1846; GH 10/1, pp. 279-280: H.D. Warden – B. Maitland, 02.04.1846.
- ⁶ Malan, J.H. 1929. *Die opkoms van 'n republiek of die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863*. Bloemfontein: Nasionale Pers, pp. 95-96, 210.
- ⁷ Bryce, J. 1900. *Impressions of South Africa*. London: Macmillan & Co., p. 314.
- ⁸ Lamprecht, G.J. 1953. *Die ekonomiese ontwikkeling van die Vrystaat van 1870 tot 1899*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, pp. 370-375.
- ⁹ Venter, H.J. 1959. *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gevanganisstelsel 1652-1958*. Kaapstad: HAUM, pp. 85-86.

- ¹⁰ Die “ongedierte” was waarskynlik luise, muise, vlooie, spinnekoppe en dalk selfs slange.
- ¹¹ Krause, C.J.G. Rapport ...aangaande den toestand van het Gevangenis te Bloemfontein (1 Mei 1878), *VR-stukke 1878* (Vol. 2) soos aangehaal deur Schoeman, K. 1980. *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad, 1846-1946*. Kaapstad: Human & Rousseau, p. 51.
- ¹² Venter, H.J. *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gevengenisstelsel 1652-1958*, p. 86; Schoeman, K. *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad, 1846-1946*, p. 51.
- ¹³ Krause, C.J.G. Rapport ...aangaande den toestand van het Gevangenis te Bloemfontein (1 Mei 1878), soos aangehaal deur Schoeman, K. *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad*, p. 51.
- ¹⁴ Venter, H.J. *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gevengenisstelsel 1652-1958*, p. 88; Schoeman, K. *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad*, p. 51.
- ¹⁵ Krause, C.J.G. Rapport ...aangaande den toestand van het Gevangenis te Bloemfontein (1 Mei 1878), soos aangehaal deur Schoeman, K. *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad*, p. 51.
- ¹⁶ Venter, H.J. *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gevengenisstelsel 1652-1958*, p. 87.
- ¹⁷ Groenewald, H.H.A. & Herholdt, A.D. 1977. *Bloemfontein tot 1900: 'n argitekturele historiese studie*. Vol.1-2. Bloemfontein: Departement Argitektuur, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, p. 315.
- ¹⁸ Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein, GS 190, pp. 41-43, Rapport van den landdrost van Bloemfontein omtrent het onvluchten van 3 gevangenen Williams, Mason en Belmore, 31.12.1890; *The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette* (hierna: *The Friend*), 24.07.1891, p. 3.
- ¹⁹ Dié gevengenis staan vandag as die Ramkraal-tronk bekend en is tans in onbruik.
- ²⁰ Een van Bloemfontein se oudste 'swart' woonbuurte.
- ²¹ Schoeman, K. *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad*, p. 115.
- ²² Venter, H.J. *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gevengenisstelsel 1652-1958*, p. 90; Schoeman, K. *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad*, p. 51.
- ²³ *The Friend*, 3.09.1895, p. 3; Schoeman, K. *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad*, p. 52.
- ²⁴ Moll, J.C. 1978. Francis William Reitz en die republiek van die Oranje-Vrystaat in *Argiefaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* Vol. 36. Pretoria: Die Staatsdrukker, p. 37; Schoeman, K. *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad*, p. 51.
- ²⁵ Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein, GS 185, p. 116: brief, Hermanus – president Reitz, 02.11.1889.
- ²⁶ Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein, GS 186, p. 184: brief, Philip – staatspresident, 31.03.1890; GS 190, p. 62: brief, landdros De Beer – goewermentsekretaris, 09.01.1891.
- ²⁷ *The Friend*, 19.02.1892, p. 2.
- ²⁸ *The Friend*, 19.02.1890, p. 2.
- ²⁹ Venter, H.J. *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gevengenisstelsel 1652-1958*, p. 90; Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein, GS 184, p. 58: brief, kaptein Albrecht – landdros, Bloemfontein, 28.06.1889.
- ³⁰ Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein, GS 183, p. 140: brief, R.N. Benade – president Reitz, 16.05.1889; GS 184, p. 49: brief, dr. C.J.G. Krause – goewermentsekretaris, 24.06.1889; GS 186, pp. 41-44: brief, J. Brown – president Reitz, 08.01.1890; brief, kaptein Albrecht – landdros van Bloemfontein, 09.01.1890.
- ³¹ Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein, GS 184, p. 208: brief, Lucas – president Reitz, 31.08.1889; GS 185, p. 30: brief, T. Parker – president Reitz, 28.09.1889.
- ³² *The Friend*, 31.10.1890, p. 3; Venter, H.J. *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gevengenisstelsel 1652-1958*, p. 92.
- ³³ Venter, H.J. *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gevengenisstelsel 1652-1958*, p. 84.
- ³⁴ Levisier, S. Chased by a wildebeest across Hoffman Square. *Bloemfontein's Centenary 1846-1946: supplement to The Friend*, 21.03.1946, pp. 35-36.
- ³⁵ Schoeman, K. *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad*, pp. 30 en 52.
- ³⁶ Levisier, S. Chased by a wildebeest across Hoffman Square, p. 36.
- ³⁷ *The Daily News*, 14.03.1883, p. 3; Venter, H.J. *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gevengenisstelsel 1652-1958*, p. 85.
- ³⁸ Schoeman, K. *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad*, p. 115.
- ³⁹ *The Friend*, 9.02.1892, p. 2.
- ⁴⁰ Schoeman, K. 1982. *Vrystaatse erfenis: bouwerk en geboue in die negentiende eeu*. Kaapstad: Human & Rousseau, p. 103. Schoeman, K. *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad*, p. 115.

Afrikaners, Liberalism and the British Empire, 1806 -1910

F.A. Mouton

In the words Baker and Lady Wenlock composed for Arthur Lawley's memorial plaque on the chancel wall, he "devoted himself to the care of the Fairbridge Farm School. He sought to serve his God in serving his fellow men".

Baker the architect lived another fifteen years, but his health deteriorated severely after age seventy and he never visited Australia nor saw the building that meant so much to him.

References

- ¹ Baker, H. 1944. *Architecture and Personalities*. London: Country Life, p. 153.
 - ² Baker, H. *Architecture and Personalities*, p. 146
- Baker, H. 1909. The architectural needs of South Africa, *The State*, May, pp. 512-524.
Baker, H. 1934. *Cecil Rhodes by his Architect*. London: Oxford University Press.
Child Emigration Society. 1931. *The Church at Fairbridge*.
Dolan, D. & Lewis, C. 2004. *The Fairbridge chapel: Herbert Baker's labour of love*. Perth: Curtin University.
Greig, D.E. 1970. *Herbert Baker in South Africa*. Cape Town: Purnell.
Irving, R. 1981. *Indian Summer: Lutyens, Baker and Imperial Delhi*. London: Yale University.
Keath, M. 1992. *Herbert Baker: Architecture and Idealism, 1892-1913 the South African Years*. Gibraltar: Ashanti.
Sherington, G. & Jeffery, C. 1998. *Fairbridge, Empire and Child Migration*, Woburn: Routledge.

Earthen architecture in South Africa and the absence of Anthropology

Chris J. van Vuuren

The earth keepers have their secrets on the land. Space in Africa is not neutral. African man does not build any place and any time.¹

A well-known businessman once said that a friendship born out of a good business deal is a great deal better than a business deal born out of friendship. My business and interaction with Cobus Ferreira started when we met as colleagues in teaching at the University of Pretoria in 1980. Academic conversations grew to a lasting friendship. Cobus Ferreira's academic and scholarly influence stretched beyond his personal interest in history and cultural history. As a junior academic at the university I received from him intellectual support, trans-disciplinary insight, teaching advice and a lifelong friendship. Through Cobus I met scholars in the disciplines of history, architecture, literature studies, cultural history, etc. His warm kindness extended beyond office and the lecture room and his residence became a regular rendezvous for friends where academic and non academic topics were discussed till late night. Through lack of a more appropriate name I refer to this group as the El Sol-iers!² He also shared his passion for the Lusitanian heritage with us and often entertained us on the finest of Portuguese food and beverage. Unlike the Spanish, with a ready "mi casa su casa", yet inferring the opposite, his house was indeed always open and warm-hearted.³ One of the issues which I often discussed with Cobus concerned the intersection of anthropology and cultural history with reference to the vernacular architecture.

The study of vernacular architecture in South Africa has been the domain of a number of disciplines, such as architecture, anthropology, art history and archaeology. The focal point of these studies has also varied in terms of how the house form was documented and described.⁴ The contribution of Frescura, for example, emphasises the value of the pictorial record in postulating chronological sequences (evolution) in house form.⁵ The rural study of the Zulu grass dome house by Knuffel provides detailed information on measurements and indigenous nomenclature, and should thus be regarded as an exceptional contribution.⁶ The area study of the Larssons in Botswana shows how regional differentiation should be accounted for.⁷ Maggs' archaeological investigation into Iron Age settlements on the southern Highveld contributes to our understanding of spatial principles in pre-colonial architecture.⁸ Notwithstanding the above contributions, a significant number of area- and community-specific studies in traditional architecture have been ignored. Some of these studies incorporated architecture as part of a wider study in material culture of a specific community. These studies have emerged from both academic and museum anthropologists.⁹

Modern anthropology endeavours to accommodate changing conditions of human life and human conditions. Gone are the days of studying 'downwards' to tribes and subalterns: of how their socio cultural systems intertwine, of how these societies reacted to systems of domination and control such as colonialism, and of

how they react to the complex western urban world. In the post-modern era the tribe and community for the anthropologist is not 'out there' but 'among us' – it is global, and it interacts with us and has become a product of modern phenomena and pathologies: globalization, migration, health care, crime, violence against women and children, human trafficking, prostitution, hunger, and tourism under the guise of neo-colonialism to list but a few.

As far as the tangible material products of humans are concerned anthropologists working in museums no longer collect authentic pieces but have to answer questions on causes of disappearance and change in the utility value of a vessel, processes of adaptation and threat to similar and culturally related products, and the repatriation of artefacts which were allegedly pillaged by colonially minded anthropologists in the past. Currently, past collections are re-interpreted with seriousness before being exhibited. So, what about anthropologists and human settlement studies, how humans built and still build shelter in times of global stress? It seems that in both the modern and post-modern era of the village and hut, squatter settlement and shack, the social structure; the household and health of residents still takes priority as unit of study, and that the actual study of the components of the house remains ignored.

The divided nature and legacy of anthropology in South Africa is well-known, an issue, incidentally, which often came up in my discussions with Cobus Ferreira. The British tradition of social anthropology was established at English speaking universities such as University of Cape Town, Wits, Rhodes and the University of Natal (now Kwa-Zulu Natal). They considered studying the physical domain of human house and settlement as ephemeral and of less importance, and this attitude unfortunately extended to studies in material culture. A few of their students became museum anthropologists and contributed significantly to discourses on material anthropology. The German influenced *Volkekunde* tradition was, until recently, entrenched at Afrikaans universities. Adherents of *Volkekunde* did indeed study indigenous settlement, vernacular and earthen architecture as well as material culture, albeit by a minority of students who produced theses in areas of tribal or ethnic research.¹⁰ A number of *Volkekunde* trained students established themselves as museum anthropologists and contributed significantly in research, collection management, exhibition and conservation at national and local museums. At the same time archaeology at museums flourished and was hardly ever entangled in the national divide in anthropology.

In the field of indigenous architecture the absence of anthropology remains cumbersome and acute. In areas of investigation into how indigenous knowledge maintained itself in the provision of shelter in a fast changing and fluid global world; how and which building material is sourced in areas of high concentrations and temporary settlements (so-called squatter camps); how elements and residues of pre-colonial house building in villages managed to survive and how these can be preserved in perpetuity. In all of these anthropologists are absent. This certainly is the case in South Africa. Yet if there is an interest in the above, one is bound to find students of architecture and the building sciences, geographers and other disciplines there, with no anthropologist amongst them.

Conversely, the picture is not as dark on the rest of the African continent as is evidenced by the involvement of anthropologists from European and Middle Eastern institutions. In January 2008 I attended the Terra conference in Bamako, Mali organised by the Getty Conservation Institute foundation, in association with other global conservation agencies. The conference also included research excursions to world heritage sites such as Mopti, Djenné, Timbuktu and the

Dogon Plateau. During the conference the existence and promotion of inter- and trans-disciplinary research initiatives on all aspects of African earthen architecture and settlement, were salient. For example, anthropologists involve themselves with the studies on water reservoirs in 17th century Somali villages by combing oral records for clues on the transfer of knowledge. Other anthropologists study kinship links between villages in order to help dating houses and settlements in Algeria. Dr Trevor Marchand, an anthropologist from SOAS, got his ‘hands dirty’ by working with the masons on the Timbuktu restoration project.

Several red flags were raised at the conference as an alert that the study of indigenous architecture is almost beyond rescue, that rapid change in rural and urban settlement patterns becomes a threat to the survival of earthen architecture, that natural resources of earthen architecture become depleted and that the disappearance of knowledgeable artisans becomes acute. A series of international initiatives have been established in order to curb the destruction of earthen architecture sites and knowledge bases. ICCROM (International Centre for the Study of the Preservation and Restoration of Cultural Property) established more than 200 partnerships which involve *in situ* training, specialized restoration courses, guidance in improving existing conservation strategies (such as CollAsia 2010), risk management research and research publication. The Africa 2009 initiative was launched in 1998 in Abidjan, Côte d'Ivoire in order to increase the capacity for better management of immovable heritage (intangible heritage) assets. I also sense a definite opportunity for post-graduate anthropology students in South Africa within the system which CRATerre-EAG (International Centre for Earth Construction and School of Architecture) Grenoble, France has established. This academy of training in earthen architecture conducts extensive research and provides technical assistance in the dissemination of data for future construction processes involving earthen building and preservation. Other praiseworthy initiatives in the study of earthen architecture are conducted by the Getty Conservation Institute, ICOMOS and ISCEAH (International Scientific Committee for Earthen Architectural Heritage).

Universities should teach mud

Is there a future for Earth Building Technology (EBT) related studies involving anthropologists in South Africa? Interdisciplinary work elsewhere in Africa set the example. Anthropology can produce a framework for interpreting cultural significance of space and place in architecture. At the Bamako conference the words of Baba Alfa Cisse had a profound ring to it: “All earth people know, smell, feel and touch earth- they did not analyze it scientifically, with earth we can build environmentally clean.” Hugo Houben of CRATerre said “Earthen architecture has become an autonomous science. It offers its own diplomas and qualifications. It is now an own discipline. Twenty three universities globally offer programmes in EBT” and Dr Mirta E. Sousa of Argentina commented: “Universities should teach mud. Whatever kind of knowledge we use we are demeaning this knowledge.”

References

- ¹ The words of a delegate from the Ivory Coast at the Terra 2008 conference in Mali.
- ² El Sol was the Sunnyside residence of Cobus for a period. Some regulars of this group included Johan and Thariza van Rensburg, Harrie Ziertsema, Celestine Pretorius, Mauritz Naudé, Estelle Maré, Marius Bakkes and of course on occasion the late Anna Neethling Pohl.

- ³ Properly: *mi casa es su casa* – “my house is your house”.
- ⁴ Building processes: Meiring, A.L. 1955. The Amandebele of Pretoria. *SA Architectural Record*; Knuffel, W.E. 1973. *The Construction of the Bantu grass hut*. Graz: Akademische Druck.
- Mural art: Moss, J.L. 1955. The Master craftswomen of the Ndebele. *The Outspan*, March 11, pp. 34-37; Weiss, O. 1963. *Funksionele kunsuitinge by die Ndzundza*. MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch; Berman, E. 1970. Ndebele painting. *Art and artists of South Africa*. Cape Town: A.A. Balkema; Mathews, T.H. 1971. *Tribal painting in South Africa with particular reference to Xhosa painting*. PdD Dissertation, University of South Africa.
- Survey and classification of homestead and settlement types: De Jager, E. 1964. *Settlement types of the Nguni and Sotho tribes*. Fort Hare: Fort Hare University; Walton, J. 1956. *African village*. Pretoria: Van Schaik; Frescura, F. 1981. *Rural shelter in South Africa: a survey of the architecture, house forms and construction methods of the rural peoples of Southern Africa*. Johannesburg: Raven Press; Larsson, A. & Larsson, V. 1984. *Traditional Tswana housing: a study in four villages in eastern Botswana*. Stockholm: Swedish Council for Building Research; Van Vuuren, C. J. 2007. Reconstructing the Ndebele grass dome house: an integrated heritage initiative. *South African Journal of Art History*, 22,(7), pp.179-194.
- ⁵ Frescura, F. *Rural shelter in Southern Africa: A Survey of the Architecture House forms and Construction methods of the Rural Peoples of Southern Africa*.
- ⁶ Knuffel, W. *Construction of a Bantu grass hut*.
- ⁷ Larsson, A. & Larsson, V. *Traditional Tswana housing: a study in four villages in eastern Botswana*.
- ⁸ Maggs, T.O. 1976. Iron Age patterns and Sotho history on the southern Highveld: South Africa. *World Archeology*, 7(3), pp. 318-332.
- ⁹ See Du Toit, A.E. 1968. *Die plek van die materiële skeppinge van die Baphalaborwa in hulle kultuur*. PhD-dissertasie, Universiteit van Suid-Afrika; Hardie, G.J. 1985. *Tswana design of house and settlement: continuity and change in expressive space*. Ann Arbor, Michigan: University Microfilms International; Herbst, D. 1985. *Tegniese skeppinge van die Swazi van KaNgwane*. Pretoria: RNG Verslag S-96; Kaltenbrun, G.A. 1979. *Die Argitektuur van die Swartman in die Oranje-Vrystaat*. MA-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat; McDonald, C.A. 1940. *The Material culture of the Kwena tribe of the Tswana*. MA Thesis, University of South Africa; Mönnig , H.O. 1973. *The Pedi*. Pretoria Van Schaik; Nyembezi, S. & Nxumalo, O.E.H. 1975. *Inqolobqne Yesizwe*. Pietermaritzburg: Shuter & Shooter; Stoffberg, D.P. 1967. *Die Tegniese skeppinge van die Bantwane van die distrik Groblersdal*. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria; Terblanche, H.P. 1994. *Geselekteerde tegniese skeppinge van die Tsonga vrou met spesifieke verwysing na die Tsongakraaloplugmuseum*. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria; Van der Waal, C.S. 1977. *Die Woning en woonwyse onder die Venda*. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria; Van der Wateren, H. [s.a.] *Die Materiële kultuur, vervaardiging en bedryfslewe van die Bahurutshe van Motswedie*. Potchefstroom: Departement Volkekunde (Ongepubliseerde manuskrip); Van Schalkwyk, J.A. 1985. *Die Tegniese skeppinge van die Molepo van Thabamopo*. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria; Van Warmelo, N.J. & Shaw, E.M. 1974. The Material culture of the Cape Nguni, part 1 & 2. *Annals of the South African Museum*, 58(2), August; Vogel, C.A.M. 1985; *The Traditional mural art of the Pedi of Skehukhuneland*. MA Thesis: University of the Witwatersrand; Ziervogel, D. 1957. *Swazi texts*. Pretoria: van Schaik.
- ¹⁰ See 2 & Maggs, T.O. Iron Age patterns and Sotho history on the southern Highveld: South Africa.

Woorde van vreemde herkoms in die Afrikaans van die Angola-Boere

Nicol Stassen

In Januarie 1881 het die eerste van sewe groot Dorslandtrekke wat Transvaal vanaf 1875 tot 1907 verlaat het, ná sewe jaar van rondswerf deur die droë dele in die binneland van Suider-Afrika by Humpata op die Huila-hoogland in Angola aangekom. Mettertyd het hierdie Angola-Boere hulle ook op ander plekke in Angola gevestig. In 1928 is ongeveer 2000 Angola-Boere met staatshulp na die destydse Suidwes-Afrika gerepatrieer. Ongeveer 400 Afrikaners het in Angola aangebly. Die laaste van hulle het die land in 1975 verlaat toe die burgeroorlog daar uitgebreek het.

Betrelik min navorsing is oor die Afrikaans van die Angola-Boere gedoen. S. Strydom se artikel daaroor is die omvangrykste in hierdie verband.¹ 'n Meestersgraad-verhandeling oor die onderwerp, Dorslandafrikaans, bevat weinig nuwe materiaal of insigte.² Onlangs is nuwe navorsing in dié verband gepubli-seer.³

Waarnemers het dikwels hulle verbasing uitgespreek dat die Angola-Boere besonder "suiwere Afrikaans" gepraat het.⁴ Dit was verbasend dat so min Portugese woorde hul Afrikaans binnegedring het ten spyte van die Portugese pogings om hulle te verportugees.⁵ In dié verband het die besoekende dominee J.G.H. van der Walt opgemerk dat dit treffend is dat die taal so suiwer gebly het omdat elke boer 'n inheemse taal kan praat en kinders dikwels al 'n inheemse taal kan praat nog voor hulle Afrikaans ken.⁶ Die openbare mening was sterk teen Afrikaners wat nie Afrikaans gepraat het nie.⁷ Mettertyd het enkele woorde van vreemde herkoms tóg hul taal verryk. In 1926 het dominee D.G. Venter opgemerk dat hulle baie Portugese woorde gebruik.⁸ Dit wil egter voorkom dat wanneer hulle vloeck- of kragwoorde gebruik het, hulle kwistig van Portugees gebruik gemaak het.⁹

Woorde van Portugese herkoms

Slegs enkele Portugese woorde het burgerreg in die Afrikaans van die Angola-Boere verkry. Die meeste van hierdie terme is op die gebied van die Portugese koloniale administrasie, soos *declaração* (verklaring), *guia* (pas), *recio* (kwitansie), *regimento* (regiment of regulasie),¹⁰ *taxa militar* (militêre belasting),¹¹ *agrimensura* (Landmeetkunde, oftewel Departement van Lande),¹² *alfandega* (tolhuis of doeane)¹³ en *auto* (hofsaak).¹⁴ Sommige van die terme benoem die bekleders van ampte soos *administrador* (landdros),¹⁵ *chefe de posto* (die hoof van 'n militêre pos, oftewel die "baas van die omgewing")¹⁶ en *sipaio* (swart konstabel).¹⁷ Die woord *wollentier* ("party van die ou mansvolk het ook verdien deur as *wollentiers* op ekspedisies te dien")¹⁸ kan óf 'n anglisme óf 'n verbastering van die Portugese woord *voluntário* wees.¹⁹

'n Tweede groep Portugese woorde wat inslag gevind het, het met maat- en geldeenheid te doen. Voorbeeld soos die volgende is opgeteken: "Vernaam kinders was baie lief vir hom, omdat hy vir hulle so baie pennies, makutas en selfs

oorgestempelde makutas gee.”²⁰ Die Portugese geldeenheid in Angola was tot 1914 die *real* (meervoud *réis*) en die *conto* of *milreis* (1 000 000 *réis* en later 1000 *escudo*). Hoewel munte selde gebruik is, was die *macuta* van 50 *réis* in gebruik. Wanneer dit met die Portugese staatswapen oorgestempel is, het die waarde verdubbel. In later jare is die *angolar*, (Angolese) *escudo* en *centavo* gebruik.²¹

Die Angola-Boere het dikwels metriekie terme (*kilogram*, *kilometer*, *liter*) eerder as Britse eenhede (pond, myl, pint) gebruik omdat die metriekie stelsel reeds in 1852 in Portugal (en gevvolglik Portugese kolonies) ingevoer is, terwyl dit eers in 1967 in Suid-Afrika gedoen is. ’n Algemene gewigsmaat in Angola was die *arroba*, ’n gewigsmaat van ongeveer 32 pond (14,55 kg).²² In meer verstaanbare terme word dit soos volg omskryf: “’n Arobe mielies word gereken op ’n petrolblik vol.”²³ of “Een arbe is 15 kilo of een weinig minder dan een lampolieblik vol.”²⁴ Die Angola-Boere het gewoonlik van *robbes* gepraat: 120 *robbes* was ongeveer 3500 pond.²⁵ Die woord *robblik* is ook gebruik. Dit was ’n blik (“amper soos ’n paraffienblik”)²⁶ met ’n inhoud van ongeveer een *arroba*. ’n Tweede woord van Portugese oorsprong wat in dié verband gebruik is, was *beriel* of *barriel* (vaatjie).²⁷ Dit was ’n wynvat van duie met hoepels daarom. Biewenga gebruik die woord só: “Oupa was ander dag na die dorp en toe koop hy nie ’n bottel brandewyn nie, soos gewoonlik, maar ’n hele bariel...”²⁸ In die dae van transportry is sulke vaatjies soms gebruik om waens oor riviere te laat dryf.²⁹

Op handelsgebied het die Boere woorde soos *loja* (winkel) en *comerciante* (winkelier) oorgeneem. Die vryer omgang en handel van die Portugese met drank, ook sterk drank, het ook aanleiding daartoe gegee dat woorde soos *vinho* en *vinho tinto* (wyn en rooiwyn), *aguardente* (brandewyn)³⁰ en *garrafa* (karba)³¹ neerslag gevind het. Woorde soos *lambiek* en *lambiekstatte* hou hiermee verband: “en nadat ons ’n paar dae gery het, kom ons by die Lambiek-statte. Daardie statte word deur die Boere so genoem, omdat elke stat een Lambiek het.” *Lambiek* is afgelei van die Portugese woord *alambique* (stookketel), oorspronklik ’n Arabiese woord.³² In Afrikaans is die woord *alambiek* of *alembiek* bekend. Die Portugese woord *fazenda* (plantasie of plaas)³³ het waarskynlik inslag gevind omdat *suikerkan* (suikerriet) op hierdie plase verbou is en tot *aguardente* gestook is en hierdie tipe industrie nie aan die Angola-Boere bekend was nie.

Hoewel die Boere pioniers op die gebied van transportry in Angola was en ’n revolusie in die vervoerbedryf veroorsaak het, het enkele terme van vreemde herkoms op dié gebied neerslag gevind, hoofsaaklik ten opsigte van onbekende vorme van vervoer. Onder hierdie terme was *carregadores* (“karkadories”, “karkedories”, “kakiedories” en *caracadores*, oftewel draers)³⁴ en *tipóia* (draagmat of draagstoel).³⁵ Die Portugese ossewaens is herdoop na *skreeukarre*.³⁶

Die goue jare van transportry in Angola het tot woorde soos *kêbra* (van *quebra*, breuk of tekortkoming, dit wil sê te min gewig) geleei: “...so is dit amper altyd by die aflaai te lig gewig... Die transportry moet die ‘kêbra’... skade ly.”

Omdat die woord *rubber* nie toe in Afrikaans bekend was nie, is woorde soos *bras* en *gommetik* gebruik: “Die van Hanha en ander plekke gaan dan eers met die wa binneland toe om ’n vrag ‘bras’... te haal.” *Bras* is van die Portugese woord *borracha* afgelei.³⁷

Hoewel die Angola-Boere besonder kundig was met die gebruikte en terminologie wat met ossewaens gepaard gaan, was hulle besonder onkundig met die gebruik van perdekarre en die terminologie wat daarmee gepaard gaan.³⁸ Ook moderne vorms van vervoer was onbekend. ’n Aanduiding daarvan kan gevind word in die woord *automóvel* (op die Portugese manier uitgespreek)³⁹ wat eerder as die Engelse woord *motor* of *motorkar* inslag gevind het. In die verband is woorde soos *gasolina* (petrol), *gasóleo* (diesel), *petróleo* (lampolie) en *condutor* oorgeneem.⁴⁰

Dié vorm van vervoer het natuurlik nie bestaan toe die Dorslandtrekkers Transvaal verlaat het nie. Teen 1928, toe hulle Angola verlaat het, het maar slegs enkele Angola-Boere motors besit. 'n Verdere aanduiding van hierdie feit is die Portugese woord *estrada* (straat) in die Afrikaans van die Angola-Boere geword het en dat hulle dié woord eerder as *pad* vir motorpaaie gebruik het.⁴¹ Die woord *carreira* (pad) het ook in later jare inslag gevind.⁴²

Slegs een diersoort met 'n naam van Portugese oorsprong kon aangeteken word, naamlik *bees*, 'n soort sandvlooier. Dit is waarskynlik van die Portugese woord *bicho* (dier, insek of gogga) afgelei.⁴³ Onder plantname kon ook slegs een naam van Portugese oorsprong aangeteken word, naamlik *ananas* (pynappels).⁴⁴ Weer eens het die onbekendheid van die Boere met dié vrug waarskynlik die rede vir die gebruik van die woord. Die woord *favas* (boontjies) is wel aangeteken.⁴⁵

In enkele gevalle was eenvoudige samestellings van Afrikaanse woorde voldoende om onbekende diere name te gee. In hierdie groep val *os-by* ("Hierdie soort bye is swart, het twee voelhorings aan die kop en het nie angels waarmee hulle kan steek nie"),⁴⁶ *mokkaby*,⁴⁷ *waterkoedoe* (sitatunga), *blourenoster*,⁴⁸ en *rooibuffel* of *waterbuffel* ('n buffelsoort wat in die noorde van Angola voorkom),⁴⁹ asook *korthoringgembok*, *kromhoringgembok* en *basterland* vir bastergembok.⁵⁰

In een geval is die Portugese naam vir die Kaap-Verdiese Eilande (*Cabo Verde*) gebruik om die *kabowerdo-perd* sy naam te gee.⁵¹

Ten opsigte van ander etniese groepe is die gebruik van woorde soos *pretos* (swart mense),⁵² "padre swarte" ("'n bekeerde naturel")⁵³ en *mestiço* (baster)⁵⁴ ook aangeteken. Die Boere het ook gewoonlik na die Portugese setlaars van Madeira neerhalend as *kolonies* of *kelonies* (afgelei van *colonos*) verwys,⁵⁵ terwyl die Boerekinders op hulle beurt die Portugese kinders uitgeskel het as *chicoronhos* (verwysend na die arm, ongeleerde, onbeskaafde handearbeiders van Madeira en hulle afstammelinge).⁵⁶

Die woord *kompater* is ook aangeteken. Volgens Taliet (een van die mak volk): "det beteken nou: sy kjend wat getroud is, toe kom vat hy my vir 'n strooimeisie, ek en my man... ek is nou die strooimeisie – en my man is die strooijonker".⁵⁷ Die woord is waarskynlik van *compadre* (peetpa of vriend) afgelei, terwyl die woord *comadre* (peetma) ook in gebruik was.⁵⁸ Volgens W.A. de Klerk is dit moontlik *konfrater*,⁵⁹ maar sy afleiding is moontlik nie korrek nie. Daar was ook 'n kinderspeletjie met die naam kompatertjie⁶⁰ en die Afrikaanse liedjie "Kompatertjie, buig jou stywe dop".

Slegs enkele ander woorde van Portugese oorsprong is in die taal van die Angola-Boere aangeteken: soos *pepita* ('n stuk spoelgoud of goudklont),⁶¹ *bas* (miltsiekte, "...maar die plek het hulle verlaat, omdat party van die mense so 'n las van 'bas'... gehad het")⁶² en *tinktoera* (jodiumtinktuur).⁶³ Die woord *katana* ('n groot kapmes of *machete*)⁶⁴ het tot die woord *katanasie* ('n moorddadige aanval met 'n katana, die gewerskaf met 'n katana of 'n venynige berisping; Portugees *catanada*) aanleiding gegee.⁶⁵

Woorde uit inheemse tale

Slegs 'n klein aantal woorde van inheemse tale het beperkte burgerreg in die Afrikaans van die Angola-Boere verkry. Die meeste gevalle is ná 1928 aangeteken toe die groepie Afrikaners wat in Angola agtergebley het, heelwat meer Portugese woorde in hul woordeskot gebruik het. Onder hierdie woorde tel *bumba* of *boomba* ('n spesiale soort kombers wat vir goudwassery gebruik is),⁶⁶ *fubá* ('n soort mieliemeel wat algemeen in Portugese en Brasiliaanse kookkuns gebruik word),⁶⁷ *kamba* ('n vriend of vriendin),⁶⁸ *kunda* (fop),⁶⁹ *makós* ('n kort, dik, stomp

sweep wat aan 'n reguit, dik stok vas is),⁷⁰ *matira* ('n klein kalbas),⁷¹ *mogorro* ("dis skuite wat die inboorlinge van groot boomstamme maak") (ook *makoro*, *mekoro* en *mokoro*),⁷² *otitanda* (slaapplek),⁷³ *soba* (die hoofman van 'n stat)⁷⁴ en *watto* ('n uitgeholde boomstam wat as skuit gebruik is).⁷⁵

Slegs enkele gevalle is aangeteken waar inheemse name vir diersoorte gebruik is. Die rede daarvoor is dat die meeste diersoorte wat in Angola voorkom, ook in Transvaal voorkom en dus reeds ingeburgerde Afrikaanse name gehad het. Onder die enkele uitsonderings is die gebruik van *panda* vir die *lelkraanvoël* of *belkorhaan* (*Grus carunculata*). Die lang broeitydperk van die *panda* het aanleiding gegee tot die gesegde "Jy broei nou pandas uit" (Jy is nou vreeslik stadig of langdradig).⁷⁶ Ander woorde wat opgeteken is, is *onusi* (rietbok), *palanca* (bastergembok) en *bambi* (duiker).⁷⁷

Die woord *orangoetang* is wel aangeteken, maar dit is waarskynlik vir die gorilla gebruik, wat wel in die noordelike dele van Angola voorkom terwyl die orangetoetang glad nie in Angola nie, maar in Asië voorkom.⁷⁸

Name van veldvrugte en eetbare plante beslaan verreweg die grootste groep woorde wat uit inheemse tale oorgeneem is. Oor die algemeen was dit onbekende plante wat hulle eers in Angola leer ken het en gevvolglik nie bestaande Afrikaanse name gehad het nie. Die meeste van hierdie name is uit Otjiherero, die verskillende Ovambotale, Mhuila, Kimbundu en Mbundu ontleen. Onder hierdie groep is die name van eetbare knolle en wortels soos *giendja*, *goenga*,⁷⁹ *matombo*,⁸⁰ *moringo*,⁸¹ *namba*,⁸² *oviringo*,⁸³ *tjigoegoe*,⁸⁴ en *utombu* (broodwortel).⁸⁵ Onder die veldvrugte is daar name soos *maboelas*,⁸⁶ *mahongo* of *mahungo*,⁸⁷ *majolo*, *malondo*,⁸⁸ *morollo*,⁸⁹ *mulemba*,⁹⁰ *olehengu*, *olombula*⁹¹ of *olungula*,⁹² *overu*,⁹³ *ovingonguilas*,⁹⁴ *sambia*,⁹⁵ *sambesievrug*,⁹⁶ *sap-sap*,⁹⁷ *usombo*⁹⁸ en *wilde-doendoe*.⁹⁹ Onder die ander plant- en boomname wat aangeteken is, vind ons *matoenda*,¹⁰⁰ *usonge* en *osiutja* (doringbome), *pofēru*, *osesse* en *tentemupa*.¹⁰¹

Slegs in enkele gevalle is 'n naam van inheemse oorsprong naas die Afrikaanse naam gebruik. Onder hierdie name is die *omunyandi* (vir die jakkalsbessie, moepel, geelappeltjie of geelbessie, almal *Diospyros mespiliformis*),¹⁰² *ongongo* (vir die maroela of bierboom, *Sclerocarya birrea*),¹⁰³ en *ombé* (vir die wildedadel, voëlprium of bruinvuur, *Berchemia discolor*).¹⁰⁴

Die houtbosboom of *moepanda* van die hoëveld van Angola het tot 'n interessante gebruik aanleiding gegee: "Op hierdie stadium, in Augustus-September, het die mense met ossewaens uitgetrek na die houtbosbulte om 'tjiembamba' te pluk en te verwerk. Die versuikerde klonte word gepluk of op seile afgeskud, in groot houers in water gesmelt en gekook tot die heerlikste denkbare stroop, met die besondere geur van die boomsoort. Daar en dan word 'n voorraad gebottel vir die jaar wat voorlê."¹⁰⁵ In die aand is onder die boom gesellig verkeer en kinderspeletjies gespeel, gepaard met die liedjie "Tjiembamba mamma se kindjie".¹⁰⁶

In enkele gevalle kon onbekende plante en diere Afrikaanse name kry deur 'n samestelling met 'n Afrikanervan as komponent te vorm. Woorde soos *Jacobsz-mielie* ("die beroemde bloupit-braaimielie" wat aanvanklik aan die Kaap en later in Angola geplant is), *Looyen-bossie* ('n soort voerbossie wat die Hollander-onderwyser Jan Looyen uit Holland saamgebring en wat mettertyd by Humpata 'n onkruid in koringlande geword het), *Meyersblom* ("Die Meyers van Mombolo het 'n strikkelie uit die oerwoud aangeplant en dit het die Meyersblom geword.") en die *Van der Merwe-bees* ("Die Rooibont Afrikanerbees, wat baie melk gee") is aangeteken.¹⁰⁷

Heelwat mites het rondom die oorsprong van dolfhout ontstaan. Daar bestaan 'n vermoede dat dolfhout of *dolfzijnhout* (die Angolese kiaat, *Pterocarpus angolensis*) na Rudolf Holtzhausen vernoem is.¹⁰⁸ Die woord *koeyattehout* ('n paroniem met

“kiaathout”) is ook hiervoor gebruik.¹⁰⁹ Die word *osesse* is ook vir *Dolf-se-hout* gebruik, maar dit was 'n baie sagte hout.¹¹⁰

Een van die onbekende bome in Angola is die *brieksoolboom* gedoop, hoewel die inheemse name *mubobbo*, *mukange* en *omboho* vir die drie verskillende soorte brieksoolbome in gebruik was.¹¹¹ In die meeste gevalle is nuwe Afrikaanse woorde vir veldvrugte geskep deur die voorvoegsel *wilde-* voor die naam van 'n bekende vrug te voeg: *wildeappelkoos*, *willedadel*, *wildedruwe*, *wildegranaat*, *wildeklapper*, *wildekoejawel*, *wildekommkommer*, *wildekweper*, *widelukwart*, *wildenartjie*, *wildeperske*, *wildepiesang*, *wildepruim*, *wildepynappel*, *wildevy* en *wildewaatlemoen*.

Op mediese en veeartsenykundige gebied het die vreemde en onbekende tropiese siektes heelwat geleenthede vir naamgewing geskep. Hoewel siektes soos miltsiekte, longsiekte, galsiekte en runderpes bekend aan die Boere was, moes nuwe terme soos *Humpatasiekte*,¹¹² *Angola-siekte*, en *Baai-siekte*¹¹³ geskep word. Woorde soos *inflensie* (afgelei van *influenza*) vir griep¹¹⁴ (“Daar word my vrou toe weer siek, ook aan die *inflensie...*”)¹¹⁵ geelvet (die palmolie wat in boererate gebruik is),¹¹⁶ *kloutjiesolie* ('n hoesmiddel wat gemaak word deur die pote van wildsbokke uit te kook)¹¹⁷ en *koenyn* (afgelei van *kina* of *kiniën*, wat teen malaria gebruik is)¹¹⁸ is aangeteken. Dit was egter nie nodig om by Portugese of inheemse bure aan te klop om die middele te benoem nie.

Gevolgtrekking

Slegs enkele Portugese woorde en woorde uit inheemse tale het in die Afrikaans van die Angola-Boere neerslag gevind. Uit Portugees is hoofsaaklik woorde op die gebied van die Portugese koloniale administrasie, maat- en geldeenheid, handel, vervoer en ander etniese groepe ontleen. Die name van slegs enkele diersoorte is uit Portugees en inheemse tale ontleen, hoewel heelwat inheemse name vir veldvrugte en bome inslag gevind het. Op mediese en veeartsenykundige gebied moes terme vir onbekende tropiese siektes en medisyne geskep word, maar dit was gewoonlik nie nodig om woorde uit ander tale hieroor te ontleen nie.

Verwysings

- ¹ Strydom, S. 1963. Die Afrikaans van die Angolaboe. *Taalkundige opstelle van oud-studente aan prof. dr. T.H. le Roux*. Kaapstad: Die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, pp. 62-79.
- ² Klopper, H. C. 1986. 'n Karakterisering van DorslandAfrikaans. MA-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- ³ Stassen, N. 2009. *Afrikaners in Angola, 1928-1975*. Pretoria: Protea Boekhuis, pp. 230-233, 292; Stassen, N. Afrikaans van die Angola-Boere, in Hugo, D. 2009. *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis, pp. 165-169.
- ⁴ Steenkamp, J.J. 1939. Die Angola-Boere. Hul Taal en Besondere Taalgebruik. *Die Huisgenoot*, 11 Augustus, p. 35; Die Taalwag. 1941. Angolaboe se Taal (slot). *Die Burger*, 18 Januarie, p. 16; Green, L.G. 1952. *Lords of the last Frontier: The Story of South West Africa and its people of all Races*. Cape Town: Howard Timmins, p. 162. Kyk ook Argief van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Potchefstroom (hierna GKSA): Humpata bylaag 2.1.3, Venter, D.G. *Dagboek van my reis in Angola Julie – September 1926*, p. 52.
- ⁵ Die Taalwag. 1941. Angolaboe se Taal (I), *Die Burger*, 4 Januarie.
- ⁶ Van der Walt, J.G.H. 1920. Op reis in Portugese West Afrika, IV. Die Boere. *Het Kerkblad*, 1 Maart, p. 9.
- ⁷ Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboe, p. 77.
- ⁸ GKSA: Humpata bylaag 2.1.3, D.G. Venter, *Dagboek van my reis in Angola*, p. 52.
- ⁹ Steenkamp, J.J. 1939. Die Angola-Boere. Hul Taal en Besondere Taalgebruik. *Die Huisgenoot*, 11 Augustus, p. 35.

- 10 Van der Walt, J.G.H. Op reis in Portugees West Afrika, IV. Die Boere, p. 9.
 11 Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboere, p. 77.
 12 *Elektroniese WAT: Woordeboek van die Afrikaanse Taal (A–R)*. 2010. Stellenbosch: Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.
 13 Von Moltke, J. 1945 [1943]. *Jagkonings*. Tweede druk. Kaapstad: Nasionale Pers, p. 289.
 14 Nasionale Argief van Namibië, Windhoek (hierna NAN): A.233, W.J.B. Chapman,
Reminiscences concerning the life of William James Bushnell Chapman (1858–1902), p. 181.
 15 Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboere, p. 77.
 16 Persoonlike onderhoud, M.A. du Plessis, 11.07.2007; Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboere, p. 77.
 17 Persoonlike onderhoude, M.C.J. Jacobs (née Du Plessis), 06.07.2007; M.A. du Plessis,
 11.07.2007; E.T. Meyer, 13.07.2007 & 01.05.2008; Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboere, p. 77.
 18 Von Moltke, J. 1958. *Veldsmanne*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel, p. 131.
 19 Volgens Von Moltke, *Veldsmanne*, p. 204, is dit nie 'n anglisisme nie, maar hy versaf
 ongelukkig nie bewyse vir sy stelling nie.
 20 GKSA: Biewenga, P. *Verhale uit die lewe van Dorslandtrekkers en Angola-boere*, p. 71.
 21 Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboere, p. 77.
 22 "arrobas". *Merriam-Webster Online Dictionary*. <http://www.merriam-webster.com/dictionary/arrobas>, 5 Oktober 2009. In Spanje is 'n arroba ongeveer 25 pond (= 11,36 kg).
 23 GKSA: Biewenga, P. *Verhale uit die lewe van Dorslandtrekkers en Angola-boere*, p. 76.
 24 GKSA: AV 2.3.5, Brief Kerkraad van Que – Sinode, 1924 (ongedateer).
 25 Von Moltke, J. *Veldsmanne*, p. 157.
 26 Persoonlike onderhoud, J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk),
 17.08.2007.
 27 *Elektroniese WAT*: Klankargief van die Suid-Afrikaanse Uitsaikorporasie (hierna SAUK):
 Acc. No. 4956, Henry Pieters: Onderhoud met W.A. de Klerk, Afrikaners en hul spore in
 Angola, 18 Augustus 1957; Persoonlike onderhoud, E.T. Meyer, 13.07.2007; Strydom, S.
 Die Afrikaans van die Angolaboere, p. 77.
 28 GKSA: Biewenga, P. *Verhale uit die lewe van Dorslandtrekkers en Angola-boere*, p. 107.
 29 Klopper, H.C. 'n Karakterisering van *Dorslandafrikaans*, p. 255.
 30 Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboere, p. 77.
 31 Persoonlike onderhoud, J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk),
 17.08.2007.
 32 GKSA: Biewenga, P. *Verhale uit die lewe van Dorslandtrekkers en Angola-boere*, p. 160.
 33 Private versameling, Nicol Stassen (hierna FJNS): P.P.H. Alberts-aanwins, Briewe J. van
 Dyk – P.P.H. Alberts, 09.03.1951 & 31.01.1954; Von Moltke, J. *Veldsmanne*, p. 133.
 34 Transvaalse Argieffbewaarplek, Nasionale Argief, Pretoria (hierna TAB): A.779, Band 1,
 Verslag van 'n Kommissie-trek in 'n rigting Noord-Oos van Humpata, 1884, p. 24; Prinsloo,
 J.G., & Gauché, J.G. 1933. *In die woeste weste*. Pretoria: J.H. de Bussy, p. 101; Van der
 Merwe, P.J. 1951. *Ons halfceu in Angola (1880–1928)*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-
 Boekhandel, p. 5; Von Moltke, J. *Veldsmanne*, p. 134; Strydom, S. Die Afrikaans van die
 Angolaboere, p. 77.
 35 Kyk o.a. Veth, P.J. & Snelleman J.F. (red.). 1887. *Daniël Veth's Reizer in Angola*. Haarlem:
 H.D. Tjeenk Willink, pp. 176–177, 199, 252, 274–275; Ivens, C. 1898. L'Angola méridional.
Bulletin de la Société d'Études Coloniales (Bruxelles), 5, p. 10.
 36 Postma, D. 1897. *Eenige schetsen voor een geschiedenis van de Trekboeren thans bekend onder den
 naam van de Gereformeerde Gemeente te St. Januario Humpata, district Mossamedes, Provincie
 Angola, op de Westkust van Zuid-Afrika. (De Trekboeren te St. Januario Humpata)*. Amsterdam:
 Boekhandel Hövener & Wormser, p. 122; NAN: A.233, W.J.B Chapman, *An account of the
 entry of the Trek Boers into Angola...*, p. 18; Van der Merwe, P.J. *Ons halfceu in Angola (1880–
 1928)*, p. 21; Von Moltke, J. *Veldsmanne*, p. 198; Alberts, A. 1990. *In Vreemdelingskap*.
 Groblersdal: A. Alberts, p. 37; Meyer, E.T. 2009. *Plek van die Waterbuffel: Ons 16 jaar in
 Angola*. Windhoek: Alfreda Meyer, p. 70.
 37 GKSA: Biewenga, P. Verhale uit die lewe van Dorslandtrekkers en Angola-boere, p. 154;
 Von Moltke, J. *Veldsmanne*, pp. 132, 222, 241, 267.
 38 Steenkamp, J.J. Die Angola-Boere. Hul Taal en Besondere Taalgebruik, p. 35.
 39 Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboere, p. 77; Persoonlike onderhoud, M.A. du
 Plessis, 11.07.2007.
 40 Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboere, p. 77
 41 Kruger, G.H.J. 1924. Angola. *Die Kerkblad*, 21 Oktober, p. 10; Strydom, S. Die Afrikaans
 van die Angolaboere, p. 77.

- 42 Persoonlike onderhoud, E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
 43 Van der Merwe, W.P. 1991. *'n Outobiografie*. Doornkloof: W.P. van der Merwe, p. 115;
 Meyer, E.T. *Plek van die Waterbuffel*, p. 67.
 44 Persoonlike onderhoud, J.J. Diederiks, 25.09.2005.
 45 Persoonlike onderhoud, J.A. Vermaak (née Breedt), 06.07.2007. Die informant se etimologie
 "soos 'n ertjie" is waarskynlik foutief aangesien die Portugese woord vir ertjie *ervilha* is.
 46 Van der Merwe, W.P. *'n Outobiografie*, p. 38.
 47 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief J. von Moltke – P.P.H. Alberts, 23.10.1966.
 48 Von Moltke, J. *Jagkonings*, p. 225.
 49 Von Moltke, J. *Veldsmanne*, pp. 43, 167; Meyer, E.T. *Plek van die Waterbuffel*.
 50 Von Moltke, J. *Veldsmanne*, pp. 77, 337; Alberts, A. *In Vreemdelingskap*, p. 33; Meyer, E.T.
Plek van die Waterbuffel, p. 37.
 51 Von Moltke, J. *Jagkonings*, p. 92.
 52 TAB: A.779, Band 1, Verslag van 'n Kommissie-trek in 'n rigting Noord-Oos van Humpata,
 1884, p. 37.
 53 Von Moltke, J. *Jagkonings*, p. 136.
 54 Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboeere, p. 77.
 55 *Elektroniese WAT*; Die Taalwag. 1941. Angolaboeere se Taal (slot), p. 16; Van der Merwe, P.J.
Ons halfseu in Angola (1880–1928), p. 2.
 56 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 28.02.2007. Alberts, A. 1979. Kinders
 van Angola: Die Portugese treiter die Boere-kinders. *Die Hervormer*, 71(9), Desember, p.15,
 gebruik die term *scaronha*, 'n foutiewe spelling en uitspraak van die woord *chicoronho*.
 57 SAUK: Acc. No. 4956, Ai Taliet, Onderhoud met W.A. de Klerk, Afrikaners en hul spore in
 Angola; De Klerk, W.A. 1964 (1959). *'n Swerwer op die sonpad*. Tweede uitgawe. Kaapstad:
 Nasionale Boekhandel, p. 119.
 58 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Briewe J. & A. van Dyk – P.P.H. Alberts, 31.01.1954 &
 20.04.1955.
 59 De Klerk, W.A. *'n Swerwer op die sonpad*, p. 118.
 60 Persoonlike onderhoude, E.T. Meyer, 13.07.2007; J.E.M. Lambert (née Kok), 28.05.2008.
 61 Persoonlike onderhoud, J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk),
 17.08.2007.
 62 GKSA: Biewenga, P. *Verhale uit die lewe van Dorslandtrekkers en Angola-boere*, p. 159. Die
 herkoms van die woord *bas* is onseker. In Portugees word *antraz* vir miltsiekte gebruik.
 63 Volgens J. von Moltke in *Jagkonings*, p. 92, is dit "joodtinktuur, in Portugees kortweg *tinctura*
 genoem". Die korrekte Portugees word is *tintura*.
 64 Die Taalwag. Angolaboeere se Taal (I); *Elektroniese WAT*. Dit is onseker of die woord van
 Portugees of van Japanneese oorsprong is. Dit het nietemin via Portugees in die Angola-Boere
 se taal beland.
 65 *Elektroniese WAT*.
 66 Persoonlike onderhoud, ds. A.N.J.D. Alberts, 22.08.2005; Die Taalwag, Angolaboeere se
 Taal (I); *Elektroniese WAT*.
 67 Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboeere, p. 77; Meyer, E.T. *Plek van die Waterbuffel*,
 p. 32. *Fubá* is moontlik uit Kimbundu in Portugees opgeneem.
 68 Persoonlike onderhoud, B.J. Ludeke, 29.08.2005.
 69 Van der Walt, J.G.H. Op reis in Portugees West Afrika, IV. Die Boere, p. 9.
 70 Von Moltke, J. *Veldsmanne*, p. 336; Alberts, A. 1997. *Swart weerlig*. Groblersdal: A. Alberts,
 pp. 39, 70.
 71 Van der Walt, J.G.H. Op reis in Portugees West Afrika, IV. p. 9.
 72 Von Moltke, J. *Veldsmanne*, p. 119.
 73 Von Moltke, J. *Veldsmanne*, p. 98.
 74 Persoonlike onderhoud, B.J. Ludeke, 29.08.2005.
 75 Meyer, E.T. *Plek van die Waterbuffel*, p. 70.
 76 Persoonlike onderhoud, E.P.J. Ludeke, 26.07.2006.
 77 Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboeere, p. 78.
 78 Persoonlike onderhoud, S.C. Stofberg (née Horn), 25.04.2008.
 79 Alberts, A. *In Vreemdelingskap*, p. 67.
 80 Van der Smit, G.D. 1989. Afskrif van radio-kassetopname van gesprek met Martha Maria
 Kok (gebore Van der Smit), 26 Junie, p. 5.
 81 Persoonlike onderhoud, G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
 82 Persoonlike onderhoud, G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007. Strydom, S.
 Die Afrikaans van die Angolaboeere, p. 77, teken *orunamba* aan.
 83 Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboeere, p. 77.

- ⁸⁴ Alberts, A. *In Vreemdelingskap*, p. 67.
- ⁸⁵ Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboe, p. 78.
- ⁸⁶ Persoonlike onderhoud, G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
- ⁸⁷ Persoonlike onderhoud, J.A. Vermaak (née Breedt), 06.07.2007.
- ⁸⁸ Alberts, A. *In Vreemdelingskap*, p. 67.
- ⁸⁹ Postma, D. 1913. De Trekboer. Van St. Januario, Humpata, *Die Brandwag*, 10 Des., p. 473.
- ⁹⁰ Ivens, C.E. 1898. Vice-Consulat de Belgique à Mossamedes (Angola): Rapport No. 1, *Recueil consulaire contenant les rapports commerciaux des agents belges à l'étranger*, 100, p. 61; Dias, Gastão Sousa. 1949. *Jornadas Heróicas de Artur de Paiva*. Lisboa: Divisão de Publicações e Biblioteca Geral das Colónias, p. 36; Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboe, p. 78.
- ⁹¹ Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboe, p. 78.
- ⁹² Persoonlike onderhoud, J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.
- ⁹³ Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboe, p. 77.
- ⁹⁴ Persoonlike onderhoud, J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.
- ⁹⁵ Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboe, p. 78
- ⁹⁶ Herinneringe van F.C. Ellof in Van der Walt, A.J. 1920. *Noordwaarts! 'n verhaal uit die Dorsland-Trek*. Kaapstad: De Nationale Pers, p. 217.
- ⁹⁷ Persoonlike onderhoud, C.C. Prinsloo, 20.04.2008.
- ⁹⁸ Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboe, p. 78
- ⁹⁹ Persoonlike onderhoud, G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
- ¹⁰⁰ Die Taalwag, Angolaboe se Taal (I).
- ¹⁰¹ Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboe, p. 78
- ¹⁰² Duparquet, C. 1880. Voyage en Cimbébasie, III, D'Ombika a Olokonda, *Les Missions Catholique*, 20 août, p. 407; Duparquet, C. 1953. *Viagens na Cimbebasia*. Luanda: Museu de Angola, p. 124; NAN: A.233, W.J.B Chapman, *An account of the entry of the Trek Boers into Angola*, p. 19; Warburg, O. (Hrsg.). 1903. *Kunene-Sambesi-Expedition H. Baum 1903*. Berlin: Verlag des Kolonial-Wirtschaftlichen Komitees, p. 498; Ivens, C.E. Vice-Consulat de Belgique à Mossamedes (Angola): Rapport No. 1, p. 60; De Klerk, W.A. 'n Swerwer op die sonpad, p. 52; Alberts, A. *In Vreemdelingskap*, p. 67.
- ¹⁰³ NAN: A.233, W.J.B Chapman, *An account of the entry of the Trek Boers into Angola*, p. 19; Duparquet, C. Voyage en Cimbébasie, III, D'Ombika a Olokonda, p. 407; Duparquet, C. *Viagens na Cimbebasia*, p.125.
- ¹⁰⁴ NAN: A.233, W.J.B Chapman, *An account of the entry of the Trek Boers into Angola*, p. 19; Namibië Wetenskaplike Genootskap, Windhoek (NWG): Duparquet, C. 1957. Die Reise nach Cimbebasia 1879–1884, p. 184 n. 26.
- ¹⁰⁵ Alberts, A. 1979. Kinders van Angola: Die kind se omgewing, *Die Hervormer*, 71(4), Julie, p. 9; Persoonlike onderhoud, S.C. Stofberg (née Horn), 25.04.2008
- ¹⁰⁶ Alberts, A. Kinders van Angola: Die kind se omgewing, p. 9.
- ¹⁰⁷ Alberts, A. *Swart weerlig*, p. 120.
- ¹⁰⁸ Postma, D. *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren [...]*, p. 310; Grebe, J. 1985. Aanleg van Humpata deur die Trekkers, *Die Suidwester*, 19 Julie, p. 5.
- ¹⁰⁹ Ivens, C.E. Vice-Consulat de Belgique à Mossamedes (Angola): Rapport No. 1, p. 59.
- ¹¹⁰ Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboe, p. 78
- ¹¹¹ Von Moltke, J. *Jagkonings*, p. 177; *Elektroniese WAT*. Die naam *brieksoolboom* dui daarop dat die hout vir die remskoene van waens gebruik is.
- ¹¹² NAN: A.233, W.J.B. Chapman, *Reminiscences concerning the life of William James Bushnell Chapman (1858–1902)*, p. 171.
- ¹¹³ Anon. 1928. Die Trekboere van Angola: Die geskiedenis van oom Andries, *Die Burger*, 10 September, p. 4.
- ¹¹⁴ Von Moltke, J. *Jagkonings*, p. 125.
- ¹¹⁵ Von Moltke, J. *Veldsmanne*, p. 228.
- ¹¹⁶ Persoonlike onderhoud, J.A. Vermaak (née Breedt), 06.07.2007; Von Moltke, J. *Veldsmanne*, p. 139; *Elektroniese WAT*.
- ¹¹⁷ Alberts, A. *In Vreemdelingskap*, p. 64.
- ¹¹⁸ Von Moltke, J. *Veldsmanne*, pp. 270–271; Von Moltke, J. *Jagkonings*, p. 92; Strydom, S. Die Afrikaans van die Angolaboe, p. 77; *Elektroniese WAT*.

Die negatiewe voorstelling van die Portugese koning en koningin in José Saramago se *Baltasar & Blimunda*

Estelle Alma Maré

José Saramago (1922-2010), aan wie die Nobelprys vir Letterkunde in 1998 toegeken is, se roman *Baltasar & Blimunda*¹ speel in die vroeë agt tiende-eeuse Portugal af. Die skrywer skep 'n uiter onsimpatisieke beeld van die verrotte sosiale toestand in die koninkryk as gevolg van die wanpraktyke van die koning, Dom João V, genaamd *O Magnânimo* (Johannes die Grootmoedige), wat van 1706 tot 1750 vir meer as vier dekades die troon beset het. Sy spandabelheid het daartoe geleid dat die ganse volk, van die geestelikes tot die laagste arbeiders, se lewens 'n stryd om bestaansoorlewing behels het, bloot afgewissel met vleeslike genot, wanneer ook al bekombaar.² Slegs drie karakters wat die loop van die verhaal grootliks beïnvloed, te wete padre Bartolomeu Lourenço de Gusmão (1685-1724), 'n historiese figuur met die vermoë tot wetenskaplike denke, en sy fiktiewe helpers, die liefdespaar Baltasar en Blimunda, transendeer gesamentlik die beperkings van hulle situasie deur die bomenslike prestasie te behaal om in 'n masjien te vlieg waaraan hulle jare lank saam gebou het. Die priester se pogings om te vlieg was in sy werklike lewe nooit suksesvol nie, maar in die roman behaal hy wel die prestasie, dog op 'n nie-wetenskaplike, alchemistiese wyse. Vandaar tipeer Saramago self die roman, wat 'n fassinerende mengsel van werklikheid en fantasië is, as 'n "feëverhaal".

Die ontleding in hierdie essay behels slegs 'n vergelyking tussen Saramago se voorstelling van die koning en die koningin, dit wil sê die fiktiewe karakters, en hulle historiese persoonlikhede.

- ³ ICOMOS Scientific Committee on Shared Built Heritage. 2004. *Forum on Shared Built Heritage, City of Melaka, Malaysia*, 14-19 February. The Melaka State Government, PERZIM and ICOMOS. Amsterdam: Urban Solutions.

- ⁴ These interventions include the foreshore development on reclaimed land that negated a possible reading of the historic cultural landscape and obliterated the harbour and fortifications, as well as the canalisation of the river that obliterated the historic riverboat port.
- ⁵ The author assessed the process and performance of ICOMOS in the joint ICOMOS/IUCN mission for scrutiny by the World Heritage Committee – the report is not in the public domain.
- ⁶ Bakker, K.A. & Odendaal, F. 2008a. Le Morne Cultural Landscape: Protecting the intangible heritage. Proceedings of the *ICOMOS 16th International Scientific Symposium*, September 29th to October 4th, Quebec City, Canada; Bakker, K.A. 2009. Intangible heritage in Mauritius – the case of Le Morne. Paper delivered for the plenary session: New Approaches to the Social, Political, and Religious Impact of Public Heritage in the 21st Century, of the international conference *Heritage in conflict and consensus*, held at Bard College, by the Centre for Heritage and Society, University of Massachusetts at Amherst, USA, 11-12 October.
- ⁷ Bakker, K.A. & Odendaal, F. 2008b. Managing Heritage in a Contested Space: The Case of Le Morne Cultural Landscape in Mauritius. *South African Journal of Art History*, 23(1), pp. 225-244.
- ⁸ Ministry of Housing and Lands of Mauritius. 2007. *Planning policy guidelines for the Le Morne Cultural Landscape*. Port Louis: Government of Mauritius.
- ⁹ The author participated in the work session on management proposals from African WH properties, as part of the *2010 UNESCO WHC Periodic Reporting of North, West and East Africa*, in Nairobi, 4-6 May.
- ¹⁰ Rössler, M. & Saouma-Forero, G. (Eds). 1999. *The World Heritage Convention and cultural landscapes in Africa*, Expert meeting, Tiwi, Kenya, 9-14 March.
- ¹¹ UNESCO World Heritage Centre. 2005. *Operational Guidelines for the Implementation of the World Heritage Convention*. Document WHC 05/2, p. 1 [particularly Point 3(e)]; 10 [particularly Points 39-40]. <http://whc.unesco.org/en/guidelines>
- ¹² For example introducing and subscribing to the following document: ICOMOS. 2007. *Charter for the Interpretation and Presentation of Cultural Heritage Sites*. Paris: ICOMOS. http://www.international.icomos.org/quebec2008/charters/interpretation/EN_ICOMOS_Charter_Interpretation_10-04-07.pdf
- ¹³ BAKKER, K.A. 2010. Best Practice in Sacred Sites. Unpublished paper delivered at the conference *on Cultural practice and memory: reclaiming living heritage through sacred sites*, by the Commission for the Promotion and Protection of the rights of Cultural, Religious and Linguistic Communities, at the Senate House, WITS University, 21 April.
- ¹⁴ BAKKER, K.A. 2007. South African heritage places – Expanding current interpretation and presentation. *South African Journal of Art History*, 22 (2), pp.14-23.

Die lang pad huis toe: Ervarings van Suid-Afrikaanse remigrante (2003-2010)

Alana Bailey

Die Kom Huistoe-Veldtog is in Maart 2003 geloods as hulpdienst vir Suid-Afrikaanse emigrante wat na die land wil terugkeer. Aanvanklik was dit 'n gesamentlike aksie van die vakbond Solidariteit en die Maatskappy vir Immigrasie (MVI), 'n migrasiehulpdienst sonder winsoogmerk. In 2005 is die MVI gederegistreer en die veldtog het daarna deel van die veldtogene van AfriForum, die nuutgestigte burgerregte-inisiatief van Solidariteit, geword.

'n Groot frustrasie wat met die veldtog ondervind word, is die gebrek aan betroubare statistieke. Niemand kan met sekerheid bepaal presies hoeveel Suid-Afrikaners die land verlaat, weer terugkeer, of na hulle terugkeer Suid-Afrika opnuut die rug toekeer nie. Dit is die gevolg van beide die migrante se terughoudendheid (veroorsaak deur faktore soos hulle eie onsekerheid oor die permanensie van hulle verhuis, pogings om valutabeheer te ontduiik, of huiverigheid om hulle migrasieplanne aan familie en werkgewers bekend te maak) en die staat se onvermoë om rekord van sy burgers te hou. Die Suid-Afrikaanse Instituut van Rasverhoudinge raam egter dat meer as 'n miljoen witmense die land tussen 1990 en 2005 verlaat het¹ – 'n kommerwekkende hoë syfer as in ag geneem word dat nie net wit Suid-Afrikaners emigreer nie, dat emigrasie nie in 2005 opgehou het nie en dat Suid-Afrika onder ernstige vaardigheidstekorte gebuk gaan. Omdat onbetwissbare syfers ontbreek, is dit moeilik om die owerhede van die noodsaak van remigrasie-aksies te oortuig.

Sedert Maart 2003, het die Kom Huistoe-Veldtog al navrae uit 57 lande ontvang en meer as 6 500 gesinne en individue gehelp om terug te kom. Die stroom remigrante is veel groter, want nie almal wat terugkeer het AfriForum se hulp nodig nie – net dié met byvoorbeeld burgerskap-, doeaneklärings- of soortgelyke behoeftes kontak Kom Huistoe se adviesburo. Die terugkerendes is nie naskoolse avonturiers nie, maar volwasse, professionele kundiges wat nog in hulle ekonomies aktiewe jare is. Die meeste het tersiêre kwalifikasies en kinders.

Die redes waarom mense emigreer, is uiteenlopend. Hulle is bekommerd oor kwessies soos regstellende aksie, 'n gebrek aan volhoubare loopbaangeleenthede, die swak standarde van plaaslike dienslewering, burokratiese rompslomp en die feit dat hulle soos vreemdelinge in hulle eie land voel. Verreweg die meeste emigrante noem misdaad as vernaamste rede waarom hulle nie wil remigreer nie.

Die redes waarom emigrante wel terugkom, is net so verskillend. Emosie speel 'n groot rol, byvoorbeeld verlange na 'n bekende taal, kultuur en omgewing, die behoefte om kinders by oumas en oupas groot te maak en 'n verlange na Calvinistiese waardes. Ouers wat in Suid-Afrika agtergebleef het, word ouer en het hulp nodig, wat ook 'n rol speel in die besluit om te remigreer. Dan is daar die ekonomie – die resessie het baie mense laat terugkom. Na bewering het meer as 39 000 Suid-Afrikaners die afgelope jaar na die land teruggekeer.² Immigrasiewetgewing word strenger en baie se permitte word eenvoudig nie meer in die buiteland hernu nie, ander verloor hulle werk, of werksomstandighede

word so onaangenaam dat hulle eerder na Suid-Afrika wil terugkeer. Dit geld veral vir mense in Groot-Brittanje, die Arabiese Emirate, die Verenigde State van Amerika en Australië.

In Februarie 2010 het die Sondagkoerant *Rapport* besluit om 'n gevoel van pessimisme in die land te troef met 'n artikel oor remigrasie. Kom Huistoe het inligting oor remigrante aan *Rapport* voorsien en dié mense is deur joernaliste gekontak. Uiteindelik was die reaksie so oorweldigend dat *Rapport* se voorblad op 28 Februarie 2010 net uit die foto's van teruggekeerde bestaan het. Die koerant se hoofartikel en 'n dubbelblad van kleiner artikels is ook aan die onderwerp gewy.³ Op die oog af was dit die gevolg van joernaliste se harde werk, maar aan die ander kant verteenwoordig die uitgawe van *Rapport* 'n waterskeiding in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse migrasie. Vantevore was min mense bereid om oor hulle terugkeer te praat – veral met die media. Dit was deels die gevolg van die bitsige reaksie van hulle landgenote (beide binne en buite Suid-Afrika) wat graag enige teruggekeerde as mislukking brandmerk. Migrasie bly 'n sensitiewe onderwerp. Die publiek reageer deurgaans heftig op enige artikel oor migrasie. Emigrante word dikwels deur diegene wat agterby as lafaards gebrandmerk – op sy dag het selfs Nelson Mandela smalend na die *chicken run* verwys.⁴ In teenreaksie, of dalk as gevolg van dekades se Calvinistiese leer dat Suid-Afrikaners 'n sogenaamde godgegewe roeping aan die suidpunt van Afrika het, voel emigrante dikwels die noodsaak daarvan dat hulle hulle emigrasie moet regverdig, 'n sentiment wat min ander nasies in die globale tyd deel. Wanneer iemand dan durf beweer dat remigrasie positief is, sal van die 'blyers' en emigrante met irrasionele venyn reageer. Van hulle het selfs al die Kom Huistoe-personeel met die dood gedreig. 'n Mens kan dus nie remigrante verkwalik as hulle net hulle lewens in rus en vrede wil voortsit nie. In Februarie 2010 was daar egter honderde mense wat bereid was om onder hulle eie name, met foto's, te verklaar dat hulle terug is en openlik te sê hoe hulle die terugkeer ervaar. Byna alle e-posse wat deur die groep gestuur is, het die vraag "Hoe kan ek help?" bevat. Dit bewys dat die meeste van hierdie mense nie verbitterde mislukkings is nie, maar teruggekeerde wat hulle met entoesiasme en toewyding in die land hervestig het. Die meeste van hulle is duidelik ingelig oor die lewe in Suid-Afrika, maar besef dat elke land probleme het en dus het hulle bewustelik ten gunste van Suid-Afrika en sy probleme gekies. Dit is interessant om die mense se ervarings in hulle eie woorde te lees.⁵

Daar is diegene vir wie die remigrasie uiters teleurstellend was. Magda Vermaak beskryf dit so: "Ons is terug uit Duitsland. Weens die kriminaliteit en die gevoel van onwelkom wees in jou eie land sal my dogter weer uit die land gaan so gou as wat dit vir haar moontlik is. Mense wat wil terugkom moet besef dat hulle hier 'n paar jaar uit die mark was. Niks en niemand gaan die lewe vir jou probeer maklik maak nie. Ek het aangehou neul om terug te kom na Suid-Afrika, maar as ek sien wat hier van ons gesin geword het, is ek bitter spyt ons het teruggekom. 'n Mens voel moedeloos. Ongelukkig het ons nou geen keuse nie, ons is moet maar hier bly. Ons het ontsettend baie verloor!"

Vir ander is die keuse meer genuanseerd. Diederik van Niekerk het in Oktober 2009 uit Australië teruggekeer. Volgens hom het hy "teruggekom om persoonlike redes, maar tot die gevoltagekking gekom dat dit altyd neerkom op 'n kop- versus 'n hartsbesluit. So ja, ek het baie gemengde gevoelens, maar in my omstandighede is dit vir my lekker om terug te wees (oorwegend)."

Peter McLaren Kennedy het jarelang ervaring in Europa opgedoen, maar ook sowat twee jaar gelede teruggekeer. Hy beskou Suid-Afrika as "still a great place to live, but the incompetence that you experience in business (not just public departments and junior staff) is scary to say the least. The one thing that the UK

and Europe certainly has over South Africa, is the standard of work, working conditions, et cetera, which are streets ahead there.”

Vuyokazi Booibeskryf die terugkeer as ’n kultuurskok: “I lived in the UK for five and half years, after having left in June 2003. It sometimes feels like South Africans have lost their passion and have no interest at all in their jobs or country. But maybe I am wrong. In the UK service delivery wasn’t just a lip service, but every government employee worked towards achieving it – and no compromise.”

Sommige mense verwag skynbaar dat hulle paadjie in Suid-Afrika makliker moet wees as dié van ander Suid-Afrikaners wat insgelyks hier spook om werk te vind. ’n Anonieme respondent verklaar: “What you don’t realise is that in spite of my continuous contact with you, nothing was forthcoming. The irony is that I work in skills development and thought I would like to make a difference in this country. Hah! What a disappointment. I’m not sure now. I was unemployed for almost 4 months after returning home. Have you ever felt what it feels like if your family have to support you financially? My calls for help for work and assistance fell on deaf ears. Speak of a horrible honeymoon after coming home...! Since then I have had to carve out a path for myself without any help.”

Die harde realiteit is dat ’n mens nooit terugkeer na die land wat jy verlaat het nie – nie net die emigrant groei in die tyd wat hy of sy weg is nie, maar diegene wat agtergebleef, se lewens beweeg ook aan. ’n Emigrant wat haarself “Golden Girl” noem, skryf: “I spent five lonely months in South Africa last year... and it was hard to connect or find friends. But one day...”

Die meeste respondente is egter baie gelukkig om terug in Suid-Afrika te wees. Louise Vorster skryf: “Ek is terug! Was vyf jaar in die VSA, van September 2003 tot November 2008. Ek het werk in die Kaap gekry en woon in Blouberg. ’n Droom word waar! Ek moes eers weggaan en baie swaar kry om te besef ons land is die beste plek op aarde! Die verlange huis toe was ’n konstante kol op my maag. Nou kan ek weer asemhaal. Ek ken baie mense wat huis toe gekom het. Dankie vir julle ondersteuning. Dit beteken baie as ’n mens so ver weg is.”

Christelle Erasmus het selfs romanse in Suid-Afrika raakgeloop: “Ek het in 2007 teruggetrek Suid-Afrika toe na vier jaar in die VSA. Ek is baie gelukkig terug hier! Ek het my trouman ontmoet twee weke na ek hier aangekom het en ons is in 2008 getroud. Hy is net so lief vir Suid-Afrika en het ook al die wêreld vol gereis en gewerk. Ons wil net hier bly!”

Vir John Craig het nie eers ekonomiese voordele swaarder as die verlange huis toe geweeg nie: “My family and I returned from Melbourne to Cape Town in December 2009 after a year away and we have never been happier. The lifestyle and everything else in Cape Town are streets ahead of what we experienced in Melbourne, despite what you hear. I was offered shares and an associate post in the Civil Engineering Consultancy that I was working for there, but I turned it down for a post in my previous company in Cape Town. Best decision ever made. My daughter wrote matric in Melbourne and has also returned to UCT and is really happy.”

Martie Kruger stem saam: “Ons het tien jaar in die VSA gewoon, en is nou twee jaar terug in Suid-Afrika. Suid-Afrika is die beste land in die wêreld, dis heerlik om terug te wees.”

Selfs buitelandse lewensmaats geniet die lewe in Suid-Afrika, bevestig Rick Crouch: “It has been good to be back. My wife who was born in Los Angeles, as well as my two young boys who were born in California, are enjoying it too.”

Suzanne van der Merwe is sommer by voorbaat opgewonde oor hulle gesin se terugkeer: “Ons is tans vir twee jaar in Nieu-Seeland en vlieg binnekort terug na Suid-Afrika – JIPPIE!!!”

Die uiteenlopende reaksies bewys dat elke individu migrasie – soos die lewe

self – op 'n unieke wyse ervaar. Migrasie is wel 'n persoonlike keuse, maar die uitdaging wat Suid-Afrika in die gesig staar, is om sy burgers almal só tuis in die land te laat voel, dat niemand sal wil emigreer nie – nie vir 'n eerste of 'n tweede keer nie. Die toekoms van die land hang tot 'n groot mate hiervan af.

Verwysings

- ¹ MacFarlane, M. 2005. Blight and flight in South Africa's population. *Fast facts*, Vol. 11, November 2005.
- ² Anoniem. 2010. Baie weghollers hol terug SA toe. *Sondag*, 2010.06.27.
- ³ Joubert, J. 2010. Derduisende SA gesinne keer terug na 'bekende landskap'. *Rapport*, 2010.02.28.
- ⁴ <http://www.mg.co.za/article/1998-09-18-losing-the-middle-class>.
- ⁵ Korrespondensie uit die Kom Huistoe-Veldtog se lêers, Februarie tot Mei 2010.

Kultuurgeskiedenis uit koekblikke: 'n knippie familiegeskiedenis en 'n handvol produkte

Elize Labuschagne-Hull

Ek stam uit 'n lang lyn van mooi vrouens: sensueel, vroulik, slim.
Ek het kultuurgeskiedenis uit koekblikke geleer.

In die eerste koekblik was my ma se ou foto's bewaar. Vryers, van voor haar huwelik, is slim afgesny sodat net sy oorgebly het, met miskien hier en daar 'n manshand agter haar rug versteek? Sommige foto's is vernietig. Maar Ma se slimmer dogter het ná haar dood die negatiewe in die koekblik laat ontwikkel en só die heel mooiste foto's ontdek.

In die tweede koekblik was knope, dié van Ouma, Oumagrootjie, en hier en daar dié van 'n afgestorwe tannie. Dit het my geleer dat ou goed waarde het, al is dit nie waardevol nie. Die knope het my aan my voorgeslagte laat vat.

Die derde koekblik was vol handwerk, doilies spesifiek. Van hulle was dié van Ouma Josephine, met mooi glas-druiwetrossies om die rande. Ma Hessie s'n was nog deftiger. Die oudstes is gebrei met vier breinaaldjies, skerp aan beide punte, soos wat kouse ook destyds gebrei is. Die rande is omgehekel. Die nuwer doilies is in geheel gehekel, sonder om eers met die briewerk te sukkel.

Vandag pryk daardie selfde doilies op kommersiële glas-items: 'coasters', glasmagnete, handsakspieëls, kristal-papiergewigte en hake wat deftige handsakke veilig aan tafels laat hang. Hessie se doilies het die elektroniese eeu betree en verkoop soos soetkoek. Maar wie was Hester Redelinghuys?

My aantreklike oupa aan moederskant, Johannes Nicolaas Smidt (1889-1935) kom uit 'n vername Rustenburgse familie. Sy ouers was Stephanus Jacobus Smid[t] en Martha Magdalena van Staden.¹ Johannes is op 7 Junie deur die bekende dominee Jac van Belkum (1851-1933) in die tydelike Hervormde bokseilkerk in Rustenburg gedoop, skaars drie dae nadat die leraar in Rustenburg aangekom het. Van Belkum het 'n nuwe doopregister vir die Hervormde Kerk Rustenburg aangelê,² en oupa se naam is as deel van die twintig eerste name daarin aangeteken. Een van die getuies by hierdie doop was my oupagrootjie: Stephanus Jacobus Smid[t], waarskynlik die dopeling se oupa aan vaderskant.

Min is oor die Smidte bekend, maar die Van Stadens was bekende Rustenburgers. Oumagrootjie Martha Magdalena was die dogter van Petrus Johannes van Staden (*1823), wat in 1851 tot die eerste landdros van Rustenburg verkies is. In 1862 is hy vir 'n tweede maal ingesweer en het vir byna twintig jaar in hierdie pos gedien. Hy was die seun van Petrus Johannes van Staden (*1804) en Anna Maria Smit (1806-1894).³

Petrus Johannes van Staden senior was die eerste ouderling van die Hervormde Kerk van Magaliesburg (Rustenburg) en sedert 1841 een van die eerste ouderlinge van hierdie kerk in die noorde. Hy was uit die distrik Uitenhage afkomstig en het die Groot Trek saam met die Potgieter-mense meegemaak. In 1850 word Van Staden deur die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek saam met Andries Pretorius (1798-1853) en P.F.J. Pretorius aangestel om 'n

kerkplaas in Rustenburg te help aanlê. Hy het tot met sy dood 'n leidende rol in dié kerk en gemeenskap gespeel.⁴

Dit dan die herkoms van my oupa Johannes Nicolaas Smidt. Wanneer hy my ouma ontmoet en hom in Pretoria gevestig het, is onbekend. Hulle het na hul troue in die lowerryke voorstad Capital Park gewoon. Johannes Nicolaas is op 16 November 1935 in die jong ouderdom van vier-en-veertig jaar oorlede. Met sy dood was hy 'n drukker in diens van *De Volksstem*, die bekende Pretoriase dagkoerant.⁵ Hy het my ouma met sewe kinders agter gelaat: die oudste twintig en die jongste nog nie drie jaar oud nie.



Oupa Johannes Nicolaas Smidt en Ouma Josephine Frederika. Die seuntjie is my oom Stephanus Jacobus Smidt, en my ma, Hester Catharina (Hessie), is op haar ma se skoot. (Foto c1918, Versameling Elize Labuschagne-Hull)

My eksotiese, beeldskone ouma Josephine (1894-1970) het 'n kleurryke geskiedenis, omhul in misterie en fluisteringe. Josephine Frederika (gebore Schmidt) het volgens my nooit aan haar kinders haar ware nooiensvan of herkoms bekend gemaak nie. Indien wel, is dit nooit aan my oorvertel nie. Dat my oupagrootjie aan moederskant die befaamde grootwildjagger

Barend Daniel Bouwer was, my oumagrootjie sy vrou Hester Catherina en dat hulle seun die bekende generaal 'Ben' Bouwer (Barend Daniel) was, DIT is my wel vertel.

Generaal Ben Bouwer se memoirs, gebaseer op die dagboek wat hy tydens die Tweede Vryheidsoorlog gehou het, is in 1980 onder redaksie van O.J.O. Ferreira uitgegee. So dokumenteer Ferreira onwetend 'n stukkie van my (aangenome) familiegeskiedenis. Die kleurryke Barend Daniël Bouwer (1842-1907) en sy vrou Hester Catherina Bayeina (*Engelbrecht, 1854-1941) was van die eerste jagters in die huidige Namibië en Angola, en word as sodanig in verskeie publikasies vermeld. Barend was bekend as 'n baas-grootwildjagger, veral van olifante. Sy vrou Hessie het hom op menige jagtogg vergesel en was wel bekend. Die Bouwers het hulle in 1889 in Pretoria gevestig.⁶



Hester Catherina Bayeina Bouwer ('Hessie'), my aangenome oumagrootjie. (Versameling Elize Labuschagne-Hull)

Hoe en wanneer Ouma Josephine by die Bouwers beland het, en waar sy vandaan kom, is onbekend. Die vermoede is dat sy van Duitse herkoms was. Ek onthou 'n oempa-liedjie wat sy in my kinderdeae gesing het. Dit blyk dat sy by die Bouwers grootgeword en hulle as haar ouers beskou het, al het sy nooit formeel die van 'Bouwer' gedra nie. Haar aangenome ma Hester Catherina Bouwer het in haar testament 'n klein bedraggjie nagelaat aan ouma Josephine, wat in die verdelingsrekening beskryf word as "adopted daughter of the deceased".⁷

Waarskynlik omdat hy die grootwildjagter se naam gedra het, het my ouma se jongste seun Barend Daniël (in die testament genoem "son of adopted daughter") ook 'n klein bedraggie bekom. Dat my ma die lang name van die oorledene gedra het, het haar nie gebaat nie. 'Ouma Bouw' (soos my ma haar altyd genoem het) het vir haar aangename kleindogter Hessie nik nagelaat nie.

'Hessie', soos Ouma Bouwer bekend gestaan het, se naam leef vandag nog voort in die naam van my eie dogter, Alinke Heste Labuschagne. Ons het grootgeword met die oortuiging dat die liedje 'Hessie se witperd' ons 'eie' oumagrootjie Hessie Bouwer besing. Aangenome of nie, Hessie/Hester/Heste is 'n familienaam wat met trots gedra word.

My ma, Hester Catharina Redelinghuys (*Smidt, 1917-1996) was die tweede oudste kind van Josephine Frederika en haar man Johannes Nicolaas Smidt. Sy was 18 toe haar pa in 1935 oorlede is en is 'n jaar daarna met my pa, Wynand Frederik Redelinghuys (1914-1971), getroud. Ek dra Hessie en Frik se trouring permanent. Die Redelinghuyse se genealogie is goed gedokumenteer.⁸

Ma Hester, ywerige naaldwerkster, het haar fyn handwerkvermoë van haar ma gekry. Die vyf Smidt-dogters en hul ma se hande was nooit leeg nie – die klikklak van breinaalde, borduurnaalde, hekelpenne en die gewoer van 'n Singer-voetnaaimasjien het gesorg vir mooi huisgoed, asook truie, rokke en handgebreide sokkies wat ons kinders se basse toegehou het. My eerste paar 'winkelsockkies' het ek in die laat-laerskool gekry. Ek het die handgebreide kantpatroonkouse gehaat, bloot van nie beter weet nie.

*Ouma Josephine
Frederika Smidt
(middel agter) met
haar vyf dogters.
My ma Hester
Catharina (Hessie)
is links agter.
(Foto 1952,
Versameling
Elize
Labuschagne-
Hull)*



Die Smidt-dogters het graag doilies gemaak. 'n Doilie het vlieë van die melkbeker weggehou. Dit was ook 'n spogding wat meubels teen krappe beskerm en met die naaldwerkster se vernuf gespog het. Die woord 'doilie' het aanvanklik verwys na 'n tipe materiaal gemaak deur ene Doiley, 'n 17^{de}-eeuse Londense tekstielhandelaar. Doilies is gewoonlik uit katoen of linne gehekel of gebrei en die verskaffers van katoengare het aan die begin van die 20^{ste} eeu talle doiliepatrone gepubliseer.⁹

Die item het 'n oop patroon sodat die oppervlak waarop dit lê deurskyn. Die ontwerpe is rond of ovaal en die item word van die middel na buite vervaardig – dit herinner aan 'n son-motief, of selfs 'n mandala. Papierdoilies het in onlangse jare hul katoen-voorgangers verstoet en handgemaakte doilies het in linnekaste verskuil geraak – uit die mode en buite sig.

My ma Hester se doilies het onlangs uit die koekblik geklim en deel geword van die doilie se wêreldwye herlewning. Die grafiese en tweedimensionele

kwaliteit van die doilie pas in by die mode vir uitknip- of silhoeëtwerk wat as motiewe voorkom in klere, dekormateriale en die gedrukte media. Die doiliemotief is ook tuis in die ‘nuwe nostalgie’ – my los term vir die algemene hunkering na dinge van waarde, na dit wat jy ken en dit wat tydloos is. In die Suid-Afrikaanse konteks is die doilie iets waarmee die meeste Afrikaners grootgeword het – so deel van ons verlede soos stowevleis, riempiesbanke en bokkievelle op die vloer.

Al hierdie motiewe beleef ‘n herlewning. Op die kosfront is langsaam stowe teen lae temperature mode. Jagtrofeeë word uit alle moontlike media vervaardig en sonder ‘n bokkop teen jou muur is jy ‘uit’. Motiewe uit die Afrikaner-verlede, soos wawiele en jagmotiewe pryk by top-dekorskoue en in glanstydskrifte. Die wiel draai, het die ou mense gesê. Een van die heel nuutste dekortydskrifte besing ‘n reproduksie-riempiesbank as deel van die nuwe reeks van een van ons moderne dekorwinkels.¹⁰ Moderne tafels kry gedraaide pote – minimalisme maak plek vir die bekende, geliefde historiese motiewe en lyne. Afrika-motiewe is die nuwe wêreld-inspirasie. Die Fifa-wêreldbeker, met die gepaardgaande blootstelling van Suid-Afrika, doen sy deel om ons land, sy mense en sy erfenis aan die wêreld te wys. So hoekom nie Ma se doilies as papiergegewigte nie? Dit was my logiese gedagtegang.



Doily-motief soos geïnterpreteer in swart lasergesnyde vilt-plekmat en swart servetring. Regs is glas-papiergegewigte gebaseer op 19^{de}-eeuse handgekleurde grafiese werke, deel van die Igugu-reeks van Tassels & Treasures. (Elize Labuschagne-Hull, 2010)


My ‘nuwe’ loopbaan as produkontwikkelaar was die natuurlike uitvloeisel van twintig jaar in die dekorbedryf, waarvan ‘n groot deel gewy is aan historiese binne-ontwerp. My firma spesialiseer onder ander in kommersiële gebruiksitems met ‘n historiese tema. Die eerste ‘inheemse’ ontwerpe is uit lasergesnyde metaal gemaak. Die sukses van hierdie reekse het geleid tot ander Suid-Afrikaans geïnspireerde reekse soos ‘Amablokke’ – stelle houtblokke met alfabetletters, waarmee lekker Afrikaanse uitdrukings gebou kan word.

Geïnspireer deur my aangename oupagrootjie, die grootwildjagter, en my versameling 19^{de}-eeuse grafiese werke, is die reeks ‘Igugu’ gebore. *Igugu* is die Zoeloewoord vir ‘kosbaarheid’. Die reeks bestaan uit kristalglas-papiergegewigte en -magnete met reproduksies van 19^{de}-eeuse afbeeldings van Afrika-diere – ‘n kommersiële aanpassing van outentieke kultuurhistoriese kosbaarhede. ‘Igugu’ se produktemas sluit ook waterverf-afbeeldings van Suid-Afrikaanse blomme, diere en voëls in, uitgevoer deur die kunstenaars Graeme Arnott, Gill Condy en Elbe Joubert. Die reeks is onlangs vergroot deur sleutelhouers, ‘coasters’, ver-

grootglase, brief-oopmakers en bladwysers daartoe te voeg. Talle staatsmanne en bekendes spog met 'Igugu'-items in hulle besit.¹¹

'Hessie se doilies' is 'n voortsetting van hierdie rigting wat ek as ontwerper ingeslaan het. Die produk word bemark as 'Elizabeth's treasures' (Elizabeth = eksell) en maak onbeskaamd van my ma se 'storie' in die bemarking gebruik. Die persvrystelling vir hierdie reeks lees: "Elizabeth's treasures draw on antique graphics and family heirlooms for inspiration. Based on timeless treasures such as doilies knitted and crocheted by my mother, Hester Redelinghuys, this range is a tribute to old fashioned values and everlasting beauty".¹² 'Hessie's doilies' en 'Hester Redelinghuys' kan nou selfs op die internet gesoek word. Hierdie tuisontwerpte reeks sluit aan by lasergesnyde vilt- en metaal-dekor met 'n doiliemotief binne die *Tassels & Treasures*-reeks.

'Hessie's doilies'. In die agtergrond is drie doilies gemaak deur my ma, Hester Redelinghuys (Hessie) waarop die produkreeks gebaseer is. Links is vier glas-'coasters', regs bo twee glaspapiergewigte, regs onder vier glasmagnete en in die middel 'n handsakkhaak. (Elize Labuschagne-Hull)



Hessie se doilies is 'n hoogs persoonlike stelling van wie ek is: my verlede, my hede, my geërfde kreatiwiteit en my liefde vir my Afrikaner-erfenis in al sy vorms – maar veral in sy visuele, tasbare gestalte. So reg uit die oude doos (of koekblik).

Verwysings

- ¹ NH Kerkargief, Pretoria. NH Doopregister Rustenburg G2 3/1/1/7. 7 Junie 1891.
- ² Engelbrecht, S.P. 1951. *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg 1850 – 1950*. Rustenburg: Kerkraad.
- ³ Engelbrecht, S.P. *Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg 1850-1950*.
- ⁴ Engelbrecht, S.P. *Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg 1850-1950*.
- ⁵ TAB Boedel 91083/1935. Johannes Nicolaas Smidt.
- ⁶ Ferreira, O.J.O. (red). 1980. *Memoirs of general Ben Bouwer as written by P. J. le Riche*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing; Preller, G.S. 1941. *Voortrekkers van Suidwes: Geskiedenis van die land en sy volke met hul oorloë, van die Dorslandtrek; die Smit-trek uit Piketberg en die Duitse en Britse veroweringe*. Kaapstad: Nasionale Pers, pp. 148, 150-151, 179-180; Tabler, E.C. 1973. *Pioneers of SWA & Ngamiland 1738-1880*. Cape Town: Balkema, p. 15; Trümpelmann, G.P.J. 1948. Die boer in Suidwes-Afrika, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* Deel 11(2); Von Moltke, J. 2003. *Jagkonings, Die jagavonture van die Dorslandtrekkers*. Pretoria: Protea Boekhuis, pp. 13-18, 30, 33, 34, 43, 65, 66, 69, 71, 73-75, 79, 86, 95, 96, 118, 140-142, 203, 221.
- ⁷ TAB Boedel 2380/1941. Hester Catherina Bouwer.
- ⁸ Redelinghuys, A. 2008. *Genealogie Familie Redelinghuys*. Ongepubliseerde manuskrip.
- ⁹ <http://en.wikipedia.org/wiki/Doily>. Besoek: 23 Mei 2010.
- ¹⁰ Robertson, L. 2010. Home-grown revolution. *House & Leisure*, June, p. 36.
- ¹¹ www.tassels.co.za
- ¹² Tassels & Treasures. Ongepubliseerde katalogus & persvrystelling, 2009.

Van 'n piekniek tot “Verder niets bezonders”... Onderweg na 'n familiegeskiedenis

Lize Kriel

Die enkele stuk wat ek ooit in my lewe geskryf het waarop ek aanspraak kan maak dat dit werklik gelees is (deur meer as 'n eksamineerde of evaluateerde), was die eerstejaarstaak wat ek in 1991 vir professor Cobus Ferreira in Kultuurgeskiedenis oor my familie moes doen. My ma se susters en my Kriellooms het elkeen aangedring op 'n afskrif en my kleinnefies het dit as basis vir hulle skooltake gebruik. Dit was ook die stuk waarop ons teruggeval het om ons familie se storie agtermekaar te kry vir Helena Garner se genealogiese *magnum opus* oor die Kriele in Suid-Afrika, wat eersdaags verskyn. As dit nie vir daardie taak was nie, het my pa nie indertyd niggies opgebel en rondgery om grafstene te gaan soek nie. Daarsonder sou ek en my ma waarskynlik ook nooit sover gekom het om die regte name langs die regte ou portrette van haar Snijman- en Gijsergrootjies te kry nie.

Wel wetende wat die waarde daarvan is om familiegeskiedenis van tyd tot tyd op papier te bestendig, gee ek steeds dieselfde taakopdrag aan eerstejaars, waar ek nou so bevoorreg is om die kursus aan te bied waarvoor professor Ferreira eens verantwoordelik was. Maar dis ook 'n taak wat my skaam maak omdat ek nog nie sover kon kom om self iets meer van my eie familie se storie te maak nie. Dis tekenend daarvan dat ek nog 'n vakleerling in die gilde van geskiedskrywers is; vir wie die gereedskap nog nie 'n verlengstuk geword het van die kop se planne nie. Ek bly nog hiperbewus van die uitoefening van tegniek, waar ervare hande dit asof-spontaan toepas.¹ Hopelik, eendag, voel ek vakman genoeg. Ek weet ten minste waarna ek streef: die maatstaf is of dit lesers dieselfde genoegdoening sal gee as Cobus Ferreira se stories oor sy vaai en sy moei en sy Onder-Kougawêreld,² waarin hy wetenskaplike presisie tot artistieke volkommenheid transendeer het.

As 'n geskenk vir Cobus Ferreira se sewentigste verjaardag, wou ek dan vorendag kom met iets wat hy sal geniet om te lees, en iets wat vir die talle en talle mense wat dit geniet om hóm te lees, 'n indruk kan gee van die veelvlakkigheid van sy invloed as dosent en skrywer op ten minste hierdie één oud-student. Wat sy skryfwerk my telkens leer, is die onafwendbare noodsaak van goeie narratiewe konstruksie; die belang van materiële kultuur ten einde mense se geesteslewe te probeer verstaan; en die sin daarin om menswees in streekskonteks te bestudeer alvorens daar probeer word om hulle binne identiteite wat met nasionale grense gepaard gaan, te orden.

Dis 'n stuk koekoekvoël-werk wat volg, want dit behels grootliks 'n uittreksel uit 'n primêre bron. Ek dink nie ek gaan verder kom as om net 'n paar eiers te lê in 'n nes wat reeds uitgevoer is nie. Ek hoop dat dit waaraan ek hier proe-proe, uiteindelik 'n bronrepubliekisasie sal kan word. En wanneer ek sover kom, sal ek natuurlik streef om te voldoen aan die pynlike hoë maatstawwe wat professor

Cobus ook met hierdie genre in Suid-Afrikaanse geskiedskrywing daargestel het. Ten minste, vermoed ek dat die einste handeling om hierdie bydrae vir die *Festschrift* voor te berei (dankie, Schalk!), my darem sover gebring het om tog aan 'n familiegeschiedenis te begin *dink*, hoewel dan van die lafaard-kant af waarvoor ek in hierdie stadium kans sien: Anders as die Snijmans en die Kriele van wie ek afstam, waar die inligting hoofsaaklik in die vervlietende domein van die herinnering lê, het ons kind se Roux-grootjie artefakte nagelaat: teks op papier wat haar pa koesterend in 'n boks met hom saamgetrek het sedert hulle gesin die plaas Grootfontein, Distrik Lichtenburg, in die laat-1980s verlaat het.³

Karin Barber praat in die voorwoord van haar boek *Africa's hidden histories* oor "tin-trunk texts".⁴ Die boek bevat 'n vyftiental merkwaardige bydraes oor Afrikaner wie se geletterde nalatenskap nie in geïndekseerde openbare versamelings of staatsargiewe of gepubliseerde memoires te vinde is nie, maar letterlik in vergeelde manuskripte in trommels wat families onder beddens gehou het. Daniël Jacobus Roux, wat op 22 Desember 1882 in die Kaapkolonie gebore is, in die oorlog van 1899-1902 vir die Boere geveg het, in die Eerste Wêreldoorlog aan Suid-Afrika se veldtog in Duitswes deelgeneem het, een van die welvarendste boere in die Lichtenburgdistrik geword het, en op sy sterfdag in 1943 die Setswana bynaam gehad het wat rofweg vertaal as "die man met die groot maag", was alles-behalwe swart in die Suid-Afrikaanse historiese konteks. Tog sluit die dagboek wat hy, skynbaar eenmalig in sy lewe, vir die eerste ses maande van 1911 in 'n *Agricultural and Pastoral Diary* van 1909 gehou het, wel aan by die gees van Barber se "tin trunk texts". Dit bied 'n blik op die koloniale alledaagse, die 'elke dag' van 'n jong boer in die Wes-Transvaal soos wat dit nie in amptelike dokumente weergegee kon word nie.

Dit sê iets oor manlikeheid in die kontekste van privaatheid en huislikheid, en karring derhalwe met die algemene geneigdheid, veral in vredestyd, om intiemer domeine as vroulik te merk. Die dagboek gee ook 'n lewendige indruk van wat dit dag na dag in 1911 behels het om te boer. Roux het immers in 'n landbouersdagboek geskryf, maar ek is nie seker dat dit sy eerste en enigste doel was om van sy boerdery boek te hou nie. Die verskillende lewensfere was nie so netjies van mekaar te onderskei nie. Die eerste inskrywing berig dat hy en sy familie uitgenooi is na 'n Nuwejaarspiekniek. Wat ek veral besonders vind, is dat die man wat in later jare die swaarwigte rol van die patriarch van Grootfontein met sulke groot skoene gespeel het, hier self aan die woord is in sy relatiewe jeugdige sorgeloosheid. Hoewel reeds berekend oor sy finansies en sy status, was hy nog relatief onafhanklik, met nie té veel waарoor en teenoor wie hy hom moes verantwoord nie. Hy was byna argeloos jeens konvensie. Maar dan is daar ook 'n onderliggende ambivalensie in sy voortdurende soeke na samesyn en sy drang na 'n geliefde. In die ses maande waarin hy dagboek gehou het, het hy gewerskaf om sy materiële bestaan aan te pas om tot sy hunkerige te konformeer. In dié einste proses is sy jonkmansbestaan in iets anders omvorm – en aan die einde van daardie ses maande sou die nuwe lewensfase waartoe die dagboekskrywery meegehelp het, juis daardeur, ook tot 'n einde gebring word.

Is ons voyeur wat iets lees wat nooit vir ons oë bedoel was nie? In die hoekie van een van die voorste bladsye van die *South African Agricultural and Pastoral Diary published by Griffiths & Co., Machinery and Hardware Merchants, Port Elizabeth & East London*, die bladsy waarop die postariewe vir 1909 gedruk is, het Daniel Jacobus Roux sy pen ... of was dit sy handskrif? ... geoefen:

Daniel Jacobus Daniel Jacobus Daniel Jacobus Roux DJ Roux Elandsputten
Eland Daniel DJ Roux Elandsputten Lichtenburg Transvaal.

Hoe het dit gekom dat die boek met die inskrywings bewaar gebly het? Was

Daniel Jacobus Roux se sewe-en-twintigste lewensjaar vir homself 'n besonderse tyd, sodat hy die boek waarin hy daaroor geskryf het, as 'n tipe memento wou bêre? Was daar trots of verleenheid of liggerraaktheid oor die self-bewustheid in die oordadige handtekening-oefenry en naamtekening (meestal nogal as Dan Roux) aan die einde van elke dag se inskrywing? (Die *Diary* het ook die bêreplek geword vir ander notas, onder meer 'n getikte briefie wat in 1923 aan die *Farmer's Weekly* gestuur is:

Wanted immediately strong healthy adaptable cheerful Dutch or English lady with good education to undertake sole management of house for widower and children, and especially to be a mother to children in every sense of the word. State salary required (Board and lodging found by advertiser). Late sleepers, fortune hunters and persons not thoroughly domesticated need not apply. Forward testimonials full particulars and if possible a snap to Roux, Grootfontein, P.O. Rooigrond, Mafeking [nou Mafikeng].

'n Liewe Engelse vrou het haar opwagting gemaak, maar is in die pad gesteek toe dit geblyk het dat sy eintlik Katolieke was...⁵ (Maar ek loop die storie vooruit). Die vraag is of ons, as ons dan voyeuristies die intieme dagboek van 'n man lees wat daagliks deur die loop van sy laaste halfjaar as vrygesel 'n paar indrukke opgeteken het, weet wát dit is wat ons lees. Is dit die vreemdheid wat ons bekoor, of die identifikasie met wat lyk na kontinuïteit en bekendheid? ... en is dit dan nie juis dáár waar ons dink dat ons op dieselfde golflunge as die vergangenheid is, dat ons ons eintlik vergis nie! Verder nog, hoeveel van dit wat éintlik gebeur het, is nié neergeskryf nie?

Die dagboek van 1911 is 'n poëtiese teks wat boekdele spreek omtrent die woordekonomie van 'n praktiese boer: Die formaat van die *Griffiths & Co Diary* het Dan Roux genoeg om sy dag telkens in vier of vyf reëls op te som. Die integriteit van die dokument van so vier-en-'n-half-duisend woorde word onafwendbaar geweld aangedoen wanneer ek uittreksels aanhaal en sekere inskrywings selekteer om onder my opgemaakte kategorieë te orden, maar siende dat hierdie aanbieding nog ver tekortsiet aan navorsing om 'n behoorlike geannoteerde bronrepubliek te word, gaan ek my tog aan hierdie tipe disseksie skuldig maak. Natuurlik word 'n laag betekenis verder afgestroop wanneer 'n mens Dan Roux se vloeiende handskrif in Times New Roman omsit (aan sy spelling en leestekengebruik, of gebrek daaraan, het ek niks verander nie).

Om mee te begin, net 'n paar voorbeelde om 'n indruk te skep van die uiteenlopendheid van dinge wat in die dagboekinskrywings gejukstaponeer is:

Sunday [29 Januarie 1911]

Om twaalf uur is Ferdinand over gegaan naar de mielielanden en Vader heeft naar huis gekomen. Vanmiddag hadden wij een gezegende regen. DanRoux

Monday [30 Januarie 1911]

Wij hebben gebraak Jan Du Toit was hier terug van Kerk
Gidion Niemand was ook hier om water te zoek voor hun ossen een zoon is hier vanavond zoekende naar Jan van d Heevers honden DanRoux

Soms was die dae vol en gebeurtenisvol:

Saturday [7 Januarie 1911]

Kaf gestopt en een vracht koorn en aard appelen geladen voor Mafeking ook hebben wij de draad gerepareer. In die middag was ou Throlope hier met een donkie kar zoekend naar 67[?]schapen.

[In die linkerkantlyn:] JanduToit en ou Jonas hadden ook heden morgen 2 balen kaf gestopt voor SJ Bekker Dan Roux

[In die regterkantlyn:] In de avond is hier 2 kuier gasten gekomen van Niekerk en Smit Dan Roux

.... soms (veral Sonde) minder so:
Sunday [12 Februarie 1911]
Wij hebben een stillen dag gehad

Sunday [19 Februarie 1911]
Niets bij zonders van daag in de namiddag was ik bij de lande geweest

Friday [10 Maart 1911]
Ek heb nog vandaag ook geploegd
Geen bij zonders nieuws Dan Roux

Die beskrywings van daagliks aktiwiteite is in Nederlands-Afrikaans opgeteken, maar die dae van die week, wat natuurlik gekorrigeer moes word om die aanpassing van 1909 na 1911 se kalender te maak, is in Engels geskryf – skynbaar ver vooruit, want, wanneer Dan Roux, wat later in sy lewe “oom Daantjie Roux”⁶ sou word, op 23 Junie 1911 skynbaar vir goed ophou dagboek hou, staan die dae in sy eie handskrif nog vir drie weke vorentoe vergeefs vir verdere inskrywings en wag. Die Rouxs het nogal so ’n effense Engelse klap weggehad met ’n Skotse ouma, Mary Elizabeth Rowan, uit Stellenbosch, maar hierdie talige hibriditeit was sekerlik nie vreemd in die Mafikeng-Lichtenburg-grensgebied nie.

Die twee blywendste indrukke wat die boer se inskrywings op my gemaak het, was die belang van reën, (verwysings en versugtinge daarna kom 25 keer in ’n dagboek met 174 inskrywings voor), en die tyd wat boerdery in beslag geneem het. Naas ‘braak’, plant, natlei en oes (van aartappels tot kool tot uie tot hawer tot gars tot koring tot pampoen tot mielies in ses maande!), en diere versorg (perde, varke, bokke en beeste word pertinent genoem – daar is elke nou en dan ’n verlore os wat gesoek moet word), moes daar verkoop en aangekoop word. Hier volg ’n paar inskrywings:

Thursday[12 Januarie 1911]
Wij hebben mielies uitgedun Vader en Ferdinand heeft yzervark gaten gestopt en ik heb geverf en kool geplant DRoux

Friday [13 Januarie 1911]
Begonnen met te Braken
Vader heeft kool geplant Dan Roux

Saturday [14 Januarie 1911]
Ik heb gebraak. Ferdinand is van morgen naar W.Dreyer om beesten te koop.
Van middag hadden wij een gezegende regen gehad DanRoux

Tuesday [17 Januarie 1911]
Ferdinand te huis hy heeft 4 koeien gekocht M Coetzee was hier en heeft 5 zakken koorn gekocht
[In die linkerkantlyn:] Vader is naar de landen om het op te passen
[Onderaan die bladsy was daar geen plek om nog ’n handtekening ook te maak nie.]

Wednesday [22 Februarie 1911]
Van daag heb ik begonnen met braken bij de wit rand
ook was ossen van avond weg DJRoux

Tuesday [7 Maart 1911]

Van Morgen hebben wij een fraaie regen gehad en van daag het ik beginnen met haver grond ploeg

Saturday [25 Maart 1911]

Van Morgen is ik van Droege Malopo naar huis van daag heb ik hout gemaak in heb ook naar [die os] Potmuis gaan zoek Dan Roux

Sunday [26 Maart 1911]

Van daag was E night hier geweest op weg naar Wonderfontein. Mijn os Boosman is rechte ziek. Ek ben van 12 uur af tot van avond bij de lande geweest Dan Roux

Monday [3 April 1911]

Van morgen heb ik naar [die os] hartman gaan zoek en heb hem bij de pad makers sen ossen gekregen Verder heb ik gebraak en Vark geslacht

Ten einde diere te koop en te verkoop, moes lang afstande afgelê word (en die folio-grootte dagboek, met vulpen en ink, is skynbaar oral saamgery):

Tuesday [31 Januarie 1911]

Ek naar Hartsrivier om beesten te koop en had te Leeuwkuil over nacht

Wednesday [1 Februarie 1911]

Van Morgen ben ik van Leeuwkuil en heb van daag een weinig nat geregen heb te Rietfontein overnacht bij P Duplessis Dan Roux

Dit sal 'n interessante oefening wees om te probeer bereken hoeveel tyd op die pad deurgebring is – maar dan moet daar onmiddellik bygevoeg word dat sulke ritte nie net om besigheid gegaan het nie. Kuier was belangrik. Ander het ook by die Rouxs op Elandsputten aangedoen, en op die 'uitspanning' oorgebly. Daar was 'n voortdurende kom en gaan van mense:

Wednesday [4 Januarie 1911]

Heden ochtend mooi regen

Van 10 uur hebben 50 zakken koorn gedorst A Bodenstein en Jim Lizzemore met ons van avond een gezellig avond. Bekker en duToit en Jan Rootman allen naar huis Dan Roux

Sunday [8 Januarie 1911]

Van Niekerk en Smit is van avond onze gasten

Verder was het een weinig omweren doch geen regen Dan Roux

Daar was ook nou en dan melding van mense wat op pad terug van die kerk af by die Rouxs gekuier het:

Monday [10 April 1911]

Van daag heb ik een vracht haver geladen en 10 zakken uien Bestemd voor Mafeking ook was de hr S Bekker [dit lyk asof Bekker sy eie naam geteken het] hier met zijn vrouw terug van kerk

Tussen die Rouxs op Elandsputten, waar Dan, sy broer Ferdinand, suster Lalie en moeder en vader gewoon het, en die Coetzees van Grootfontein is oor en weer gekuier.⁷ Vriendskap moes verwikkeld-vervleg gewees het met kliëntskap: Voor in Dan Roux se dagboek staan 'n paar notas oor watter Coetzee hom wat skuld:

Ontvangen op den 2 den April 1911 van de hr Marthinus Coetzee

Grootfontein £1-10 en van de hr G.J.Coetzee £2-10 nog verschuldig aan mij
door M Coetzee £2-5 Dan Roux

Die boekstowing van Coetzee se skuld word interessant wanneer dit vergelyk word met die dagboekinskrywing van 2 April: Roux het daardie Sondag by die Coetzees gekuier, en hy het op dieselfde dag dat twee van die Coetzees hulle skuld gedeeltelik vereffen het, vir "HC" een pond gegee. Teen April 1911 was HC en Dan Roux op die punt om hulle huweliksplanne aan haar familie bekend te maak. Die manier waarop die verhouding tussen die twee ontvou het, kan van die eerste ontmoeting – maar 'n skamele twee maande vantevore – in die dagboek gevolg word:

Wednesday [15 Februarie 1911]

Van Morgen van Roodegrond op Grootfontein heb ik miss Hennie Coetzee ontmoet

Van avond weder tehuis D.J.Roux

[In die regterkantlyn: (die naam van 'n boek?)] De Beginsel Der Dingen of 3de Vryer tot gedachtenis Dan Roux

In die laatsoemer het hulle begin kuier:

Saturday [25 Februarie 1911]

Van Morgen heb ik gebraak tot 12 uur

Toen is ik naar Grootfontein om tekuier bij H.C. en heb de geheele nacht wakker gebleven

...en dan word "H.C.", Hendrika Jacoba Alberthina Coetzee, gebore 14 Augustus 1890, "mijne beminde Hennie Coetzee":

Thursday [2 Maart 1911]

Van morgen heb ik mijn aardappelen op de Mafeking Markt gehad en Van avond overnacht ik Bij Mijne Beminde te Grootfontein. DJR

... en lank nadat Dan Roux ophou dagboek hou het, so vertel sy dogter Naomi nege dekades later, het hy nog op sy vrou se erfposieplaas, Grootfontein geboer. Die ironie is dat daar ryk diamantneerslae gevind is op die plaas Elandsputten wat deur boer Roux opgesê is, maar dan wás Dan Roux ook 'n boer en geen prospekteerde nie.

Die moontlikheid dat daar strategiese oorwegings was in die keuse van Hennie Coetzee as sy beminde, kan nie uitgesluit word nie. Nietemin, uit die vier reëls per dag tot sy beskikking om die gang van sy lewe tussen Februarie en Junie 1911 te verantwoord, is dit moeilik om 'n ander afleiding te maak as dat Dan báie na haar verlang het, en érnstig by haar gekuier het:

Friday [3 Maart 1911]

Van Grootfontein naar huis en van om trent 11 uur was ik bezig met uien oogsten Dan Roux

Saturday [4 Maart 1911]

Van daag heb ik uien geoogst en van avond ben ik duizend hartzeer en verlangend naar mijne Beminde HC Dan Roux

Sunday [5 Maart 1911]

Het was Vandaag een on weder dag

Van morgen was Jan vd Berg hier tot van middag ik verlang zeer vandaag naar Mijne Beminde

Dan Roux

Wednesday [8 Maart 1911]

Van morgen ben ik naar de dorp geweest om medicijnen te krijg voor mijn hart Dan Roux

[In die linkerkantlyn:] Vandaag hadden wij mooi regen gahad

En dan staan hierdie opmerkings oor so 'n groot verlange nog so onverskonend tussen boer Roux se aantekeninge oor watter hings by watter merrie was ... en so aan ...:

Sunday [19 Maart 1911]

Van dag heb ik castoroil gedrik [sic] het regen bijna de heele dag A.D. Kotzee was hier om de hings bij de merrie tikry

Diere se maniere is inderdaad noukeurig van boek gehou (en o hemeltjie wat die name van die koeie nie alles te kenne gee omtrent die ras- en gender-gebonde tiperings wat gangbaar was in die tyd nie):

Friday [20 Januarie 1911]

Wij hebben aardappelen geplant. De Bul is achter [die koei] zwart Meid Jan du Toit was ook hier terug van dorp Dan Roux

Wednesday [25 Januarie 1911]

Wij hebben aardappelen geplant en mes gereden
De Bul is achter [die koei] Witneus DanRoux

Thurdsay [26 Januarie 1911]

Wij hebben stroo in de kraal gerden en mes gestroo en gebraak van avond is de Bul klaar met [koei] Bontrok ook
heb ik van avond de zwart koeje van Ferdinand gekocht van Jan Dupreez was ook hier DanRoux

Gepraat van groepstipering: Die aanname van wit baasskap was waarskynlik sodanig 'n gegewe dat swartmense nie bewustelik sigbaar gemaak is in boer Roux se skryfprosesse nie. In een van die aanhalings hierbo moet die adjektief "ou" die genoemde Jonas waarskynlik as 'n swart werker merk. Dit is duidelik dat Roux sover hy kon, self gewerk het, maar daar was tog hulp. Jan du Toit kom verskeie kere in die dagboek ter sprake, so ook 'n ene Bekker, en die manier waarop hulle hulle arbeid beskikbaar gestel het, skep die indruk dat hulle nie selfstandige boere was nie. Die hardwerkende Dan sou ons waarskynlik kon vertel waarom:

Monday [17 April 1911]

Vandaag had ik gebraak en Garst gezaai
Verder was Jan du Toit hier om mij tezeggen dat ze telui zijn om de stenen te komen maken

Selfs nie sy pynende verliefde hart het hom van sy boerdery-ywer laat afsien nie. Deurgaans bly die besoek aan Grootfontein gebonde aan die ritme van die boerderybedrywighede (dit het natuurlik gehelp dat daar op Grootfontein 'n uitspanning was vir reisigers onderweg na Mafikeng):

Tuesday [21 Maart 1911]

Vandaag heb ik aardappels in zakken gegooi en heb mijn vracht recht gemaak om naar Mafeking te gaan
Dan Roux

Wednesday [22 Maart 1911]

Om tien uur is ek van hier vertokken naar Mafeking en had te Grootfontein

overnacht een aan genamen avond had ik met mijne Beminde H.C.

Dan Roux

[In die linkerkantlyn:] L Rootman was daar

Wat verder opval, is hoe Dan Roux se aankope toeneem en verander soos wat sy huwelik met Hennie Coetzee nader. Tydens 'n besoek aan Grootfontein op Saterdag 1 April het hulle "alles recht besproken", en teen 15 April, met Basaarnaweek (die eerste keer dat Roux 'n kerkbesoek deur homself vermeld) is al vir Hennie gevra om 'n ring te begin uitsoek:

Saturday [15 April 1911]

Van Morgen is ik naar de Kerk gegaan en wij hadden een aan genamen Bazaar gehad Van daag vertoonde ik mijne Beminde eenige ringen
Doch ik zond ze weder terug en laat ander komen Dan Roux

Sunday [16 April 1911]

Wij hadden een aan genamen Kerk gehad
Van avond is ik tehuis gekomen Dan Roux

Dan Roux en Hennie Coetzee het "ons wensen" om te trou, na 'n mislukte poging op 11 April, eers op Dinsdag 2 Mei aan "de huis Bazén" op Grootfontein "te kenne gegeven". Die veronderstelde "vuurdoop (met koue sweetdruppels!) wat dit," volgens Geoff Cronje, "vir elke jong man was"⁸ kom nie in Roux se dagboek ter sprake nie. Sy eie ouers verneem eers op Saterdag 27 Mei van sy voorneme om te trou – nadat hy reeds begin het om 'n huis te bou en onder meer 'n koskas te 'order'. Roux se keuses as verbruiker onthul iets van die handelsnetwerke waarbinne die boerderygemeenskap funksioneer het, maar spesifiek van sy eie groeiende vermoëndheid, sy vlak van ingeligdheid, en dit waarin hy status belê het en waaraan hy belang geheg het:

Monday [27 Februarie 1911]

Van Morgen bin ik naar de Dorp gegaan
Van daag heb ik mijn kleederen ontvangen door my georderd op 29 Dec 1910
uit London DRoux

Tuesday [28 Maart 1911]

Van Morgen heb ik voor mijn een pak kleederen georder van [?] Garlick
Capetown

Monday [8 Mei 1911]

Van daag is ik naar Lichtenburg met een Vracht hout voor de inweiding der
Trein Dan Roux

Tuesday [9 Mei 1911]

Van daag heb ik de ringen (engagements) ontvangen

Monday [29 Mei 1911]

Van daag is ik naar die dorp gegaan en heeft mij Bruid ze Dres georder ook
heb ik in de Post gekregen mijn Consent Certifikaten getekend Dan Roux

Hennie het dus geleentheid gehad om haar smaak in ringe te kenne te gee, maar met die rok?! Ek sou wat wou gee om meer van haar meelewing aan die proses te wete te kon kom, bo en behalwe die gegewe dat die strukturele impak van Roux se huwelik met haar saamgeval het met die einde van sy dagboekskrywery.⁹ Op 23 Junie, 'n week voor hulle troue, berig Roux:

Friday [23 Junie 1911]
Op het Dorp [iets doodgetrek]
koop eingie huis raad Verder niets bijzonders Dan Roux

En daarmee loop die aantekeninge in *Griffiths & Co* se boeredagboek van 1909 dood soos 'n spoor in die sand. Arthur Ponsonby het opgemerk dat mense wat dagboek hou, ly aan 'n "itch to record" en mense wat briewe skryf, aan 'n "itch to relate".¹⁰ In Daniel Jacobus Roux se geval was dit dalk 'n biejie van beide. Oom Daantjie Roux¹¹ was 'n onwaarskynlike dagboekhouer. Teen 1911 het hy reeds die eerste van twee oorloë deurleef waarnaar hy nooit, en daaroor was kinders en kleinkinders dit oor die jare eens, 'n woord gepraat het nie.¹² Miskien juis daarom gee hy ons so 'n konkrete blik op die Wes-Transvaalse boerdery-wêreld van 'n eeu gelede. Te midde van die harde werk as boer, bly die relatiewe ongestructureerdheid en die lewenslus van sy laaste vrygeseldae my by:

Wednesday [24 Mei 1911]
Ek bleef te Grootfontein over en had een pleizierigen dag met mijne beminde
Dan Roux

Thursday [25 Mei 1911]
Van morgen van Grootfontein naar Mafeking al waar ik een gezellig avond
had met enige vrienden van Rooigrond Dan Roux

Friday [26 Mei 1911]
Van Morgen op de markt en van avond vertoeerde ik met mijne beminde tot
laat in de avond en toen is ik achter de wagen aan gegaan ik kreegde wagen te
Droge Malopo Dan Roux

Maar dan was daar tog, te midde van die uitbundigheid en onverskrokkenheid wat sy dade impliseer, iets van 'n huiwering in sy stem-op-papier – byna 'n ontsag om sekere dinge nie blatant op skrif te stel nie. Middel-April 1911 herhaal Dan Roux byna die identiese opmerking in twee agtereenvolgende inskrywings:

Tuesday [18 April 1911]
Vandaag had ik de her Badenhorst van Roodegrond gehuur om mijn huis
te bouen
Van avond bij mine beminde en had iets vreemds over gekomen

Wednesday [19 April 1911]
Van morgen om 5 uur ben ik thuis gekomen
Ik had bij mijne beminde HC over nacht en had iets vreemds overgekomen
Van daag heb ik uien gezaai

Voor in Hennie Coetzee se Bybel is die geboortedatums van haar vyf dogters en een seun opgeskryf.¹³ Dan Roux en sy beminde se eerste kind, Martha Roux, is op 28 Januarie 1912 gebore. Dit was nie so 'n vreemde ding om oor te gekom het nie.

*Lascia la spina,
Cogli la rosa;
Tu vai cercando
Il tuo dolor
Canuta brina
Per mano ascosa
Giungerà quando
Nol crede il cor.*¹⁴

Verwysings

- ¹ Die Amerikaanse sosioloog Richard Sennet skryf in sy boek *The Craftsman* (2008. London: Allen Lane) met insig – en vanselfsprekend dus ook met groot erkenning aan die kultuurhistoriese studies wat hy daaromtrent geraadpleeg het – oor die aard van vakmanskap en die uitdaging om 'n meester te word.
- ² Kyk die volgende boeke deur O.J.O. Ferreira, 1997. *Stamvader Ignatius Ferreira en sy naverwante*. Pretoria: O.J.O. Ferreira; 2003. *Onder-Kouga: Bakermat van Gerbers en Ferreiras*. Jeffreysbaai: Adamastor, en 2007. *Die Bloed in ons Are: Voorgeslagte van Martina Philippina Ferreira (1937-1999) en Ockert Jacobus Olivier Ferreira (*1940)*. Jeffreysbaai: Adamastor.
- ³ Ek is vir hierdie hele oefening groot dank verskuldig aan Daniel Jacobus Roux se naamgenoot, my eggenoot, wat lank terug reeds die dagboek getranskribeer het, en deurgaans uitgehelp het met sy eie versamelde herinneringe oor sy Roux-familie. Soos prof Cobus weet, het ek sedert ek met hierdie Roux te doen gekry het, nogal 'n aangenamer, ewewigtiger mens geword. Dankie ook aan skoonma Marie Roux (gebore Lindeque), wat destyds alles wat vir haar bewarenswaardig gelyk het, uit die ou plaasstore gered het. Lyk my nogal daar is iets te sê vir vrouens as bewakers van die stories van die families waar hulle introu.
- ⁴ Barber, K. (Ed.). 2006. *Africa's Hidden Histories. Everyday Literacy and Making the Self*. Bloomington: Indiana University Press.
- ⁵ Hierdie staaltjie is deel van die kollektiewe herinneringe van Roux se familie, aldus sy naamgenoot-kleinseun.
- ⁶ Persoonlike inligting, Naomi van Deventer (gebore Roux), Wolflaan 69, Primrose, tydens 'n telefoongesprek met Daniël Jacobus Roux, 23 Julie 2001.
- ⁷ Soos die kraai vlieg, is Elandsputten sowat 48 kilometer vanaf Mafikeng, met Grootfontein min of meer op die halfpadmerk onderweg daarheen.
- ⁸ Cronje, G. 1968. Die Patriargale familie in die Afrikaanse kultuurontwikkeling, in Pienaar P. de V. (red.). *Kultuurgeschiedenis van die Afrikaner*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, p. 103.
- ⁹ Dan en Hennie Roux se derde dogter, Naomi, het my man vertel dat haar moeder 'n "baie fyn vrou" was, en verder: "Hy het haar nooit hardop hoor lag nie"; "Hy was gebroke na haar dood" en "Sy was lieflik en opreg." Persoonlike inligting, Naomi van Deventer (gebore Roux), 23 Julie 2001.
- ¹⁰ Ponsonby, A. 1923, *English Diaries. A Review of English Diaries from the sixteenth to the twentieth century with an introduction on diary writing*. London: Methuen, p. 30
- ¹¹ Na sy dood is hy onthou as 'n "streng man" wat gewerk het van "donker tot donker". Persoonlike inligting, Naomi van Deventer (gebore Roux), 23 Julie 2001.
- ¹² Volgens sy naamgenoot-kleinseun het hy navrae oor sy oorlogservarings afgemaak met die opmerking "Oorlog is 'n lelike ding". Sy dogter Naomi onthou: Hy was 'n militaris wat geveg het onder Generaal de Wet in Potchefstroom. Senior bevelvoerders in die destydse leër het vir hom gesê dat hy sy tyd op die plaas mors, dat hy 'n groot kop in die leër kon gewees het.
- ¹³ Twee weke na die geboorte van haar sesde kind, op 30 Oktober 1923, is sy oorlede. Die advertensie vir 'n huishoudster vir die wewenaar en kinders, is op 6 November na die *Farmer's Weekly* gepos. Op 5 Julie 1924 het Daniel Jacobus Roux vir sy tweede vrou 'n diamantring gekoop – die een wat ek vandag dra. Daar was nog plek om die geboortedatum van die eerste twee kinders uit sy tweede huwelik op dieselfde bladsy in sy eerste vrou se Bybel in te skryf. My Daniël Jacobus Roux se pa (en ons kind se oupa) Frederik Wilhelm Roux, het nie meer ingepas nie.
- ¹⁴ Woorde van kardinaal Benedetto Pamphilj, getoonsoet deur G.F. Händel: Laat staan die doring, pluk die roos; jy soek jou eie droefheid. Vinniger as wat jou hart dit verwag, kom bring 'n onsigbare hand jou tot by jou oudag.

Colorir usando vários tons de verde

Amancio d'Alpoim Miranda Guedes



Steel sculpture for the portico, Universidade Moderna, Lisboa.

Museums en navorsing: 'n eeu-eue verbintenis in die Westerse wêrld

Cecilia Kruger

Museums vorm deel van die kultuur erfenis wat uit tasbare en nie-tasbare erfenishulpbronnes bestaan. Tasbare erfenishulpbronnes is alle twee- en driedimensionele voorwerpe en dokumente, terwyl nie-tasbare erfenishulpbronnes aspekte soos legendes, musiek, tradisies, gelowe, regte, waardes en taal insluit.¹

Tasbare erfenishulpbronnes kan ook verdeel word in nie-roerende en roerende erfenishulpbronnes. Eersgenoemde sluitstrukture soos groot beeldhouwwerke, huise, geboue, grafte en argeologiese terreine in. Roerende erfenishulpbronnes is alle kleiner voorwerpe wat verskuif kan word. Dit is op hierdievlak waar museums funksioneer. Voorwerpe vorm die kern van museumversamelings hoewel moderne tendense ook klem lê op die studie en bewaring van die nie-tasbare aspekte van die lewe.

Volgens die kultuurfilosoof, Johan Huizinga (1872-1945), "wil men het verlede kennen".² So vervul die 'museum' in die Westerse wêrld 'n unieke funksie deur middel van voorwerpe en oorblyfsels van die verlede wat aandui hoe die mens sy moontlikhede verwesenlik en aan die lewe gestalte probeer gee het – deur sy familielewe, ambagte en kuns, kulture en beskawings. Kultuurvoorwerpe is die resultaat van mense se arbeid in hulle pogings om die omgewing te bewerk en te beheer. 'n Voorwerp spreek van veel meer as die hout, klip of yster waaruit dit gemaak is. Dit spreek van mense, hulle waardes, norme en idees wat in voorwerpe beliggaam word en wat een kultuur van 'n ander onderskei.

Die Westerse mens is in wese 'n versamelaar van voorwerpe. Daar is verskillende motiewe waarom mense versamel, waaronder passie vir 'n saak en ekonomiese redes. Sover bekend was die eerste amptelike 'versamelaar' 'n Sumeriese hoëpriesteres van die maangodin Ur wat in c550VHE geleef het. Die ontdekking van die graf van farao Toetankamen in 1922 het ook getuig van vroeë versamelingsaktiwiteite onder die Egiptenare.

In die periode, c500VHE tot 500HE, het Griekse kuns 'n hoëgraad van volmaaktheid bereik en versamelaarswaarde gehad. Skatte is eers in tempels vergader waar hulle as wydingsgeskenke opgedra is. Dit was deel van volksbesit en van nasionale belang. Priesters het na die versamelings omgesien.

Dit was egter die stigting van die stad Alexandrië in Egipte deur Alexander die Grote (356-323VHE), wat die fondamente vir die moderne museum sou lê. Sy opvolger Ptolemeus Soter I (c367-283VHE) het daar 'n sentrum vir geleerdheid gestig wat die *mouseion* genoem is. Die woord 'museum' is hiervan afgelei. Dit beteken "tempel gewy aan die nege Muse" in die Griekse mitologie. Geleerde is hierheen gebring om in verskillende wetenskaplike rigtings navorsing te doen.

Met die totstandkoming van Rome as die groot sentrum van die Romeinse Ryk is die Muse geassosieer met 'n skat van versamelings. Veral die generaals het na hul uitgebreide oorlogspogings en oorwinnings enorme hoeveelhede oorlogsbuut na Rome teruggebring en 'n versameldrif aangewakker. Oral in Rome het kunswerke verskyn – "eventually the centre of Rome became a museum in itself, a place of display of plundered objects of beauty of an earlier time..."³ Ook die

keisers van die Ryk het skatte in hul tempels en private villas versamel.

Die opkomende Christelike kerk het die antieke kultuur as 'n bedreiging beleef, beeldetempels as afgodery bestempel en baie kultuurskatte is gevulglik verwoes. In die Middeleeue staan kuns volledig in diens van die kerklike lewe en vervul daarin belangrike funksies. Kuns moes bydra om die geloof van die mens te versterk. Grootse versamelings ontstaan aan die prinslike howe, kerke en in kloosters. Van die versamelings het die kerns van moderne museumversamelings geword. Middeleeuse versamelings het dus hoofsaaklik ontstaan uit godsdienslike of bygelowige motiewe en nie om estetiese of wetenskaplike redes nie.

Die Renaissance was 'n 'krisis' op elke gebied van die kulturele en geestelike lewe en het elke aspek van die daagliksle lewe beïnvloed. Daar was 'n teruggryp na die tyd van die Griekse en die Romeine en oorblyfsels van veral die boukuns is tussen 1450 en 1550 op groot skaal opgegrawe en uitgestal. Die tydperk is gekenmerk deur die rol van welgestelde families in die bevordering van die kunste – die bekendste waarvan sekerlik die De Medici familie was. Lorenzo (1449-1492) se versameling was 'n terugrypte na die Griekse *museion* van die 3^{de} eeu VHE. Hierna sou die term 'museo' of 'museum' algemeen gebruik word.

Die Renaissance-mens het ook meer in die natuurwetenskappe en tegniese ontwikkeling belanggestel. Die ontdekking van die 'nuwe' wêrld het hierdie belangstelling gestimuleer. Dieselfde versamelaarswoede wat deur die antieke kunsskatte ontketen is, het in die 16^{de} en 17^{de} eeu die natuurwetenskappe gekenmerk. Natuur- en kunsversamelings was dikwels deel van 'n geheel. Versamelings moes geïdentifiseer word en het bekend geword as Rariteits- en Kuriositeetskabinette of 'wonderkamers'. Ensiklopediese versamelings het tot stand gekom en is veral by universiteite gebruik om studente te onderrig.

Die uitbreiding van versamelings het 'n behoefte aan ordening geskep en in 1727 is die grondslag gelê vir die indeling van museumvoorwerpe toe hulle in *naturalia* en *curiosa artificialia* verdeel is. Eersgenoemde was voorwerpe uit die diere- en planteryk en delfstowwe en laasgenoemde kunswerke en kultuurhistoriese versamelings.

In die eerste helfte van die agtiende eeu open verskeie museums hul deure. In Engeland word die voortou geneem met die British Museum in Londen in 1753 en in 1832 word 'n nuwe gebou vir die museum ontwerp. In Europa was die eerste museums op koninklike hofversamelings gebaseer soos dié van die Louvre wat in 1793 gedurende die Franse Rewolusie voorwaardelik geopen is. In 1810 trou Napoleon I (1769-1821) met Marie-Louise (1791-1847) in een van die sale wat gevul was met kunswerke wat tydens sy segetogte gebuit is.

In Amerika was daar geen bestaande groot hof- of ander versamelings nie en elke nuwe museum moes van die grond af opgebou word. Insameling van voorwerpe kon bepland geskied met die doel om op te voed. Natuurhistoriese voorwerpe was hoofsaaklik die belangstellingsveld. Die eerste museum is in 1773 deur die bibliotekvereniging van Charleston in South Carolina gestig.

Aan die einde van die 19^{de} eeu het museums nie meer uit privaatversamelings wat vir die liefde van die saak opgebou is, bestaan nie. Museums het openbare instansies geword wat vir hul bestaan verantwoording moes doen omdat hulle van staatsgeld afhanklik geword het. Versamelingsbeleid het belangrik geword. Voorwerpe moes as aanvullende bronne tot die bestudering van kultuurgeskiedenis dien, kon nie langer meer net vir estetiese waarde versamel word nie, en moes ook van dokumentêre belang wees.

In die 20^{ste} eeu ontstaan kultuurhistoriese museums wat die totale leefwêreld van die mens en sy verlede moes verteenwoordig. Die International Council of Museums (ICOM) van UNESCO som die funksie van 'n museum soos volg op: "A Museum is a non-profit making permanent institution in the service of society

and of its development, and open to the public which acquires, conserves, researches, communicates and exhibits, for purposes of study, education, enjoyment, material evidence of people and their environment.”⁴

Die museum as statiese instansie, wat slegs voorwerpe huisves en waar mense in fluisterstemme praat, het in die 20^{ste} eeu plek gemaak vir ’n dinamiese instelling met interpretasie- en opvoedkundige programme wat dienste lewer aan die publiek en eietydse kultuur bevorder. Die navorsingsaspek het ook ’n belangricker plek ingeneem, veral ten opsigte van die interpretasie van uitstallings. Deur wetenskaplike publikasies word inligting oor die versamelings onder die aandag van die publiek gebring.

Museumtipies en funksies

Spesialisasie het in museums plaasgevind, gebaseer op verskillende dissiplines en dus het versamelings gespesialiseerd geraak. Daar word dienooreenkomsdig die tema of onderwerp byeengebring. Museums wat algemeen in Suid-Afrika voorkom is natuurhistoriese museums soos die Transvaalmuseum in Pretoria; kultuurhistoriese museums (wat huismuseums insluit) soos die Krugerhuis in Pretoria en Nelson Mandela se huis in Soweto; kunsmuseums; krygsmuseums en wetenskap en tegnologie museums om die belangrikstes te noem. Hulle word op verskillende vlakke en deur verskillende instansies bestuur: nasionale museums soos die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, provinsiale museums soos die Voortrekkermuseum in Winburg, plaaslike en private museums, institusionele museums soos dié van universiteite en Staatsdepartemente museums soos die Polisiemuseum en die Lugmagmuseum.

Versamelings word opgebou uit skenkings, erflatings, uitruiling met ander museums, aankope en veldwerk. Dit geskied op ’n oordeelkundige en selektiewe wyse wat deur die insamelingsbeleid van die instelling bepaal word. In die afwesigheid van so ’n beleid word museums dikwels die gemeenskap se stoorpolek vol betekenislose voorwerpe – ’n situasie wat vele museums se werksaamhede steeds belemmer. ’n Oordeelkundige versameling kan die museum se opvoedkundige rol verhoog. Hieroor is akkurate inligting omtrent voorwerpe nodig. Die hooffunksie van die museum is dus versamelbestuur wat insluit:

- ’n versamelbeleid – pas by onderwerp van museum;
- die aktiewe insameling van voorwerpe volgens die beleid om die versameling so verteenwoordigend as moontlik te maak;
- die dokumentasie van die voorwerpe;
- navorsing oor voorwerpe en verwante onderwerpe;
- bewaring en restourasie;
- uitstal van voorwerpe vir opvoedkundige doeleindes. (’n klein aantal voorwerpe is op uitstalling en word dikwels gewissel)

Die vraag ontstaan egter wie hierdie funksies vervul? Hoofsaaklik kurators wat spesialiste is en wat opleiding en ervaring in hul eie vakgebied het, soos argeoloë, kultuurhistorici, militêre historici en kunshistorici wat meestal deeglik in die navorsingsmetodiek onderlê is.

Wat behels die ontsluiting van ’n voorwerp? Voorwerpe moet toeganklik gemaak word. Hulle kan as dokumente beskou word waarin inligting opgesluit lê. Deur navorsing word hierdie inligting ontsluit en aan die publiek oorgedra deur middel van uitstallings, publikasies en aktiwiteite. Voorwerpe wat nie ontsluit word nie, is niks meer as kuriosa nie en dien geen ander doel as versierings nie.

Alle voorwerpe het inherente inligting wat gedokumenteer moet word. Dit sluit in die grootte, die materiaal waarvan dit gemaak is, die kleur en enige

vervaardigersinsinjies, ander merke en skade daarvan. By kunswerke is die handtekening van die kunstenaar en die posisie daarvan ook belangrik.

Dit is egter die meegaande inligting wat die verskil maak, en wanneer voorwerpe ingesamel word, is dit belangrik dat hierdie inligting saam met die voorwerp gedokumenteer word. Meegaande inligting gee waarde aan 'n voorwerp en behoort die tydperk van vervaardiging, die geschiedenis van die voorwerp soos wie sy eienaars was, waar dit vervaardig is en waarvoor dit gebruik was, in te sluit. Wanneer lede van die publiek erfstukke of enige voorwerpe wil skenk, is dit altyd goed as hulle die meegaande inligting ook verskaf sover as wat hulle moontlik kan. Dit bly egter die taak van die kurator om die gapings in die kennisveld na te vors.

Navorsing in museums

Dit is nie algemene gebruik dat lede van die publiek navorsing oor voorwerpe in museums doen soos wat navorsing in naslaanbiblioteke en argiewe gedoen word nie. Dit is hoofsaaklik kurators wat hulle versamelings bestudeer met die oog daarop om

- gapings te identifiseer en te poog om die versamelings so volledig en verteenwoordigend as moontlik te maak;
- uitstellings met interessante en opvoedkundige temas aan te pak;
- wetenskaplike artikels te skryf wat in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer word of enkel publikasies te skep wat tot die breë kennisbasis bydra;
- katalogi oor versamelings saam te stel wat deur lede van die publiek geraadpleeg kan word;
- voorwerpe te herinterpretier namate nuwe inligting aan die lig kom.

Toegang tot versamelings in bergruimtes was nog altyd redelik beperk aangesien die sekuriteit van die versameling die hoogste prioriteit geniet. By groot museums word verskeie reëlings getref om spesialis-navorsers van buite te akkommodeer. So is daar by die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria, spesiale werksruimtes buite die store ingerig waar navorsers kan werk.

Die meeste museums is in die proses om hulle versamelings te digitaliseer en te rekenariseer. Die doel daarvan is tweeledig naamlik om die hantering van voorwerpe te minimaliseer ter wille van beter bewaring en om die publiek die geleentheid te gee om navorsing oor die voorwerpe te doen sonder dat hulle nodig het om die bergruimtes te betree. Volgens internasionale tendense neem museums ook meer aktief deel aan die insameling van 'mondelinge oorlewering' of lewend kultuur wat nie slegs koncentreer op die insameling van voorwerpe nie. Hierdie oorlewerings word aan beskikbare, geskrewe bronne getoets om hulle te verifieer.

Dié tipe insameling geskied deur middel van onderhoude wat op band of op videoband vasgevang word. Die inligting word getranskribeer, geredigeer en nagegaan vir korrektheid, waarna dit na die Nasionale Argief vir bewaring en navorsing gestuur word. Museums hou kopieë hiervan in hulle eie biblioteke waar navorsers daartoe toegang het.

Een van die onontbeerlike afdelings in enige museum, is sy biblioteek en argief. In baie gevalle word daar nie onderskeid getref nie en hanteer verskillende persone bloot die verskillende versamelings dokumente, tydskrifte, monografieë, foto's, CD's, DVD's, video's, primêre bronne soos dagboeke, briewe, testamente, familiebybels, sterftekennis, koerante, kaarte en planne.

Museumbiblioteke se versamelings hou primêr verband met die onderwerp of tema van die museum. Die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika se versameling word byvoorbeeld in die Erfenissentrumbiblioteek by die Voor-

trekkemonument in Pretoria gehuisves waar dit gereeld geraadpleeg word. Die volgende is tipiese bykomende databasisse wat in museumbiblioteke behoort voor te kom en vir die navorsing van nut te kan wees:

Voorwerpslêers bevat spesifieke inligting oor voorwerpe in die versameling. Dit kon deur die skenker aan die museum gegee word het of kon in 'n tydskrif of koerant verskyn het. Dit kan ook korrespondensie tussen die skenker en die instansie oor die besondere voorwerp bevat. Gewoonlik het hierdie lêer dieselfde nommer as die aanwinstnommer van die voorwerp om sodoende die voorwerp met sy inligting te skakel.

Onderwerpslêers bevat knipsels en artikels oor spesifieke onderwerpe wat in die museum gedek word, maar hou nie noodwendig met enige spesifieke voorwerpe verband nie.

Inligtingslêers bevat meer algemene inligting oor breë verwante onderwerpe wat nie spesifiek binne die tema van die museum val nie, maar tog relevant mag wees.

Publikasies wat oor die funksies van museums handel en dokumentasie, bewaring en uitstaltegnieke kan insluit.

Museumbiblioteke word gewoonlik deur een of meer gekwalificeerde bibliotekaris beman en kurators met meer gespesialiseerde kennis en ervaring van bronne word ook ingeroep om navorsers te bedien.

Die moderne museum beywer hom steeds om as opvoedkundige sentrum te dien, om navorsing te doen oor die voorwerpe en hom te beywer vir die uitbreiding van kennis – net soos die *mouseion* van ouds. In Suid-Afrika word die uitdaging daagliks groter. Die afgelope 20 jaar het museums onder groot druk gekom om te transformeer, nie net wat beheer en bestuur betref nie, maar ook wat versamelings, interpretasie en funksies betref. Dit is van belang dat museums hulle waarde vir die samelewing bewys en dat hulle deur die publiek ondersteun en gebruik word. Om in die navorsingsbehoeftes van gebruikers te kan voorsien is van kardinale belang vir die voortbestaan van hierdie instansies.

Verwysings

- ¹ Dit is altyd aangenaam om oor iets te skryf waarvoor mens 'n passie het en waaraan mens bykans jou hele lewe gewy het. Om dié rede was dit maklik om twee passies te kombineer in 'n bydrae wat 'n geliefde vriend se 70^{ste} verjaarsdag herdenk – navorsing en Cobus Ferreira. Wanneer ek aan hom dink, is die eerste beeld wat by my opkom, dié van nuuskierige navorsing, intense belangsteller en produktiewe skrywer. Dit is hierdie karaktertrekke wat my in die eerste plek na hom as mens aangetrek het en waardeur ek vir hom 'n groot bewondering ontwikkel het. Gelukkig kon ek later ook van sy ander besondere kwaliteite leer ken namate ons vriendskap verdiep het, maar dit is Cobus se navorsingsvermoë, sy ongelooflike wye kennis en sy bereidwilligheid om jong mense met dieselfde passie by te staan, wat my altyd baie na aan die hart sal lê.
- ² Huizinga, J. 1937. *De Wetenschap der geschiedenis*. Haarlem: Tjeenk Wittenk.
- ³ Van Holst, N. 1976. *Creators, collectors and connoisseurs*. London: Book Club Associates.
- ⁴ International Council of Museums. 1996. *Code of professional ethics*. Paris: ICOM.

Van Heerden, M. 1980. *Museumgeschiedenis*. Ongepubliseerde klasaantekeninge, Nagraadse Diploma in Museum- en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria.


Mondelinge mededelings: Carelsen, A. Konserveerder, Ditsong Museums, Pretoria, 2009.

Heunis, V. Versamelbestuurder, Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 2010.

Judson, E. Museumbestuurder, Erfenisstigting, Pretoria, 2009.

Rariteitenkabinet

Gerhard Bruyns



Silhoeët van 'n sendeling

Celestine Pretorius

Hoewel die kuns van silhoeëtskildering in die vroeë negentiende eeu aan die Kaap beoefen is, het daar, met die uitsondering van 'n paar portrette van vooraanstaande Kapenaars, maar min voorbeeld bewaar gebly. 'n Uitsonderlike voorbeeld is die silhoeëtskildery van dominee J.J. Kicherer, sy vrou Clara en hulle dogtertjie in die voorhuis van die pastorie in Kerkstraat, Graaff-Reinet, wat uit die jaar 1811 dateer. Dit was dus 'n aangename verrassing om in die Abby Aldrich Rockefeller Museum in Williamsburg in die VSA, silhoeëtskilderytjies te ontdek wat merkwaardige ooreenkoms met die Kicherer-skildery in Suid-Afrika toon. Inderdaad was hierdie ontdekking genoeg om 'n speurtog op tou te sit. Uit voorbeeld wat in museums bewaar gebly het, blyk dit dat die silhoeët aan die begin van die negentiende eeu algemeen in Westerse lande en hulle kolonies voorgekom het. Waarskynlik was dit ook die geval in die Kaap.

Die silhoeët


Die silhoeët was 'n kunsvorm wat in die tweede helfte van die agtiende eeu in Europa op die toneel verskyn en groot gewildheid geniet het, maar teen ongeveer die middel van die negentiende eeu deur fotografie verdring is. Dit berus op die gebruik van 'n skerp lig wat die profiel as 'n skadu op 'n kontrasterende agtergrond wwerp. Dit is met ander woorde 'n vlakbeeld sonder enige aanduiding van perspektief en staan ook bekend as 'n skaduportret. Teen ongeveer 1780 het die gewoonte om familiegroepe in silhoeët uit te beeldveral in Duitsland veld gewen. Dit het as genresilhoeëtte bekend geword. In hierdie groepsilhoeëtte is gesinne uitgebeeld waar hulle gesellig saam verkeer, musiek maak, handwerk doen of lees. Vir die gewone mens wat van kleurryke skilderye hou, was die swart skadubeeld egter te strak. Die silhoeët het gevvolglik in die breë volkslae ontwikkel tot 'n kombinasie van die silhoeët en die skilderkuns. Vir die volkskunstenaar wat gewoonlik nie veel opleiding in die skilderkuns gehad het nie, was dit betreklik maklik om die menslike figuur in silhoeët te teken. Die silhoeët het dus as 't ware volkskuns geword.

Die volkskunssilhoeët

Die belangrikste kenmerk van die volkskunssilhoeët was die gereelde uitbeelding van 'n gesin, meestal in die voorhuis en gewoonlik rondom die tafel. Hoewel in silhoeët, is die gelaatstrekke van die persone duidelik sigbaar. Die interieur van die voorhuis word weergegee met meubels, gordyne, vloerbedekking, skilderye, boeke en soms huisdiere. Ook die kleredrag word aangedui, met aandag aan die hoofbedekkings van die vrou, omdat dit destyds die gewoonte was dat vroue binnenshuis hoofbedekkings gedra het.

Op die Kicherer-skildery sien 'n mens dominee Kicherer met donker pak en wit strikkie aan tafel met 'n oop boek voor hom – waarskynlik 'n Bybel. Teenoor hom sit sy vrou Clara met 'n halsdoek om die skouers en mus op die kop, terwyl

die dogtertjie tussen hulle sit, ook met 'n mussie op die kop. Ons weet dat laasgenoemde – Anna Christina Elizabeth – in 1807 gebore is, waarvan afgelei kan word dat die skildery omstreeks 1811 gemaak is. Van die uitbeelding van die interieur kan heelwat afleidings gemaak word, soos die muurkassie of rak – waarskynlik met die dominee se boeke daarin. Dit was bekend dat hy 'n groot boekoversameling gehad het. In die kaggel brand 'n vuur. Dit kom voor of die skildery dus in die winter gemaak is. Die afbeelding teen die muur regt van die venster lyk na een van die destyds gewilde skilderye van Christus se afneming van die kruis. Hiervan het daar destyds baie afdrukke bestaan. Ook die gedrapeerde gordyne met fraaiings was hoogmode aan die begin van die negentiende eeu.



Silhoeëtskildery van dominee Kicherer, sy vrou en dogtertjie in die voorhuis van die pastorie op Graaff-Reinet, 1811. (Oude Kerk Volksmuseum, Tulbagh)



Silhoeëtskildery van die Caverley-gesin, deur Joseph Davis. (Abby Aldrich Rockefeller Museum, Williamsburg, VSA)


Dit is interessant om die silhoeëtskildery van Joseph Davis (1811-1865) in die Abby Aldrich Rockefeller Museum in Williamsburg, VSA te vergelyk met die Kichererskildery. By eersgenoemde sien ons die egaar Caverley met hulle baba Isaac. Hulle sit ook aan weerskante van die tafel waarop daar boeke lê – een is waarskynlik 'n groot Bybel. Hierdie skildery is tussen die jare 1832 en 1838 gemaak en die mode het verander. Charles Caverley se keil lê op die tafel en hy lees koerant, terwyl mevrou Comfort Caverley 'n baie effense hoofbedekking op het. Joseph Davis was 'n bekende volkskunstenaar in die VSA in die dertigerjare van die 19^{de} eeu, veral in die state New Hampshire en Maine.¹

Wie was Johannes Kicherer?

Dominee Johannes Jacobus Kicherer was 'n bekende Kaapse sendeling. Hy is in 1775 in Den Haag, Nederland, gebore en in 1825 in Tulbagh in die Kaap oorlede. Hoewel hy in 1798 as predikant van die Hervormde Kerk in Nederland georden is, het hy in dieselfde jaar in diens van die Londense Sendinggenootskap na die Kaap gekom, waar hy in 1799 mede-verantwoordelik was vir die stigting van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap in Kaapstad

In die Kaap het Kicherer bevriend geraak met Catharina Allegonda van Lier, die suster van dominee H.R. van Lier (1764-1793), aan wie hy later verloof geraak het. Voor hulle in die huwelik kon tree, is sy egter in 1801 oorlede. Na haar dood het Kicherer haar dagboek en ander geskrifte in die Kaap gepubliseer.² Hy was in die Kaap bekend vir sy groot boekeversameling. In 1805 is hy met Clara Johanna Bosman van Stellenbosch getroud. Hulle enigste kind, Christina Elizabeth, is die dogtertjie wat op die silhoeëtskildery by die tafel sit. Sy is jare later met dominee J.S.S. Ballot (1804-1868) getroud en sy boekery en dié van haar vader het uitgegroeи tot die waardevolle Ballot-Kicherer versameling wat tans in besit van die Universiteit van Kaapstad is.³

Kicherer het as gevolg van sy sendingwerk aan die Kaap met Erasmus Smit (1778-1863) en sy vrou, Susanna (1799-1863), later bekend weens hulle aandeel aan die Groot Trek, bevriend geraak en hy het hulle in die huwelik bevestig.⁴



'n Tekening van die dorpie Graaff-Reinet deur William Burchell. Aan die noordelike punt van Kerkstraat is die tweede kerkgebou sigbaar. (Museum Africa, Johannesburg, 68/1873)

Weens die skaarste aan predikante in die afgesonderde binneland van die Kaapkolonie, is Kicherer in 1806 deur die Kaapse owerheid as predikant van Graaff-Reinet aangestel. Daar het hy bevriend geraak met die bekende reisiger William Burchell (1781-1863), wat Graaff-Reinet in 1812 besoek het. Burchell maak in sy reisbeskrywing melding van Kicherer se “extraordinary zeal in religion” en van byeenkomste van gelowiges wat feitlik elke dag plaasgevind het.⁵

Toe dominee Kicherer in 1806 in Graaff-Reinet aangekom het, was die eerste kerkie reeds vervalle en die tweede kerk in gebruik. Volgens Burchell was dit “a large handsome building on the ground plan of a cross” en was dit geleë aan die noordelike punt van die hoofstraat, soos op die bygaande tekening gesien kan word.⁶ Burchell se tekening van Kerkstraat in Graaff-Reinet, met die Kerk aan die bopunt is, sover bekend, die enigste afbeelding van die tweede kerkgebou.⁷

Volgens Burchell se beskrywing was daar tydens sy besoek reeds heelparty huise in Graaff-Reinet en langs die hoofstraat was ’n ry lemoen- en suurlemoenbome met glansende blare en goue vrugte.⁸ Dominee Kicherer en sy gesin het in ’n huis aan die westekant van Kerkstraat “towards the lower end” gebly. Die latere pastorie – tans Reinet-huis – is eers na dominee Kicherer se vertrek voltooi.⁹

Kicherer en sy gesin het Graaff-Reinet in 1816 verlaat en hulle op Tulbagh gevestig. Hy was die laaste predikant wat met sy afsterwe in 1825 in die ou kerkgebou op Tulbagh begrawe is. Sy naam kom voor op die gedenksteen in die vloer van die ou kerk.

Verwysings

- ¹ Bishop, R. 1979. *Folk painters of America*. New York: E.P. Dutton, plaat 12; Pretorius, J. Celestine, 1992. *Die geskiedenis van Volkskuns in Suid-Afrika*. Kaapstad: Vlaeberg, p.78
- ² De Kock, W.J. (red.) 1968. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel I. Kaapstad: RGN, p. 445.
- ³ Schoeman, K. 1995. *Die Wêreld van Susanna Smit, 1799-1863*. Kaapstad: Human & Rousseau, p. 170.
- ⁴ Schoeman, K. *Die Wêreld van Susanna Smit, 1799-1863*, p. 46
- ⁵ Schoeman, K. *Die Wêreld van Susanna Smit, 1799-1863*, p. 53.
- ⁶ Henning, C.G. 1975. *Graaff-Reinet. A Cultural History*. Kaapstad: T.V. Bulpin, p. 92; Potgieter, D.J. (Ed.). *Standard Encyclopædia of Southern Africa*. Cape Town: Nassou, Vol. 2, p. 590.
- ⁷ Henning, C.G. *Graaff-Reinet. A Cultural History*, plaat 5; Museum Africa, Johannesburg.
- ⁸ Henning, C.G. *Graaff-Reinet. A Cultural History*, p. 25.
- ⁹ Henning, C.G. *Graaff-Reinet. A Cultural History*, p. 93.

* Hierdie brokkie navorsing is 'n huldeblyk aan die onverskrokke reisigers, kunstenaars, volkskunstenaars en avonturiers wat die suidpunt van Afrika in lewensgevaarlike tye besoek het. Hulle het pikturele getuienis van wat hulle gesien en beleef het vir komende geslagte nagelaat in tye toe die kamera nog nie bestaan het nie.

“Bokkie sê my reg...” – die verskynsel van variante by Afrikaanse volksliedjies

Mahtilda Burden

*Bokkie sê my reg
is ek goed of is ek sleg...*

Een van die talle fassinerende aspekte van volksliedjies wat navorsers oor dekades heen geprikkel het, is die eienskap van verandering en vervorming, dit wil sê die proses van die ontwikkeling van variante. By die Afrikaanse volksliedjie maak dié verskynsel 'n baie interessante en insiggewende studieveld uit.

Volksliednavorsers die wêreld oor verskil oor die redes vir en die impak van omvorming en die vorming van variante. Elke navorser werk met 'n bepaalde korps van liedere in 'n spesifieke taal, maar wil dan dikwels bevindings universaliseer en algemeen op alle volksliedjies toepas. In werklikheid lewer elke versameling liedere sy eie kenmerkende eienskappe op en die feit dat dit binne 'n spesifieke kulturele en geografiese milieu tot stand gekom het, lei tot eiesoortige ontwikkelings.

In die geval van Afrikaanse volksliedjies sal sommige redes ooreenstem met dié van ander tale, maar ander kan verskil. Van die redes vir die ontstaan van variante is onder meer die volgende:

- Die feit dat Afrikaans oor 'n geografies uitgestrekte gebied gepraat word, bied die potensiaal tot grootskaalse verspreiding. Groot wêrldtale soos Engels en Spaans het ook gelei tot honderde variante van 'n bepaalde lied.
- Die talle streekseienskappe van die taal wat bydra tot die vorming van variante.
- Die feit dat daar tot diep in die 20^{ste} eeu 'n groot persentasie Afrikaans-sprekers was wat nie 'n geskrewe taalvorm geken het nie.
- Die afwesigheid van grootskaalse gedrukte weergawes van liedere (soos byvoorbeeld *broadsides*, wat later bespreek word). Gedrukte media in die vorm van koerante was wel sedert die begin van die 19^{de} eeu beskikbaar, maar het baie min aandag aan volksliedjies gegee.
- In Suid-Afrika het blootstelling aan die uitsaaimedia soos radio en televisie onderskeidelik eers na die middel van die jare dertig en in die laat sewentigerjare gekom.

Die vraag kan tereg gevra word: wat is die verband tussen die beskikbaarheid van gedrukte media en die ontstaan van variante by die volksliedjie? Oor hierdie verband heers 'n wêreldwyse debat. Met verwysing na die volksliedjie as sodanig lê List en Herzog in hulle definisies albei klem op die feit dat die volksliedjie tradisionele musiek is wat op gehoor en volgens geheue oorgedra word, eerder as in geskrewe of gedrukte vorm.¹ Volgens Dugaw het sommige vroeë volksliednavorsers, onder meer die alombekende Cecil Sharp (1859-1924) van Engeland, die grondslag vir hierdie siening gevorm.² Tog het een van Sharp se

tydgenote, Frank Kidson (1855-1926), in 1905 reeds uitgewys dat die gedrukte vorm van volksliedjies 'n baie belangrike rol gespeel het in die behoud en die bestudering daarvan.³ Die baie bekende Amerikaanse navorser vanveral ballades, Francis James Child (1825-1896), het 'n tweesydige siening van die volksballade wat mondelings oorgedra word, teenoor wat hy noem "the works of the professional ballad-maker, which make up the bulk of Garlands and Broadsides. The former are 'the spontaneous products of nature', the latter, 'though sometimes not without grace... belong to artificial literature'..." Palmer, wat hier vir Child aanhaal, sê dan verder: "Child admits that this distinction is not absolute..."⁴

Broadsides was gedrukte velle van verskillende lengtes waarop die woorde van volksliedjies en veral die langer ballades vasgelê en versprei is. Dit was uiters gewild vir meer as vierhonderd jaar en het veral in Brittanje, Holland, Frankryk, Italië, Spanje, Duitsland en later ook Amerika voorgekom. Die *broadsides* het nie musieknotasie gehad nie, maar het met 'n nota aangedui dat die woorde op 'n bepaalde bekende lied se melodie gesing word.⁵ Die gebruik om *broadsides* te druk het waarskynlik kort nadat die drukkuns uitgevind is, reeds ontstaan en volgens Kidson dateer die oudste bestaande *broadside* uit 1540.⁶

Dit is huis een van Kidson se verdere opmerkings wat die diskopers rondom gedrukte versus mondelinge weergawes van 'n lied, verskerp. Hy sê in dieselfde artikel: "As these garlands and broadsides contain the only printed versions of the songs and ballads interesting to folk-song collectors, and supply us with more or less complete copies of **words often imperfectly remembered by old singers...**"⁷ [vetdruk deur my aangebring]. Met hierdie keuse van woorde verbind Kidson hom tot die siening dat gedrukte weergawes eintlik meer waarde gehad het, omdat dit die woorde nader aan perfek behou het, terwyl die geheue woorde op imperfekte wyse sou vaslê en oordra. Hoewel nie een van bogenoemde skrywers die term "variant" gebruik nie, is dit presies wat gebeur het met die mondelinge oordrag: die sogenaamde onvolmaakte weergawes (aldus Kidson) was bloot wisselvorme van die "oorspronklike" weergawe, en dus variante.

Om uit te kom by 'n antwoord op die aanvanklike vraag: gedrukte media as sodanig was in Europa, Brittanje en Amerika baie vroeër beskikbaar as in Suid-Afrika, terwyl daar aan die Kaap en later in Suid-Afrika geen gebruik bestaan het om *broadsides* te druk nie. Die medium om woorde in gedrukte vorm vas te lê en in meer 'korrekte' vorm op groot skaal te versprei, het dus glad nie bestaan nie. Liedere kon natuurlik ook in handgeskrewe vorm vasgelê word, wat wel in Suid-Afrika gebeur het in die vorm van liedjieboeke, maar dit kon nie in daardie vorm versprei word nie. 'n Liedjieboek was 'n persoonlike besitting soos 'n resepboek, wat die eienaar bloot vir eie gebruik aangehou het. Die uitsaaimedia speel hierin grootliks dieselfde rol as die gedrukte media, naamlik om 'n lied herhaaldelik in presies dieselfde vorm te versprei.

Dit is egter nie alle kenners wat van mening is dat *broadsides* die ontwikkeling van variante onderdruk het nie. Daar is trouens al telkemale bewys dat daar baie verskillende weergawes van 'n spesifieke lied op verskillende *broadsides* voorkom. Roger Renwick het 'n hele artikel aan hierdie verskynsel gewy, naamlik 'The oral quality of a printed tradition'.⁸ Ook Atkinson, 'n welbekende leier op die gebied van volksliednavorsing in Engeland, voer 'n baie sterk argument aan dat daar nie wesenlike verskil in kwaliteit of vorm tussen mondelings oorgedraagde liedere en die gedrukte weergawes is nie. Hy benadruk dit met die statistiek dat tussen tagtig en vyf en neëntig persent van volksliedjies wat by sangers versamel is, ook in een of ander stadium in goedkoop gedrukte vorm as *broadsides* die rondte gedoen het.⁹ Daar moet egter in gedagte gehou word dat Renwick en Atkinson na Amerikaanse en Engelse liedere, en meer spesifiek ballades, verwys, hoewel die

gevolgtrekkings in albei artikels aangebied word asof dit universeel van toepassing is. Dit is verder belangrik om by hierdie argument in ag te neem dat *broadsides* tog ook die mondelinge weergawe as bron het, sodat *broadsides* wat op verskillende plekke gedruk word, verskillende vorme uit die volksmond sal weergee.

As Afrikaanse volksliedere onder die loep geneem word, dan is die voor-die-hand-liggendste korpus wat in druk verskyn het, die sogenoemde FAK-liedjies, wat sedert 1937 verskeie male herdruk en heruitgegee is. Voorlopers van hierdie bundel was sangbundels saamgestel deur Nicolaas Mansveld (1852-1933) in 1907 en Joan van Niekerk (c1890-1972) in 1927.¹⁰ 'n Vergelyking tussen FAK-liedjies soos dit in druk verskyn en dieselfde liedjies gesing deur individue of groepe Afrikaanssprekers, toon aan dat daar baie min variasie van woorde voorkom wat variante genoem sou kon word [eie waarneming by 'n verskeidenheid groepe en individue]. Daarteenoor is groot versamelings Afrikaanse volksliedjies wat deur veldwerk by informante opgeteken is, ryk aan variante.

In 'n konseptualisering van die begrip *folk* (volks-), bied Henry Glassie naas sy formele definisie van die term, 'n insiggewende beskouing. Hy sê onder meer: "Folk material exhibits major variation over space and minor variation through time."¹¹ Hoewel hy hier in die eerste plek na materiële volkskultuur verwys, kan die stelling waarskynlik ook van toepassing gemaak word op die nie-tasbare kultuur. Die feit dat daar minder variasie oor tyd voorkom by nie-materiële kultuur, sal net moeiliker wees om te bewys as by die stoflike. Maar die groot variasie oor ruimte heen, word juis bewys deur variante van dieselfde lied wat in dieselfde tydgleuf opgeteken word.

Enkele voorbeelde word hier aangehaal uit 'n groot versameling volksliedjies wat by plattelandse Afrikaanssprekers opgeteken is. By Krakeelrivier in die Langkloof, sing oom Hans Korkee die volgende paar reëls:

Die hoenderhaan die kraai en die rooidag breek aan
die hoenderhaan die kraai en die rooidag breek aan
bokkie moet my reg sê, reg sê, reg sê
ou bokkie jy moet reg sê
want die trein trek weg.¹²

Die eerste deel van die lied is 'n variant van die meer bekende:

Die hoenderhaan die kraai en die rooidag die breek (2x)
gee vir my die jawoord dat ek kan huis toe gaan (2x)¹³

Dit is egter die refrein van oom Hans se liedjie wat die uiters interessante variante oplewer. Sy weergawe is die enigste een wat die woorde in die bekende frase omkeer, naamlik "bokkie moet my reg sê, reg sê, reg sê" teenoor al die ander variante wat lui "bokkie sê my reg", met 'n tweede reël wat dan wissel om die variant te vorm. "Bokkie sê my reg" word verklaar as "Liefling, kom sê my hoe jy oor my voel".¹⁴

Net anderkant die berg van die Langkloof, op 'n plaas naby George, het Gert Platjies 'n juweel van 'n klein ballade gesing:

Gebrande briefie
My hart se liefie
kom sê my reg
want die trein trek weg
'n druppel water
van die môredou
is net so goed
as 'n soen van jou
'n soen van jou

sal ek nooit vergeet nie
 want ek weet voorwaar
 jy is my liefling
 die bruin perd sal
 op yster en staal
 vir jou kom haal
 jy is my liefling.

Dié liedjie, in sy eenvoud, skets 'n toneel van liefde en afskeid, maar ook vertroue in die toekoms en in die geliefde. Terselfdertyd weerspieël dit 'n stuk kultuur. Dit dateer uit 'n era in die Suid-Afrikaanse geskiedenis toe die trein as vervoermiddel die perd geleidelik begin vervang het, en die motor nog glad nie algemeen op die platteland was nie. Hier is 'n jongman wat moet weggaan per trein, heel moontlik stad toe of na die myne. Hy neem swaar afskeid van 'n geliefde wat vir hom moet sê hoe sy oor hom voel, maar glo tog dat sy uiteindelik agterna sal kom met die "bruin perd op yster en staal" – die trein.

'n Variant waar die laaste reël die varieer, kom uit Kliprand in die Boesmanland en lui: "Bokkie kom sê my reg / liefling kom sê my nou tog reg / want die swart wa trek mos weg".¹⁵ Die trein of "bruin perd" word nou die "swart wa". Dieselfde sanger sing in heeltemal 'n ander lied 'n variant hiervan, naamlik: "Liefling kom sê my reg (2x) / die trein trek nou mos weg". Die trein/swart wa word, in nog 'n variant, die "bont bus": "Bokkie sê my reg / want die bont bus trek nou weg".¹⁶

'n Bekende weergawe is die een gesing deur die sanger Pieter van der Westhuizen, soos onder die titel aangehaal:

Bokkie sê my reg
 is ek goed of is ek sleg
 daai ding wil ek nog weet
 of het jy my al vergeet...¹⁷

Van der Westhuizen kom oorspronklik van Namakwaland en sy liedere is geskoei op Namakwalandse volksliedjies. Dieselfde woorde, opgeteken by Michael Muller in die berge naby Porterville, herhaal die eerste reëltjie en vorm dan saam met reël twee 'n tersine (driereëlige strofe), wat die sanger saam met twaalf ander tersines aanmekaar ryg as 'n lied.¹⁸

Streng gesproke vorm elke wysiging, hoe gering ookal, van 'n woord (of 'n aspek van die melodie) in 'n ander weergawe van 'n lied, 'n variant. Atkinson skryf elders dat die betekenis van variante oor die algemeen oorbeklemtoon word: "... it is fairly slight and insignificant just as often as it is remarkable and worthy of comment."¹⁹ Daar kan natuurlik gedebatteer word oor die waarde wat geheg word aan terme soos *insignificant* en *worthy of comment*. Is die wysiging van "trek" na "hou" na "vat" in die volgende drie variante betekenisvol, of nie? "Ou bokkie sê my reg / ek trek my hart van jou af weg" (Sutherland), "Bokkie sê my reg / ek hou my hart van jou af weg" (Clanwilliam)²⁰ en "Bokkie sê my reg / ek vat my hart van jou af weg".²¹ En as dit voorwaardelik gestel word, soos in "Bokkie sê my reg / of ek trek my hart van jou af weg",²² sê dit nie eintlik iets anders nie?

'n Analise van variante by Afrikaanse volksliedjies bring eienskappe na vore wat 'n aanduiding gee van die wyse waarop talle liedjes in die volksmond gevorm word. By veral kwatryne en tersines word daar dikwels gegryp na 'n bekende reël uit 'n ander liedjie om in 'n nuwe een te gebruik, gewoonlik ter wille van ritme en/of rym. Daarom kry ons ook die variant "My mamma sê my reg / want die vontjie sak nou weg"²³ – albei reëls uit ander liedere wat hier bymekaar gebring is. Die konteks het sodanig gewysig dat die betekenis ook verander het.

Anders as ballades wat óf in die volksmond gewysig het, óf op *broadsides* vasgelê is en daar ook aansienlike variasie kan toon, bied kwastryne en tersines weens beperkte omvang nie die geleentheid om meer as geringe wysigings te vorm nie. Renwick beskryf variante by ballades as: "... significant recomposition resulting from substantial additions or substitutions of content that change the ballad's plot, sentiment, or cultural ethos."²⁴ Daarteenoor mag die variante van "Bokkie sê my reg / is ek goed of is ek sleg" moontlik *insignificant* lyk, maar al die voorbeelde (en daar is baie meer wat nie hier behandel kan word nie), geïnterpreteer binne die gebied waar dit opgeteken is, wys op die groot geografiese sponde wat liedere maak, die kleiner betekenisskuiwe wat plaasvind, en die beduidende kulturele konteks wat dit bied.

Verwysings

- ¹ List, G. Folk Music, in Dorson, R.M. 1972. *Folklore and folk life*. London: Chicago University, p. 363; Herzog, G. Song: Folk song and the music of folk song, in Leach, M. 1972. *Standard dictionary of folklore, mythology and legend*. New York: Funk & Wagnalls, pp. 1032-1033.
- ² Dugaw, D.M. 1984. Anglo-American folksong reconsidered: The interface of oral and written forms. *Western Folklore*, 2(43), April, p. 84.
- ³ Kidson, F. 1905. The ballad sheet and garland. *Journal of the Folk-Song Society*, 2(7), p. 70.
- ⁴ Palmer, R. 1996. "Veritable dunghills": Professor Child and the broadside. *Folk Music Journal*, 7, p. 157.
- ⁵ Nelson-Burns, L. [s.a.] *Contemplator's short history of broadside ballads*, <http://www.contemplator.com/history/broadside.html>. Besoek: Mei 2010.
- ⁶ Kidson, F. The ballad sheet and garland, p. 71.
- ⁷ Kidson, F. The ballad sheet and garland, p. 70.
- ⁸ Renwick, R. The oral quality of a printed tradition, in Barna, G. & Kriza, I. 2002. *Folk ballads, ethics, moral issues*, Budapest: Akademiai Kiado, pp. 81-90.
- ⁹ Atkinson, D. Beyond orality: Textuality and tradition, in Peere, I., Top, S. & Rieuwerts, S. (Eds.). 2004. *Ballads and diversity: perspectives on gender, ethos, power and play*. Trier: Wissenschaftlicher Verlag Trier, p. 42.
- ¹⁰ De Villiers, D (red.). 1970. *FAK-Sangbundel*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, pp. IV, IX.
- ¹¹ Glassie, H. 1969. *Pattern in the material folk culture of the Eastern United States*. Philadelphia: University of Pennsylvania, p. 33.
- ¹² Persoonlike onderhoud, K. Korkee, Krakeelrivier, Langkloof, 1987.
- ¹³ Persoonlike onderhoud, Groep sangers, Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet, 1987.
- ¹⁴ Persoonlike onderhoud, P. van der Westhuizen, Lindenstraat, Parow, 2003.
- ¹⁵ Persoonlike onderhoud, H. Gouws, Karagas, Kliprand, 1987.
- ¹⁶ Grobbelaar, P.W. 1997. *Die rooi lappieskombers*. Volkskwatryne. Kaapstad: Human & Rousseau, p. 147.
- ¹⁷ Persoonlike onderhoud, P. Van der Westhuizen, 1986.
- ¹⁸ Persoonlike onderhoud, M. Muller, Heideveld, Porterville, 1987.
- ¹⁹ Persoonlike e-pos korrespondensie, D. Atkinson, 28/05/2010.
- ²⁰ Persoonlike onderhoude, Groep sangers, Platfontein, Sutherland, 1987 & S. Hanekom, Zeekoeivlei, Clanwilliam, 1987.
- ²¹ Grobbelaar, P.W. *Die rooi lappieskombers*, p. 37.
- ²² Grobbelaar, P.W. *Die rooi lappieskombers*, p. 77.
- ²³ Grobbelaar, P.W. *Die rooi lappieskombers*, p. 150.
- ²⁴ Renwick, R. The oral quality of a printed tradition, p. 84.

Vry (néé) hofmaak in die 19de eeu: 'n ontleding van 21ste-eeuse studentetekste

Karina Sevenhuysen

Terwyl u die volgende verhaal lees, verbeeld u self dat u as hubare jongmens deel is van 'n Transvaalse pioniersgesin in die 19^{de} eeu. Verplaas u self in u gedagtewêreld na die voorkamer van die pioniershuis, raak bewus van die reuk van die vetkers, die nag- en huisgeluide, die opwinding én onsekerheid van verliefwees, die op-die-hoede-wees vir Vader se kwaai stem en kwaaijongstreke van onnutsige broers

...

Liewe Suster Meraai

Ek sou nie so baie geskryf het as ek nie in die hoogste nood was nie. Ek het egter geen keuse nie. My hele huis draai teen my én dit sluit my getroue ou gade in, en dit alles oor klein Bets se stuitigheid.

Dié kind het so vroeg oor die onderdeur begin loer – letterlik. Net Saterdagagtermiddag kom hier 'n blink Stefaans van 'n neef aangery, die perd se maanhare is in lokke gedraai en dis net molvelbroek en platgekamde kuif. Hier word ek na buite gedwing om hom in te wag. Toe moet ek hoor die kuiery is al lankal aangevoer deur my eie vlees en bloed, ene snip van 'n Hester wat nie haar neus uit haar suster se sake kon hou nie. Soos jy kan aflei, bly Bets natuurlik binne, sy loer oor die onderdeur vir die knaap.

Nou ja, wat kan ek doen? Ek nooi hom toe maar binne. So kuier-kuier gaan die aand toe maar verby; hy stuur spesifiek groete van sy ouers af en só. Ná boekevat begin die kêrel skielik padlangs gesels. Hy sê hy wil by Bets kuier. Ek wou nog weier en sê Bets is nog te jonk. Maar wat wou, daar kry ek 'n knyp van my wederhalf soos wat ek laas gekry het toe óns nog aan die opsit was. Ergste van als is, sy steek nie eers die speld in die kers om hom te laat verstaan hy moet nou nie te lank bly nie. Ag, en wat 'n dikvelligheid is hy nie. Ek kug my lange uit, dan ry hy steeds eers 'n uur later hier weg, al singende. Wat as hy teen daglig nog onder my dak is? Ek vra jou, wat van die skande?

Nou is hy elke Saterdag hier! Het die vent dan nie 'n huis nie? Bets dra op haar beurt nou al glad pal 'n rooi sysakdoek met haarself saam. Sit ons in die voorhuis tik sy met haar vinger teen die wang! 'n Blatante soentjievaery! En hy gee ewe blatant die koppie oorkruis aan en sê daarmee 'ja!' Gelukkig sien ek sy steek darem 'n toe roosknoppie aan haar rok vas, hy sal haar al saggemaak hê, dan moet hy nog eers by my verbykom.

Haar broers maak die wêreld vir hom moeilik, maar dis 'n skamele troos. Ek smeek jou, ou suster, kom met jou forse persoonlikheid gou hierheen en kom sien hierdie vryery reg!

Jou toegegewyde broer

Gert¹

Kon u deur hierdie verhaal die leef-, gedagte-, en gevoelswêreld van die pionier betree? Hoe belangrik is verbeelding en kreatiewe betrokkenheid by die

verledegebeure in die onderrig van Kultuurgeskiedenis? Stel verbeelding – die inleef in die verledegebeure – studente in staat om groter begrip en empatie vir die gebruikte en tradisies van wese teervaar en te openbaar?

Hierdie studie loods 'n ondersoek na hoe tweedejaar Kultuurgeskiedenis-studente aan die Universiteit van Pretoria in die module oor Suid-Afrikaanse geesteskultuur in die 19^{de} eeu hulle kennis, begrip en belewing van die totale module-inhoud in 'n enkele hofmaakstorie integreer. Kan 'n mens uit 'n ontleding van die tekste aflei of hulle daarin suksesvol was; het hierdie kreatiewe oefening daarin geslaag om studente die leef-, gedagte-, en gevoelswêrelde van die pionier te laat betree?²

Studente se kennis, **begrip**, en **empatie** moes beoordeel word, waar **begrip** verwys na die daarstelling van 'n "denkbeeld ... [n] voorstelling" en die bestaan van "simpatieke en meelewende verstaan".³ **Empatie** verwys na die "vermoë om jou persoonlikheid in die voorwerp van bepeinsing te projekteer en so 'n volledige **begrip** daarvan te bekom; [die] vermoë om jou **in** die plek van 'n ander te stel en om sy reaksie en houding te begryp."⁴ In hierdie proses van inlewing speel verbeelding 'n belangrike rol.

Die rol van verbeelding in historiese navorsing en studie

Verbeelding omvat die "...vermoë om jou iets voor te stel wat nie tas- of sigbaar is nie"⁵ en voorstel verwys na "voor die gees roep".⁶ Verbeelding verwys na "a mental faculty forming images or concepts of external objects not present to the senses".⁷

Verbeelding is 'n onlosmaaklike stuk navorsingsgereedskap vir die kultuur-historiese navorser en -student: "historical imagination is the mental equipment with which practitioners of history approach their craft".⁸

Cobus Ferreira, kultuurhistorikus, historikus en keurige skrywer, het in 'n artikel die vermoë van die kultuurhistorikus om "die tydperk of persoon of voorwerp waaroor hy skryf, verbeeldinryk te verstaan", beklemtoon. Hy verklaar voorts dat dit beteken dat "die kultuurhistorikus daarna moet streef om hom met behulp van sy historiese verbeelding van die hede los te maak en hom terug te verplaas in daardie verlede wat hy bestudeer. Deur middel van sy verbeelding moet hy die verlede kan visualiseer, die atmosfeer van die betrokke periode kan vasvang en dit in 'n geskrewe vorm kan neerpen."¹⁰

Die Britse historikus en dosent aan die universiteite van Cambridge en Oxford, Hugh Redwald Trevor-Roper (1914-2003), op sy beurt "saw history as an art and the imagination as the key to understanding it".¹¹

'n Belangrike gevolg van historiese verbeelding is empatie, die vermoë om jouself in die tyd en plek van historiese karakters in te projekteer, "to see their world through their eyes",¹² wat weer aanleiding gee tot begrip van hoekom hulle geglo en opgetree het soos hulle het.

Ten einde studente se historiese verbeelding in hierdie module aan te wakker en te ondersteun, besoek hulle die Pioniersmuseum in Silverton, Pretoria, asook die African Window-Museum waar hulle met pioniersvoorwerpe en -strukture in aanraking kom wat die verbeeldingsproses aansienlik vergemaklik en stimuleer. Dit stel hulle in staat om die gesinsopset en -dinamika binne die pioniershuis te verstaan: hofmaak moes in stilte geskied, want 'n riempiesbank kon erg kraak, die mure het inderdaad ore gehad, en die res van die gesin was binne hoorafstand van die geringste geluidjie of liefdesfluistering. Die ontwikkeling van 'n eiesortige en stil liefdestaal maak dan soveel meer sin. Studente maak ook self kerse en ervaar die reuk van die brandende kers sintuiglik. Hulle kry begrip vir die werkslading van die pioniersgesin en die groot afstande tussen plase, wat die

beperking op kuier- en hofmaaktyd in perspektief stel.

Hofmaakverhale skep 'n verbeeldde verlede en uittreksels uit studente se verhale word hier aan die hand van sommige van die geïdentifiseerde kriteria beoordeel:

'n Gepaste verteller en wyse van vertelling

Benewens die jongman en jongmeisie wat in die meeste gevalle hulle eie verhale vertel, is die verhale op velerlei maniere oorgedra: deur die jongmeisie (dagboekinskrywings¹³; brief aan 'n ouer, reeds-getroude suster¹⁴, brief aan 'n vriendin¹⁵); deur gesinslede (vader; jaloerse jonger suster wat die geliefdes afloer, nuuskierge kleinboet¹⁶); deur diere (perde, huiskat, vlieg – "A fly on the wall"¹⁷; spinnekoppie¹⁸; 'n mot wat om die opsitkers gevlieg het¹⁹); deur gebruiksvoorwerpe (die opsitkers en verskeie riempiesbankies²⁰); deur strukture in die huis (die gordyn wat in die deuropening na die ouers se kamer hang²¹, die buitekombuismuur, die binnekombuismuur, die kamermuur²²) en selfs deur engele²³.

'n Getroue uitbeelding van die patriarchale gesagstradisie

Die gesagsposisie van die vader as streng, ongenaakbare, byna emosielose patriarg wat met die grootste ontsag en respek behandel moet word, en wat alles wat eerbaar in die toendertydse Afrikaner is, uitbeeld, is treffend in die studenteverhale herroep:

"Hy moes by die nooi gaan kuier, maar haar pa! So groot soos 'n reus. 'n

Man wat 'n span osse alleen kon inspan. Nie iemand om mee te mors nie."²⁴

"Ma sê ek loer oor die agter [sic] deur, maar Pa sê nik. Op Pa se gesig was daar geen uitdrukking nie, soos altyd. Ek sal seker weet wat hy dink as ek die kers sien."²⁵

Die verhouding tussen die ongenaakbare Afrikanerpatriarg en sy ondersteunende vrou, wat dikwels met 'n enkele blik sy strenge hart kon versag, is in talle verhale verwoord:

"The couple... who greet him, are as characteristically Afrikaner as the simple well-looked after farmhouse they reside at, and expressive of a warm earthy dignity. They include a wary critical-eyed father complete with a much more approachable-seeming mother who has a twinkle in her eye that tells the young man that she is on his side."²⁶

Studente het in hulle verhale die besondere en ondersteunende verhouding tussen moeder en dogter getrou geskets:

"Mother helped me get ready for him to come. She kept telling me what to do and what not to do and to remember that everyone can hear everything in the house. I was to act like a lady and she and my father would see if he was suitable for me. My mother was very excited as well."²⁷

'n Gepaste uitbeelding van die familiale ingesteldheid van die 19^{de}-eeuse Afrikaner

Die gesteldheid van die 19^{de}-eeuse Afrikaner op familiename is in talle verhale ingevleg:

"Peteronella Jasmien van der Merwe en Johachim Gerhardus du Preez".²⁸

Die gesteldheid op familieherkoms, familietrots, familiewelvarendheid, en die vermoë om familie uit te lê, is telkens opgeroep:

“Die arme kind gaan sy voorgeslag tot net voor Adam en Eva moet uitlê, sê waar hulle vandaan kom, wat hulle gedoen het en hoekom... Pieter Johannes van Dyk van Blinkwater. Dink jy hy is van dié Van Dyks?”²⁹

‘n Juiste uitbeelding van hofmaaktradisies, -bygelowe, -volksgelowe, en -gebruuke

Studente het in hulle verhale die erns rondom en belangrikheid van die huwelik as lotstyd en as versinnebeelding van die voortbestaan van die groep op velerlei wyses aangetoon en beklemtoon:

“Ek verstaan nie hoekom moet ‘n meisie so vroeg trou nie, maar my ma sê dis elke meisie se plig om ‘n bydrae te maak tot die Afrikanervolk.”³⁰

Die gebruikte en bygelofies rondom die bepaling van die identiteit van die “toekomstige deel” het studente se verbeeding aangegrap en is in vele van die verhale beskryf:

“Sanet sê Jaco Louw is die man van haar drome. Sy het al drie keer van hom gedroom wat beslis ‘n goeie teken is. Volgens haar het sy ‘n lemoen versigtig afgeskil sodat die skil nie moes breek nie. Daardie aand het sy die skil onder haar kussing gesit en toe droom sy van Jaco. Met nig Jakoba se troue het sy weer ‘n stuk troukoek onder haar kussing gesit en van hom gedroom. Die laaste keer was toe sy ‘n onoopgebreekte ertjiepeul met sewe korrels onder haar kussing gesit het. Sy het daardie aand weer van Jaco gedroom.”³¹

Bygelofies en gebruikte rondom optredes wat die kans op ‘n huwelik kon belemmer het, is in enkele verhale bespreek:

“Ek hoop al vir ‘n rukkie dat hy die groot vraag wil vra; ek doen al die dinge reg; ek sit nie op tafels nie, ek speel nie pop nie, ek tree nie oor ‘n besem nie, en ek neem nooit die laaste stukkie kos uit die bord nie.”³²

Een van die hofmaakrituele wat die studente behoorlik gefassineer het, was die uitrusting wat die jongman vir die hofmaakgebeure moes aantrek. Die feit dat dit ‘n wit broek was in ‘n baie stowwige en vuil milieu, het tot interessante toneeltjies aanleiding gegee. Die platgekamde hare, en die probleem om dit so te kry én so te hou, het lagwekkende beskrywings tot gevolg gehad; dieselfde geld vir die wapperende sakdoek in die baadjiesak:

“Nieteenstaande die feit dat sy wit broek nou skoon geroskam lyk, moes hy onder een reus van ‘n Afrikaner- of Drakensbergerbees gelê het om sy hare so plat teen sy bol te kon kry. Met ‘n grynslag kyk ek hom so van die stoep af as ek sien hy weet ook nie mooi om die sakdoek te gebruik wat so met ‘n hakerige punt in sy sak wapper as hy aangery kom nie.”³³

Dit blyk uit studente se verhale dat hulle diep onder die indruk gekom het van die besondere verhouding wat daar tydens die 19^{de}-eeuse pioniersomstandighede tussen die jongman en sy perd bestaan het:

“O, ek hou van Lenie! Sy het eenmaal op my gery en sy is lig soos ‘n veertjie met sagte hande en ‘n soet stemmetjie. Ek kan goed verstaan hoekom my kleinbasie so mal is oor haar. Hy begin nou lekker rooi hakskeentjies kry, die Dawie van my.”³⁴

Die enkele aspek van die hofmaakritueel waaraan studente die heel meeste aandag geskenk het, was die rede vir, die vorme en betekenis van liefdestaal, en alles wat maar moontlik in hierdie kommunikasieproses kon skeefloop.

Die redes vir die gebruik van ‘n stille liefdestaal is soos volg verwoord:

“...every movement made echoed throughout the house.”³⁵

"The father left the two in the room, going only a few meters away behind the curtain to his own bedroom. They spoke in hushed voices, occasionally picking up a mint that had their true thoughts written on them and handed them to one another."³⁶

Die gebruik van koppietaal in die studente se verhale was meestal suksesvol om die liefdesboodskap oor te dra, maar soms kon ernstige kommunikasiegapings ontstaan wanneer een van die twee partye nie so geofend in die gebruik van die taal was nie:

"Jakobus het my skoon verras met hoe goed hy die koppietaal baasraak. Selfs Katarina het met 'n glimlag opgemerk, 'Jakobus Vivier, het jy aan jou koppietaal geoefen in plaas daarvan dat jy jou pa met die boerdery help?'. Sy antwoord daarop was vonkelende oë, met 'n vinger op sy wang."³⁷

Die liefdesbetekenis wat aan blomme geheg word, is mildelik in die studente se verhale ingesluit:

"Wat gaan jy my noem?" Dawie het hom nie maklik in 'n hoek laat dryf nie, en al het sy ore rooi geword, sê hy: 'Madeliefie... jy laat my aan 'n fyn wit madeliefie dink.' Lenie se blou oë het geblink, want dit beteken natuurlik dat sy onskuldig mooi is."³⁸

Die gebruik van vrypepermente met boodskappies op is met groot sukses in die verhale verweef:

"...en omrede die vertrekke slegs deur gordyntjies geskei is, moes die tweetjies maar hulle fluisterstemme uithaal... Sy hou vir Frans die bordjie met pepermente. 'Kies vir my een', sê Frans... Sy neem die een wat sê 'soen my gou', en gee dit vir Frans. Hy kyk lank en intens na die ment, loer oor sy skouer en leun stadig vooroor."³⁹

Sommige studente het in hulle verhale 'n kombinasie van liefdestale ingespan en die geliefdes moes mooi kophou en onthou om by die verskuilde betekenis uit te kom:

"Hy glimlag vir haar en gee vir haar 'n velsakkie wat hy uit sy sak haal. Sy maak dit oop en vind daarbinne die volgende voorwerpe: 'n pepermentlekker waarop staan 'Wees myne asseblief', 'n roosblaartjie, 'n skets van 'n koppie op 'n piercing (wat beteken 'Gee my 'n soen') en dan ook 'n stukkie bokmis (wat beteken 'Bly by my deur moeilike tye'). Sy het alles gevat en daarna gekyk en net vir hom geknik om hom te laat weet dat sy instem."⁴⁰

Die belangrike en onmisbare rol van die opsitkers is met groot oortuiging in hulle verhale uitgebeeld: van die lengte van die kers wat op ouerlike goedkeuring, of nie, gedui het, tot maniere om die kers langer te laat brand:

"Toe Jan nader skuif om vir hom melk by sy koffie te gooi, merk hy die lang, kers op. 'Dankie, tog!', dink hy. 'Dit lyk darem of haar ouers hulle goedkeuring gee'."⁴¹

"En die kers wat so stadig brand. Drien het self gesien hoe Anabel skelmpies 'n paar knippies sout vir die opsitkers se pit uit die spens gaps."⁴²

"Ma het vooraf 'n speld in die vetkers gesteek, as die flam daar by die speld kom, moet ons die opsittery beëindig', sê ek vir Sarel. 'My voshaarnooi, dis nie die eerste keer wat ek vir jou kom kuier nie. Ek het my eie kers saamgebring', sê hy vir my."⁴³

Daar is in die verhale breedvoerig uitgewei oor die poetse en streke wat die broers van die meisie uitgehaal het om die lewe vir die jongman nog moeiliker te maak:

"n Uur was nog nie verby nie en die kers nog nie eers halfpad gebrand nie, toe daar 'n hewige hoesbui van die kamer se kant af kom. 'Ag nee!', sê albei gelyktydig. 'n Pa se woord, in die geval 'n hoesbui, is wet en dit beteken dat Jan huiswaarts sal moet keer. Jan het ewe traag begin opstaan toe hy 'n gelag hoor."⁴⁴

Studente het die einde van die aand se hofmaak, wat met die keelskoonmaak van die vader aangedui is, soms heel vermaaklik uitgebeeld:

“Net na tien begin pa weer oudergewoonte kug. Jakobus spring so vinnig op dat hy die kers laat omval en daar vat die witbroek, met die vuil kolle,vlam. Ek gil natuurlik, terwyl ek met ’n afdroogdoek rondom hom trippel en dievlammetjies probeer doodslaan, en daar staan Pa toe! Dit het gelyk of dievlammetjies oorgespring het na sy oë toe, en ek kon sweer die rook het by sy neus uitgekom. Pa wou net begin praat, toe Ma haar arm rondom hom sit.”⁴⁵

Die optrede van die jongmans op hulle terugreis na afloop van ’n suksesvolle aand van hofmaak, is met die beskrywing van die sing van vele liefdesliedjes in die verhale ingesluit:

“Die hele pad huis toe neurie hy ’n liedjie: ‘My hartjie, my liefie, die son sak weg!’”⁴⁶

Sommige studente het in hulle verhale die hofmaakproses tot op sy einde gevoer en die ouersvra-ritueel, die optrede van die vader in hierdie verband, en selfs die gebruik van gebooie opgee in hulle verhale verwoord:

“Daardie aand nog het Chrisjan my ouers gevra en die gebooie was sommer die volgendeoggend die eerste maal in die kerk gelees... ’n Maand later, die Sondag voor Geloftdag, het ons in die kerk getrou.”⁴⁷

“He was so excited but scared at the same time. Eventually he plucked up courage to ask if he could enter the parents’ bedroom. A low grumble of a voice ordered him into the bedroom. Melissa’s father was now illuminated by a candle light. The father, although in a sleepy state, knew exactly what Peter wanted and encouraged him over to the bed. ‘You want to marry my little girl, hey?!’, asked the father. ‘I would love more than anything in the world to marry your daughter’, Peter replied. The father smiled, ‘Do you love her enough and promise to provide and care for her all your life?’ ‘Yes, I promise from the deepest corner of my heart. I love her!’, Peter exclaimed. ‘Then you shall marry her if it is what she wills.’ Both of them smiled and then Peter left the room to share the good news with Melissa.”⁴⁸

Die verhaal moes spreek van meelewing, inlewing en ervaring van die emosies van opgewondenheid, afwagting, onsekerheid, en die intense vreugde wat deel van die hofmaakproses uitgemaak het.

Hier het studente glad nie teleurgestel nie en die verhale het elke intense emosie van verliefwees in oorvloedige en emosionele beskrywings verwoord:

“Wat ’n onvergeetlike aand!”⁴⁹

“Ons hande vind mekaar soos twee langverlore pelgrims. My lippe raak haar lippe aan en skielik voel dit asof ek sweef. Alhoewel dit net ’n vinnige, maar passievolle soen was, het dit gevoel soos ’n ewigheid.”⁵⁰

“Vasgevang in die greep van verliefdheid, was sy verlore in ’n rivier van emosies.”⁵¹

Slot

Het hierdie kreatiewe oefening in historiese verbeelding daarin geslaag om studente die leef-, gedagte-, en gevoelswêreld van die pionier te laat betree?

Die antwoord is onomwonde instemmend: die wyse waarop studente hulself in hierdie omstandighede en gebeure ingeleef het, het tot kreatiewe, verbeeldingryke, sintuiglike, begripsvolle en meelewende verhale aanleiding

gegee. Met die lees van hierdie gedetailleerde en beskrywende verhale word beelde en voorstellings van die omstandighede, gebeure en emosies van 'n 19^{de}-eeuse pioniershofmaakaand helder en byna tasbaar opgeroep. Die leser voel hom-/haarself nie net deel van die pionierswêreld nie, maar word deur hierdie verhale en die vele beelde wat daardeur opgeroep word, beslis binne hierdie wêreld ingetrek.

Laat ons ten slotte nog 'n hofmaakaand beleef, wees deel hiervan, en ervaar die emosie (en die frustrasie!):

Opsitkerskommunikasiegaping

In witbroek geklee, sy hare,
en ook sy vosperd deftig geroskam,
het Piet Saterdagaand 'n poging aangewend
om sy trouvrou te vang.
By nagmaal en sy verjaarsdag
het hy haar al gewaar –
nou sit en wonder Piet
'sou sy dalk eendag my kinders kon baar?'
Sannie van Niekerk
ag, tog te fraai!
Wat sou sy sê
as hy by haar kom draai?
Oubaas Van Niekerk
het dit self seker nooit gedoen
want 'n drie duim kersie
was al tyd vir Piet om te soen!
Slim Oubaas het die kers,
vernietigend, reg langs sy kamer opgevlam.
Hoe sou Piet dan haar vertel –
sy maak sy knieë lam?
Sout op die kers het dit nie gekeer,
om baie vinnig nabysty aan uitbrand te verkeer.
Pepermente en blomme is reeds aan haar gegee,
maar hoe kon hy haar van haar voete af vee?
'n Laaste desperate poging het nou oorgebly,
'n lyftaal wat meen, 'Wil jy graag vry?'
Was dit nou lepel in sy eie óf in die koppie se oor?
Die verkeerde een sou die liefde vermoor ...
Oujongkêrel Piet du Plooy is vandag nog baie spyt,
oor daardie verskriklik-mislukte 'date'.
Die lepel in sy oor het nie reg gevoel,
Oubaas van Niekerk het toe wel geslaag in sy doel!⁵²

Verwysings

¹ Student 1. 2000. Hofmaakverslag: *Noodbrief rondom 'n vrypostige vryer*.

² In ooreenstemming met die riglyne van die Navorsingsetiekomitee van die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van Pretoria word die name en studentenummers van studente in bronverwysings weggelaat en word daar numeries na studente verwys. 'n Volledige lys met studentename en -nummers is wel ter insae beskikbaar om die geldigheid van die bronne te bevestig.

³ Odendaal, F.F. & Gouws, R.H. (reds.). 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse*

- Taal.* Kaapstad: Perskor, p. 75.
- ⁴ Odendaal, F.F. & Gouws, R.H. (eds.). *Verklarende Handwoordeboek*, p. 215.
- ⁵ Odendaal, F.F. & Gouws, R.H. (eds.) *Verklarende Handwoordeboek*, p. 1264.
- ⁶ Odendaal, F.F. & Gouws, R.H. (eds.) *Verklarende Handwoordeboek*, p. 1344.
- ⁷ Thompson, D. (Ed.) 1996. *The concise Oxford dictionary of current English*. London: Oxford University Press , p. 677.
- ⁸ Wollner, C. The historical imagination: “thinking” and “doing” history, www.upa.pdx.edu/IMS/currentprojects/TAHV3/Team.html. Besoek: 13 Mei 2009.
- ⁹ Ferreira, O.J.O. 1988. Taak van die kultuurhistorikus. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeschiedenis*, 2(2), p. 100.
- ¹⁰ Ferreira, O.J.O. Taak van die kultuurhistorikus, p. 100.
- ¹¹ http://www.history.ac.uk/makinghistory/historians/trevor-roper_hugh.htm1. Besoek: 3 Mei 2009.
- ¹² Wollner, C. The historical imagination: “thinking” and “doing” history. Besoek: 13 Mei 2009.
- ¹³ Student 2. 2004. Courtship report; Student 3. 2005. Courtship report; Student 4. 2004. Courtship report; Student 5. 2004. Courtship report; Student 6. 2004. Courtship report; Student 7. 2004. Hofmaakverslag: *Liewe Dagboek*; Student 8. 2000. Hofmaakverslag; Student 9. 2007. Courtship report; Student 10. 2006. Courtship report; Student 11. 2005. Courtship report; Student 12. 2005. Courtship report.
- ¹⁴ Student 13. 2000. Hofmaakverslag; Student 14. 2000. Hofmaakverslag.
- ¹⁵ Student 15. 2004. Courtship report.
- ¹⁶ Student 16. 2004. Hofmaakverslag.
- ¹⁷ Student 17. 2005. Courtship report: *A fly on the wall*.
- ¹⁸ Student 18. 2006. Hofmaakverslag.
- ¹⁹ Student 19. 2005. Hofmaakverslag.
- ²⁰ Student 20. 2003. Hofmaakverslag: *Die roosbosman*.
- ²¹ Student 21. 2003. Hofmaakverslag.
- ²² Student 22. 2005. Hofmaakverslag: *Die opsitstorie van Pieter en Lientjie*.
- ²³ Student 23. 2002. Hofmaakverslag: *Engele*.
- ²⁴ Student 18. 2005. Hofmaakverslag: *Hy moes by haar gaan kuier*.
- ²⁵ Student 8. 2000. Hofmaakverslag.
- ²⁶ Student 24. 2004. Courtship report.
- ²⁷ Student 2. 2004. Courtship report.
- ²⁸ Student 25. 2006. Hofmaakverslag.
- ²⁹ Student 22. 2005. Hofmaakverslag: *Die opsitstorie van Pieter en Lientjie*.
- ³⁰ Student 26. 2007. Hofmaakverslag.
- ³¹ Student 27. 2007. Hofmaakverslag.
- ³² Student 28. 2003. Hofmaakverslag.
- ³³ Student 29. 2000. Hofmaakverslag.
- ³⁴ Student 30. 2001. Hofmaakverslag.
- ³⁵ Student 31. 2004. Courtship report: *To squeak or not to squeak? A riempiesbankie's story*.
- ³⁶ Student 10. 2006. Courtship report.
- ³⁷ Student 18. 2006. Hofmaakverslag.
- ³⁸ Student 32. 2002. Hofmaakverslag.
- ³⁹ Student 33. 2004. Hofmaakverslag: *Die kortstondige liefde van Frans en Sannie*.
- ⁴⁰ Student 19. 2005. Hofmaakverslag.
- ⁴¹ Student 34. 2006. Hofmaakverslag.
- ⁴² Student 35. 2001. Hofmaakverslag: *Drien se geelwit dahlia*.
- ⁴³ Student 36. 2000. Hofmaakverslag.
- ⁴⁴ Student 33. 2006. Hofmaakverslag.
- ⁴⁵ Student 14. 2000. Hofmaakverslag.
- ⁴⁶ Student 37. 2006. Hofmaakverslag.
- ⁴⁷ Student 38. 2000. Hofmaakverslag.
- ⁴⁸ Student 39. 2002. Courtship report.
- ⁴⁹ Student 40. 2007. Hofmaakverslag.
- ⁵⁰ Student 41. 2003. Hofmaakverslag.
- ⁵¹ Student 20. 2003. Hofmaakverslag: *Die roosbosman*.
- ⁵² Student 42. 2003. Hofmaakverslag: *Opsitkerskommunikasiegaping*.

The Autodidact and, and in, South African history

Nicholas Clarke

Autodidact •n. a self-taught person.

The written history of South Africa has its smattering of men and women who have excelled in fields other than those in which they had been schooled. These autodidacts have contributed significantly – be it in the natural sciences, the discovery of South Africa's other rich and diverse treasures as well as the discipline of architecture. The hope is that, by looking, in this essay, at a sampling of the men and women who have coloured the past and in examining the reception they then received, a place is found for the autodidact of today.

"For Africa is already noted for its unique and protean forms in the Animal and Vegetable Kingdom. Africa – the mysterious, the unknown, replete with wonders and prodigies of nature, the survivor of the wreck of continents, the first born ... the land of desiccated lakes, wherein once disported fishes and reptiles of wondrous form, whose banks were fringed by noble trees, since turned to stone and transfixed to the spot in which they flourished." – Gogga Brown in the Christmas Number of the *Aliwal Observer* of 1870

Should any reader wonder at the fact that South Africa has brought forth a number of renowned autodidacts in the field of the natural sciences, they should but glance out of the window at the riches of the natural environment, remembering that this continent is the rightful home of mankind and of our cultural endeavours. Then, too, to remind themselves that science is but a young discipline, especially in this country, a discipline that for many years received no official support and so lay open to all who found her a worthy mistress of their attentions.

It was because of the vastness of the field (read 'veldt') that the 'gentleman' scientist and layman could, in the 19th century, access and make a contribution to the knowledge of natural history. As the structures of learning were, over time, formalised and the disciplines of study were professionalised, autodidacts found that they were ever more alienated and had to either fight for recognition or retreat into lonely hermitic and also hermetic study.

It is not only in the field of the natural and cultural sciences that we find the willing early pioneers exerting themselves, but also in the lacuna of the professional disciplines. Thus Sophia Gray (1814-1871), that prolific architect to the Anglican Church of the 19th Century, was able to have constructed buildings to her design dotted about the former Cape Colony, Free State Republic and Natal Colony, she having had no formal training in this art.

Let us first, by way of example, consider two autodidacts active in the field of geology and palaeontology in the early and late 19th century and examine the recognition they received.

The field of geology produced the giant of the autodidacts of South Africa – Andrew Geddes Bain (1797-1864), orphan emigrant, saddle maker, farmer, soldier, writer, traveller, explorer, palaeontologist, road builder, engineer and the

rightful father of South African Geology. Bain was a true *polymath* or *polyhistor*. The career of Bain is well recorded, thus only two aspects of his abilities will be highlighted here: his herculean contributions to the fields of geology and palaeontology.

It was by virtue of his road-building activities that Bain is most remembered today. Road-building fired his imagination, but Charles Lyell's *Principles of Geology*, a copy borrowed from Captain Duncan Campbell (1781-1856), then acting Civil Commissioner and Resident Magistrate of the Albany District, was touchstone to his scientific understanding. In Bain's reminiscences he relates how he read this tome "with avidity, over and over again... I was smitten. Lyell had made a convert of me. I lamented that I had never read his or any other geological work before."¹ It was his study of Lyell (1797-1875), first published in 1830, that gave Bain the necessary knowledge for his *Geology of South Africa* that included a geological map of the Cape Colony of 1851, which elicited the following response from the Geological Society of London: "The circumstances under which the observations were made and the specimens collected ... are such as to give rise to our astonishment at the triumphant results ... of one who, by his own perseverance and talents alone, has not only worked out so grand a geological problem, but has trained and wholly educated himself for the task ..."

That then must here suffice for his career as geologist. As palaeontologist Bain also found ready recognition. His 'Blinkwater Monster' labelled by Bain as a *Bidental* was renamed as *Dicynodon* by Sir Richard Owen (1804-1892). The tale of Bain offering his fossil collection as nucleus for the Grahamstown Museum's collections being scoffed at by the incumbent director, then being lauded by the Geological Society of London, is well known. Bain was not the first of the South African autodidacts to locally be thought of as second-rate, yet find international acclaim.

Bain is connected, through his enterprise, to another amateur jack-of-all-trades, Gogga (Alfred) Brown (1834-1920), school teacher, postmaster and librarian to the town of Aliwal North for nigh on sixty years, but more importantly, amateur geologist, herpetologist, meteorologist and archaeologist. Gogga never met Bain – they lived a generation apart – but he did, in his own right, make substantial contributions to the knowledge on *Dicynodon*, Bain's 'Blinkwater Monster'.

Brown, after a first triumph, having Thomas Henry Huxley (1825-1895) naming *Euskelosaurus browni* in his honour, soon found that he was facing the insurmountable hurdle of institutional bureaucracy. The gap in time between himself and Bain provides for an understanding of Brown's suffering much disappointment in what he was permitted by the formal institutions to contribute to the body of knowledge. Brown was eager to enter the fold of the publishing scientist but was always met with disdain, unfulfilled promises and even abuse by the initiates of science. Hence the dissemination of the scientific data he had legitimately garnered in his efforts, languished unpublished. H.G. Seeley (1839-1909) did visit him, and took away to England, on loan, a large collection of fossil bones. It was fifteen years before Brown again had word of his collection. Similarly, promises made from Paris and Vienna, which might have resulted in recognition, were never fulfilled.

Gogga is styled a hermit by his biographer, although this could hardly have been the case if his many public appointments are considered.² Rather, he became suspicious of science and formal scientific institutions. Only towards the end of his life and after a long 'courtship' would Brown allow Robert Broom (1866-1951) access to portions of his valuable collections.

A third autodidact, a contemporary of Brown, Dr Guybon Atherstone MRCS

was a medical doctor practicing in Grahamstown. Atherstone (1814-1898) had, as a child, already developed an interest in geology, but it was the enthusiasm of Bain that fired his own fascination that had drawn him to the field – resulting in his identifying, in March 1867, the first diamond discovered in South Africa and thereafter, in 1869, his publishing of his methodology for determining its authenticity, making him the instigator of the Kimberley diamond rush.

His interest in geology extended naturally into the field of palaeontology. He is remembered as the discoverer of *Tapinocephalus atherstonii*. Inspired by Bain no doubt, Atherstone in turn associated with Dr Richard Nathaniel Rubidge (1820-1869), a colleague from the Pearston district and founder of a line of world-renowned South African palaeontologists, still active in the field.

Thus we see that while Bain, at the end of his life, in his visit to England, was being lauded by the scientific community – itself in the process of forming from a body of autodidacts – Brown, a single generation later, was spurned by the inheritors of the institutions made famous by those pioneering autodidacts. Could a Sophia Gray or her equal originate today within the legal requirements of the institution and council of architects? And could it be that reverence for Atherstone's formal titling as Doctor provided him with more credence in the eyes of both academia and public than 'Gogga' Brown's plain name?

There is a field that holds continuous promise for the autodidact in perpetuity, a field for which formal structures exists, but no final Cartesian truth can be postulated. In South Africa today we find this field ripe for continuous reassessment and interpretation – the study of the past.

Like Bain's *Lyell* and Harry Bolus (1834-1911) who was encouraged by Francis Guthrie (1831-1899) to take up botany, the novice needs an introduction to the field. This can come through a fascination prevalent in a cultural period (as was the case with the Nationality Agenda predominant amongst white Afrikaans speaking South Africans during the mid-twentieth century) or formal education such as the inclusion of the study of history as subject in courses such as that for architecture. In the case of the former, genealogy and family histories provided a vehicle for the justification of a claim to the country. In the latter, built structure becomes the vehicle for unlocking the past and is a looking glass which is concrete, tangible and undeniable.

Society undergoes constant evolution. The writing and interpretation of history is always coloured by the presumptions and predisposition of the writer which in itself is a result of the societal forces of the time. These histories will constantly need re-evaluating through new eyes, so making these interpretations multivalent and once more appropriate. Here lies the role for the autodidact today: men and women of diverse backgrounds, each with his or her own pair of spectacles, tinted to the colour of their own preconceptions (and prejudices) giving us their interpretations of the past. So, in paraphrasing Gogga Brown, they may find the same wonder and amazement in the world of history as he found in nature: "The world of nature is a book wherein the most mighty and wise, as well as the most humble and unlearned, may find rich food for mental enjoyment."³

References

- ¹ Lister, H. 1949. *Journals of Andrew Geddes Bain, trader, explorer, soldier, road engineer and geologist*. Cape Town: Van Riebeeck Society.
- ² Drennan, M.R. 1939. *Gogga Brown: the life-story of Alfred Brown, South Africa's hermit-naturalist, told from his journal*. Cape Town: Maskew Miller.
- ³ Drennan, M.R. *Gogga Brown: the life-story of Alfred Brown, South Africa's hermit-naturalist*.

Melktert en *pastéis de nata*: 'n verkenning

Rachel & Nico Botes

The melk-tert in South Africa is not so much a dish as a national institution, almost a fundamental prop of such democratic constitution as we have left in the land.¹

In Suid-Afrika is melktert allemanskos en, vir baie, ook gemoedskos. C. Louis Leipoldt (1880-1947)² skryf dat elke kok in 'n eie melktertresep glo en dat 'n menigte variasies daarom bestaan. Hy noteer drie verskillende resepte wat elk meer kompleks geurmiddels bevat as wat vandag algemeen gebruik word. Laurens van der Post (1906-1996)³ vereenselwig melktert met sy kinderde; hy borduur nostalgies voort en voeg by dat dit enige tyd en aan almal, insluitend die predikant tydens huisbesoek, bedien is en dus ook as "dominie's tert" bekend gestaan het. Zinzi Mandela (*1960)⁴ onthou dat hulle, toe sy jonk was, nie sonder Barbara Waite se melkterte, wat die dames van die Black Sash na Brandfort aangery het, kon oorleef nie.

Hoewel eenvoudig om self te berei is melktert vandag algemeen, ook by tuisbedrywe, te koop. Vir dié wat nog self bak – en dikwels op 'n geërfde resep staatmaak – is die kernbestanddele (melk, eiers, meel, botter en suiker) bekostigbaar en maklik verkrybaar.

'n Melktert is eenvoudig 'n eiervla, of melkpap,⁵ wat met meel verdik en met botter en eiers verryk word. Die bestanddele van die vla word van meet af saam berei, buiten wanneer geklopte eierwitte later ingevou word. Volgens tradisie word dit in 'n skilferkorsdeeg gebak.⁶ Die kors van 'n goeie outydse melktert is lugtig en moet mooi afblaar. Die vulsel moet byna gelyk met die kant van die kors wees en bo-op met kaneel bestrooi word. As die tert gesny word moet die vulsel stewig wees, nie te styf of loperig nie en beslis sonder klonte. Die smaak is by uitstek delikaat.⁷

Dit is ook die geval met die Portugese ekwivalent – 'n *pastel de nata* (letterlik gebak met room, of dan room- of vlatert, meer bekend in die meervoudvorm *pastéis de nata*). Tradisioneel is *pastéis de nata* handtertjiegroutte met 'n ligte, skilferige laagdeeg – *massa folhada*⁸ – gevul met 'n ryk vla gemaak van eiergele, room en suiker.⁹ Die sukses van die metode (en tekstuur) hang nou saam met die bereiding van 'n dik suikerstroop wat stapsgewys met ander bestanddele gemeng word. Anders as in melktert word die eiergele en room laaste ingevou en die vla koel heeltemal af (selfs oornag) voordat dit gebak word. Die bolaag is gewoonlik geskroei of gekarameliseer omdat dit vinnig en teen hoë temperatuur (selfs tot 400°C)¹⁰ gebak word. Kaneel of kaneelsuiker word gewoonlik na die tyd, dikwels deur die eter aan tafel, oorgestrooi.

Hoewel melktert as tipies Suid-Afrikaans, en *pastéis de nata* as Portugees, beskou word, en so tereg tradisioneel genoem word, is gebak wat met gegeurde eiervla gevul word nie uniek tot hierdie lande of hul geskiedenis nie. Buiten melktert en *pastéis* is daar tallose resepte vir gebak met 'n soet of sout eiervla. Waar die kernbestanddele universeel verkry kan word uit primêre landbouprakteke is hierdie geen vreemde verskynsel nie. Van die meer bekende soet weergawes is Franse *flan* en *crème*,¹¹ Hollandse *vlaai*¹² (waartoe vrugte normaalweg

gevoeg word), Engelse *custard tart*¹³ en Chinese eierlatert.¹⁴ Ten spye van die ooglopende ooreenkomste speel streektradisie en persepsie in elk 'n rol.¹⁵

'n Resep vir eiervla, versoet met heuning en bedien met speserye, is reeds deur die Romeinse skrywer Apicius (*JE1, HE*) aangeteken.¹⁶ Uit die Baroness Jehanne de Huguenin¹⁷ se omvattende navorsing¹⁸ is dit duidelik dat vlaterte in die Middeleeue gewild was. Saffraan en kaneel is reeds in die veertiende eeu in Engeland, Italië en Katalonië as geurmiddels gebruik. 'n Ou-Engelse resep vir room-vlaktert, met saffraan en gebak in 'n broskors, dateer uit die vyftiende eeu.¹⁹

'n Opmerklike variasie (en waarskynlik die oorsprong vir amandel as geurmiddel in baie melkterte) was vlaterte bedoel vir die Vastyd, waar die melk en eiers vervang is met amandelmelk – 'n ekstrak van gemaalde amandels geweek in water, afreksel of wyn en soms verdik, onder meer met rysmeel.²⁰ So 'n Vastydresep is in 1514 aangeteken in *Een notabel boecxken van cokeryen* wat in 1514 deur Thomas van der Noot in Brussel gedruk is. Hierin word amandelmelk saam met kaneel en gemmer gebruik: "Neemt melck van amandelen ende rijs [rijst] wel ghestoten ende duerghedaen [goed gestampt en door een zeef gewreven]. Daer suldi oock inne doin terwenbloeme. Hiertoel suldy nemen suycere ende caneelpoedere met ghimberpoedere. Minghelt dit al tesamen ende doeget daerinne. Laetse aldus staen backen totdat si ghenoech sijn. Als si ghenoech gebacken sijn, so doetse uute [haal ze van het vuur] ende laetse staen couwen [afkoelen]."²¹

In Carolus Battus se *Cochoeck*, in 1593 in Dordrecht deur Jan Canin uitgegee, verskyн 'n resep vir *Borbonnoyse taerte* wat met room, eiergele, rooswater en meel gemaak word en in 'n deegkors gebak word. Kaneel en suiker word oorgestrooi: "Neemt tot een middelbaer schotel een pinte soeten room, vier doeyeren van eyeren cleyngeclopt met eenen croes roosewater ende doet er soveel bloeme by als u goet dunckt om de spijse redelick dick te hebben ende latet so staen sieden op colen ende roeret wel dattet niet en verbrande en alst dus ghesoden is met den room, so doet er wel suycer in ende latet noch wat sieden totdat u dunct dattet genoech is ende latet dan wat coelen ende doeget in u deegh. Latet backen ende als ghyse opdient so stroyt er canneel ende suycer op het scheel, wildy."²²

Beide hierdie resepte uit die Lae Lande toon duidelike ooreenkomste met melktert, sodat die Amsterdamse kosskrywer Karin Engelbrecht tereg opmerk dat Suid-Afrikaanse melktert van Hollandse oorsprong moet wees.²³ Hildagonda Duckitt (1839-1905) publiseer plaaslik een van die oudste resepte vir melktert, wat sy 'n Ou Hollandse "*Spécialité*" noem.²⁴ Hierin word die eiervla met "Maizena" verdik en slegs met kaneel gegeur. Dit kom voor of kaneel – of kaneelsuiker – die een onontbeerlike bestanddeel in melktert, en ook vir ander gemoedskos soos melkkos²⁵ en pannekoek, is. Vir melktert word kaneel saam met die melk gekook of bo-oor gestrooi ongeag of droë nartjie-,²⁶ lemoen,²⁷ of vars suurlemoenskil,²⁸ neutmuskaat,²⁹ vanieljegeursel of kardamomsade³⁰ verder vir geur gebruik word.

In oënskynlike navolging van die Vastydresepte word amandel steeds as geursel in sommige resepte gebruik; buiten amandelessens³¹ kan dit ook nageboots word deur perskeblare³² saam met die melk te kook. Leipoldt beskryf 'n ryk melktert waar amandels met 'n paar appelkoos- of perskepitte fyngestamp en dan met klappermelk gewas word. Hierby word room, eiergele en nog 'n eier geklits in 'n glas brandewyn of soetwyn gevoeg as basis vir die vla.³³

Vlapoeier³⁴ is skynbaar 'n twintigste-eeuse toevoeging tot resepte; behalwe dat dit 'n vanieljesmaak onderskryf, dra dit by tot die set van die vulsel. Melktert is ook onlangs verhef tot molekulêre gastronomie deur sjef Lorraine Meaney met haar dekonstrueerde melktert met Vin de Constance-kaviaar en poeiernartjie gegeurde koraalsuiker wat met kaneeljellie bedien word.³⁵ As dit puriteine na hul asem laat snak is daar nog onlangse populêre verwikkellings: 'n mikrogolfoond-

resep met 'n margarien-en-koekiekors³⁶ en 'n ongebakte melktert berei met maroela-likeur en kondensmelk.³⁷ Dit wil voorkom of die laaste resep vir melktert nog gepen moet word...

Doces, soet lekkernye, is lank terug in Portugese kloosters gebak. Waar eierwitte noodsaklik was om ondermeer wyn te brei, gebruik heelparty resepte vir *doces de o os*, soet gebak met eiers, tradisioneel net eiergele, wat andersins in oorskot sou wees.³⁸ Die bekendste *doces de o os* is sekerlik *pastéis de Belém*, 'n handelsnaam wat 1911 geregistreer is vir vlatertjies wat volgens 'n geheime resep slegs by Antiga Confeitaria de Belém gebak word. Na oorlewering kom dié resep oorspronklik van die nabygeleë São Jerónimos-klooster in Belém, Lissabon, en is in 1834 deur Domingo Rafael Alves bekom na die sluiting van die kloosters. Dit word sedert 1837 slegs hier gebak en is steeds 'n familiesaak.³⁹ Fynproewers en *pastéis*-fanatici is dit eens dat hierdie die toppunt van dié Portugese gebak is.⁴⁰



Al is die resep vir *pastéis de Belém* geheim, bestaan etlike weergawes vir *pastéis de nata* in Portugeessprekende lande en ander eertydse kolonies.⁴¹ Te midde van streeksverskille in hoeveelhede, tegniek en opinies oor die temperatuur waarteen dit gebak moet word, is daar redelike ooreenstemming betreffende die verlangde smaak, kleur en tekstuur van die produk.

Met die presiesheid van metode en verlangde hoë temperatuur, is *pastéis de nata* gespesialiseerde gebak. Hier teenoor is dit makliker om melktert suksesvol te berei. Die verwagting vir melktert is ook skynbaar vryer vir interpretasie en meer akkommoderend vir (geur)toevoegings en improvisasie.

Pastéis de nata is wetenskap, melktert is geloof.

Naskrif

Vir 'n proetoets is agt vlaterte volgens verskillende resepte gebak: gebakte melk ('n onversoete Spaanse resep uit die veertiende eeu, gegeur met saffraan, kaneel en neutmuskaat), room-vlatert (Ou-Engelse resep uit die vyftiende eeu met saffraan en 'n broskors), 'n Engelse vlatert (met neutmuskaat), Chinese eiervlaterjies (sonder speserye), *crema catalana* (met suurlemoenskil), David Leite se verwerking van Francisco Rosa se resep vir *pastéis de nata* (waar 'n industriële oond se hoë temperatuur die deurslag gee), Barbara Waite se melktert met 'n ongebakte vla en 'n resep vir outydse melktert met 'n gebakte vulsel.

Die grootste afwyking was opmerklik in die fermheid en teksture, wat te verstane is daar die detail van bereiding en hantering in elk verskil. Die intense geel van die soet Chinese tertjies en die sagte borriekleur van die resepte met saffraan was visueel opvallend. Naas die geur van die onversoete gebakte melk (wat effe aan 'n omelet herinner) en die invloed van die verskillende speserye, of

gebrek daaraan, was daar min verskil te bespeur in die onderliggende smake van die vulsels. Inteendeel, die ooreenkomste was verstommend, of in Leipoldt se woorde: "The truth of the matter is that the cookery of every nation has borrowed freely, often with unblushing audacity, from that of every other nation, and that only where it has succeeded in impressing its own stamp on its cooking technique, by the practice of local methods and the employment of local foodstuffs, can it be said to have reached the level that merits a distinctive territorial adjective."⁴²

Verwysings

- ¹ Van der Post, L. 1977. *First catch your eland: a taste of Africa*. London: The Hogarth Press, p. 203.
- ² Leipoldt, C.L. 1989. *Leipoldt's Cape cookery*. Cape Town: W.J. Flesch & Partners, p. 153.
- ³ Van der Post, L. *First catch your eland: a taste of Africa*, p. 203.
- ⁴ Trapido, A. 2008. *Hunger for freedom: the story of food in the life of Nelson Mandela*. Johannesburg: Jacana, p. 131.
- ⁵ BURU van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal. 2007. *Elektroniese WAT*. Internet: <http://www.woordeboek.co.za>. Toegang: 6 Junie 2010.
- ⁶ Davidtsz, M.J. 1968. *Jess Davidtsz se kookboek*. Vryfde verbeterde uitgawe. Pretoria: Voortrekker Pers, p. 335. Die kors se deeg is 'n onderwerp vir 'n aparte ondersoek.
- ⁷ Departement van Nasionale Opvoeding. 1980. *Handleiding vir tentoonstellings en beoordelaars: gebak, lekkers, gepreserveerde produkte, plaasprodukte*. Tweede hersiene uitgawe. Pretoria: Staatsdrukker, pp. 23-24.
- ⁸ Leite, D. 2004. *Leite's Culinaria: Alfama's Pastéis de Nata*. Internet: <http://leitesculinaria.com/7759/recipes-portuguese-custard-tarts-pasteis-de-nata.html>. Toegang: 5 Junie 2010.
- ⁹ Falces, F. 1995. Portugal, in *Culinaria: European specialties Volume 2* edited by A. Dominé & M. Ditter. Cologne: Könemann, pp. 228-229.
- ¹⁰ Leite, D. *Leite's Culinaria: Alfama's Pastéis de Nata*. Toegang: 5 Junie 2010.
- ¹¹ Davidson, A. (Ed.). 2002. *The Penguin companion to food*. London: Penguin, pp. 271, 285, 365.
- ¹² Den Boon, C.A. & Geeraerts, D. (hoofdred.). 2005. *Van Dale groot woordeboek van de Nederlandse taal*. Veertiende, herziene uitgave. Utrecht: Van Dale Lexicografie, p. 3942.
- ¹³ McGee, H. 2004. *On food and cooking*. Revised edition. New York: Scribner, p. 94.
- ¹⁴ Anjelikuh. 2008. *Chinese Egg Tarts Recipe*. Internet: <http://www.nibbledish.com/people/anjelikuh/recipes/chinese-egg-tarts>. Toegang: 5 Junie 2010.
- ¹⁵ Vergelyk Leipoldt, C.L. *Leipoldt's Cape cookery*, p. 14, se argument met die opinie van die Engelse dieetkundige Mary Laurie, wat in die vroeë 1950s by Addington-hospitaal in Durban werkzaam was en met koloniale onskuld skryf: "Milk tart has an egg and milk filling, but tastes quite different from an English custard tart." Kyf Laurie, M. 1956. Dietitian in Natal. *International Journal of Food Sciences and Nutrition*, 10(4), pp. 361-362.
- ¹⁶ Apicius. 2009. *De re Coquinaria*, translated and edited by Joseph Dommers Vehling and published digitally as *Project Gutenberg's Cooking and Dining in Imperial Rome*. E-boek 29728, resep 301. Internet: <http://www.gutenberg.org/files/29728/>. Toegang 10 June 2010.
- ¹⁷ Die skrywer en navorser Jessica Tiffin se titel in die Genootskap vir Kreatiewe Anachronisme se Graafskap van Adamastor (in Kaapstad).
- ¹⁸ Baroness Jeanne de Huguenin (Tiffin, J.). 2004. *The Great Custard Tart Caper*, culinary research paper submitted to the Drachenwald Art & Science Faire. Internet: <http://www.3owls.org/sca/cook/custard.htm>. Toegang: 1 Junie 2010.
- ¹⁹ Black, M. 1992. *The Medieval Cookbook*. New York: Thames & Hudson, p. 96.
- ²⁰ Black, M. *The Medieval Cookbook*, p. 65.
- ²¹ Jansen-Sieben, R. & Van der Molen-Willebrands, M. 2002. *Notabel Boecxken van Cokeryen door Thomas vander Noot – Internetversie van die gedrukte tekstuutgave*. Resep 122. Internet: http://www.kookhistorie.nl/NBC/recepten_all.htm. Toegang: 4 Junie 2010. Dit is onseker of Van der Noot ook die oueur, óf redakteur, was.
- ²² Battus, C. 1593. *Cocboeck – Tekstuutgave en digitale versie van Marleen Willebrands*. Resep 31. Internet: http://www.kookhistorie.nl/cb/recepten_cb.htm. Toegang: 4 Junie 2010.
- ²³ Engelbrecht, K. 2010. *Culinary Influences on the Dutch Kitchen*. Internet: <http://dutchfood.about.com/od/aboutdutchcooking/a/FoodInfluences.htm>. Toegang: 2 Junie 2010.

- ²⁴ Duckitt, H.J. 1914. *Hilda's 'where is it?' of recipes*. Second Edition. London: Chapman & Hall, p.238. Die boek is oorspronklik in 1891 gepubliseer.
- ²⁵ Le Roux, E. & Smuts, F. 2009. *Waar vye nog soet is: van die werf na die spens en die tafel*. Kaapstad: Tafelberg, p. 186.
- ²⁶ Veldsman, P. 1993. *Teetydtreffers*. Kaapstad: Human & Rousseau, p. 56.
- ²⁷ De Villiers, S.J.A. 1981. *Cook and enjoy it*. Sixth revised and enlarged edition. Cape Town: Human & Rousseau, p. 229.
- ²⁸ Shaban, S. 1969. *Bread and peacocks*. London: Grosvenor, p.258.
- ²⁹ Leipoldt, C.L. *Leipoldt's Cape cookery*, p. 154.
- ³⁰ Williams, F. 1988. *Kaapse Maleier Kookkuns*. Kaapstad: Struik, p. 69.
- ³¹ Van Wyk, M. & Barton, P. 1993. *A Taste of Tradition: South African Country Recipes*. Cape Town: Struik, p. 101.
- ³² Departement van Nasionale Opvoeding. [s.a.] *Kos en kookkuns – eerste gemetriseerde uitgawe*. Pretoria: Staatsdrukker, pp. 172, 224.
- ³³ Leipoldt, C.L. *Leipoldt's Cape cookery*, p. 153.
- ³⁴ Van Wyk, M. & Barton, P. *A Taste of Tradition: South African Country Recipes*, p. 101.
- ³⁵ Trapido, A. 2009. Future food: molecular gastronomy. *Wine*, 16(4), January, pp. 76-80.
- ³⁶ Union Preparatory School. 2007. *Karoo family favourites*. 4th Edition, Revised. Graaff-Reinet, p. 289.
- ³⁷ Angela Day, 2010. South Africa v Mexico. *Pretoria News*, 10 June 2010, p. 15.
- ³⁸ Falces, F. Portugal, in *Culinaria: European specialties Volume 2*, pp. 228.
- ³⁹ Antiga Confeitoria de Belém. 2010. *Pastéis de Belém: History*. Internet: <http://www.pasteisdebelem.pt/en.html>. Toegang: 5 Junie 2010.
- ⁴⁰ Graves, H. 2009. *Café Pastéis de Belém, Lisbon*. Internet: <http://helengraves.co.uk/2009/11/cafe-pasteis-de-belem-lisbon/>. Toegang: 5 Junie 2010.
- ⁴¹ Hamilton, C.Y. 2001. *Cuisines of Portuguese encounters*. New York: Hippocrene Books, p. 290.
- ⁴² Leipoldt, C.L. *Leipoldt's Cape cookery*, p. 14.

Twee gedigte

Johann Lodewyk Marais

MAXIXE

Dié dag vyfuur loop die dorp se werkers
om in die kort stilte voor die sikloon
na die bleek stad Inhambane oor te vaar.
Hierdie ou-ou hawe is vandag skoon
gewaai van verhale en legendes
van Arabiere in wit *dishdāshas*
wat stadig langs die kus afgeskuif het
om hier dié ver hawens in die palm
van hulle koopman se hand vas te hou.
Nou is hier net die grinterige strand
waarteen die verwaaide *dhow* kom aanlê
waarin die mense gou een-een klouter
voor die stuurman met sy lang bamboestok
in die water steek en die windे lok.

◦

LISSABON

Lisboa bestaat in 't verleden – J. Slauerhoff

'n Skip lê vannag liggies op die Taag
soos lank gelede toe die dapper seuns
van Portugal suidwaarts uitgevaar het.
Die vliegtuig kom laag in vir die landing.
Ek sit oplaas voet op vreemde bodem.
'n Droewe kontinent het my laat gaan.

1993

My Portuguese Ocean

Edna Peres

Prelude: It is extraordinary how, as a stranger to a new and unknown city, you can feel as though you have arrived home. Home is usually where you spend many unburdened hours, where you are most comfortable and where you define yourself in a safe environment, far removed from an uncontrollable world. It is the incubator of dreams and a refuge from reality. Therefore it follows that to say you feel at home in a foreign city, is possibly the greatest compliment one can pay.

Crossing the Ocean: The first words I spoke were in Portuguese. The only reason that this statement of fact is of any interest, is because I spoke these words in the heart of the South African Highveld. There I was born, a child of Portuguese parents recently arrived from the troubled ex-Portuguese territory, Mozambique. I

was then raised in a home that nurtured my Portuguese heritage, deep in the heart of the Afrikaans speaking and coal-mining, oil-refining Highveld.

Sasol

While my Portuguese roots were very well nourished, the South African landscape in

which I grew up entrenched itself into the core of my being. Thunderstorms, open veld and braais formed the physical context to which I became accustomed. While my experiential knowledge of Portugal was vague, the stories told me by my parents, were just as real to me as the landscape in which I grew up. Comprised of intangible culture and tangible landscape, I inherited a cultural duality.

In later years, as a student of architecture, I was driven to Lisbon as part of a larger tour of European architecture that I undertook before my final dissertation. I was hoping to achieve some lofty ambitions; I wanted to experience in person, the architectural works I had come to know intimately on paper. I wanted to explore my interest in the built environment, especially the systems and mechanisms that make up the fabric of some of the oldest cities in the world. More importantly, I wanted to explore the continent that is partly home to the cultural duality bestowed upon me by the nation of my birth and that of my ancestors. I wanted to explore my "Luso-South Africaness" and to invert the experience I had had all my life – that is, to discover what it was like to be an African on Portuguese shores, albeit for a short time only. While growing up I




had realised that my love for fado and Fernando Pessoa (1888-1935)¹ could never be adequately shared with my South African friends, while in Lisbon I discovered that my nostalgic attraction toward anything southern African was at times incomprehensible to my family in Portugal. This cultural liminal space, the state of betwixt and between, continues to shape my world. However, contrary to feelings of confusion that might be associated with two contrasting cultural views, I find the combination inspiring and extremely powerful. It appears that the best of both worlds collide, enhancing my experiences of them.

I felt this collision and elision of cultures most strongly, in Lisbon. Here is a city – a port city, a great city; but generally one that is unknown and forgotten – that has marked the departure of so many voyages of discovery across the ages. My own arrival there was not the alien experience that I had anticipated. Instead, I felt that I had arrived in a place of which I had always been a part; I felt that I had arrived home. How was it possible that a child of Africa, raised in a completely different environment, could feel so connected to this faraway city? From the hills that embrace the city, the most exquisite vantage points frame the picturesque setting of the older parts of town; here I experienced an inexplicable affinity to this place.



View over Lisbon

While sitting within the *Mosteiro dos Jerónimos* (The Hieronymites Monastery) a few hundred meters from the waterline of the Tagus River, I understood for the first time from whence this affinity came.



The Hieronymites Monastery

Surrounded by the exquisitely sculpted walls and stained glass windows that framed this spiritual space, I remembered the stories I was told by my parents as a young child about the significance of *Jerónimos*. They explained how every sculpture, every tomb every word carved in stone, was a tribute and a testament to the legacy that the Portuguese left in the history of the world through their

commencement of the maritime discoveries. It was in the area surrounding Jerónimos that the great navigators and conquerors of the unknown, received the Royal blessing before setting sail for uncharted waters in search of Asia. It was from this point in Lisbon that long arduous journeys that lasted for decades began.

While sitting in this monumental chamber I wondered to myself, had the discoveries not ever happened, then would this *Manueline* Cathedral have existed? If the Portuguese had not rounded the tip of Africa when they did and made a successful voyage to India, would the Dutch have begun their trading colony at the Cape? And as an inevitable consequence, would this have led to the South Africa I was born in almost six hundred years later? What unprecedented valour inspired this exploration of uncharted waters of a mysterious world by scores of Portuguese navigators? The unexpected discovery of enormous tracts of land en route to the lands of the spices must have been the most vastly gratifying element of the discoveries for the explorers and monarchs of the day. In the following extract of *Mar Português* the poem by Fernando Pessoa this significance is eloquently described:

*Ó mar salgado, quanto do teu sal
São lágrimas de Portugal!
Por te cruzarmos, quantas mães choraram,
Quantos filhos em vão rezaram!
Quantas noivas ficaram por casar
Para que fosses nosso, ó mar!*

*Valeu a pena?*²

*Salt-laden sea, how much of all your salt,
Is the tears of Portugal!
For us to cross you, own many sons have kept
Vigil in vain, and mothers wept!
Lived as old maids how many brides-to-be
Till death, that you might be ours, sea!*

*Was it worth while? It is worth while all,
If the soul is not small
Whoever means to sail beyond the Cape
Must double sorrow, no escape.
Peril and abyss has God to the sea given
And yet made it the mirror of heaven.³*

Had I been in a position of power then, and knowing what I know now, would I too have ventured into these foreign lands to impart with their peoples my own




*Detail over the main entrance
Doorway to the discoveries*



civilisation? Would I have contemplated the historical events that unfolded over time? Would I have been able to control the consequences of more nations and organisations venturing into this fertile continent and the tragic exploitative systems came into play? Would I think it was worth pursuing? While I am fully aware of the pointlessness of pondering these ‘what ifs’, they always serve to emphasise the eventual, very personal conclusion – that I am present, now, alive, on the African continent.

This I believe is why I feel comforted and strengthened by the knowledge that I am a child of two continents. The links between Portugal and South Africa have not only been strengthened over the centuries, but they also strengthen my experience of living in South Africa. I consider this to be the reason I feel as much at home in Lisbon as I do in Johannesburg. It is not that, in both cities I speak the language, neither is it that I recognise local landmarks, nor that I know the local histories and stories that comprise them. I believe that I felt connected to Lisbon in the way that someone feels drawn to home, because I was inevitably travelling back in time and reliving a significant past. I was returning to the source. I travelled back in time by standing in the physical fabric of the city that launched the processes that allow me to be present within Africa. If it were not for Lisbon, its people and history, I would not today be living in Johannesburg, the place I call my home.⁴



References

- ¹ Fernando António Nogueira de Seabra Pessoa (Lisbon 13.06.1888-30.11.1935 in the same city). He was a poet, writer, critic and translator.
- ² <http://users.isr.ist.utl.pt/~cfb/VdS/v302.txt>
- ³ “Portuguese ocean”. Griffin, J. 1982. *Fernando Pessoa selected poems*. Suffolk: Penguin, p. 28.
- ⁴ All drawings by the author, 2010.

Die jongman en die see

Johan N. Prinsloo

I: Die land agter die see

Die seuntjie wens hy kon op die water loop, of daaroor vlieg, want die stormsee wat tot by die horizon strek lê tussen hom en die skepe vol skatte, lande met kastele, lampe en juwele. Die uitgespoelde, gladgeronde stukke groen glas, weggesteek in die sand, was darem iets van die ander plek waaraan hy kon vât. Elke jaar, wanneer die donkerdonderwolke oor die waters saampak, en die ander kinders hul roomyse neergooi, hul rakette en balle gryp en huiswaarts skarrel, het die seuntjie in angstige opgewondenheid op die rand van sy land gaan staan en in die verte gestaar om die land agter die see te sien; die geluk het oor hom gespoel en hy was vol hoop om self eendag daarheen te reis.

Op een van daardie dae, toe sy hart vol lug was, het Jan Vlerk iemand se voetstappe in die natterige sand gehoor. Sy Ma het al huiswaarts gestap om van die reën te vlug en die gebroke alleenwees het hom met vrees gevul. Hy het omgedraai en 'n lang, dun man in 'n swart jas gewaar. Jan wou na sy Ma hardloop en skreeu, maar was lamgelê en het net stil na die figuur gestaar. (In terugblik was die gevoel in sy bors baie naby aan dié van oomblikke tevore, maar het verskil in sover hy nou met 'n lug van vrees, eerder as uitsien, gevul was.) Jan het geweet hy moes net sy oë toemaak en die man sou verdwyn, of hy moes omdraai, maar die blik van die figuur se bleekgesig het hom vasgehou en onwillekeurig het Jan tree vir tree nader gestap. Hy het saggies begin huil en, binne 'n tree vanaf die swart jas, het twee koue hande hom van agter gegryp.

II: Die slim dokters

Jan se oë het op skrefies teen die withhelderlig gewoed. Die dowwe beeldé het verhelder en langs die bed waarop hy wakker geword het, het die man in die jas en 'n skraal vrou met kort hare (wat soos 'n seun gelyk het), starend in 'n witkamer gestaan en onderlangs die pasiënt bespreek totdat hul sy wakkerword gewaar het.

“Jan, jy is baie siek en ons is gestuur om jou hier gesond te maak” het die vrou in 'n sage en vriendelike stem die verandering van toneel verduidelik. “Jou land werk al vir vyfhonderd jaar om die plaag uit te wis, en dit is ons taak om die gesondheid van die samelewing te monitor en enigeen wat aan die simptome van die ou-siekte ly, te identifiseer en vir behandeling in te bring. Die ou-siekte is baie aansteeklik, en ons kan nie bekostig dat een klein seuntjie talle ander mense siekmaak nie. Jan, jy wil tog sekerlik nie jou Ma in die siekbed sien nie? Onthou nie hoe sy jou op die laaste skooldag vir melkskommels geneem het nie, of jou kom troos het toe jy uit die boom geväl het nie? Of elke aand langs jou in die bed kom lê het totdat jy aan die slaap geraak het nie? En wat van jou Oupa? Onthou nie hoe hy jou laasjaar, toe jy met griepe in die bed was, kom bystaan het met pannekoek en stories nie? En jou op sy skouers getel het en deur die woud saam

met sy goue hond gestap het nie? Hy is baie oud en sal dit nie oorleef nie.” Jan was baie lief vir sy Ma en Oupa, en al die ander mense oor wie die vrou gespraat het, en wou hul nie siek maak nie. Hy was baie bly dat hulle besig was om hom te genees. Hy het niks gesê nie, maar sy kop in saamstem geknik. “Dis mooi Jan, jy het ‘n positiewe houding. Dit is baie nodig, want hierdie siekte is spesiaal en kan nie met medisyne reggemaak word nie. Want Jan, dit is nie ‘n kiem wat jou hier laat beland het nie, maar jou kop: jy droom wanneer jy jou skoolwerk moet doen, jy teken prentjies wat niemand kan gebruik nie – dit mors papier en jy weet dat papier die doodmaak van bome kos – en jy sien goed wat nie daar is nie. Maar jy is nog ‘n seuntjie en ons sal jou maklik regkry – dit is die ou siekmense met wie ons baie sukkel.”

Hy was aan die begin skrikkerig vir die dokters, maar het gou besef dat hul daar vir sy eie en sy land se beswil was. Hulle was ook baie vriendelik en hom baie sinvolle beginsels laat begryp (hulle verbes die woord ‘leer’):

- 1) Daar is nie reg en verkeerd nie, net dit wat goed, of sleg, vir die mense in jou land is. Moenie sleg voel oor goed wat jy doen as dit niemand benadeel nie; dit is tydmors.
- 2) Iemand wat stilstaan, soos ‘n haai in die see wat suurstof deur sy kieu moet kry, gaan dood: nuwer is altyd beter, moet nooit terugkyk en aan die verlede vasklou nie; kyk en stap vorentoe. Jy moet daarom altyd oorspronklik wees, en nuwe goed uitdink.
- 3) Daar is baie probleme in jou land – van arm mense tot geboue wat opgerig moet word – moet daarom nie tyd mors met goed wat nie iets oplos nie. Teken net prentjies, as iemand dit kan gebruik.
- 4) Daardie skepe en ander skimme waarna jy altyd staan en kyk bestaan nie. Jy het hulle in storieboeke gesien en die werklikheid in verbeel omdat die ander kinders nie met jou wou speel nie. Jy het hulle gesien omdat dit jou goed laat voel het, omdat jy bang vir die storms was. Jy het hulle gesien omdat jy nie verstaan het dat die gevoel van geluk in jou brein was nie, en moes daarom ‘n rede daarvoor opmaak.
- 5) Die werklikheid is hard en ongenaakbaar, tasbaar en koud, moenie daarvan probeer ontsnap deur stories en prentjies van maklike dinge, sag en soet nie. Tensy dit jou help om die werklikheid in die gesig te staar.
(Let daarop dat die nommers my eie is, aangesien die dokters nie aan hiërgarie, wat deel van die oorsaak vir die ou-siekte was, glo nie – en ook nie aan die woord ‘glo’ nie.)

Jan het nog baie ander beginsels by die twee Dundokters begryp, en het een oggend, nadat hul sy vordering getoets het, met die gelui van ‘n wekker in sy eie bed wakker geword.

III: ‘n Blink nuwe wêreld

Jan Vlerk, ‘n binne-noordnieuligerlander, het sy jongmanslewe met silwre ywer ingegaan en die jare gewy aan die ontleding van alles. Met die beginsels van die Dundokters helder in sy verstand, polsende elektriese strome (ontleeder van drome), het hy dinge begin verstaan: die stories van sy Oupa was net vertel om hom gesond te laat voel, ander stories bestaan vir mense wat nie die werklikheid kan hanteer nie; swakkelinge. Dit is nie nodig om die skepe te sien nie: die see, en die son wat daaroor sak en op die horison wegsmelt, en die voorspelbare, maar tog chaotiese spoeling van die golwe, en die donkerdonderwolke en kille bries

deur die hare...is mooi, maar in sigself sonder die verbeelding van 'n land wat nie bestaan nie. Tog het hy soms, in skaam oomblikke van irrasionaliteit, terugverlang na daardie tye as seuntjie op die strand, maar al minder en al dowwer het die herinnering van daardie verlanges by hom kom spook.

In een van daardie skaam oomblikke het Jan by sy kamervenster op die buiterand van die stad sit en dagdroom, en (soos die Skot dit eenmaal beskryf het) gevoel asof hy 'n storieboek lees. Dit was laatmiddag en die woud agter die tuinhekkie het al donkerder geword. Jan se hart het ewe skielik gekrimp, want daar tussen die donkertakke met 'n fynliggie om haar nek, had 'n beeldskone vrou gestaan. Die blik van haar hartseer gesig het tot in sy vuil binneste gekyk en al Jan se beginsels het soos goedkoop somme gevoel. Hy het by die agterdeur uitgegaan, want hy wou haar omhels en soen, maar sy het weggehardloop.

IV: Die Dunstad

Jan het die vrou deur die woud gevolg, maar sy het in die groeiende skemer se donker verdwyn; die wit liggie om haar nek is deur 'n duisend skitterende sterre aan die hemeldak vervang. Eers nadat hy tot stilstand gekom, en asem kon skep, het hy besef hoe ver hy die woud ingehardloop het. Sy stad was onsigbaar en die stilte het hom met 'n vergete vrees gevul. Jan was lank gelede alleen. Iets van die bome en kleierge klam grond was bekend en het hy ongemaklik in die voue van 'n vyeboom se wortels gaan lê. Jan Vlerk, op sy rug starend na die blare en die sterre daarbo, het die dag se gebeure opgesom, die plantspesies om hom een vir een geïdentifiseer, en sy uitkoms uit die woud beplan, en Sylvia (só het hy die vrou gedoop) se weghardloop verduidelik, maar steeds het die lug in sy bors geswel en het die geure van grond, die geluide van naguile en die verlange na iets, hom in 'n dieper slaap oorweldig.

Jan se oë het op skrefies teen die vroegsonhelderlig gewoed. Die nuwe dag het oorwin met 'n nat tong wat die ongemak van die vuil en ongelyke blarebed met passie ingelek het. 'n Goue hond het stertsawaiend voor hom gestaan en blaf. Jan was skepties, maar dit het gelyk of die hond hom, soos in daardie sentimentele kinderverhale, na iets wou lei. In die hoop dat die hond hom 'n pad uit die woud sou kon wys, het Jan verleë agter die mooi dier aangestap.

Na ure se stap, op 'n hunger maag en onstuimige gemoed, het hul sowaar op 'n straat afgekom. Jan was verjeug om die witgeboue te sien. Ongeag Jan se pogings om die hond weg te jaag – hy het mos klaar sy doel gedien – het die goue hond steeds voor hom uit aanhou stap. Jan was moeg en het die dier maar uitgelos en onoplettend met sy oë op die teer voortgedrentel. Hy het nou en dan opgekyk in die hoop om iets bekend te sien ten einde sy huis te vind. Tussendeur die lui gemurmer in sy kop in 'n al warmerwordende middag, het hy begin wonder waarom die mure van die geboue so dún was, waarom al meer fasades advertensieborde was, en waarom die vlakte van mure en dakke, grond en gesigte van mense, inmekaar begin vloeи het. En liggewig begin word het, en so half begin opstyg en afsak het om soos die deinserige stadslug van 'n winteroggend oor die aarde te hang, waaraan Jan nie kon vát nie. Niks was bekend nie, en Jan kon sy huis nie vind nie.

Net die goue hond was uitkenbaar in die vloeiende grysligter waardeur Jan sy pad probeer vleg het – dit was maklik om te beweeg; alles was lig, maar dit was moeilik om te sien; alles was dof soos 'n miswolk. En alles het ook onuitkenbaar gesuis. Deur die newel het Jan die vasefiguur en stem van een van die Dundokters uitgeken: "Moenie aanhou stap nie, jy gaan jou stad verlaat – jy het

werk hier om te doen. Jy probeer alweer ontsnap, kom terug. Die goue hond is jyself.” Met verdowwende woorde het die Dunfiguur al deursigtiger geword, en haar woorde lug. En toe sien Jan dat die gryslug waardeur hy beweeg het, ’n malende wolk skaduwees was, en daar nijs solied was wat die skaduwees gegooi het nie, net ’n peinsende son, en besef hy dat, sonder iets solied, skadus nie kan bestaan nie. Toe verdwyn alles om hom en sien hy die see voor hom uitgestrek lê en ’n klippaadjie wat weglei na ’n witgeboutjie bo-op ’n klip, hangend oor die golwende waters.

V: Die kamers voor die see

Jan was doodmoeg. Die steil opdraende trappe was hard op sy pynende voete, skeurende skoene. Daar was geen bome nie, net ’n enkele den wat hardkoppig vanuit die klipgrond oor die see na die bloulug strek. In sy skaduwee het ’n paar boerbokke gelê en stil die struikelende binne-noordlander aangestaar. Die sonbesiegesange was soos die gedruis van oomblikke tevore en die hoë son het die aarde gebak sodat witgolfwalsms daaruit geslaan is. Jan het gejubel oor die helderdrinkwaterbak. Hy was uiteindelik aan die bokant van die koppie en het gretig sy rooigebrande kop in die koel water gedompel. Die fonteintjie was uit klip gekerf, buitekant ’n deur.

Die goue hond het met sy een poot aan die deur gekrap en getjank. Jan was nie lus vir mense nie, maar hy was honger en het maar noodgedwonge geklop. Niemand het oopgemaak nie, hy het self ingegaan. Met sy intrapslag oor die drumpel van ’n dik witmuur het Jan ’n tuin betree: ’n helderstroom het deur die groengras gevloeい, hase en meerkatte het tussendeur kleurvolle spatsels blomme geloer en voëltjies het gekletter vanuit die takke van bome, wat net ver genoeg van mekaar geplant was om nie die ruimte donker te groei nie. Die tuin was deur vier mure omring. Jan het allerlei vrugte gepluk en daaraan gesmul, die hond het die water uit die stroom gulsig opgelekk. Daardie twee reisgenote het saam op die sagte grasbed onder die skaduwee van ’n olyfboom gaan lê, borste vol lug, en in ’n diepslaap die deurmekaar dag verlaat.

Jan het vir die eerste keer in baie jare sonder moeite, helderligte of wekkers, wakker geword. Die goue hond het nog lekker lê en slaap, en Jan het op ’n gruispaadjie in die rigting van ’n fluitlied gestap. Oor die drumpel van nog ’n deur, het Jan ’n kleiner buitekamer betree en ’n ou man op ’n bankie in die hoek gewaar. Hy het saggies vir homself gefluit en was ongesteurd deur die aankoms van die jongman. Sy gryskop was weg van die tuin gekeer, en het hy stip deur die venster van die see gestaar. “Waarna kyk u?” vra Jan. “Ek sien skepe en ’n land agter die see”, sê die ou man, “en ek hoop om self eendag daarheen te reis.”

Clivia lebomboensis [?]

Roger C. Fisher

The genus *Clivia* is restricted to southern Africa, and then to the afromontane escarpment of the east and south-east, in isolated populations found following the scarp as it runs down to disappear into the vast sand dunes of Alexandria in the Eastern Cape Province, habitat of *Clivia nobilis*. The diverse *Clivia* colonies that inhabit this range represent what have now become five identified species of the genus, there being, in some rare instances, areas of overlap.

It was once thought that these were the only ones to be found until the unexpected relegation of a plant to the genus *Clivia* after its collection (2002) in the Oorlogskloof Nature Reserve of the Northern Cape by one Johannes Africa, game ranger there. Not only of the genus, but a new species, *Clivia mirabilis* because of its miraculous survival in what seems inhospitable *Clivia* territory. The species is not only inhabitant of a harsh habitat, but it turns out to be the oldest surviving species of the genus – that if we trust the geneticists and their cladograms.

Which means the succession of speciation of the genus is from the west to the east, having in the east and furthest north as well as at the highest altitudes, the ranking stemmed species of the genus, *Clivia caulescens* as the most recently evolved.

The open trumpet flowered species, *Clivia miniata*, which is located at a geographic mid-path of the speciation of the genus, is the anomaly since all the other have tubular and pendulous to semi-pendulous flowers. It can be speculated as to whether *Clivia caulescens* is a reversion to tubular form out of *Clivia miniata*, or a parallel diversion from a common lineage with *Clivia miniata*. What is known however is that in the transitional area of the Lebombos these species co-habit and sometimes interbreed, giving rise to an unusual, naturally occurring hybrid, *Clivia x nimbicola*, its evocative botanical neologism telling of its love of inhabiting the mists of the mountains.

As one travels the passes of the area, seeing patches of remnant natural forest left from an earlier time of an aforestation of the entire continent of Africa, one is left in wonderment. This was before the grass plains covered the continental shelf and highland plateaus. The grasses evolved because of their ability to recover after fire and a clever adaptation to photosynthesize another form of carbon. These pockets of earlier forest are now relictual and on the wane, being driven ever back by human agriculture, arboriculture and urban culture. Clivias are dependant on the forest habitat since they are shade lovers and easily scorched when exposed to direct sunlight. The *Clivia* populations are being reduced by this loss of habitat and also through the innocent ignorance of practitioners of traditional medicine and the informed avarice of specialist plantsmen.

Yet the *Clivia* is by its very nature a survivor and a story of its survival is of its earliest introduction to cultural heritage. The plant is long-lived and used as a living heirloom.

The story of a plant in the possession of the descendants of the Grobler family is a case in point. Henriëtte Ströh, a descendent of the female line, well known as breeder and judge in *Clivia* circles, has in her collection just such an heirloom plant, offsets passed down from daughter to daughter. The plant was apparently collected in the 1880s by her grandmother, Elsie Grobler, of their family farm in Bethal district, while on a trip to Mozambique. It became a prized possession and planted in a halved oil-drum on her stoep there, where it flourished and set proliferations. She was loath to divide the plant and so it became known as Elsie's *Heilige Plant* ('Holy Plant') by the locals, because of her reluctance to part with even a piece of it.

The farm and family suffered the fate of many caught up in the hostilities of the South African War (1899-1902). The home was torched and razed, the family rounded up and transported to the nearest concentration camp. Elsie and all her children, unlike twenty-odd thousand other souls, survived the internment. On their return the plant was found hanging on to life as tenaciously as they themselves had. Offsets of the plant became part the traditional wedding gift to the daughters. And the tradition lives on.

On a recent trip through the Makhonjwa mountainlands we were alerted to a rock broken by the machinery employed on the new tarred road pass. The freshly exposed rock-face was striated with thin lines of black banding, a whole succession of them, representing, we were told, an uninterrupted billion – American for 1 000 000 years – of constant growth and death of cyanobacteria and blue-green algae which thrived in the hot waters of a palaeolithic earth. In those days the skies were orange and the seas red as there was not yet enough free oxygen from the metabolic activities of this particular life-form to saturate the waters and precipitate the metals as oxides, or to be freed into the atmosphere so as to be able to absorb the orange spectrum of sunlight.

At this very spot, where we gazed back to a distant 3,5 billion years and across the consequent frozen billion years in time, we find *Clivia* that grow in the kloofs below, evolved progeny of these distant fossilized remains.

Just before the arrival at this place we had turned a bend where once a telescope in wartime had been installed on a promontory so as to gaze across the myriad of valleys towards a far Lourenço Marques for the monitoring of shipping activities in the harbour, there perhaps to espy enemy activity.

Where sightlines are clear, flight paths are easy.

These valleys today are no-mans lands and badlands. Here are the cattle rievers, dagga runners, moonlight miners – for the ancient geologies have collected the heavy metals into their fractures, frustratingly difficult to find but once found rich in their concentrations – and muti collectors. These last mentioned have their harvests destined for the distant muti markets in Durban, Bloemfontein and Johannesburg and a constellation of smaller towns. As with all sympathetic medicine there is no scientific proof that the ashes of the ritually burned *Clivia* stems do ward off evil, fend off snakes or divert lightning bolts when spread about the yard. But belief has its own power. More credible is its use as a *post partum* ingestive for the contracting of the uterine muscles since these are known effects of the alkaloids produced by members of the Amaryllid family – of which the *Clivia* is part – and of which the *Boophane* or 'gifbol' is one specific member of the family particularly favoured for this poisonous property. The effects can be lethal since its action is on smooth muscle and the heart one such organ. The Bushman

know of this and use the latex extract of various bulbs for poisoning their tiny dart tips which bring down even the mighty eland.

In the muti markets where the *umayime* is procured, it is whispered that some of the *Clivia* plants for sale there have been harvested in the Lebombos of Mozambique.

So if *Clivia* are there in Mozambique what do we expect it to be. The Lebombos on the South African side at Bearded Man have the two species of *Clivia*, *Clivia caulescens* and *Clivia miniata*, as naturally occurring habitat plants. And then there is the hybrid *Clivia x nimbicola* growing there too.

Or is it a hybrid?

Is there not somewhere lurking a transitional form of *Clivia*, a mid-form between the pendulous flowered species and the trumpet form of *Clivia miniata*, a form that perhaps has the elongated stems of *Clivia caulescens* but a flared flower of *Clivia miniata*? A relictual population of frozen evolution hived off somewhere in a place distant, seldom visited, forgotten by nature and undiscovered by science? Might this not be located somewhere on the fringes of Mozambique, where the shamans collect there magic plants, and when they find *Clivia* for the harvest, they find what science has not yet – *Clivia lebomboensis*!

Hence [with tongue firmly in cheek and much plagiarism and a little help from my friends]:

Clivia lebomboensis. sp. nov. affinis *C. x nimbicola* inter *Cliviam miniatam* et *C. caulescentem*. Rhizoma aeria inter illos specierum intermedia. Folia arcuata, 250-350 mm longa, 55-70 mm lata, marginibus integris, Apice acuta. Flores numero 20-30 (-50); pedicellis suberecto, perianthio tubiformi, 30-60 mm longo, suberecto, segmentis patulis. Stamina summo tubo inserta decurrentia, plus minus ve perianthio aequilonga. Ovarium circiter 5 mm. longum; stylus filamentis aequilongus. Fructus subglobosus, circiter 10-50 mm diametro.

Lexicon of terms

A **cladogram** is a diagram used in cladistics, (ancient Greek: κλάδος, *klados*, ‘branch’) that form of biological systematics that classifies species of organisms into hierarchical monophyletic [single featured] groups, to represent the ancestral relationships between organisms in an evolutionary tree of life. Although past cladograms were generated from morphological characteristics, the data of DNA and RNA sequencing analysis and statistically computed phylogenetics are now more common in the generating of a cladogram [To my utter chagrin I have to confess to using wikipedia.org for extracting and editing this definition].

Lebombo – The name of the border post between South Africa and Mozambique. It lies in the range of mountains separating the two countries which traverse the border from Swaziland northwards. The name derives from the Zulu *ubombo* meaning ‘a long mountain range, with the prefix *le-* being the Sotho form of the Zulu *lu-* hence *Lebombo*. [Adding the name ‘mountain’ is thus a trans-lingual tautology – author]. Barnard, Chris. 1975. Vyf en veertig plekname. p. 117, in Barnard, C. *Die Tranvaalse Laevelde: Kamee van ‘n kontrei*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 112-122.

Makhonjwa – “It means ‘those pointed at / those to which are pointed’. *Khomba* is point at, *khonjwa* is ‘to be pointed at’, and the *ma-* is a plural noun prefix. Now this is [if it is] Zulu. I have no Swazi reference to hand. I am not even

sure if there is a Swazi dictionary yet. But I am pretty sure that this is [the same for] Swazi too, as the difference between Zulu and Swazi boils down to several predictable sound changes, none of which would take place in the word *khomba*. Pointing is considered rude. If one points at a chief one certainly gets into trouble, so I would assume that they look upon these mountains with the necessary respect. It could be an example of irony, and I certainly would not point at them if I were you." (email from Beven Hoek [alias Hook] in Amsterdam, Netherlands Fri, 5 Mar 2010 16:03:49 +0100 [17:03:49 SAST])

Muti (also **Muthi**) – South African English variant spelling [say I] of **Umuthi** meaning tree, shrub, and also medicine. Doke, C. M. & Vilakazi, B. W. 1972. *Zulu-English dictionary*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Umayime – Bush lily, St. John's lily, *Clivia* species – roots used for snake-bite. Doke, C. M. & Vilakazi, *Zulu-English dictionary*.

Some etymologies related to the genus Clivia

The generic name *Clivia* is the Latinisation of the surname 'Clive', the English noble house after whose lady the genus took its name. The surname itself is a derivative of 'cliff', which is a word come to English out of Old German, transliterated from the Latin *glubere*, meaning 'to peel'. It is thus appropriate that the name of the genus is associated with cliffs as these are often home to the six species.

The specific epithets in the genus *Clivia* are, in alphabetical order:

caulescens – 'having a stem', 'showing above ground' from the Latin *caulis*, 'stem', which relates it to 'cauliflower' 'the flowering stem', and through its Indo-European root *kaul-* to all 'cole' (Afrikaans *kool*), i.e. 'cole slaw', 'kohlrabi'.

gardenii, after Major Garden. 'Garden' derives from the full vulgar Latin phrase *hortus gardinus* meaning 'an enclosed garden', which relates it, through its Indo-European root *gher-*, to 'yard', 'girth', 'girdle' and 'orchard' [and in Afrikaans 'gord', 'gordel', 'omgord' en 'gordyn' - Red.]

miniata derives from the Latin *minium* 'cinnabar' or 'red lead', a naturally occurring mercuric sulphide.

mirabilis meaning 'miraculous', derives from the Latin root *mirari* 'to wonder at' from its Indo-European root *smei-* allying it with words such as 'smirk' or 'smile' as well as 'mirage', 'mirror' and 'admire'.

nobilis meaning 'noble', derives from the Indo-European *gno-* meaning 'know' or 'known', which relates it to such words as, for example, 'gnome', 'prognosis' and hence 'prognostication'.

robusta – 'robust', derives from the Latin root *robur*, 'an oak' and by analogy *robus*, 'the strength [of an oak]'. Its Indo-European root *reudh-* means 'ruddy' or 'red' and relates it to words such as 'ruby' and 'rubric', the last being the name of the title or initial letter of a manuscript, usually decorative and coloured red with the red lead *minium* used for painting these letters, from which then also the term 'miniature' and again, *miniata*. [Most of this is written with the aid of my antiquated *American Heritage Dictionary of the English Language* bought in the early 1970s and which I still consider both authoritative and money well spent].

Jaco, 1995

François Swanepoel



Een eiland, drie boeke en verlore onskuld – ’n Voetnoot

Schalk W. le Roux

Ek sal die dag toe ek my onskuld verloor het, nooit vergeet nie, nóg minder die man wat daarvoor verantwoordelik was. Ek kon natuurlik teegestribbel het, hom afgeweер het, maar ek het nie – altans nie voordat dit te laat was nie.

Dit was vroegoggend. Die son het net-net anderkant Amalfi sy kop uit die see gelig. Ons was alleen, hoog op die kruin van die noordoostelike punt van die eiland. Ek sit met my rug teen die krummelende mure van Keiser Tiberius se villa Jovis. Hy lê ongesteurd op die sage grys gras hier langs my. Voor ons val die land skielik honderde meters af en af na die *Bocca Picola*, die ‘klein mond’ of riskante kortpad wat in die keiser se tyd deur dapper seevaarders tussen die Golwe van Napels en Salerno aangedurf is.¹ Ver onder ons klots die Tirrheense See rustig en is die gevaaarlike deurgang vanoggend spieëlglad tot waar die mislaag oor Napels en Vesuvius begin verflenter. Kleiner eilandjies dryf skitterend in die vroeë lig. Dit is ’n mooi gesig.

Maar ek sien skaars die skoonheid van see en land raak. Ek is uitgeput, effens verwese en na binne gekeer en blameer hom daarvoor. Nou kan ek nie teruggaan nie. Dit is meteens baie duidelik: die lewe bestaan nie werklik nie omdat die verhaling daarvan nooit klaar kom nie; binne gebeure lê ontelbare kontekste en vertellings opgesluit en binne hulle nóg vele ander – vertolkings, verduidelikings, verwysings, verskonings, uitlegte, teensprake, leuens – verskansings teen die onbetroubare lesing van ondervinding, begrip, feit, woord. Kortlik, so het ek nou geleer, die verlies aan onskuld is nie liggaamlik nie, maar serebraal. Lewe en lewens, in jou en om jou, word deur kritiek, kommentaar, opinie en vergelyking ontbloot en gekwalifieer en word gevvolglik nooit voltooi nie. ’n Mens kan nie sterf nie... Sal ek ooit weer kan glo wat ek sien of hoor?²

Ten spyte van my onsteltenis, maak ek hom weer tuis op my skoot.

Sy naam was Robert Ranke Graves.

’n Week tevore, toe nog onskuldig, het ek *The Greek Myths*³ (derdehands volgens die name voorin)⁴ in die English Bookshop in Via Babuino in Rome aangeskaf. Nou maak ek oop en lees. Mite 1, “The Pelasgian creation myth”, is minder as ’n bladsy lank en bestaan uit slegs vier kort paragrawe wat alfabeties van *a* tot *d* (*skuinsskrif*) genommer is. Aan hierdie ongewone vorm steur ek my min, want dit is heerlik geskryf: “In the beginning, Eurynome, the Goddess of All Things, rose naked from Chaos, but found nothing substantial for her feet to rest upon, and therefore divided the sea from the sky, dancing lonely upon its waves. She danced towards the south, and the wind set in motion behind her seemed something new and apart with which to begin a work of creation. ... Now, the North Wind, who is also called Boreas, fertilizes; which is why mares often turn their hind-quarters to the wind and breed foals without aid of a stallion.”¹

Ek tuur ver oor die see en keer terug na voetnota I. Dít behoort interessant te wees! Maar Graves is skielik inkennig en gee hier slegs die bronre vir sy teks aan,

Plinius en Homeros, volledig met uitgawe, hoofstuk en pagina. By voetnoot 2 (nie-skuinsskrif) gaan hy voort met die bronre, maar verplig jou skielik: (see 58.5). Dit, kom jy agter, as jy nie die inleiding gelees het nie, neem jou na Mite 58 nota 5 (*skuinsskrif*) en nie nota 5 (nie-skuinsskrif) nie – want daar is twee stelle opvolgende voetnote vir elke genommerde mite. Nota 5 rig jou na 21.12, tru na 1.2 en ook na 152.3. Laasgenoemde lei jou na 1.3 en jy keer na hierdie omswerwinge na die eintlike storie terug, maar 1.3 dwing jou om gou eers na 43.4 te kyk om perdalks nie enigets mis te loop nie. Eersgenoemde stuur jou na 1.d wat jou, einde ten laaste en dankbaar laat terugblaai na die stert van Mite 1, en hopelik die begin van Mite 2 – maar daar wag 77.1 geduldig vir eie aandag. Die verwysings binne 77.1, keer na 'n draai by 57.a, om na 43.4 en dus 1.d wat jou verwys na nota 4 (*skuinsskrif*). Daar word jy aangeraai om verder te kyk in Pausanias (iii.2-9), Herodotos (ii.57) en A.B. Cook se *Zeus* (i.570-76). Gelukkig is hulle nie byderhand nie en kan jy na die volgende mite gaan.

In Mite 2 (die teks 'n spigtige lagie skuim op 'n diep en donker see van voetnote) krom al die dwaalpaaie veelbelowend na hulle oorspronge terug, sodat 'n mens na 'n hele oggend se lesery uiteindelik tot op bladsy 5 gevorder het. Ek skuif na die koelte en eet my droë *panino*. Dan vat ek hom weer aan.

Mite 3, "The Olympian creation myth", is drie paragrawe (*a-c*) lank, maar dit neem die res van die middag om langs die volgende aangetekende roete te struikel – 'n roete, so begin jy mettertyd vermoed, wat moontlik geen probleem vir enige historikus of annooteerde sal inhou nie. Die gebrek is dus persoonlik?: 3.1 (see 8.1) » I.1 » 24.3 (see 7.6 {»} 3.1} & 132.5 (vol. II) » 169.a, nota 3 » 3.I = Apollodorus: *Epitome* vi. I; Homeros: *Odusseia* iii. 130ff. En iv. 77-592; Hagias, {aangehaal deur Proclus (*Greek epic fragments*, p. 53, ed. Kinkel)} & 125.b, nota 3 » 108.3 (» 112.c {nota 3 »} Josua xv.4 & 160.f » nota 6 » 25.6 vol I} & 98.w) [hoofstukke word algaande langer en notas en kruisverwysings vermeerder dienooreenkomsdig – oueur] » nota 28 » 124.2 » 148.5 » 127.1 » 152.3 & 125.3 ...

Kort voor aandete is mens amper terug by p. 5 en Mite 3, maar 86.2 raai aan om eers na 51.a te kyk waar jy beveel word: (see 152.a) ... Ek gee op, sit die boek neer op die klip en kyk nikssiende oor die see uit. Anders as in die geval met die tragies-mooie Hiasintus [10: see 25.5, 6.2 » 25.5 & 50.1 » 57.1 and also I.1], kom die jaloerse Westewind⁵ tot my redding. Dit ruk skielik van nêrens, gryp Graves enwerp hom fladderend oor die *salto di Tibero* na benede, net daar waar die imperiale kluisenaar sy vyande en selfs té kruipende aanhangers [glo] ook laat afgooi het, meestal nog voor hulle begryp het dat hulle veronderstel was om bose planne teen hom te smee. Sonder sy maat is Volume 2 duidelik nutteloos en ek gooi hom vreugdevol agterna, kyk met leedvermaak hoe dit van kransrak tot kransrak tuimel. *Goodbye to all that*.

Maar onskuld kan nie herwin word nie. Nooit sou ek *Gilgamesjh* hierna met oorgawe kan lees nie, nooit weer weet of die Homeros (wat ek wel gelees het) nie soveel deur kritiek, navorsing, vertaling of slim annotasie – stilslu as voetnote vermom – afgewater of opgesmuk is dat sy eie stem en tyd onhoorbaar geword het nie. Soos Odysseus, was ek tydelik verlore.

Natuurlik het ek van voetnote geweet en hulle selfs ruim en gewigting in my eie skripsie oor 'n Skool vir Blinders aangewend om te wys dat ek wel ander se sienings, waarnemings en kunde oor die onderwerp gelees en my eie gemaak het. Besluite is nie uit die lug gegryp nie, maar deeglik bestudeer soos duidelik deur die voetnote bekragtig. Hulle was dienstig vir die feitelike argument wat klaar en ononderbroke voortgestu het tot 'n logiese eindresultaat wat minstens vir skander lesers sinvol sou wees. Ek het probeer om enige twyfel uit te skakel – soos dit natuurlik hoort: 'n voetnoot maak duidelik, verduidelik, klaar op. Dit wettig die geskrif en, deur 'n akademies aanvaarbare dosis navorsing uit te klaar, wettig dit

ook die skrywer – of so het ek gedink.

Die historiese voetnote, kom ek nou hier op die hoogte agter, het moontlik 'n geheel meer opruiende, en soms ondergrawende doel. Ander skrywers se werk word in voetnote gebruik om bewys te lewer van hoe ver en wyd die skrywer se navorsingsveld gestrek het.⁶ Dit word weer deur ander uitmekaargehaal om huis die beperkings van die skrywer se horisonne bloot te lê.⁷ Sekere bronne word, dikwels om persoonlike redes, betekenisvol nie in voetnote aangehaal nie, ander word sarkasties in kleinskrif bygekom.⁸ Narratiewe word omhein en afgekamp met elke spar 'n kommentaar werd. Voetnote wil nie verhelder nie, hulle wil huis sekerheid vermink en omvergoot? Hulle slurp beslisheid op, maak enige poging om die 'waarheid' van die verlede te probeer staanmaak vrugteloos; bind jou aan twyfel, ondermyn geloof, maar, hierdie verworwe oortuiging ten spyt, het die voetnoot van my besit geneem, 'n betowering wat hom nie maklik laat afskud nie.

Later sou ek dink dat mens dit eintlik moes verwag het van iemand wat voetnote as't ware met moedersmelk ingekry het. Graves was 'n kleinneef van Leopold von Ranke (1795-1886). Hoewel sy grootoom self jare met die beperkings van die voetnoot gestry het, maar uiteindelik tog daartoe 'bekeer' is, en historici steeds voetnotig onder mekaar baklei of hy die laaste van die romantiese of die eerste van die wetenskaplike historici was, het Robert die voetnoot skynbaar as gegewe noodsaklikheid vir die illustrasie van 'n historiese teks aanvaar – moontlik omdat hy die fel kritiek van Heinrich Leo in 1828 op oom Leopold se werk te ernstig of te onkrities opgeneem het? Die voetnoot was blykbaar noodsaklik om te wys *wie es eigentlich gewesen ist. Für wen?*, is mens geneig om te vra.

Soos die gode dit beskik het, het ek nog twee boeke na Capri⁹ saamgebring. Norman Douglas se *South Wind* was net die regte teëgif om Graves se verbete verwysings uit die gestel te suiwer, en Compton MacKenzie (1883-1972) se *Whisky galore* kon mens heeltemal laat vergeet ... altans vir 'n rukkie.¹⁰

Dit kon natuurlik nie Graves gewees het wat deur Douglas (1868-1952) aangevat word nie (*Greek myths* het 38 jaar na *South Wind* verskyn), maar dit maak eintlik nie saak nie – so skerp en seker word sy annooteerde geteken: "To bring the *Antiquities* up to date by means of a revised and enlarged version enriched with footnotes, appendixes, and copious illustrations, was the ambition, the sole ambition, of Mr Ernest Eames, B.A. ... It sweetened his self-imposed exile [on the island].

"It was like a draught of some generous wine, after a course of barley-water. Here was Latin worth reading; rich, sinewy, idiomatic, full of flavour, masculine. Flexible, yet terse. Latin after his own heart: a cry across the centuries! So bewitched was Mr Eames with the grammar and syntax of the *Antiquities* that he had already gone through the book three times ere realizing that this man, who could construct such flowing, glowing sentences, was actually writing about something.

"Forthwith a change came over Mr Ernest Eames. His frozen classical mind blossomed under the sunny stimulus of the Renaissance scholar. He entered upon a second boyhood – a real boyhood, this time, full of enthusiasms and adventures into flowery by-paths of learning. Monsignor Perrelli absorbed him. He absorbed Monsignor Perrelli. Marginal observations led to footnotes; footnotes to appendixes. He had found an interest in life. He would annotate the *Antiquities*."¹¹

Mr Eames sou jare hieraan werk totdat die korpus van voetnote, endnote en aanhangsels veel meer lywig as die oorspronklike was en verskeie volumes sou beslaan. Hy sou elke geleentheid om sy werk te publiseer egter vernuftig vermy, omdat dit "nog nie klaar was nie".

Maar Mr Eames is eintlik net een van die mense waarmee Douglas die draak

steek. Die boek is 'n satire oor die voetnoot, die skrywer speel duiwelsadvokaat, word self annooteerder. Sonder om dit te sê of hulle te nommer, bestaan die roman slegs uit die voetnote nadat die hoofteks verwyder is, of liever, nooit geskryf is nie. Literêre kritiek op *South Wind* is dikwels dat dit mank gaan aan 'n storie, 'n verwikkellingsplan, intrige of knoop. Natuurlik. Dit is presies wat Douglas wou sê oor die voetnoot wat belangriker as die storie geword het – en dit sal my geensins verbaas as dit geskryf is net nadat hy deur 'n soortgelyke boek as *The Greek Myths* geworstel het nie: "Ernest Eames was the ideal annotator. He was neither inductive nor deductive; he had no axe to grind. His talent consisted in an ant-like hiving faculty. He was acquisitive of information for a set purpose – to bring the *Antiquities* up to date. Whatever failed to fit in with this programme, however novel, however interesting – it was ruthlessly discarded."¹²

Uitgesluit die subjektiewe keuse van onderwerp en die beperkte horison waarbinne Mr Eames sy taak aanpak, is hy meestal objektfief – behalwe in die geval van 'n onwelkomme geskrif van ene Vader Capoccio wat die eiland en Monsignor Pirelli skynbaar gehaat, en dinge geskryf het wat nie met dié in die *Antiquities* gestryk het nie. Vader Capoccio kon nie ignoreer word nie, maar sy stellings kon wel in 'n groeiende liggaam voetnote verdag gemaak word. Om dit te vermag word 'n tweede annotasietaak vir Mr Eames.

Soos D.H. Lawrence (1885-1930) het Douglas sy karakters straks op bekende persoonlikhede baseer en die vraag (*nog 'n voetnoot hier) moet gevvolglik dadelik gevra word.¹³ Op wie is Mr Eames baseer? Lord Acton (1834-1902), "the nearest approach to omniscience",¹⁴ wat net oorkant die see, van waar ek toe sit en lees het, gebore is? Heel waarskynlik. Ook hý was 'n noeste annooteerder. Ook sý groot werk, *A History of liberty*, is nooit voltooi nie, hoewel hy, met die oog daarop, 'n uitgebreide biblioteek opgebou en oorvloedige notas direk in sy boeke gekrabbel het. Die eerste volume van die *Cambridge Modern History*, "planned by Lord Acton", het 'n paar maande na sy dood verskyn.

Acton was in tweespalt oor geskiedenis, aan die een kant diep gelowig in die objektiwiteit en oppergesag van die historiese 'feit'; aan die ander kant jeremieer hy oor die vereistes wat aan die historikus gestel word en "threaten to turn him from a man of letters into the compiler of an encyclopedia"¹⁵ Op sonderlike wyse het Acton hoop geskep. Die dag sou kom dat geskiedenis weer sy regmatige plek tussen die literêre kunsvorms sal inneem, nadat dit lank deur wetenskaplike metode, degenererd tot roetine, verlei is. Hy sug na 'n 'Universele Geskiedenis' (met alle feite bo verdenking bepaal en as sodanig aanvaar?) waar die leser nie sal agterkom waar die Duitser sy pen neergesit en die Fransman dit opgeneem het nie. Helaas, dié dag het nog nie aangebreek nie en sal ook nie as die *Universal History* met Europa as middelpunt daarvan en in Engels geskryf word nie.

In watter taal dié onmoontlike droom sou geskied, word nie gesê nie, maar taal self kleur die geskiedenis, soos enigets anders wat dit wil uitklaar. Soos dit 'n goeie Engelsman betaam, het hy waarskynlik 'universele' Engels bedoel, maar dié taal is nie eers seker in die Britse eilande self nie – soos Compton MacKenzie se Skot ons, in geen onduidelike taal nie, laat verstaan: "Ay, I thought you were from England by the way you talked. It's very noticeable to us in Inverness the queer way the English speak their own language."¹⁶

Die ontgogeling op Capri het my jare van Graves se mites weggehoud. Nou, met die skryf van hierdie, het ek dit weer by die Stellenbosch se Universiteitsbiblioteek gaan uitneem, en weer gaan uitneem, en weer gaan uitneem, en weer ... en binne drie maande tot op bladsy 40 van volume 1 gevorder. Ek hoop om binnekort voetnoot 107.2 (*skuinsskrif*) in volume 2 agter die rug te hê en is amper klaar met 51.1 waarheen ek kommandeer is. Daarna lê net (see: 74.6) en wag. Die grootste probleem is dat Vergilius, Pausanias, Apollodorus, Hesiodos en

Herodotos nou ook byderhand is en hulle die ‘Graves-projek’ verder vertraag.

Aan die anderkant, was dit nie vir Graves se voetnote nie, sou ek nooit kon twyfel oor die kreatiewe en soms dubieuse dwaalpaaie wat Natalie Zemon Davis (1928-) in haar geskiedskrywery oor een van my gunsteling historiese figure, Leo Africanus (Hasan al-Wazzan, fl1519), neem nie:¹⁷ *O what a tangled web we weave / when first we practise to deceive!*¹⁸ Ek sou nie vandag dink dat voetnote historici teen nostalgie beskerm nie, en sou ook nie by Hyginus se *Fabula* uitgekom, en nie geweet het van die wonderlike detail in die verhaal van Herakles se derde taak om die Goue Hinde te buit nie (see: 22.II), (see: 52.3) en (see:132.3) ...

Verwysings

- ¹ Eintlik was dit kinderspeletjies vir dié wat reeds tussen Skilla en Charibdis deur geseil het. Kerényi, C. 1958. *The gods of the Greeks*. Harmondsworth: Penguin, pp. 32-35.
- ² Die geduldige leser moet kennis neem daarvan dat die sensitiewe oueur toe jonk was en nog in oortreffende trappe gedink het.
- ³ Graves, R. 1962 [1955]. *The Greek Myths*. 2 vols. Harmondsworth: Pelican.
- ⁴ Peter Osmond, Washington en Mary-Anne Wilson van Reading. Die boeke was steeds blinknuut, 'n waarneming wat die derde aankoper bedag moes gemaak het op die leesbaarheid daarvan.
- ⁵ Die 'dik' wind, beklaag deur Dante. Dit was nie die Westewind nie, maar huis die Suidewind van Douglas se roman. Dit ontspring oor die Sahara en dra sand en humiditeit vandaar na die suidkus van Italië. Daar word dit die *sirocco* genoem en assosieer met siektes. Hazzard, S. 2000. *Greene on Capri, a memoir*. London: Virago, pp. 48-49.
- ⁶ "Sy inbringende navorsing word verder bewys deur die insluiting van nie minder nie as 2 883 endnote". Wessels, A. 2010. Angola-Afrikaners word sorgvuldig bekyk. (Boekbespreking van Nicol Stassen se *Afrikaners in Angola 1928-1975*). *Die Burger*, 15 Maart, p. 13.
- ⁷ "cf.", "maar sien" of "vergelyk" dui (vir die ingewyde) aan dat 'n alternatiewe oogpunt in die aangehaalde werk minstens bevraagteken behoort te word, maar feitlik sekerlik verkeerd is. Grafton, A. *The footnote, a curious history*. London: Faber & Faber, p. 8.
- ⁸ Gibbon oor Origenes se drastiese wyse om versoeking te systap deur homself te kastreer: "Terwyl dit sy algemene gebruik was om die Skrif allegories voor te stel, skyn dit ongelukkig te wees dat hy, slegs in hierdie geval, die letterlike pad gekies het." Gibbon, E. 1994. (D.B. Womersley Ed.) *The History of the decline and fall of the Roman Empire*. London: Allen Lane, Vol. I, Chap. 15, note 96.
- ⁹ Puriste spreek dit Cápri en nie Capréé nie uit. Laasgenoemde uitspraak moontlik toe te skryf aan Wilhelm Grosz [Hugh Williams] en Jimmy Kennedy se liedjie *Isle of Capri* (1934) wat deur Gracie Fields beroemd gemaak is: 'twas on the isle of Capri that I found her/Beneath the shade of an old walnut tree. Die eiland se naam in die vierde lyn moes rym met "tree" in die tweede.
- ¹⁰ Douglas, N. 1976 [1917]. *South Wind*. Harmondsworth: Penguin. (Sy laaste boek was *A footnote to Capri*); Mackenzie, C. 1977 [1947]. *Whisky galore*. Harmondsworth: Penguin.
- ¹¹ Douglas, N. *South Wind*, pp. 25-26.
- ¹² Douglas, N. *South Wind*, p. 83.
- ¹³ In 1922 het 'n groot vete tussen Douglas en Lawrence begin nadat laasgenoemde een van sy karakters in *Aaron's Rod* op Douglas baseer het. Na die verskynning van Lawrence se kortverhaal, "The man who loved islands" het hy en Compton MacKenzie glo nooit weer met mekaar gepraat nie. MacKenzie was bekend daarvoor dat hy van eilande gehou het en na 'n verblyf op Capri het hy vir lank op die eiland Barra in die Buite-Hebride gewoon.
- ¹⁴ White, A.D. 1905. *Autobiography*. New York: The Century Co. Vol. II, p. 412.
- ¹⁵ Ward, A.W., Prothero, G.W. & Leathes, S. (Eds.). 1902. *The Cambridge Modern History*. Cambridge: University Press, Vol. I, p. 4.
- ¹⁶ MacKenzie, C. *Whisky galore*, p. 96.
- ¹⁷ Davis, Natalie Zemon. 2006. *Trickster travels, a Sixteenth century Muslim between two worlds*. London: Faber & Faber.
- ¹⁸ Scott, Sir Walter. 1849. *Marion: a tale of Flodden fields*. London: Noble, Canto vi, stanza 17.

Contributors ◦ Medewerkers

Alana Bailey is 'n kultuurhistorikus en oud-student van Cobus Ferreira. Sy is sedert 2005 werkzaam as die adjunk-uitvoerende hoof van die burgerregte-inisiatief, AfriForum. Wanneer moontlik, reis en skryf sy graag – fiksie of feite.

Karel Anthonie Bakker is the head of the Department of Architecture at the University of Pretoria and also does advocacy in the field of heritage management. His main area of research and practice involves the history of architecture and cultural landscapes, inclusive of historic urban landscapes

Dr *C.M. Bakkes* is 'n gebore Johannesburger, het sy skoolloopbaan in Pretoria aan die Afrikaanse Hoër Seunskool voltooi, sy DPhil-graad aan die Universiteit van Pretoria behaal, 'n onderwyskwalifikasie aan die Transvaalse Onderwyskollege en 'n staf- en bevelsdiploma aan die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege. Sy studie en beroepsveld was krygsgeschiedenis wat hy as dosent aan die Militêre Akademie sowel as by die Militêre Kollege beoefen het, waarna hy die Instituut vir Geskiedenisnavorsing by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) tot stand gebring het en waar hy sy loopbaan as uitvoerende direkteur afgesluit het.

Margaret Bakkes-Aucamp is gebore in die Stormberge en het aan die Universiteit van Pretoria en aan die Onderwyskollege gegradeer. Haar skrywersloopbaan strek oor vyf-en-vyftig jaar. Sy is getroud met die historikus, dr Cas Bakkes en het vier kinders.

Professor *Johan Bergh* is hoof van die Departement Historiese en Erfenisstudies aan die Universiteit van Pretoria.

DPM (David) Botes is 'n taalpraktisyen en digter.

Marianna Botes het 'n M.A.-graad in Kultuurgeschiedenis, is as navorser by die Nasionale Museum in Bloemfontein werkzaam en is ook betrokke by die bewaring en restourasie van geboue en erfenisterreine. Sy het 16 artikels in wetenskaplike joernale en 25 in populêr-wetenskaplike tydskrifte gepubliseer en is die mede-auteur van twee boeke oor die argitektuur van die Vrystaat.

Nico Botes doseer in die ruimtelike ontwerpdissiplines aan die Universiteit van Pretoria.

Rachel Botes, chef van Carlton Café + Delicious in Pretoria, vind genot in die bereiding van gemoedskos.

Dr *Paul Brandt* is a dentist employed full-time at the School of Dentistry, University Pretoria as lecturer/researcher. His field of research is dental materials. As a hobby he has been doing research on South African maritime history and shipwrecks for the past 30 years. He was one on the founding

members of the Centre for Portuguese Nautical Studies (CPNS). It promotes the importance of shipwrecks as cultural heritage and promotes research, education, conferences, archaeological projects, and the protection of shipwreck sites and the conservation of maritime archaeological artefacts – with specific emphasis on the Portuguese part of South African maritime history, 1500-1680.

J.P. (Japie) Brits was met sy aftrede in 2007 professor in Geskiedenis aan Unisa. Sy doseer- en navorsingsveld was kontemporêre Suid-Afrikaanse geskiedenis en die metode en teorie van Geskiedenis. Uit sy pen het ses boeke verskyn (insluitende die bekroonde *Op die voorwand van apartheid*), 13 artikels in vaktydskrifte en 31 in wetenskaplike naslaanwerke.

Gerhard Bruyns, 25 (nee eintlik 35), argitek in Suid-Afrika en stedebouwkundige in Nederland, is besig is met doktorale studies aan TU Delft waar hy ook dosent in die nagraadse programme van die Delft School of Design is.

Dr *Mathilda Burden* doseer vir bykans dertig jaar reeds Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch. Tans tree sy op as studieleier en promotor van nagraadse studente en beklee ook die pos van senior navorser by die Universiteitsmuseum.

Louis Changuion (*1940) is in Kaapstad gebore en het aan die Hoërskoël Lydenburg matrikuleer. Hy het aan die Universiteite van Pretoria en Suid-Afrika studeer en 'n DLitt et Phil by laasgenoemde behaal. Na drie jaar by die Nasionale Kultuur-Historiese Museum in Pretoria, het hy in 1971 na die Universiteit van die Noorde geskuif waar hy in 2002 as professor van Geskiedenis agetree het. Hy is die ouiteur van verskeie boeke.

Nicholas Clarke is an architect and lecturer at the Department of Architecture, University of Pretoria. His interests lie in the fields of the environmental performance of buildings, especially the vernacular as well as the broad understanding of cultural landscapes in the southern African context, particularly as expressed in the built environment.

David Dolan MA PhD has been Professor of Cultural Heritage at Curtin University, Perth, Western Australia since 1995. He previously worked as a curator in museums in several Australian cities, and has been Chairman of the National Trust of Australia (WA).

Leon Endemann, is 'n vriend en voormalige RGN-kollega van Cobus Ferreira. Hy studeer aan die PU vir CHO en Unisa en was ondermeer geskiedenis-navorser, argivaris, diplomaat in Swede en Lima, Peru, bestuurder van die SAUK-Klankargief en is tans 'n hoofnavorser by GISA, Stellenbosch.

Dr *Valerie Esterhuizen* was voorheen kurator van die Van Tilburg versameling, Universiteit van Pretoria. Haar navorsing behels die datering van Chinese porseleinskerwe wat van Portugese skeepswrakke kom. Sy was ook 'n stigerslid van die Centre for Portuguese Nautical Studies. Sedert aftrede tree sy en haar eggenoot, Erens, as toeroperateurs op.

Professor *Roger Charles Fisher* (*1951), architect and academic, spent his formative years in Bellville and the better part of his teenage years and adult life in

Pretoria. That explains everything.

Hans Fransen, born in Amsterdam in 1931, settled in South Africa in 1955 and is an art and architectural historian. Most of his career he worked as a museum director and lecturer, and he is the author of several standard works on Cape architecture. He has a doctorate from the University of KwaZulu-Natal and an honorary doctorate from the University of Stellenbosch.

Carl Gerneke studied architecture at the University of Pretoria, completed a fellowship at the *Centre Scientifique et Technique du Bâtiment* in Paris, did a course in Conservation at the *Collège d'Europe* in Bruges, worked for the United Nations Works and Relief Agency in Beirut and taught at the Universities of Pretoria, Cape Town and Port Elizabeth for many years.

Amancio d'Alpoim Miranda (Pancho) Guedes, Artist, sculptor carpenter, teacher, writer, Portuguese born, South African educated architect, having practised in Mozambique, then educator and practitioner in Johannesburg as Chair of the School of Architecture, University of the Witwatersrand, an influential anarchist in his own Stilo Guedes manner, at the time of the demise of the Modern and rise of the Post Modern. Now retired to Portugal.

John Edward Holloway (Jackie) Grobler is 'n dosent in Geskiedenis, Kultuurgeskiedenis en Erfenis- en Kultuurtoerisme by die Universiteit van Pretoria. Hy is die outeur van vyf boeke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis en erfenis en het 'n besondere belangstelling in herdenking, monumente en gedenktekens.

Karen L. Harris is a professor in the Department of Historical and Heritage Studies at the University of Pretoria; she is also the director of the University Archives. She holds a doctorate in history and specialises in the field of overseas Chinese studies.

Hannes Jacobs, nou van Pretoria, het sy professionele argitektuurstudies in 2009 by die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in Port Elizabeth voltooi.

Pieter Kapp, MA (US) en MA (Reading), D Phil (US). Gewese professor in Internasionale Geskiedenis aan die Randse Afrikaanse Universiteit en Stellenbosch. Tans navorsingsgenoot aan die Vrystaatse Universiteit.

Lize Kriel was 'n student van Cobus Ferreira en is tans medeprofessor aan die Universiteit van Pretoria waar sy Afrika- en Europese kultuurgeskiedenis doseer. Sy is geïnteresseerd in die netwerke waarin kennis, wat op papier vasgevang word, sirkuleer.

Dr *Udo Siegwalt Küsel* is 'n voormalige hoof van die Transvaalse Proviniale Museumdiens, direkteur van die Nasionale Kultuur Historiese Museum, Pretoria en president van die Suid Afrikaanse Museumvereniging. Tans is hy direkteur en eienaar van African Heritage Consultants CC.

Schalk Willem le Roux is 'n buitegewone professor verbonde aan die Universiteit van Pretoria, waar hy eens hoof van die Departement Argitektuur was.

Christine Lewis MEd (Man) is Manager, Heritage Advice at the Department of Indigenous Affairs in Western Australia. She previously worked at the

Heritage Council of WA, and in the Lawrence Wilson Art Gallery at the University of WA.

Johann Lodewyk Marais het 'n DLitt met sy proefskrif oor Eugène N. Marais se wetenskaplike prosa aan die Universiteit van Pretoria verwerf. As skeppende skrywer het hy met die digbundel *Die somer is 'n dag oud* (1983) gedebuteer, waarvoor hy die Ingrid Jonker-prys ontvang het. *Diorama* (2010) is die jongste van ses bundels wat hierop gevolg het. Hy het ook drie digbundels saamgestel. *Lae wolke oor Mosambiek: 'n Reisboek* (2003) was sy eerste prosawerk. Hy is hoofredakteur van die tydskrif *Ensovoort*.

Professor *Estelle Alma Maré*, vroeër verbonde aan UNISA, is 'n navorsingsgenoot aan die Departement Argitektuur, Tshwane University of Technology, Pretoria. Sy is die huidige redakteur van die *South African Journal of Art History*.

Professor *F.A. Mouton* is in the History Department of the University of South Africa and currently busy with a biographical study of the Afrikaner liberal F. S. Malan.

Michele Nigrini is 'n voltydse skilder en tans woonagtig in Rosendal, Oos-Vrystaat.

Edna Peres considers herself a generalist – as passionate about writing and photography as she is about the urban realm in which her academic training as an architect allows her to practice. Her interests extend into academia, where she is currently involved with a heritage research project in Maputo. She lives and works in the vibrant metropolis of Johannesburg.

Dr *J.C. (Celestine) Pretorius* was vyftien jaar lank aan die destydse Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis van die Universiteit van Pretoria verbonde en daarna hoof van die Navorsingsafdeling van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria. Sy is die skrywer van vyf boeke, waaronder die *Geschiedenis van Volkskuns* in Suid-Afrika, asook sewentig artikels in wetenskaplike tydskrifte van kultuurhistoriese aard.

Dr *Nicol Stassen* is die besturende direkteur van Protea Boekhuis en die skrywer van die boek *Afrikaners in Angola, 1928–1975*.

Alta Steenkamp is medeprofessor in die Skool van Argitektuur en Beplanning aan die Universiteit van Kaapstad. Sy doseer Ontwerp, Geskiedenis en Teorie met spesifieke klem op die Argitektuur van die Suid-Afrikaanse bou-omgewing.

Cecilia Kruger het in 2002 haar MA in Erfenisbestuur aan die UP verwerf. Sy is sedert 2000 aan die hoof van Vakkundige Dienste by die Voortrekker-monument en Erfenisstigting.

Dr *Elize Labuschagne-Hull* has turned her passion for cultural history into a profitable commercial venture by using cultural historical motifs in modern interior design. She is a well-known interior designer and the co-owner and product designer of the wholesale company Tassels & Treasures.

Johan N. Prinsloo is 'n landskapargitek en lektor in die Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria waar hy sy ML-graad ontvang het. Sy belangstelling dwaal rondom die Middeleeuse landskapbeskouing en die oorgang na dié van

die moderniteit, asook die gevolge hiervan vir die eietydse praktyk van landskapsargitektuur.

Karina Sevenhuijsen doseer Geskiedenis en Kultuурgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria. Haar navorsingsterreine sluit in 19^{de} en 20^{ste}-eeuse kultuurgeskiedenis en 20^{ste}-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis en sny veral die temas van verstedeliking, behuising, segregasie en apartheid aan.

Jaap Steyn was professor in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy is die skrywer van 'n paar prosawerke en 'n digbundel, asook taalpolitiese en taalhistoriese werke en biografieë soos *Van Wyk Louw -- 'n lewensverhaal*, *Penvegter*, *Piet Cillié van Die Burger* en *Die 100 jaar van M.E.R.*

François Swanepoel is 'n fotograaf van Tulbagh.

Johann Tempelhoff is professor in Geskiedenis aan Noordwes-Universiteit (Vaal). Hy is leier van CuDyWat, 'n transdisiplinêre navorsingsnisarea waarin gekonsentreer word op die kulturele dinamika van water.

Marié van Heerden was van 1976 tot 2005 dosent in Kultuурgeskiedenis en die Nagraadse Diploma in Museumkunde aan die Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria. Sy is 'n kollega en vriendin van Cobus Ferreira sedert hulle vanaf 1972 by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gewerk het en daarna, sedert 1980, saam aan genoemde departement doseer het.

Dr *Johnny van Schalkwyk* has been working at the Cultural History Museum in Pretoria since 1978. He has actively done research in the fields of anthropology, archaeology and impact assessment. He has curated various exhibitions at different museums and has published more than 60 papers.

Chris J. van Vuuren is professor in Anthropology at Unisa in the Department of Anthropology and Archaeology. He is also Director of the African Centre for Arts, Culture and Heritage Studies (ACACHS). His research interests include indigenous African architecture, oral tradition, heritage studies, ethno-archaeology and ritual.

Drs *A.C.W. (Kees) van Zoelen*, geboren in 1948 in Nederland en afgestudeerd in de klinische psychologie aan die universiteit van myn geboorte stad Amsterdam. Op dit moment, met veel plezier, een heel kleine boer in Portugal. Door myn grote nieuwsgierigheid en interesse raak ik steeds op andere paden in die wetenschap en ben nog steeds verwonderd over iedere nieuwe ontdekking. (Hy is bestuurslid van die *Associação Cultural Serpa Pinto*)

André Wessels is hoogleraar in Geskiedenis aan die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein. Die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) is een van sy vernaamste navorsingsterreine en hy het al heelwat publikasies daaroor die lig laat sien.

Elria Wessels is sedert 1979 verbonde aan die Oorlogsmuseum. Sy het 'n MA-graad in geskiedenis van die UOVS behaal en het na voltooiing van haar graad skoolgehou in Noord-Natal.

Publications ◦ Publikasies

O.J.O. Ferreira

Boeke

1975. *'n Volk se hulde. Die geskiedenis van die Sentrale Volks-monumentekomitee*. Johannesburg: Perskor-uitgewery. ISBN 0-628-00644-6
1975. *Geschiedenis, werken en streven van S.P.E. Trichard, luitenant kolonel der vroegere Staats-Artillerie Z.A.R. door hemselfe beschreven*. Pretoria: RGN. ISBN 0-86965-240-0
1977. *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*. Pretoria: RGN. ISBN 0-86965-432-2
1978. *Stormvoël van die Noorde. Stephanus Schoeman in Transvaal*. Pretoria: Makro-Boeke. ISBN 0-909231-50-8
1980. *Memoirs of General Ben Bouwer*. Pretoria: RGN. ISBN 0-86965-618-X
1986. *Die Noordwese: die stoflike kultuuruitinge van die streek se bewoners*. Johannesburg: Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde, (In medewerking met Gré van der Waal-Braaksma en L.J.S. Changuion) ISBN 0-620-10122-9
1994. *Viva os Boers! Boeregeinterneerde in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*. Pretoria: O.J.O. Ferreira. ISBN 0-620-18627-5
1995. *Adamastor, gees van die Stormkaap*. Pretoria: O.J.O. Ferreira. ISBN 0-620-19501-0
1997. *Stamvader Ignatius Ferreira en sy naverwante*. Pretoria: O.J.O. Ferreira. ISBN 0-620-21461-9
2000. *Viva os Boers! Boeregeinterneerde in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*. Pretoria: Protea Boekhuis. (Tweede bygewerkte uitgawe) ISBN 1-919825-07-X
2002. *Stranding van die São João: lotgevalle van Manuel de Sepúlveda en sy medeskip-breukelinge aan die Suidooskus van Afrika, 1552-1553*. Jeffreysbaai & Pretoria: Adamastor. ISBN 0-620-29002-1
2002. *Montanha in Zoutpansberg: 'n Portugese handelsending van Inhambane se besoek aan Schoemansdal, 1855-1856*. Pretoria: Protea Boekhuis. ISBN 1-919825-95-9
2002. *Die roenryke lewe van Francisco de Almeida (ca.1450-1510) en sy roemlose sterwe aan die Kaap die Goeie Hoop*. Kaapstad: Casteel Militêre Museum. ISBN 0-620-29321-7
2003. *Onder-Kouga: bakermat van Gerbers en Ferreiras*. Jeffreysbaai & Pretoria: Adamastor, 2003. ISBN 0-620-29408-6
2004. *FAK-75: geskiedenis van die derde kwarteeu in die bestaan van die Federasie van Afrikaanse Kultuur-vereniginge, 1979-2004*. Pretoria: Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge. ISBN 0-620-32701-4
2005. *Dias, Da Gama en die Khoikhoi: 'n ontmoeting van kulture aan die Suidpunt van Afrika*. Jeffreysbaai & Pretoria: Adamastor. ISBN 0-620-34458-X
2005. *Kruger in Lourenço Marques: Pres. S.J.P. Kruger se verblyf in Mosambiek, Sept.-Okt. 1900 / Pres. S.J.P. Kruger's sojourn in Mozambique, Sept.-Oct. 1900*. (English translation by Cecilia Kruger) Jeffreysbaai/Jeffreys Bay & Pretoria. ISBN 0-620-34124-6
2007. *Die bloed in ons are: voorgeslagte van Martina Philippina Ferreira (1937-1999) & Ockert Jacobus Olivier Ferreira (*1940)*. Jeffreysbaai: Adamastor. ISBN 978-0-620-38401-8
2007. *Ilha de Moçambique byna Hollands: Nederlandse blokkade van Mosambiek-eiland in 1604, 1607 en 1608*. Jeffreysbaai & Gordonsbaai: Adamastor. ISBN 978-0-620-38121-5
2008. *Portugese reisigers onder die Suiderkruis: Soeke na handelsroetes, Preste João en avontuur*. Jeffreysbaai & Gordonsbaai: Adamastor. ISBN 978-0-620-39547-2
2008. *Adamastor: Spirit of the Cape of Storms / Espírito do Cabo das Tormentas / Gees van die Stormkaap*. (In medewerking met Schalk W. le Roux, Roger C. Fisher, D.P.M. Botes, e.a.). Gordonsbaai: Adamastor & Universiteit Pretoria, 2008. ISBN 978-0-620-41314-5
2008. *Kruger in Lourenço Marques: Pres. S.J.P. Kruger se verblyf in Mosambiek, Sept.-Okt. 1900*. Pretoria: Binedell Uitgewers. ISBN 0-9584118-6-7

2008. *Kruger in Lourenço Marques: Pres. S.J.P. Kruger's sojourn in Mozambique, Sept.-Oct. 1900.*
 (English translation by Cecilia Kruger) Pretoria: Bienedell Publishers.
 ISBN 0-9584118-7-5
2008. *Da Costa Leal in die Zuid-Afrikaansche Republiek: die sekretaris van 'n Portugese Diplomatieke Kommissie se besoek aan Potchefstroom en terugreis na Lourenço Marques, 1869-1870.* Pretoria: Protea Boekhuis. ISBN 978-1-86919-209-9
2009. *Sagres & Suiderkruis: Raakpunte tussen Portugal en Suid-Afrika deur vyf eeue.* (Mede-outeur: Schalk W. le Roux) Gordonsbaai & Jeffreysbaai: Adamastor.
 ISBN 978-0-620-44068
2010. *Ilha de Moçambique byna Hollands: Portugese inbesitname, Nederlandse veroweringspogings en die ophloei en verval van Mosambiek-eiland.* Gordonsbaai & Jeffreysbaai: Adamastor.
 ISBN 978-0-620-45057-7

Bydrae tot publikasies

- Kruger, D.W. & Beyers, C.J. (eds.) 1977. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III.* Kaapstad: Cronje, F.R.; Dalgety, E.H.; De la Rey, A.J.G.; Du Toit, M.S.W.; Hart, A.F.; Kroon, T.; Lombard, J.P. la G.; MacBride, J.; Steyn, J.C.; Woodgate, E.R.P.
- Beyers, C.J. (red.) 1981. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV.* Durban: Joubert, F.G.
- Beyers, C.J. (red.) 1987. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V.* Pretoria: Fourie, J.J.; Schoeman, S.
- Swart, M.J. (red.) 1980 *Afrikaanse kultuurmanak.* Johannesburg: 23 Januarie: S.P.E.
- Trichardt gebore, 1847; 4 April: B.H.J. van Rensburg oorlede, 1978; 2 Junie: Bou van Delagoabaai-spoorlyn begin, 1887; 3 September: Carolus Tregardt gebore, 1811; 5 Oktober: Referendum in verband met Republiekwording, 1960; 6 November: J.H. Grobler gebore, 1813; 7 November: National Scouts Corps gestig, 1901; 15 November: M.W. Pretorius word 'provisionele' staatspresident van die Z.A.R., 1855; 21 November: Ons vier Voortrekkermonumente, 1968; 24 November: Z.A.R. en Republiek Lydenburg verenig, 1858
- Bergh, J.S. (red.) 1988. *Herdenkingsjaar 1988: Portugese, Hugenote en Voortrekkers.* Pretoria: Enkele aspekte van die Portugese kultuur tydens die ontdekkingsreise (pp. 6-47)
- Swart, M.J. (red.) 1989. *Afrikanerbakens.* Johannesburg: Die Voortrekkermonument, Winburg (pp. 117-119)
- Nel, P.G. (red.) 1990. *J.H. Pierneef: sy lewe en sy werk.* Kaapstad/Johannesburg: Flitsbeeld van Pierneef se Suid-Afrika (pp. 11-23)
- Nel, P.G. (ed.), *J.H. Pierneef: his life and his work.* Cape Town/Johannesburg, 1990: Images of Pierneef's South Africa (pp. 11-23)
- Le Roux, S. (red.) 1990. *Plekke en geboue van Pretoria: 'n oorsig van hulle argitektoniese en stedelike belang I.* Pretoria: Die stad wat moet uitmunt in voortreflikheid (pp. 56-60)
- Wessels, A., Raath, A.W.G. & Jacobs, F.J. (reds.) 1993. *Egodokumente: persoonlike ervaringe uit die Anglo-Boereoorlog 1899-1902.* Bloemfontein: Depósito os Boers, Alcobaça, Portugal: geskrif van Hendrik Johannes Pieter Erasmus oor sy internering in Alcobaça, Portugal, 1901-1902 (pp. 92-139)
- Pretorius, A. (samesteller) 1995. *75 Jaar van dankbaarheid: Berlin Geloftefees 1920-1995.* Berlin Geloftefeeskomitee: Die Gelofte, Bloedrivier en Geloftedag (pp. 1-2)
- Bergh, J.S., Ferreira, O.J.O., Pretorius, F., Grobler, J.E.H. & Stals, W.A. (eds.) 1996. *Ad Destinatum III, 1983-1992: 'n geskiedenis van die Universiteit van Pretoria.* Pretoria.
- Grobler, M. et al. 1996. *Die suidelike Springbokvlakte, 1876-1995: 'n historiese oorsig.* Berlin Geloftefees: Die Gelofte, Bloedrivier en Geloftedag (pp. 253-255)
- Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (samesteller) 1999. *Afrikaner-perspektiewe op die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902.* Aucklandpark: F.A.K.: Boeregeinterneerde in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) (pp. 38-52)

Tydskrifartikels

1. Anna Neethling-Pohl. *Gerwe*, 1963, pp. 37-38
2. 'n Grootse volkskunstenares – Anna Neethling-Pohl. *Normata* 3 (1), April 1963, pp. 4 & 15

3. Die Nederlandse Rooikruis-ambulanse in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. *Geneeskunde* 10 (7), 27 Julie 1968, pp. 153-161 (In medewerking met prof. J.J. Oberholster)
4. Eensame monument in die vreemde. *Die Taalgenoot* 40 (9), Augustus 1971, pp. 6 en 8
5. Die Bloedriviermonument: simbool van vryheidsin. *Die Taalgenoot* 41 (2), Januarie 1972, pp. 14 en 26
6. 'n Merkwaardige vrou: Anna Neethling-Pohl. *Die Taalgenoot* 41 (3), Februarie 1972, pp. 18-19
7. 'n Voortrekkerpionier leef voort: Theodorus Cornelis Johannes Erasmus (1826-1900). *Die Taalgenoot* 41 (5), April 1972, pp. 19-20
8. Die Voortrekkermonumentmuseum. *Die Taalgenoot* 41 (6), Mei 1972, pp. 19 en 23
9. Thaba Nchu: Bymekaarkompleks van die Voortrekkers. *Die Taalgenoot* 41 (7), Junie 1972, pp. 13-14, 25 en 32
10. Die monumentale werk van Coert Steynberg. *Die Taalgenoot* 41 (10), September 1972, pp. 6 en 21
11. Schoemansdal: vergane Voortrekervoorpors. *Die Taalgenoot* 42 (3), Februarie 1973, pp. 6-7
12. Vriend van die Voortrekkers (James Archbell). *Die Taalgenoot* 42 (12), November 1973, pp. 21-22
13. 'n Eer vir hul stamvolk (Afrikaners in Argentinië). *Die Taalgenoot* 43 (2), Januarie 1974, pp. 7 en 17
14. Die matjieshuise van Namakwaland. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 30 (2), April 1974, pp. 1-6
15. Kookskerm. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 30 (2), April 1974, pp. 7-10
16. Dorsvloer en kafhuis. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 30 (2), April 1974, pp. 11-15
17. Die perdemeul. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 30 (2), April 1974, pp. 16-20
18. Byekorf- of korbeelhutte. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 30 (2), April 1974, pp. 28-33
19. Paul Kruger: Kerk- en Godsman. *Die Taalgenoot* 44 (6), Mei 1975, pp. 4-5 en 24-25
20. Die Staatsartillerie van die Z.A.R. *Militaria* 6/2, 1976, pp. 1-15
21. Kruger se humorsin. *Die Bondgenoot* 23 (2), Oktober 1976, pp. 4-5 en 22
22. Schoemansdal: van Voortrekervoorpors tot volksfeesterrein. *Contree* 1, Januarie 1977, pp. 5-10
23. Ben van Rensburg: skepper van 'n Afrikanerheiligdom. *Handhaaf* 15 (5), Mei 1978, p. 4
24. Pres. Paul Kruger – 'n godvresende man. *Die Bondgenoot* 24 (2), Oktober 1978, pp. 4-5, 9 & 16
25. Die Otterwandelpad. *Op Safari* 10 (8), Augustus 1979, pp. 20-22
26. Die matjieshuise van Namakwaland. *Kultuurhistoriese Nuusbrief SAMA* 5 (1), 1979, pp. 20-24 (Oorgeneem uit *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 30 (2), April 1974, pp. 1-6)
27. Afrikanerkultuur in beweging. *Handhaaf* 17 (2), November 1979, pp. 6-9
28. Nagraadse Diploma in Museumkunde. *AMLIB-nuusbrief* 11, Jan./Feb. 1981
29. Kultuurgeskiedenis as wetenskap. *Handhaaf* 19 (2), November 1981, pp. 7-11 (In medewerking met J.C. Pretorius en P.G. Nel)
30. Die matjieshuise van Namakwaland. *Veld en Flora* 67 (4), Desember 1981, pp. 98-100 (Oorgeneem uit *Kultuurhistoriese Nuusbrief SAMA* 5 (1), 1979, pp. 20-24)
31. Onder-Kouga: oorsig van 'n kontrei. *Contree* 14, Julie 1983, pp. 5-16
32. Die Afrikaner as draer en bouer van 'n eie kultuur. *Handhaaf* 21 (1), September 1983, pp. 27-29
33. Begin van 'eene schitterende bladzijde' in die geskiedenis van die Z.A.R. *Handhaaf* 21 (2), November 1983, pp. 16-18
34. Eerste Fabrieken: die beginpunt van nywerheidsontwikkeling in die Zuid-Afrikaansche Republiek. *Contree* 15, Januarie 1984, pp. 17-23
35. Verbeelding in kultuurgeskiedskrywing. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1 (2), Julie 1984, pp. 33-35 & 43
36. Objektiwiteit in die kultuurhistoriese museum. *Bulletin van die Suider-Afrikaanse Museumvereniging* 16 (5), Maart 1985, pp. 219-225
37. Verblyfplekke van die Boeregeinterneerde in Portugal. *Restorica* 17, April 1985, pp. 33-40

38. Cornelis R.J. Homan (1870-1907): van Langkuil na Lissabon. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 3 (2), Julie 1986, pp. 31-37
39. Vergeete Boeregraf in Lissabon. *Tukkie-Werf* 12 (3), September 1986, pp. 12-13
40. Bronnepublikasies in Suid-Afrika. *Jaarboek van die Africana-vereniging van Pretoria* 4, 1986, pp. 19-29
41. Die kultuurhistorikus en die gemeenskap. *Die Kultuurhistorikus* 2 (2), Oktober 1987, pp. 8-18
42. Verwerking en opskrifstelling van inligting deur die kultuurhistorikus. In J.A. van Schalkwyk en J.C. Pretorius (eds.), *Navoring in die Kultuurhistoriese Museum* 1 (4), 1987, pp. 142-156
43. Boeregeinterneerde in Portugal 1901-1902. *Lantern* 37 (1), Januarie 1988, pp. 51-55
44. Orde van die Tempel, Orde van Christus en die Portugese ontdekkingstogte. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeschiedenis* 2 (1), Januarie 1988, pp. 7-21
45. Taak van die kultuurhistorikus. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeschiedenis* 2 (2), April 1988, pp. 97-107
46. Generaal Joaquim Jose Machado, die man na wie Machadodorp vernoem is. *Militaria* 18 (3), 1988, pp. 14-19
47. Die Portugese Orde van Christus. *Museum-Memo* 16 (2), Junie 1988, pp. 22-24
48. Anna Neethling-Pohl. *De Oude Emigrant* 5, 8 Augustus 1988, pp. 1, 3-4
49. Order of the Temple, Order of Christ, and the Portuguese voyages of discovery. *Arma: Quarterly Bulletin of the Heraldry Society of Southern Africa* 122, 1988, pp. 1796-1809
50. Boerebannelinge in Portugal (1). *Die Taalgenoot* 59 (6), Junie 1990, pp. 10-11 en 22
51. Boerebannelinge in Portugal (2). *Die Taalgenoot* 59 (7), Julie 1990, pp. 10-11
52. Stephanus Schoeman (1810-1890). *Lantern* 39 (4), Oktober 1990, pp. 67-71
53. Thomas Ignatius Ferreira (c. 1743-c. 1814), Oosgrenspionier en "Britse" bevelvoerder van Fort Frederick. *Historia* 35 (2), November 1990, pp. 20-38
54. Ignatio Leopold Ferreira (c.1696-1772), Portugese skipbreukeling wat die stamvader van 'n Afrikanerfamilie geword het. *Familia* 27 (4), 1990, pp. 86-95
55. Kwaade Martha Ferreira van die Swarte Ommegang. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeschiedenis* 4 (4), Desember 1990, pp. 225-243
56. Waarom Kultuurgeschiedenis? *Lantern* 40 (1), Februarie 1991, p. 31
57. Marriage in South Africa: White weddings. *Lantern* 40 (3), August 1991, pp. 29-31
58. Genl. F.J. Pienaar, die Boer wat 'n Russiese protektoraat oor Suid-Afrika voorgestaan het. *Militaria* 21/3, 1991, pp. 13-17
59. Die familie Ferreira in Portugal. *Familia* 28 (3), 1991, pp. 177-180
60. Avelino Belo (1872-1927), Portugese keramiekkunstenaar en bewonderaar van die Boere. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeschiedenis* 6 (1), Januarie 1992, pp. 13-19
61. Boere-afvaardiging verbeeld deur Antoon van Welie. *Museum Memo* 20 (2), Augustus 1992, pp. 9-14. (Mede-outeur: Petra van Zyl)
62. Os "Boers" em Portugal / The Boers in Portugal (1901-1902). *Atlantis* 13 (3), Maio/Junho 1993, pp. 42-50
63. Adamastor, gees van die Stormkaap. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 49 (1), April 1993, pp. 20-47
64. Um português na origem de uma família sul-africana. *Nota Informativa África do Sul*, Junho 1993, p. 7
65. Dona Antonia Adelaide Ferreira – grondlegger van 'n portwynryk. *Wynboer*, Oktober 1993, pp. 6-7
66. Os "Boers" em Portugal (1901-1902). *Nota Informativa África do Sul*, Outubro 1993, pp. 14-16
